

**D E V I E S E B E H E E R**  
**I N D I E**  
**S U I D - A F R I K A A N S E**  
**S T R A F R E G**

deur

**ANTON DEON DE SWARDT**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van  
die vereistes vir die graad

Doctor Legum

in die

Fakulteit Regsgeleerdheid  
Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof Dr J C W van Rooyen SC

Datum van Indiening: Julie 1996

## VOORWOORD

Deviesebeheer oftewel valutabeheer soos dit meer algemeen bekend staan, is 'n vakgebied wat tot dusver in die Suid-Afrikaanse regs literatuur besonder min aandag geniet het en is die mees omvattende werke in die verband die publikasies van Oelofse *Suid-Afrikaanse Valutabeheer-Wetgewing* (1990) en Spitz en Harrison *Exchange Control Encyclopaedia* (1994), 'n losbladwerk wat jaarliks opgedateer word. Terwyl Oelofse se werk uitsluitlik op die betrokke wetgewing toegespits word, handel Spitz en Harrison hoofsaaklik met die praktiese toepassing van die deviesebeheervoorskrifte wat dus 'n kommersiële grondslag het.

Soos Oelofse, het skrywer hom op die betrokke wetgewing toegespits en word die deviesebeheervoorskrifte grootliks buite rekening gelaat. Die studie word egter tot die Strafbepaling beperk en behoort Oelofse geraadpleeg te word waar suiwer siviele aangeleenthede oorweeg word soos byvoorbeeld die internasionale toepassing en erkenning van deviesebeheer, asook aspekte met betrekking tot die Skuldstilstandregulasies.

Ek is besondere dank verskuldig aan Prof Dr J C W van Rooyen SC, my gewaardeerde leermeester vir sy waardevolle leiding en advies. Voorts bedank ek Mnr C R van Staden van die Departement Deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat nie alleen my belangstelling in deviesebeheer geprikkel het nie, maar ook 'n wesenlike rol gespeel het in die praktiese ervaring wat ek in deviesebeheer opgedoen het gedurende die tydperk wat ek onder hom werksaam was. Laastens bedank ek Marina van Wyk vir haar voortrefflike tikwerk.

Ek dra graag hierdie werk op aan my eggenote Christelle. Sonder haar liefde en ondersteuning sou ek nooit hierdie tesis voltooi het nie.

Uitsprake gerapporteer tot en met Junie 1996 in die Suid-Afrikaanse Hofverslae, Suid-Afrikaanse Strafgeregverslae en Butterworths Constitutional Law Reports is bygewerk.

**A D DE SWARDT**

**JULIE 1996**

## OPSOMMENDE INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	i - ii
Opsommende Inhoudsopgawe	iii
Inhoudsopgawe	iv - xi
Belangrikste bronne met afkortings	xii - xv
Summary	xvi - xviii
Opsomming	xix - xx
Hoofstuk 1: Algemene Inleiding	1 - 10
Hoofstuk 2: Geskiedkundige Agtergrond	11 - 21
Hoofstuk 3: Die Administrasie van Deviesebeheer in Suid-Afrika	23 - 65
Hoofstuk 4: 'n Strafregtelike Perspektief	67 - 170
Hoofstuk 5: Die Deviesebeheerregulasies	171 - 436
Hoofstuk 6: Die Bevele en Reëls kragtens die Deviesebeheerregulasies	437 - 453
Hoofstuk 7: Slot	455 - 462
Bylaes	464 - 519
Skematiese voorstellings	521
Bibliografie	523 - 528
Registers:	
Suid-Afrikaanse Hofverslae	529 - 539
Ander Hofverslae	540
Statutêre bepalings	541 - 545
Trefwoordindeks	546 - 550

# INHOUDSOPGAWE

## BLADSY

<b>VOORWOORD</b> .....	i - ii
<b>OPSOMMENDE INHOUDSOPGAWE</b> .....	iii
<b>INHOUDSOPGAWE</b> .....	iv - xi
<b>BELANGRIKSTE BRONNE MET AFKORTINGS</b> .....	xii - xv
<b>SUMMARY</b> .....	xvi - xviii
<b>OPSOMMING</b> .....	xix - xx

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING

1.1	INLEIDENDE OPMERKINGS	1 - 4
1.2	PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS	4 - 6
1.3	SENTRALE ARGUMENT	6 - 7
1.4	PROGRAM	7 - 9
1.5	WOORDOMSKRYWINGS	9 - 10

**HOOFSTUK 2**

**GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND**

2.1	DIE OORSPRONG VAN DEVIESEBEHEER IN SUID-AFRIKA . . . . .	11 - 12
2.2	DIE BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES, 1939 . .	12 - 14
2.3	DIE GEKONSOLIDEERDE BUITENGEWONE FINANSIEREGULASIES, 1942 . . . . .	15 - 16
2.4	DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1948 . . . . .	16 - 17
2.5	DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1951 . . . . .	17
2.6	DIE AANLOOP TOT DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1961 . . . . .	17 - 19
2.7	DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1961 . . . . .	20 - 21

**HOOFSTUK 3**

**DIE ADMINISTRASIE VAN DEVIESEBEHEER IN SUID-AFRIKA**

3.1	INLEIDING . . . . .	23
3.2	DIE WET OP BETAALMIDDELS EN WISSELKOERSE, WET 9 VAN 1933 . . . . .	23 - 26
3.3	DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, EN DIE BEVELE EN REËLS KRAGTENS DIE DEVIESEBEHEER- REGULASIES, 1961 . . . . .	26 - 31
3.4	DIE DEVIESEBEHEERVOORSKRIFTE EN DIE DEVIESEBEHEERSIRKULÊRES . . . . .	31 - 45
3.5	DIVERSE ASPEKTE	
3.5.1	Aansoeke na die Suid-Afrikaanse Reserwebank . . . . .	45 - 47
3.5.2	Die Toepassingsveld van Deviese- beheer . . . . .	47 - 53

**BLADSY**

3.6	DIE REGSGELDIGHHEID VAN DIE TOEPASSING VAN DEVIESEBEHEER . . . . .	53 - 58
3.7	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE DEVIESE- BEHEERNETWERK . . . . .	58 - 59
3.8	DIE TOEPASSING VAN DEVIESEBEHEER IN DIE VERENIGDE KONINKRYK . . . . .	60 - 65

**HOOFSTUK 4**

**'N STRAFREGTELIKE PERSPEKTIEF**

4.1	KRIMINELE VERVOLGING . . . . .	67 - 72
4.2	DIE MISDAADSELEMENTE	
4.2.1	Handeling . . . . .	72 - 73
4.2.2	Wederregtelikheid . . . . .	73 - 76
4.2.3	Skuld	
4.2.3.1	Algemeen . . . . .	76 - 78
4.2.3.2	Statutêre misdrywe . . . . .	78 - 85
4.2.3.3	Die Skuldvereiste by deviesebeheer- misdrywe . . . . .	85 - 95
4.2.3.4	<i>Ignorantia iuris non excusat</i> en <i>S v De Blom</i> . . . . .	95 - 98
4.3	BEDROG EN NADEEL . . . . .	98 - 115
4.4	POGING . . . . .	115 - 119
4.5	UITLOKKING EN SAMESWERING . . . . .	119 - 123
4.6	BORGTOG	
4.6.1	Inleiding . . . . .	123 - 124
4.6.2	Faktore ter oorweging van 'n borgtogaansoek . . . . .	124 - 125
4.6.3	Borgtog en deviesebeheermisdrywe . . . . .	125 - 137

4.7	VONNISOPLEGGING	
4.7.1	Inleidend . . . . .	137
4.7.2	Vonnisoplegging by deviesebeheer- misdrywe . . . . .	138 - 151
4.7.3	Skematiese vergelyking van vonnis- oplegging by deviesebeheermisdrywe . .	151 - 170

**HOOFSTUK 5**  
**DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES**

5.1	REGULASIE 1: WOORDBEPALING . . . . .	171 - 186
5.2	REGULASIE 2: BEPERKING OP DIE AANKOOP, VERKOOP EN LEEN VAN VREEMDE VALUTA EN GOUD . . . . .	187 - 214
5.3	REGULASIE 3: BEPERKING OP DIE UITVOER VAN GELD, GOUD, GELDDWAARDIGE PAPIERE ENS. EN DIE INVOER VAN SUID-AFRIKAANSE BANKNOTE . . . . .	215 - 269
5.4	REGULASIE 3A EN 3B: VERBOD OP DIE VERNIETIGING, SMELT, OPLOS, OPBREEK OF BESKADIGING VAN MUNTE . . . . .	270 - 271
5.5	REGULASIE 4: GEBLOKKEERDE REKENINGS . . . . .	272 - 278
5.6	REGULASIE 5: VERKRYGING VAN GOUD DEUR DIE TESOURIE . . .	279 - 286
5.7	REGULASIE 6: VERKRYGING VAN VREEMDE VALUTA DEUR DIE TESOURIE . . . . .	287 - 294



**BLADSY**

5.8	REGULASIE 7: VERKLARING VAN VREEMDE BATES EN LASTE . . .	295 - 297
5.9	REGULASIE 8: BEVOEGDHEID OM BETAALMIDDELS TEN OPSIGTE VAN SEKERE TRANSAKSIES VOOR TE SKRYF . . . . .	298 - 302
5.10	REGULASIE 9: BEPERKING VAN ALTERNATIEWE BESTEMMINGS- HAWENS . . . . .	303 - 304
5.11	REGULASIE 10: BEPERKING OP DIE UITVOER VAN KAPITAAL . . . . .	305 - 318
5.12	REGULASIE 11: OORDRAG AAN DIE TESOURIE VAN REG OP UITGEVOERDE GOEDERE . . . . .	319 - 321
5.13	REGULASIE 12: GOEDERE WAT BUITE DIE REPUBLIEK AANGEKOOP IS . . . . .	322 - 325
5.14	REGULASIE 13: VERBOD OP UITVOER VAN GOEDERE INGEVOER VAN LANDE BUITE DIE STERLINGGEBIED . . . . .	326 - 328
5.15	REGULASIE 14: BEPERKING OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE PAPIERE WAT AAN NIE-INWONERS BEHOORT . . . . .	329 - 333
5.16	REGULASIE 14A: BEPERKING OP DIE KOOP EN VERKOOP VAN FINANSIËLE-RAND . . . . .	334 - 348
5.17	REGULASIE 15: VERBOD OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE TOONDERPAPIERE EN TOONDEROPSIES . . . . .	349 - 351
5.18	REGULASIE 16: BEHEER OOR KAPITAALUITGIFTES . . . . .	352 - 355

5.19	REGULASIE 17: BESIGHEDE WAT DEUR PERSONE BUIE DIE REPUBLIEK BEHEER WORD . . . . .	356 - 359
5.20	REGULASIE 18: SEKERHEIDSTELLING . . . . .	360 - 361
5.21	REGULASIE 19: VERSTREKKING VAN INLIGTING . . . . .	362 - 377
5.22	REGULASIE 20: VRYSTELLING VAN SEëLREG . . . . .	378
5.23	REGULASIE 21: VORMS . . . . .	379
5.24	REGULASIE 22: STRAFBEPALING . . . . .	380
5.25	REGULASIE 22A: BESLAGLEGGING OP SEKERE GELD EN GOED, EN BLOKKERING VAN SEKERE REKENINGS . . . . .	381 - 396
5.26	REGULASIE 22B: VERBEURDVERKALRING VAN, EN BESKIKKING OOR, GELD OF GOED WAAROP BESLAG GELê IS OF TEN OPSIGTE WAARVAN BEVELE UITGEREIK OF GEGEE IS . . . . .	397 - 401
5.27	REGULASIE 22C: VERHAAL VAN SEKERE BEDRAE DEUR DIE TESOURIE . . . . .	402 - 408
5.28	REGULASIE 22D: HERSIENING VAN, OF INSTELLING VAN AKSIES IN VERBAND MET BESLAGLEGGING OP, EN VERBEURDVERKLARING VAN SEKERE GELD OF GOED, OF VAN SEKERE BEVELE . . . . .	409 - 411
5.29	REGULASIE 22E: DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE . . . . .	412

**BLADSY**

5.30	REGULASIE 23 :	
	INTREKKING VAN REGULASIES . . . . .	413
5.31	DIE INVLOED VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WET 200 VAN 1993, SOOS GEWYSIG . . . . .	414 - 436

**HOOFSTUK 6**

**DIE BEVELE EN REËLS KRAGTENS DIE  
DEVIESEBEHEERREGULASIES**

6.1	PARAGRAAF 1: OMSKRYWING VAN STERLINGGEBIED . . . . .	437 - 438
6.2	PARAGRAAF 2: AANSTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK . . . . .	438
6.3	PARAGRAAF 3: AANSTELLING AS GEMAGTIGDE HANDELAARS . . . .	438 - 440
6.4	PARAGRAAF 4: VRYSTELLING VAN SUID-WES AFRIKA, LESOTHO EN SWAZILAND VAN DIE BEPALINGS VAN REGULASIE 3 . . . . .	440 - 441
6.5	PARAGRAAF 5: VERKLARING IN SAKE DIE VREEMDE VALUTA OPBRENGS VAN UITVOER . . . . .	441 - 443
6.6	PARAGRAAF 6: VERKLARING VAN VREEMDE BATES EN LASTE . . . .	443 - 449
6.7	PARAGRAAF 7: VREEMDE VALUTA OPBRENGS VAN UITVOERE NA LESOTHO EN SWAZILAND . . . . .	449

**BLADSY**

6.8	PARAGRAAF 8: BEPERKING OP ONTVANGS VAN BETALING IN REPUBLICGELD VIR UITVOERE . . . . .	449 - 450
6.9	PARAGRAAF 9: BEHEER OOR KAPITAALUITGIFTES: VRYSTELLING EN UITGIFTES DEUR PLAASLIKE BESTURE . . . . .	450
6.10	PARAGRAAF 10: ADVIES, INLIGTING, PERMITTE OF VORMS BETREFFENDE DEVIESEBEHEER . . . . .	450 - 451
6.11	PARAGRAAF 11: INTREKING VAN BEVELE EN REËLS . . . . .	451 - 452
6.12	PARAGRAAF 12: BEVEL EN ALGEMENE VRYSTELLING KRAGTENS REGULASIE 3(1)(c) . . . . .	452 - 453

**HOOFSTUK 7**

**SLOT**

7.1	ALGEMEEN . . . . .	455 - 459
7.2	DIE TOEKOMSTIGE TOEPASSING VAN DEVIESEBEHEER IN DIE STRAFREG . . . . .	459 - 462

<b>BYLAES</b> . . . . .	464 - 519
-------------------------	-----------

<b>SKEMATIESE VOORSTELLINGS</b> . . . . .	521
-------------------------------------------	-----

<b>BIBLIOGRAFIE</b> . . . . .	523 - 528
-------------------------------	-----------

**REGISTERS:**

<b>SUID-AFRIKAANSE HOFVERSLAE</b> . . . . .	529 - 539
---------------------------------------------	-----------

<b>ANDER HOFVERSLAE</b> . . . . .	540
-----------------------------------	-----

<b>STATUTêRE BEPALINGS</b> . . . . .	541 - 545
--------------------------------------	-----------

<b>TREFWOORDINDEKS</b> . . . . .	546 - 550
----------------------------------	-----------

## BELANGRIKSTE BRONNE MET AFKORTINGS

### AFDELING A: HANDBOEKE

- Baxter : Baxter L  
*Administrative Law* 1984.
- Burchell en : Burchell E M en Hunt P M A  
Hunt *South African Criminal Law and Procedure  
Volume 1 General Principles of Criminal Law*  
2de Uitgawe 1983.
- Coertzen en : Coertzen E J S en Sorgdrager A M  
Sorgdrager *Strafregvonnissbundel - 'n Seleksie* 1989.
- De Wet en : De Wet J C en Swanepoel H L  
Swanepoel *Die Suid-Afrikaanse Strafreg* 4de Uitgawe 1985.
- Du Toit : Du Toit E  
*Straf in Suid-Afrika* 1981.
- Engelbrecht en : Engelbrecht J Kotze D Kemp J K vd Merwe S  
Kotze en van Wyk A  
*Vonnissbundel vir die Bewysreg* 1983.
- Fiedeldey : Fiedeldey I R  
*The Influence of the Financial Rand on the  
Economy* M Com Skripsie UP 1991.
- Hiemstra en : Hiemstra V G en Gonin H L  
Gonin *Drietalige Regswoordeboek* 2de Uitgawe 1986.
- Hoffmann en : Hoffmann L H en Zeffertt D T  
Zeffertt *The South African Law of Evidence*  
4de Uitgawe 1988.

xiii

- Joubert : Joubert A  
*'n Ontleding van die Finansiële Rand Sisteem in Suid-Afrika* LLB Skripsie UP 1988.
- Lautenberg : Lautenberg W  
*Exchange Control Implications for Multinational Investment in South Africa*  
M Com Skripsie UP 1990.
- Mann : Mann F A  
*The Legal Aspect of Money*  
4de Uitgawe 1982.
- Nel : Nel T J  
*Borgtoghandleiding* 1987.
- Oelofse : Oelofse A N  
*Suid-Afrikaanse Valutabeheerwetgewing* 1990.
- Rabie LAWSA : Rabie LAWSA (red Joubert)
- Schmidt : Schmidt C W H  
*Bewysreg* 3de Uitgawe 1989.
- Snyman : Snyman C R  
*Strafreg* 2de Uitgawe 1986.
- Snyman (3) : Snyman C R  
*Strafreg* 3de Uitgawe 1992.
- Sorgdrager : Sorgdrager A M Coertzen E J S en Maree C J  
Coertzen en Maree *Strafprosesregvonnisdubdel - 'n Seleksie* 1988.
- Sorgdrager : Sorgdrager A M Coertzen E J S Bezuidenhout  
Coertzen en J H en Nel F  
Bezuidenhout *Strafprosesreg en Bewysreg Vonnisdubdel Volume I* 1992.
- Spitz en : Spitz B en Harrison G  
Harrison *Exchange Control Encyclopedia* 1994 uitgawe.
- Steyn : Steyn L C  
*Die Uitleg van Wette* 5de Uitgawe 1981.

- Van Niekerk en : Van Niekerk S J van der Merwe S E  
van der Merwe : Van Wyk A J en Barton G A  
*Privileges in die Bewysreg* 1984.
- Visser en : Visser P J en Vorster J P  
Vorster : *General Principles of Criminal Law through the  
Cases*  
2de Uitgawe 1987.
- Wiechers : Wiechers M  
*Administratiefreg* 2de Uitgawe 1984.
- Willis : Willis N  
*Banking in South African Law*  
1981.

## AFDELING B: TYDSKRIFARTIKELS

- Amicus Curiae* : *Economist and Lawyer: Punishment for  
Foreign Exchange Offences*  
1979 SALJ 116.
- Anoniem : *Exchange Control*  
1989 De Rebus 171 en 647.
- Burger Louw : *Exchange-Control Applications to the Reserve  
Bank*  
1989 (19) BML 81.
- Chaplin R J : *The Basics of Exchange Control, Blocked  
Rand, Commercial Rand and the Financial  
Rand*  
1987 De Rebus 623.
- Du Plessis E D : *Valutabeheer*  
1982 MB 68.

xv

- Du Plessis E D                    *Exchange Control and the Foreign Investor*  
1984 MB 111.
- Du Plessis E D                    *Exchange Control in South Africa.*  
*Consequences of Contravention*  
1987 2 JIBL 94.
- Du Plessis E D                    *South Africa's Foreign Debt Moratorium*  
1986 MB 24.
- Hamblin A R P                    *Anatomy of the Financial Rand*  
The Investment Analysts Journal Nov 1987 33.
- Isakow L E                        *Abolition of Exchange Control over Non-*  
*Residents and Certain Relaxations of Exchange*  
*Control over Residents of South Africa*  
1983 SALJ 542.
- Itzikowitz A                      *Exchange Control: The Financial Rand Regime*  
1990 SALJ 332.
- Spandau A                        *Severity of Punishment for Foreign Exchange*  
*Offences*  
1978 SALJ 394.
- Van Rooyen J C W                *Regsdwaling en Dolus in die Strafreg*  
1974 THRHR 18.



## SUMMARY

Exchange Control involves measures to control or influence the in- and outflow of capital over a country's borders. South Africa, as a developing country, has traditionally had a shortage of foreign exchange to pay for the import of goods and capital necessary for the industrialisation and development of the country. Exchange control is therefore used to protect the gold and foreign exchange reserves, but with the purpose of not limiting *bona fide* current transactions.

The legal structure of exchange control is based on the *Currency and Exchanges Act*, Act 9 of 1933, as amended, in terms of which the *Exchange Control Regulations* and the *Orders and Rules* are promulgated from time to time.

The first regulations promulgated in terms of the Act was known as the Emergency Finance Regulations, promulgated in Government Gazette R 1386 of 9 September 1939. Over the years the *Exchange Control Regulations* have been amended on numerous occasions to meet the demands of the time as circumstances dictated. The current *Exchange Control Regulations*, which regulates the exchange control system, was promulgated on 1 December 1961 in terms of Government Notice R 1111 and R 1112. In terms of the *Currency and Exchanges Act* the Treasury delegated its powers to the South African Reserve Bank to administer exchange control. The mechanism of exchange control therefore comprises the Treasury, the South African Reserve Bank and authorised dealers in gold and foreign exchange.

The South African Reserve Bank has issued the exchange control rulings to authorised dealers which contains the conditions, permissions and limits applicable to transactions in foreign exchange and gold which may be

concluded by residents with non-residents, without reference to the exchange control department of the South African Reserve Bank. The responsibility of the authorised dealers are also set out in detail in the exchange control rulings.

In practice the South African Reserve Bank, in conjunction with the authorised dealers administer exchange control in the Republic. The exchange control department consists of six divisions, namely:

- (1) Administration;
- (2) Bank authorisation, guidance and inspection;
- (3) Foreign controlled companies, trusts and debt standstill;
- (4) Investigations;
- (5) Local companies; and
- (6) Travel, immigration and emigration.

The courts have in general regarded offences of the *Exchange Control Regulations* in a serious light. The most recent attitude of the courts are set out succinctly in the judgment in *S v Stephen and Another*<sup>1</sup> in terms of which the court distinguishes between contraventions of a technical nature, contrary to contraventions where a breach of the *Exchange Control Regulations* involves fraud, in which case it is regarded as more serious and more blameworthy.

This thesis comprises a study of:

- (1) The historical background of the relevant legislation which forms the legal structure of exchange control in the Republic;
- (2) The network involved in the administration of exchange control;

---

<sup>1</sup> *S v Stephen and Another* 1994 (2) SASV 163 (W).

- (3) An evaluation of the *Exchange Control Regulations and Orders and Rules* and the caselaw applicable to it; and
- (4) A discussion of the influence of the interim Constitution of the Republic on the relevant legislation.

It is the object of this research to enunciate the authority, network and basic principles on which exchange control is based. It furthermore comprises an in depth discussion of the relevant regulations, the contraventions thereof and the caselaw relevant thereto.

## OPSOMMING

Deviesebeheer is 'n monetêre beleidsinstrument waardeur die betrokke owerheid, gewoonlik deur die werking van die sentrale bank, beheer uitoefen oor transaksies tussen inwoners en nie-inwoners. Dit word internasionaal aanvaar, soos gereflekteer in die Akte van Ooreenkoms van die Internasionale Monetêre Fonds, naamlik Artikel VI (3), dat enige beheermaatreëls om internasionale kapitaalbeweging te beheer, toelaatbaar is, maar word vereis dat sodanige beheermaatreëls nie 'n invloed behoort te hê op lopende handelstransaksies nie.

Deviesebeheer word in die Republiek toegepas uit hoofde van die bepalings van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, Wet 9 van 1933. Deviesebeheerregulasies is reeds sedert 1939, sedert die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog, in werking gestel en is sedertdien deur die Tesourie, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en gemagtigde handelaars geadministreer. Die betrokke wetgewing is oor die jare heen gewysig om by die besondere omstandighede van die Republiek aan te pas.

Die howe het, uit hoofde van die aard van die wetgewing, reeds op 'n vroeë stadium oortredings van die deviesebeheerwetgewing in 'n ernstige lig beskou. Dit is egter so dat die erns van oortredings van die deviesebeheerwetgewing soms oorbeklemtoon is en word daar gevolglik in die praktyk gevind dat 'n geweldige dispariteit by vonnisoplegging weens oortredings van die deviesebeheerwetgewing voorkom. Die mees onlangse benadering van die howe jeens oortredings van die regulasies word treffend gestel deur Regter Schutz in die uitspraak in *S v Stephen and Another*<sup>2</sup> waarin onderskei word tussen oortredings wat van 'n tegniese aard beskou kan word, teenoor oortredings waar die elemente van bedrog aangetref word.

---

<sup>2</sup> *S v Stephen & Another* 1994 (2) SASV 163 (W).

xx

Hierdie proefskrif behels 'n studie van:

- (1) 'n Geskiedkundige oorsig oor die wetgewing wat die deviesebeheerstelsel ten grondslag lê;
- (2) Die netwerk betrokke by die toepassing van die deviesebeheerwetgewing;
- (3) 'n Kritiese evaluasie van die Deviesebeheerregulasies asook die Bevele en Reëls kragtens die Deviesebeheerregulasies; en
- (4) 'n Bespreking van die invloed van die tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika op die deviesebeheerwetgewing.

Dit is gevolglik die doel van hierdie proefskrif om 'n uiteensetting te bied van die gesag en die netwerk wat betrokke is by die toepassing van deviesebeheer, die basiese beginsels waarop die stelsel berus, die oortredings wat voorkom en die wyses waarop die howe oortreders van die betrokke wetgewing vonnis.

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING

### 1.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Deviesebeheer kan beskou word as 'n monetêre beleidsinstrument waardeur die owerheid beheer uitoefen oor internasionale transaksies. Dit is 'n internasionaal aanvaarde beginsel dat dit die hoofdoelstelling van deviesebeheer is om beheer uit te oefen oor die vloeï van kapitaal in 'n bepaalde land of gebied,<sup>1</sup> hetsy die invloei of uitvloeï daarvan, deur middel van beheermaatreëls oor:

- (1) Die besit, gebruik en oordrag van die betrokke land se nasionale valuta; en
- (2) Die besit van vreemde valuta; en
- (3) Die aanwending van vreemde valuta; en
- (4) Die oordrag van vreemde valuta.

Weens die aard van die internasionale mark is ekonomies ontwikkelde lande se valuta gewoonlik redelik in aanvraag aangesien ontwikkelende lande, wat kapitaalgoedere van ontwikkelde lande af invoer, genoodsaak is om laasgemelde in hul eie valuta te betaal. Die meeste ontwikkelde lande pas op die een of ander stadium van ekonomiese en industriële

---

<sup>1</sup> Hier word verwys na 'n *gebied* aangesien meerdere lande dikwels samewerkingsooreenkomste aangaan om 'n enkele monetêre gebied te vorm. So het die Republiek van Suid-Afrika, die voormalige TBVC state, Lesotho, Swaziland en Namibië byvoorbeeld die sogenaamde Gemeenskaplike Monetêre Gebied, vroeër ook bekend as die Rand Monetêre Gebied, gevorm.

ontwikkeling 'n vorm van deviesebeheer toe. Deviesebeheer is byvoorbeeld tot so onlangs as 1979 deur die Verenigde Koninkryk toegepas en word steeds in verskeie lande reg oor die wêreld aangewend.<sup>2</sup> Die lang termyn makro ekonomiese doelwitte is geleë in:

- (1) Volgehoue ekonomiese groei;
- (2) Beperkte inflasie;
- (3) Volle indiensname; en
- (4) Betalingsbalansewewig.

Laasgamelde, synde betalingsbalansewewig wat verband hou met alle transaksies vir 'n bepaalde periode tussen die inwoners van 'n land, en die res van die wêreld is die lang termyn makro ekonomiese doelwit wat op die mees effektiewe wyse deur middel van deviesebeheer beïnvloed kan word. Dit is trouens gewoonlik een van die doelstellings waar deviesebeheer toegepas word.

In Suid-Afrika as 'n ontwikkelende land is deviesebeheer primêr daarop gerig om die uitvloei van kapitaal te verhoed. Ten einde die doel te verwesenlik moet daar enersyds beheer uitgeoefen word oor die verkryging en besit van vreemde valuta, goud en ander deviese-instrumente, en andersyds ook oor die besteding daarvan. Die monitering van die besteding van vreemde valuta is hoofsaaklik daarop ingestel om te verhoed dat kapitaal oordragte na die buiteland voorkom, onder die dekmantel van lopende transaksies. Hierdie benadering is ook in pas met

---

<sup>2</sup> Vgl Edwards 382 wat aantoon dat die Verenigde State dollar, Duitse mark en Verenigde Koninkryk pond sterling in 1985 die enigste ware "*freely convertible currency*" was en dat:  
*"The currencies of some developing countries and socialist countries come close to matching the paradigm of a currency under comprehensive exchange controls. The nature and magnitude of restrictions in most countries place their currencies somewhere between the two extremes."*

Artikel 3(vi) van die Internasionale Monetêre Fonds se Akte van Ooreenkoms wat bepaal dat:

*"Members may exercise such controls as are necessary to regulate international capital movements, but no member may exercise these controls in a manner which will restrict payments for current transactions or which will unduly delay transfers of funds in settlement of commitments..."<sup>3</sup>*

Die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika<sup>4</sup> het reeds by die uitreiking van die Eerste Tussentydse Verslag<sup>5</sup> aanbeveel dat 'n enkelvoudige wisselkoersstelsel met markbepaalde kontant- en termynkoerse vir die rand, onderworpe aan inmenging deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank en 'n beperkte mate van deviesebeheer wat slegs op inwoners toegepas word, in die Republiek aangewend moes word as synde 'n langtermyn doelstelling. Nieteenstaande die doelstelling, wat soos voormeld reeds in 1978 geformuleer is, kon die Tesourie en die Suid-Afrikaanse Reserwebank tot datum vir slegs kort tydperke daarin slaag om 'n enkelvoudige wisselkoers toe te pas. Dit staan egter bo alle twyfel dat die besluit, wat ekonomies gefundeer is, hoofsaaklik beïnvloed is deur politieke faktore waaroor die ekonome geen beheer gehad het nie.

Dit moet aanvaar word dat deviesebeheer inbreuk maak op die reg van individue, regspersone en ander instansies om met hulle bates te handel soos hulle dit goeddink. Dit is egter die funksie van die Staat om die

---

<sup>3</sup> Sien verder Edwards 394 en Oelofse 147 ev.

<sup>4</sup> Die Finale Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika RP70/1984, gedateer Mei 1985 (hierna na verwys as "die De Kock Kommissieverslag").

<sup>5</sup> RP112/1978.



openbare belang te bevorder en daar kom noodwendig 'n konflik van belange in die milieu voor.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS

Een van die groot leemtes wat die toepassing van deviesebeheer in Suid-Afrika nadelig beïnvloed, is onder meer die algemene publiek se onkunde ten aansien van beide die *doel* asook die *aard* van die deviesebeheerstelsel. Wat eersvermelde betref dien die finansiële rand stelsel by uitstek as die beste voorbeeld. Alhoewel inwoners, tydens die toepassing van die finansiële rand stelsel, daagliks verwysings na finansiële rand gehoor het in byna enige nuusbuletin waar ekonomiese aanwysers verskaf is, blyk die algemene opvatting te wees dat dit die doel daarvan was om buitelandse beleggers na die Republiek te lok. Soos wat *infra* in Hoofstuk 5 aangetoon word is dit 'n wanopvatting, aangesien die finansiële rand stelsel primêr daarop gerig was om te verhoed dat die verkoopopbrengs van Suid-Afrikaanse bates van nie-inwoners, uit die Republiek geneem kon word. Die feit dat dit, anders as die geblokkeerde rand- en sekuriteite randstelsels ook nie-inwoners aangemoedig het om in die Republiek te investeer, ontnem nie die basiese aard daarvan nie. Wat die *aard* van die stelsel betref, bestaan daar grootskaalse onkunde oor die gesag wat dit toepas, die netwerk daarby betrokke en ook die inhoud van die betrokke statutêre bepalings.

Tweedens is daar 'n aansienlike gebrek aan navorsing met betrekking tot deviesebeheer en die publikasie deur Oelofse in die verband is 'n groot deurbraak.<sup>6</sup> Die bestaande literatuur oor deviesebeheer toon ook heelwat leemtes, onder andere deurdat, soos wat *infra* aangetoon word, die

---

<sup>6</sup> Oelofse *Suid-Afrikaanse Valutabeheerwetgewing* (1990).

navorsingsresultate van kommentatore nie altyd akkuraat is nie.<sup>7</sup> Dit moet ook in gedagte gehou word dat dié vakgebied 'n ekonomiese ondertoon het. Juis hierin lê 'n verdere probleem opgesluit. Aangesien kommentatore dikwels oor òf 'n ekonomiese òf 'n regsopleiding beskik, gee dit aanleiding tot ondeurdagte kommentaar ten opsigte van dié deel van die vakgebied wat aan die betrokke kommentator onbekend is.<sup>8</sup>

'n Leemte wat voortspruit uit die gebrek aan navorsing, is dat van die betrokke wetgewing soms juridies anders geïnterpreteer word as wat daarmee beoog is. Die verkeerde interpretasie van die wetgewing word ook soms verder gevoer waar 'n voorsittende beampte nie oor afdoende kennis en inligting ten opsigte van die deviesebeheerstelsel beskik nie, wat aanleiding gee tot uitsprake wat geheel en al onjuis is.<sup>9</sup>

Daar word dikwels beweer dat deviesebeheer in elk geval nie suksesvol toegepas kan word nie, aangesien dit op 'n verskeidenheid van metodes, soms wettig en soms onwettig, omseil kan word,<sup>10</sup> en dat daar heelwat oortreders van die deviesebeheerwetgewing is wat ongesiens daarmee

---

<sup>7</sup> Vgl Hfst 2.2 *infra* waar dit byvoorbeeld blyk dat kommentatore dikwels verkeerdelik die datum van die oorsprong van Suid-Afrikaanse deviesebeheerwetgewing aanhaal as oa 1961, terwyl dit inderwaarheid 1939 is.

<sup>8</sup> Vgl hieroor oa Hfst 4.3 waar daarop gewys word dat ongegronde kritiek dikwels voorkom waar bv 'n ekonoom verskil van die regering se ekonomiese beleid en dan in sy onkunde die howe kritiseer waar laasgenoemde die betrokke wetgewing afdwing. Vgl ook Oelofse 95.

<sup>9</sup> 'n Voorbeeld van so 'n geval word *infra* in Hfst 4.7 bespreek waar dit blyk dat 'n gedeelte van die uitspraak van een van die toonaangewende beslissings oor vonnisoplegging, *S v Placido* 1980 (2) SA 850 T, geheel en al verkeerd is.

<sup>10</sup> Vgl oa die De Kock Kommissieverslag 127 ev, Oelofse 7 en Du Plessis *Exchange Control and the Foreign Investor* 1984 MB 111 en 112.

6

wegkom.<sup>11</sup> Hierdie stelling kan natuurlik nooit aangewend word as regverdiging vir die argument dat deviesebeheer afgeskaf behoort te word nie. Die redes daarvoor is tweeledig. In die eerste plek dien daarop gelet te word dat alhoewel dit maklik mag wees om die betrokke wetgewing te oortree, geld dit ook vir ander wetgewing en kan dit nie *per se* as grondslag gebruik word waarom dit afgeskaf behoort te word nie. Tweedens sal dit absurd wees om 'n misdryf te wettig bloot omdat daar oortreders is wat nie gevang word nie. Daar is tog heelwat moordenaars, verkragters en vele ander misdadigers wat ook nie gevang word nie.<sup>12</sup>

Skrywer vertrou dat hierdie proefskrif 'n bydrae sal lewer tot die bestaande regsliteratuur wat op deviesebeheer van toepassing is deur van die bovermelde leemtes aan te vul. Daarom stel skrywer hom ten doel om deur middel van hierdie proefskrif 'n uiteensetting te bied van die gesag en die netwerk wat betrokke is by die toepassing van deviesebeheer, die basiese beginsels waarop die stelsel berus, die wyses waarop die stelsel oortree en misbruik word, en dat dit van hulp sal kan wees vir diegene wat betrokke is by die uitleg en interpretasie van die deviesebeheerregulasies en ander relevante gesag.

### 1.3 SENTRALE ARGUMENT

Deviesebeheer word al vir etlike dekades in Suid-Afrika toegepas en dit is verstaanbaar dat die vraag geopper word of dit steeds toegepas behoort te word, en of die tyd nie dalk al lank al aangebreek het dat dit afgeskaf

---

<sup>11</sup> Spandau *Severity of Punishment for Foreign Exchange Offences* 1978 SALJ 394, en 'n antwoord daarop deur *Amicus Curiae: Economist and Lawyer - Punishment for Foreign Exchange Offences* 1979 SALJ 116. Vgl ook die bespreking in Hfst 4.3 waar na verdere gesag verwys word.

<sup>12</sup> *Ibid.*

behoort te word nie. Dit is nie 'n vraag wat slegs deur 'n juris aangespreek behoort te word nie, aangesien die vraag alleen beantwoord kan word met verwysing na die ekonomiese pyl van ontwikkeling van Suid-Afrika en internasionale tendense in die makro-ekonomie.

Die benadering wat dus gevolg word, is dat die bestaande statutêre bepalings as gegewe aanvaar word, en om dan die aard van die deviesebeheerstelsel te bespreek en 'n kritiese ontleding van die betrokke wetgewing en ander gesag weer te gee.

## 1.4 PROGRAM

**Hoofstuk 2** handel in breë trekke met die geskiedkundige ontwikkeling van deviesebeheer ten einde aan te toon dat die stelsel nie staties gebly het nie, maar dat dit oor die jare heen goed by die ekonomiese en politieke omstandighede aangepas is ten einde die openbare belang so doelmatig moontlik te dien.

In **Hoofstuk 3** word 'n uiteensetting gegee van die netwerk wat betrokke is by die administrasie en toepassing van deviesebeheer. Daar word gewys op die belangrike onderskeid tussen die deviesebeheerregulasies, die deviesebeheervoorskrifte, die Bevele en Reëls en die plek van voormelde in die toepassing van die deviesebeheerstelsel.

**Hoofstuk 4** bied 'n algemene strafregtelike beskouing van die misdaadselemente te wete, handeling, wederregtelikheid en skuld. In paragraaf 4.3 word spesifiek ondersoek ingestel na nadeel as besondere element by oortredings van die betrokke statutêre bepalings. Ook verdere onderwerpe van besondere belang by deviesebeheermisdrywe word in dié hoofstuk aangespreek naamlik bedrog, borgtog en die aansienlike dispariteit wat voorkom by vonnisoplegging ten aansien van oortredings

van die deviesebeheerregulasies. Die beginsels relevant tot vonnisoplegging by sodanige misdrywe word ook bespreek. Aangesien vonnisoplegging volledig in Hoofstuk 4 bespreek word, word dit nie weer by regulasie 22 in Hoofstuk 5 bespreek nie.

**Hoofstuk 5** is in wese die kern van die onderhawige proefskrif, aangesien dit die kritiese bespreking van die Suid-Afrikaanse positiewe reg in sake deviesebeheer behels. Wat dié hoofstuk betref, moet daar in gedagte gehou word dat die sivielregtelike implikasies van die wetgewing buite die bestek van die proefskrif val. Besondere aandag sal aan die spesifieke regulasies gegee word met verwysing na en 'n kritiese evaluasie van die uitsprake wat op die onderskeie regulasies toepassing vind.

In die lig van die gebrek aan navorsing en vanweë die tegniese aard van die regulasies asook die feit dat verskeie ongerapporteerde uitsprake voorkom wat van wesenlike belang is by die interpretasie van die regulasies word daar in die hoofstuk heel party aanhalings aangetref. Uiteraard is die aanhalings beperk tot die kern van die uitsprake en behoort die volledige uitsprake bestudeer te word ten einde 'n behoorlike geheelbeeld te bekom.

In **Hoofstuk 6** word die Bevele en Reëls kragtens die Deviesebeheerregulasies, soos uitgevaardig in GK R 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig, bespreek. Daar dien op gelet te word dat heelwat oorvleuling met die deviesebeheerregulasies voorkom aangesien die Bevele en Reëls in wese vrystellings van die deviesebeheerregulasies is en dit sekere spesifieke vorms voorskryf. In soverre dit wenslik is, word die vrystellings soos wat dit in die Bevele en Reëls aangetref word, soms reeds in die bespreking van die betrokke regulasie weergegee en dien daar in die opsig by die bestudering van Hoofstuk 6 terugverwys te word na die relevante regulasies.

**Hoofstuk 7** is die slothoofstuk.

In die bylae word voorsiening gemaak vir onder meer die volgende:

- (1) Dokumentasie wat van besondere belang is, soos die sogenaamde delegasiebrief;
- (2) Die belangrikste vorms wat uit hoofde van regulasie 20 voorgeskryf is;
- (3) 'n Voorbeeld van 'n verklaring in terme van artikel 213 van die Strafproseswet, welke deur skrywer persoonlik afgelê is gedurende die tydperk wat skrywer by die Suid-Afrikaanse Reserwebank werksaam is (die bylae tot die verklaring is weens die omvang daarvan weggelaat);
- (4) Voorbeelde van beslagleggings en verbeurdverklaringsbevele.

Daar dien laastens op gelet te word dat 'n groot deel van die navorsing gedoen is voor die inwerkingtrede van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993. Vanweë die wesenlike invloed wat die Grondwet reeds gehad het, is 'n gedeelte aan die einde van Hoofstuk 5 ingevoeg waarin die invloed van die Grondwet kortliks bespreek word.

## **1.5 WOORDOMSKRYWINGS**

Die volgende woordomskrywings word geriefshalwe reeds voorsien, naamlik:

### **Deviesebeheerregulasies**

Die regulasies kragtens artikel 9 van Wet 9 van 1939 uitgereik, soos gewysig, waardeur transaksies van inwoners en nie-inwoners van die Republiek met betrekking tot valuta, goud, geldwaardige papier en ander deviese-instrumente beheer word.

### **Deviesebeheervoorskrifte / Exchange Control Rulings**

Die deviesebeheervoorskrifte is 'n amptelike nie-openbare dokument uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan gemagtigde handelaars waardeur beperkte vrystelling van die deviesebeheer-regulasies en Bevele en Reëls aan gemagtigde handelaars gegee word, ingevolge waarvan die omstandighede, voorwaardes en limiete waaronder gemagtigde handelaars deviesetransaksies met ander gemagtigde handelaars en enige ander persone, hetsy inwoners of nie-inwoners van die Republiek van Suid-Afrika, kan aangaan, voorgeskryf word.

### **Deviesebeheersirkulêres / Exchange Control Circulars**

Die kennisgewings waardeur die Suid-Afrikaanse Reserwebank die gemagtigde handelaars in kennis stel van wysigings aan die deviesebeheerregulasies, deviesebeheervoorskrifte en algemene beleid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank ten aansien van deviesebeheer.

### **Gemagtigde handelaar / Authorised dealer**

'n Geregistreerde finansiële instelling wat oor 'n lisensie, uitgereik deur die Tesourie, beskik om in vreemde valuta en ander deviese-instrumente handel te dryf.

### **Gemagtigde bank / Authorised bank**

'n Gemagtigde handelaar wat ook gemagtig is om in finansiële rand handel te dryf.

### **Gewone bankkanale / Normal banking channels**

'n Oorplasing van fondse tussen verskillende monetêre gebiede teen die kommersiële rand wisselkoers.

## HOOFSTUK 2

### GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

#### 2.1 DIE OORSPRONG VAN DEVIESEBEHEER IN SUID-AFRIKA

Die oorsprong van deviesebeheer in Suid-Afrika is geleë in die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, Wet 9 van 1933, soos gewysig.<sup>1</sup> Die Wet is op 7 Maart 1933 deur die senaat en die volksraad van die Unie van Suid-Afrika goedgekeur en aanvaar en is met terugwerkende krag van 28 Desember 1932 in werking gestel. In terme van artikel 9(1) van die Wet is die Goewerneur-Generaal bevoeg om regulasies uit te vaardig aangaande enige aangeleentheid wat direk of indirek betrekking het op of van invloed is op betaalmiddels, die bankwese of wisselkoerse.<sup>2</sup> Slegs die grondslag om 'n deviesebeheerstelsel daar te stel is deur die aanvanklike wetgewing geskep en geen substantiewe stelsel is op daardie stadium in werking gestel nie. Die wetgewer het sedert 1939 die benadering gevolg dat die wetgewing wat die deviesebeheerstelsel ten grondslag lê van sodanige aard moet wees dat dit vinnig en op 'n eenvoudige wyse verander kan word. As gevolg hiervan is daar in navolging van die Verenigde Koninkryk gebruik gemaak van 'n hoofwet en regulasies daarkragtens uitgevaardig. Die beginsel wat dus toegepas was en in Suid-Afrika steeds toegepas

---

<sup>1</sup> Hierna na verwys as "die Wet".

<sup>2</sup> Sekere dele van die Wet is na Republiekwording in 1961 gewysig terwyl ander onveranderd gelaat is. Dit bied natuurlik die verduideliking waarom soms na die Goewerneur-Generaal en soms na die Staatspresident verwys word. Uit 'n praktiese oogpunt kan enige verwysing na die Goewerneur-Generaal as die Staatspresident gelees word. Vgl ook Oelofse 4 vir kommentaar hieroor.



word, is om in 'n hoofwet voorsiening te maak vir die bevoegdheid wat aan 'n bepaalde persoon verleen word om *regulasies* uit te vaardig.<sup>3</sup> Die effek hiervan is dat regulasies in die loop van die jaar terwyl die parlement nie in gewone sitting is nie, uitgevaardig kan word. In terme van artikel 9(4) van die Wet moet die Minister van Finansies binne veertien (14) dae na die aanvang van die eersvolgende gewone sitting van die Parlement sodanige regulasies ter tafel lê.<sup>4</sup>

## 2.2 DIE BUITENGEWONE FINANSIE-REGULASIES, 1939

Die eerste regulasies wat formeel kragtens die Wet uitgevaardig is, het bekend gestaan as die **Buitengewone Finansie-regulasies**<sup>5</sup> gepubliseer in **Goewermentskennisgewing R 1386 van 9 September 1939**. Die regulasies het 'n inleidende paragraaf gehad waarin die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel is om sekere van die regulasies te administreer. In dieselfde paragraaf is daar ook drie gemagtigde handelaars aangestel, naamlik Barclays Bank, Standaard Bank van Suid-Afrika Beperk en die Nederlandse Bank van Suid-Afrika. Die inligting wat in die inleidende paragraaf vervat was, is daarna in 1942 in die sogenaamde **Kennisgewings kragtens die buitengewone finansie-regulasies** geïnkorporeer en is in 1948 en 1951 in die sogenaamde **Kennisgewings kragtens die deviesebeheerregulasies** ingesluit. In 1961 is daar vir die eerste keer **Bevele en Reëls kragtens die deviesebeheerregulasies** uitgevaardig wat in 'n mate ooreengestem het met die voormelde **Kennisgewings**, maar wat ook terselfdertyd uitgebrei is.

---

<sup>3</sup> Sien *infra* Hfst 3.2 vir 'n verdere bespreking van die belangrike onderskeid tussen die Wet en die regulasies.

<sup>4</sup> Vgl hieroor Hfst 3 par 3.2 en 3.3 vir verdere kommentaar.

<sup>5</sup> In Engels bekend as die *Emergency Finance Regulations*.

Die **Buitengewone Finansie-regulasies** van 1939<sup>6</sup> moet in samehang met die afkondiging van die *Defence Finance Regulations 1939*, kragtens die *Emergency Powers (Defence Act 1939)* in die Verenigde Koninkryk beskou word.<sup>7</sup> Laasvermelde maatreëls, wat dus ook op die Unie van Suid-Afrika van toepassing gemaak is, het basies behels dat 'n gekontroleerde beperking geplaas is op die vloeï van fondse en bates vanaf die Sterlinggebied na veral die sogenaamde "*Hard Currency*" gebiede, te wete die Verenigde State van Amerika en sekere Europese lande, terwyl 'n vrye vloeï van fondse en bates tussen lidlande van die Sterlinggebied toegelaat is. Elke lidland was egter self verantwoordelik vir die implementering en toepassing van deviesebeheer in daardie land. As gevolg hiervan is die **Buitengewone Finansie-regulasies** soos hierin voormeld uitgevaardig.

Dit is opvallend dat skrywers dikwels verkeerdelik beweer dat deviesebeheer sedert 1961, of soms 'n ander onjuiste datum, toegepas

---

<sup>6</sup> Hierna na verwys as die "1939 regulasies".

<sup>7</sup> Vgl Mann 357 ev vir 'n kort maar insiggewende opsomming van die geskiedenis van deviesebeheerwetgewing in Brittanje, waaruit dit onder andere blyk dat daar sover terug as vroeg in die 14de eeu streng gebruik gemaak is van sodanige wetgewing. Die *Defence Finance Regulations* is op 25 Augustus 1939 afgekondig en is op 26 Augustus 1939 op die Sterlinggebied van toepassing gemaak. Die Sterlinggebied het op daardie stadium bestaan uit onder andere Brittanje, die destydse Unie van Suid-Afrika, Basoetoeland, Betsjoanaland Protektoraat, Swaziland, Egipte, Irak, die Belgiese Kongo, Luanda, Urundi, verskeie Franse nedersettings en alle ander dele van die Britse gemenebes van nasies met die uitsondering van Kanada en New Foundland. Op 23 November 1939 is die *Defence (Finance) Regulations Amendment Order* uitgevaardig wat, alhoewel telkens gewysig, tot die promulgering en inwerkingtreding van die *Exchange Control Act, 1947* die basis van die Britse deviesebeheer gevorm het.

word.<sup>8</sup> Wanneer die 1939 regulasies bestudeer word, blyk dit duidelik dat 'n omvattende deviesebeheerstelsel op daardie stadium geïmplementeer is. Die regulasies het onder andere voorsiening gemaak vir:

- \* Woordbepaling (definiëring van sekere begrippe) vandag steeds Regulasie 1.
- \* Beperkings op die aankoop, verkoop en leen van vreemde geld en goud -- toe regulasie 2, vandag steeds regulasie 2.
- \* Beperkings op die uitvoer van geld, goud en geldwaardige papiere - - toe regulasie 3, vandag steeds regulasie 3.
- \* Verkryging van onbewerkte goud deur die Tesourie -- toe regulasie 4, vandag regulasie 5.
- \* Verkryging van vreemde geld deur die Tesourie -- toe regulasie 5, vandag regulasie 6.
- \* Beheer oor en verkryging van sekere geldwaardige papiere -- toe regulasie 6, vandag regulasies 14 en 15, alhoewel substansiëel gewysig.
- \* Beheer oor kapitaalluitgiftes -- toe regulasie 7, vandag regulasie 16.<sup>9</sup>

---

<sup>8</sup> Vgl Burger *Exchange Control Applications to the Reserve Bank: The Roll of the Authorised Dealer* 1989 (19) BML 81, Du Plessis *Exchange Control and the Foreign Investor* 1984 MB 111, Du Plessis *Exchange Control in South Africa: Consequences of Contravention* 1987 2 JIBL 94, Du Plessis *South Africa's Foreign Debt Moratorium* 1986 MB 24, Itzikowitz *Exchange Control* 1988 (18) BML 48, Itzikowitz *Exchange Control : The Financial Rand Regime* 1990 SALJ 332. Dit is hoogs onbevredigend dat akademiese kommentatore sulke foute begaan as dit in gedagte gehou word dat dit nie hier oor opinieverskille gaan nie, maar oor objektiewe feite.

<sup>9</sup> Uiteraard was daar vele wysigings van die 1939 regulasies gewees, maar is die belangrike om hier in ag te neem die feit dat daar reeds op daardie stadium sekere hoekstene neergelê is wat mettertyd aangepas is en wat vandag nog 'n wesenlike deel van die bestaande deviesebeheerregulasies vorm. Die hoekstene waarna hier verwys word, is regulasies 2 tot 6 van die 1939 regulasies. Vgl Oelofse 23 en ook *infra* Hfst 5 tov regulasie 3.

### 2.3 DIE GEKONSOLIDEERDE BUITENGEWONE FINANSIEREGULASIES, 1942

Op 23 Oktober 1942 is die **Gekonsolideerde Buitengewone Finansieregulasies** in 'n buitengewone *Staatskoerant*, onder **Proklamasie 266** gepubliseer, waarin verskeie wysigings van die eersvermelde regulasies saamgevoeg en aangebring is.<sup>10</sup> Van belang is die feit dat die **Gekonsolideerde Buitengewone Finansieregulasies** as 'n oorlogsmaatreël kragtens artikel 1 *bis* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, Wet 13 van 1940 uitgevaardig is en nie kragtens artikel 9 van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, soos voormeld, nie.

Die 1942 regulasies het uit 25 regulasies en 2 aanhangsels bestaan. Met die uitsondering van regulasie 14A wat die grondslag van die tweeledige wisselkoerstelsel was, toon die bestaande regulasies 'n wesenlike ooreenkoms met die 1942 regulasies vir sover as wat dit die **basis** van die deviesebeheerstelsel betref.<sup>11</sup> Soos hierbo aangetoon, is die sogenaamde **Kennisgewings kragtens die Buitengewone Finansieregulasies** saam met die 1942 regulasies afgekondig.<sup>12</sup> Dié kennisgewings het klaarblyklik dieselfde doel gedien as wat die **Bevele en Reëls** tans vervul. Aangesien die 1942 regulasies as 'n oorlogsmaatreël uitgevaardig is, sou dit ooreenkomstig die Wet op Herroeping van Oorlogsmaatreëls 1947 op 30 Junie 1948 verval het. As gevolg van die onsekere posisie van internasionale devieseverhoudinge na die Tweede

---

<sup>10</sup> *Staatskoerant* 3107, Proklamasie 266 gedateer 23 Oktober 1942, ook bekend as Oorlogsmaatreël 119 van 1942. Hierna na verwys as die "1942 regulasies".

<sup>11</sup> Met ander woorde die beperkings en verpligtinge wat kragtens die regulasies opgelê word.

<sup>12</sup> GK 2144 gedateer 23 Oktober 1942. Dit is interessant dat die 1942 regulasies as 'n proklamasie uitgevaardig is terwyl die **Kennisgewings kragtens die regulasies** by wyse van 'n Goewermentskennisgewing afgekondig is.

Wêreldoorlog kon die Unie, soos die Verenigde Koninkryk nie op daardie stadium bloot deviesebeheer laat vaar nie.

## 2.4 DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1948

Die **Deviesebeheerregulasies** is op **23 Januarie 1948** kragtens artikel 9 van die Wet uitgevaardig.<sup>13</sup> Daar is weer **Kennisgewings kragtens die Deviesebeheerregulasies**, analoog aan die wat saam met die 1942 regulasies afgekondig is, uitgevaardig. Dit is betekenisvol dat 'n **Verduidelikende verklaring oor die Deviesebeheerregulasies** in dieselfde *Staatskoerant* voorkom waarin onder andere kort en bondige verduidelikings aan die algemene publiek gegee word van die **redes waarom** en van die **beleidsbenadering waarop** die Tesourie beoog het om deviesebeheer toe te pas. Wanneer die **Verduidelikende verklaring** gelees word, blyk dit duidelik dat die Tesourie beoog het om so min as moontlik inbreuk te maak op die algemene daaglikse handelstransaksies, maar natuurlik met in agname van die doel van deviesebeheer, naamlik om die verlies van kapitaal so effektief as moontlik te beperk. Dié benadering blyk byvoorbeeld uit onder andere die volgende aanhalings, naamlik:

"Sekere verrykende bevoegdheid waarmee die Tesourie bekleed was en wat nie meer onder vredestrydtoestande geregverdig is nie, is uit die regulasies verwyder.",

en verder,

"Alle pogings sal gedoen word om die regulasies op so 'n wyse toe te pas dat die Unie se normale tussenhandel met

---

<sup>13</sup> *Staatskoerant* 3922, GK 163 en GK 164 gedateer 23 Januarie 1948 en hierna na verwys as die "1948 regulasies".

Afrikaanse gebiede nie onbehoorlik verstoort word nie."

en

"Spesiale sorg sal ook gedra word om geen verstoring te veroorsaak van die tradisionele vooroorlogse markte."<sup>14</sup>

## 2.5 DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1951

Verskeie veranderinge is met die verloop van tyd aan die 1948 regulasies aangebring en die wetgewer het dit goed geag om alle wysigings te konsolideer en daar is derhalwe op **2 November 1951** opnuut deviesebeheerregulasies uitgevaardig in **Goewermentskennisgewings 2800 en 2801**.<sup>15</sup> Soos in 1948 is daar weer eens **Kennisgewings kragtens die Deviesebeheerregulasies** asook 'n **Verduidelikende verklaring oor die Deviesebeheerregulasies** in dieselfde *Staatskoerant* gepubliseer. Die 1951 regulasies is op 3 geleenthede gewysig.<sup>16</sup>

## 2.6 DIE AANLOOP TOT DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1961

Tot ongeveer die eerste kwartaal van 1956 is deviesebeheer in die Unie van Suid-Afrika hoofsaaklik tot die voordeel van die Sterlinggebied toegepas en was daar geen deviesebeheerbepelings van toepassing op enige transaksies tussen die Unie en enige lidland van die Sterlinggebied nie.

---

<sup>14</sup> *Staatskoerant* 3922 GK 164 gedateer 23 Januarie 1948.

<sup>15</sup> Hierna na verwys as die "1951 regulasies".

<sup>16</sup> Dit was nl deur GK 797 van 6 Junie 1958, GK 195 van 6 Februarie 1959 en GK 84 van 16 Junie 1961.

In die lig van 'n groot tekort aan vreemde valuta in die Unie is daar by wyse van 'n tydelike beheermaatreël 'n beperking geplaas op kapitaaltransaksies vanaf die Unie na die res van die Sterlinggebied, deurdat vooraf goedkeuring van die Reserwebank verkry moes word vir alle transaksies wat R20 000.00 te bowe gegaan het en waardeur die Unie se vreemde valuta reserwes negatief beïnvloed is. Laasvermelde bepaling is op 6 Junie 1958 'n stap verder geneem met die uitvaardiging van **Goewermentskennisgewings 797 en 798** waardeur die 1951 regulasies gewysig is en wat die effek gehad het, dat die maatreëls wat op daardie stadium op transaksies tussen die Unie van Suid-Afrika en lande buite die Sterlinggebied van toepassing was, ook van toepassing gemaak is op transaksies tussen die Unie van Suid-Afrika en lande binne die Sterlinggebied.<sup>17</sup> Op daardie stadium het deviesebeheer in die Unie dus 'n maatreël geword wat hoofsaaklik in belang van die ekonomie van die Unie van Suid-Afrika toegepas is en nie meer ten gunste van die Sterlinggebied nie. Gedurende dié tydperk is aandeletransaksies tussen die Londonse en die Johannesburgse effektebeurse egter steeds sonder enige beperking toegelaat.

In 1960 het die versetbeweging teen apartheidswetgewing ernstige afmetings aangeneem, onder andere byvoorbeeld by Sharpeville, Langa, Cato Manor ensovoorts. Die afkondiging van noodtoestand in ongeveer 80 distrikte van die land as gevolg van die grootskaalse onrus en geweld, die aanslag op die lewe van dr H F Verwoerd, die onsekerheid rondom Republiekwording en die opposisie van die Afro Asiatiese lede van die

---

<sup>17</sup> Hierdie inligting is verkry by die Departement Deviesebeheer, SARB. Dit blyk ook uit die verklarende opmerking in GK 797 van 6 Junie 1958 wat bepaal dat:

"Die uitwerking van bostaande wysigings is dat die deviesebeheermaatreëls wat tot dusver transaksies tussen die Unie en lande buite die sterlinggebied van toepassing was, ook van toepassing gemaak word op transaksies tussen die Unie en lande binne die sterlinggebied."

Statebond teen Suid-Afrikaanse lidmaatskap van die Statebond, is alles faktore wat bygedra het tot groot politiese onsekerheid. Vanaf Januarie 1960 is 'n voortdurende afname in die vreemde valuta reserwes van die Unie ondervind. As gevolg van die politiese faktore het nie-inwoners hulle Suid-Afrikaanse aandele op die Johannesburgse effektebeurs verkoop en kon die opbrengs daarvan sonder enige beperking, in vreemde valuta na die buiteland oorgeplaas word. Dié disinvestering wat voorgekom het, was van sodanig omvang dat die regering van die dag teen Mei 1961 besef het dat drastiese stappe nodig was om die kapitaalverlies hok te slaan.

Eerstens is sekere van die limiete wat van toepassing was op lopende transaksies soos byvoorbeeld reistoelaes, onderhoudsbetalings en erfregtelike voordele aansienlik ingeperk. Tweedens is verdere beperkings geplaas op sekere kapitaaltransaksies. Waar emigrasiefasiliteite vroeër R20 000.00 beloop het, is dit verminder na R10 000.00.

Op 16 Junie 1961 is 'n beperking geplaas op die repatriasie van die verkoopopbrengs van enige geldwaardige papiere, soos aandele en effekte, wat aan nie-inwoners behoort het. Die effek van die beperking was dat 'n nie-inwoner wat byvoorbeeld aandele op die Johannesburgse effektebeurs verkoop het, die opbrengs daarvan in 'n geblokkeerde rekening moes deponeer. Hierdie prosedure het die totstandkoming van 'n tweeledige wisselkoersstelsel veroorsaak.<sup>18</sup> Soos in Hoofstuk 5 aangetoon word, is daar sedert 1961 slegs vir 'n kort tydperk, naamlik vanaf 7 Februarie 1983 tot 1 September 1985, nie van 'n tweeledige wisselkoerstelsel gebruik gemaak nie. Die tweeledige wisselkoersstelsel is daarna eers in 1995 afgeskaf.

---

<sup>18</sup> Vgl *infra* Hfst 5 waar 'n bespreking van die totstandkoming van die finansiële randstelsel voorkom, vir 'n verduideliking van die "geblokkeerde rand en sekuriteite rand" konsepte.



## 2.7 DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1961

Op 1 Desember 1961 is Goewermentskennisgewing R 1111, die Deviesebeheerregulasies, 1961 en Goewermentskennisgewing R 1112, die Bevele en Reëls kragtens die Deviesebeheerregulasies, in terme van artikel 9 van die Wet uitgevaardig en gepubliseer.<sup>19</sup>

Die regulasies, soos gewysig, is die maatreëls wat die bestaande deviesebeheerstelsel ten grondslag lê en dit vorm saamgelees met die Wet die vertrekpunt vir enige sinvolle studie van die huidige deviesebeheerstelsel in Suid-Afrika.<sup>20</sup>

---

<sup>19</sup> Hierna na verwys as "die regulasies".

<sup>20</sup> Die verwysings na die wysigings word verskaf aangesien dit nie saamgevat word in die betrokke Goewerments-kennisgewings waardeur die regulasies gewysig word nie. Die wysigings hierna na verwys, sluit nie wysigings van die Bevele en Reëls soos vervat in GK R 1112 in nie. Wysigings teweeggebring deur die uitvaardiging van die skuldstilstandregulasies word wel voorsien. Die regulasies is gewysig deur GK R 872 van 3 Junie 1966, GK R 1647 van 21 Oktober 1966, GK R 650 van 19 April 1968, GK R 355 van 5 Maart 1976, GK R 357 van 20 Februarie 1981, GK R 2596 en GK R 2610 van 30 November 1984 (hoofsaaklik skuldstilstandregulasies), GK R 1640 van 26 Julie 1985, GK Proklamasie 157 van 1 September 1985 (hoofsaaklik skuldstilstandregulasies), GK R 2305 van 3 Oktober 1985 (slegs skuldstilstandregulasies), GK R 2868 van 23 Desember 1985 (slegs skuldstilstandregulasies), GK R 603 van 27 Maart 1986 (slegs skuldstilstandregulasies), GK R 1078 van 9 Junie 1986 (slegs skuldstilstand-regulasies), GK R 957 van 4 Mei 1987, GK R 10757 van 29 Mei 1987 (slegs skuldstilstand-regulasies), GK R 1416 van 23 Junie 1987, GK R 224 van 19 Februarie 1988, GK R 881 van 29 April 1988, GK R 1140 van 25 Mei 1990 (slegs skuldstilstandregulasies), GK R 2016 van 22 Oktober 1993 (slegs skuldstilstandregulasies) en GK R 5475 van 12 Maart 1995.

Die laaste formele gekonsolideerde publikasie van die regulasies wat alle wysigings tot datum van publikasie insluit, het in Julie 1981 verskyn. Heelwat fundamentele wysigings is sedertdien aan die regulasies aangebring en 'n probleem wat dikwels ondervind word is dat regspraktisyns nie oor die volledige opgedateerde regulasies beskik nie. 'n Algemene probleem wat hieruit voortspruit, is dat

---

regspraktisyns onkundig is oor die presiese bevoegdhede van die SARB ten opsigte van byvoorbeeld die blokkering van fondse, beslaglegging op fondse en bates en die verbeurdverklaring daarvan.



## HOOFSTUK 3

# DIE ADMINISTRASIE VAN DEWIESEBEHEER IN SUID-AFRIKA

### 3.1 INLEIDING

Ten einde insig in die werking en toepassing van dewiesebeheer in Suid-Afrika te verkry, is dit nodig om eerstens 'n ontleding te doen van die betrokke wetgewing wat die netwerk geskep het waardeur dewiesebeheer gadministreer word. Die netwerk wat *infra* in meer besonderhede omskryf word, bestaan uit die Tesourie, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en sekere instansies wat bekend staan as gemagtigde handelaars in vreemde valuta en goud.

### 3.2 DIE WET OP BETAALMIDDELS EN WISSELKOERSE, WET 9 VAN 1933, SOOS GEWYSIG

Aangesien artikels 1 en 2 van die Wet nie werklik op dewiesebeheer van toepassing is nie en artikels 3 tot 8 reeds herroep is, is artikel 9 die enigste artikel wat vir dewiesebeheerdoeleindes van besondere belang is. Artikel 10 handel bloot met die herroeping van die Wet se voorganger, die Wet op Buitengewone Finansieregulasies, Wet 48 van 1931 en artikel 11 met die kort titel en inwerkingtreding van die Wet.

Soos reeds *supra* in Hoofstuk 2 aangetoon bied artikel 9 van die Wet die statutêre magtiging vir die daarstelling van 'n dewiesebeheerstelsel in Suid-

Afrika. Die Staatspresident<sup>1</sup> is bevoeg om ingevolge artikel 9(1) van die Wet regulasies uit te vaardig wat direk of indirek betrekking het op of van invloed is op, of wat in verband staan met betaalmiddels, die bankwese of wisselkoerse. Uit hoofde hiervan is dit duidelik dat die Staatspresident bevoeg is om regulasies uit te vaardig ten aansien van die toepassing van deviesebeheer. In terme van artikel 9(2)(a) kan die regulasies van 'n siviele of 'n kriminele aard wees.

Die sub-artikels aangetref in artikel 9(2)(b) tot artikel 9(2)(g) is deur twee wysigingswette in 1987 en 1988 bygevoeg, welke sub-artikels in samehang met regulasies 22A tot E gelees moet word.<sup>2</sup> Die betrokke sub-artikels en regulasies handel in hoofsaak met die blokkering van fondse, beslaglegging op bates en die verbeurdverklaring van sodanige fondse en bates deur die Tesourie. Daar word voorts in artikel 9(2)(d), saamgelees met regulasie 22D voorsiening gemaak vir die prosedure wat deur 'n persoon wat verontreg voel deur die blokkering van fondse, beslaglegging op bates en verbeurdverklaring van fondse en bates deur die Tesourie, ingestel kan word vir die hersiening van sodanige besluit deur 'n bevoegde hof. 'n Volledige uiteensetting van die sub-artikels kom *infra* by die bespreking van regulasies 22A tot 22E voor.<sup>3</sup>

Van besondere belang, is die sogenaamde Hendrik VIII<sup>4</sup>-klousule wat in

---

<sup>1</sup> Vgl Hfst 2 *supra* vir kommentaar.

<sup>2</sup> Wysigingswet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, Wet 23 van 1987 en Wysigingswet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, Wet 48 van 1988.

<sup>3</sup> Vgl Hfst 5 *infra*.

<sup>4</sup> Wiechers 32 ev. 'n Hendrik VIII-klousule kom voor waar die wetgewende gesag sy wetgewende mag op 'n onvoorwaardelike wyse aan die uitvoerende gesag afstaan en waardeur die uitvoerende gesag die bevoegdheid verkry om die bepaalde parlementêre wetgewing by wyse van ondergeskikte wetgewing te wysig. Vgl ook *Government of the Republic of South Africa v*

artikel 9(3) van die Wet aangetref word en wat as volg daar uitsien:

"Die Goewerneur-Generaal *kan in so 'n regulasie* ten dele of ten volle, *hierdie wet* of enige ander parlamentswet of *ander regsbeplating* wat betrekking het of van invloed is op, of in verband staan met, betaalmiddels, die bankwese of wisselkoerse, *skors*, en enige sodanige wet of regsbeplating wat met so 'n regulasie in stryd of onbestaanbaar is, word *geag geskors te wees* vir sover as wat dit met so 'n regulasie in stryd of onbestaanbaar is."<sup>5 6</sup>

Hierdie artikel is al heelwat gekritiseer as gevolg van die drakoniese bevoegdheids waarmee dit die Staatspresident bekleed, maar toon ook onomwonde die erns waarmee die wetgewer deviesebeheer beskou.<sup>7 8</sup> Dit bring ook heelwat interessante regsvrae na vore wat veral vir die administratiefreg van belang is, soos onder andere of die ondergeskikte wetgewing steeds bly voortbestaan wanneer die magtigende wet in geheel daardeur herroep word, en of die magtigende wet enigsins by wyse van ondergeskikte wetgewing herroep kan word? Gelukkig val die beantwoording van die vrae buite die bestek van hierdie werk en kan daar

---

*Government of Kwazulu* 1983 (1) SA 164 A.

<sup>5</sup> My beklemtoning.

<sup>6</sup> Vgl ook Oelofse 4 - 6; Willis 208; Rabie LAWSA (Red Joubert) 1 par 842; Du Plessis E D *Valutabeheer* 1982 MB 68 op 69; *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A; *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank and Others* 1990 (3) SA 704 T.

<sup>7</sup> Chaplin *The Basics of Exchange Control, Blocked Rand, Commercial Rand and the Financial Rand* 1987 De Rebus 623; Itzikowitz *Exchange Control* 1988 (18) BML 48; *R v Rathanji* 1950 (4) SA 170 N op 171 en 172 C-E;

<sup>8</sup> Dit is insiggewend dat artikel 9(3) reeds in **1933** as deel van die Wet uitgevaardig is en sedertdien nooit gewysig is nie.

in die verband volstaan word met die volgende voorbeeld van hoe die artikel besonder nuttig in die praktyk toegepas kan word: Wanneer 'n gevolmagtigde van die Suid-Afrikaanse Reserwebank inligting van 'n beampte van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste kragtens regulasie 19 vereis, behoort laasgenoemde se beroep op die geheimhoudingsklousule in artikel 4 van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962 nie te slaag nie.<sup>9</sup>

Artikel 9(4)<sup>10</sup> handel met die ter tafellegging van regulasies wat binne en buite die gewone sitting van die parlement uitgevaardig word en verdien nie vir die doeleindes van hierdie studie enige verdere vermelding nie.

Kragtens artikel 9(5)(a)<sup>11</sup> word daar voorsiening gemaak dat Bevele en Reëls, addisioneel tot die regulasies uitgevaardig kan word.<sup>12</sup>

### **3.3 DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES 1961<sup>13</sup>, EN DIE BEVELE EN REËLS KRAGTENS DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES 1961<sup>14 15</sup>**

---

<sup>9</sup> Alhoewel verwag sou word dat die onderskeie departemente tot mekaar se voordeel sou saamwerk, realiseer dit bykans nooit en bestaan daar, sover skrywer bewus is, geen formele hulpverlening en/of uitruil van inkriminerende inligting tussen die Kommissaris van Binnelandse Inkomste en die SARB nie.

<sup>10</sup> Bygevoeg deur artikel 6 van Wet 27 van 1940 en gewysig deur artikel 17 van Wet 43 van 1941.

<sup>11</sup> Bygevoeg deur artikel 26 van Wet 36 van 1950.

<sup>12</sup> 'n Volledige bespreking volg *infra* in Hfst 6.

<sup>13</sup> GK R 1111 van 1 Desember 1961.

<sup>14</sup> GK R 1112 van 1 Desember 1961. Hierna na verwys as die "Bevele en Reëls".

Soos reeds *supra* in Hoofstuk 2.7 aangetoon, vorm artikel 9 van die Wet, saamgelees met die deviesebeheerregulasies en die Bevele en Reëls daarkragtens die grondslag van die bestaande deviesebeheerstelsel in Suid-Afrika.

Daar is tans 23 regulasies waarvan die grootste gedeelte hoofsaaklik bepalinge van 'n verbiedende<sup>16</sup> en soms gebiedende<sup>17</sup> aard bevat, maar wat telkens getemper word deur 'n bepaling dat die Tesourie en/of sy gevolgmagtigde vrystelling van die betrokke regulasie kan verleen.

Die regulasies bepaal dus in algemene terme wat nie met vreemde valuta en goud gedoen mag word nie, wat daarmee gedoen móét word, wie van

---

<sup>15</sup> Die benaming "Bevele en Reëls **kragtens** die deviesebeheerregulasies" is streng gesproke verkeerd aangesien dit kragtens artikel 9(5)(a) van die Wet uitgevaardig word en nie kragtens die deviesebeheerregulasies nie. Vgl ook *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A vir 'n bespreking van die onderskeid tussen die Bevele en Reëls en die deviesebeheervoorskrifte, asook paragraaf 3.6 *infra*.

<sup>16</sup> Vgl bv regulasie 2(1) nl:  
"Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand, behalwe 'n gemagtigde handelaar, vreemde valuta of goud, koop of leen ..."  
en regulasie 3(1)(a) nl:  
"Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, verleen mag word, mag niemand behalwe met die toestemming... en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel -  
(a) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek neem of stuur nie, ..."  
asook onder andere regulasies 4(4), (7) en (8), 6, 7, 8, ens.

<sup>17</sup> Vgl bv onder andere regulasie 2(3) nl:  
"Enigeen wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie en wat vreemde valuta of goud wil koop of leen of verkoop of uitleen, moet by 'n gemagtigde handelaar aansoek doen en moet die inligting verstrek..." en ook regulasie 2(5):  
"...moet hy onverwyld die goud of vreemde valuta... aan die Tesourie... te koop aanbied..." ens.



die betrokke regulasies vrygestel is of nie en wie vrystelling daarvan kan verleen.<sup>18</sup>

Dit blyk duidelik uit die regulasies dat die Tesourie die instansie is wat gemoed is met die toepassing van deviesebeheer in Suid-Afrika.<sup>19</sup> Die Tesourie word in regulasie 1 omskryf as:

"...die Minister van Finansies of 'n beampte in die Departement van Finansies wat, uit hoofde van die indeling van die werk in daardie Departement, op gesag van die Minister van Finansies met daardie aangeleentheid handel."

Kragtens artikel 9(2)(c) van die Wet, saamgelees met regulasie 22E(1) is die Minister van Finansies bevoeg om enige bevoegdheid of funksie van die Tesourie ingevolge die regulasies aan enige ander persoon te delegeer, of 'n plig kragtens die regulasies aan die Tesourie opgelê aan so 'n persoon op te dra.

Anders as die regulasies word die Bevele en Reëls nie deur die Staatspresident nie, maar deur die Tesourie oftewel die Departement van Finansies uitgereik.<sup>20</sup> Kragtens die bevoegdhede deur die regulasies ontleen, gebruik die Tesourie die Bevele en Reëls hoofsaaklik om :

- (1) sekere persone en/of instansies aan te wys en aan te stel om behulpsaam te wees met die toepassing en uitvoering van die

---

<sup>18</sup> Oelofse 8 en 14; Du Plessis 1982 MB 68 op 71; Du Plessis 1986 MB 24 op 26 en Du Plessis 1987 2 JIBL 94.

<sup>19</sup> Oelofse 4 en 5.

<sup>20</sup> Vgl die afsluiting van die Bevele en Reëls, GK R 1112 van 1 Desember 1961.

regulasies;<sup>21</sup>

- (2) sekere algemene vrystellings van die regulasies te verleen;<sup>22</sup>
- (3) sekere spesifieke vorms voor te skryf.<sup>23</sup>

Paragraaf 2 van die Bevele en Reëls bepaal dat die Minister van Finansies die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel het om uitvoering te gee aan alle funksies en bevoegdhede deur die regulasies aan die Tesourie toegewys, met die uitsondering van die funksies en bevoegdhede vervat in regulasies 3(5) en (8), 16, 20 en 22.<sup>24</sup> Uit hoofde van voorgaande blyk dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank in praktyk die entiteit is wat verantwoordelik is vir die daaglikse administrasie en toepassing van deviesebeheer in Suid-Afrika.<sup>25</sup>

---

<sup>21</sup> Bv paragrawe 2 en 3(a) van die Bevele en Reëls.

<sup>22</sup> Bv paragrawe 4, 7, 8 en 9 van die Bevele en Reëls.

<sup>23</sup> Bv paragrawe 5 en 6 van die Bevele en Reëls. Die magtiging vir die voorskryf van spesifieke vorms word in regulasie 21 aangetref.

<sup>24</sup> Regulasie 3(5) en (8) verleen 'n diskresionêre bevoegdheid aan die Tesourie om die geheel, of 'n gedeelte van enige banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta waarop kragtens sub-regulasie (3) of (4) of (6) of (7) van regulasie 3 op beslag gelê is, aan die persoon betrokke, of die persoon aldus geregtig om dit in sy bewaring of besit te hê voordat dit verbeurdverklaar word, terug te gee. Regulasie 16 handel met die beheer oor kapitaaluitgiftes en regulasie 20 bepaal bloot dat alle dokumentasie opgestel in uitvoering van die regulasies van seëlreg vrygestel is. Regulasie 22 is die strafbepaling wat die maksimum strawwe voorskryf wat deur 'n bevoegde hof opgelê kan word vir oortredings van die regulasies. Uit voorgaande is dit duidelik dat die Tesourie in elk geval slegs in terme van regulasies 3(5) en (8) en 16 sekere funksies en bevoegdhede het en dat die uitsluiting van regulasie 20 en 22 streng gesproke onnodig is aangesien dit immers geen bevoegdheid of funksies aan die Tesourie verleen nie.

<sup>25</sup> 'n Departement van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Deviesebeheer hanteer alle deviesebeheeraangeleenthede. Die Departement is ingedeel in die volgende afdelings, te wete (1) Administrasie en Skuldstilstand, (2) Inspeksie, (3) Finansiële Rand, (4) Reise, Immigrasie en Emigrasie, (5) Maatskappye en (6)

Die Minister van Finansies stel ook voorts in terme van paragraaf 3(a) van die Bevele en Reëls sekere gemagtigde handelaars in vreemde valuta en goud aan.<sup>26</sup> 'n Volledige lys waarin die name van alle gemagtigde handelaars voorkom, word in paragraaf 3(a) van die Bevele en Reëls aangetref.<sup>27</sup> Alhoewel die aanstelling van gemagtigde handelaars deur die Minister van Finansies geskied, vind dit plaas op die aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Reserwebank nadat laasgenoemde homself vergewis het dat die betrokke instansie oor die nodige deskundigheid en infrastruktuur beskik om as gemagtigde handelaar gelisensieer te word. Ingevolge paragraaf 10 van die Bevele en Reëls moet alle persone wat inligting in verband met enige deviesebeheeraangeleentheid verlang dit deur 'n bankier of 'n gemagtigde handelaar verkry. Dit is duidelik dat bankiers uit die aard van hulle besigheid en met 'n netwerk van takke dwars oor die Republiek ten beste toegerus is om as gemagtigde handelaars in vreemde valuta en goud op te tree.<sup>28</sup>

Soos in die geval van wysigings van die regulasies word alle wysigings aan

---

Ondersoeke. Vgl ook Spitz & Harrison 11 tot 14.

<sup>26</sup> Sien die definisie van gemagtigde handelaar in regulasie 1. 'n Onderskeid word getref tussen 'n "gemagtigde handelaar" en 'n "gemagtigde handelaar met beperkte bevoegdheid". Lg se bevoegdheid word gewoonlik beperk tot die verkoop van vreemde valuta vir reisdoeleindes alleen soos bv Ned Travel (Edms) Beperk en Rennies Travel (Edms) Beperk. Vgl ook Oelofse 115 en Spitz & Harrison 9 ev. 'n Verdere onderskeid word ook getref tussen 'n gemagtigde handelaar en 'n gemagtigde bank. Lg is 'n gemagtigde handelaar wat ook bevoeg is om in finansiële rand handel te dryf. Vgl hieroor Hfst 5 *infra*.

<sup>27</sup> Veranderinge van paragraaf 3(a) kom gereeld voor waar bv 'n nuwe gemagtigde handelaar aangestel word, of as 'n samesmelting en/of konsolidasie van reeds bestaande gemagtigde handelaars voorkom, of as 'n bestaande gemagtigde handelaar se lisensie teruggetrek word.

<sup>28</sup> Oelofse 14, 15 en 115; Lautenberg 23; Du Plessis 1982 MB 70 en Du Plessis 1986 MB 25.

die Bevele en Reëls in die *Staatskoerant* gepubliseer.<sup>29</sup>

### 3.4 DIE DEVIESEBEHEERVOORSKRIFTE<sup>30</sup> EN DIE DEVIESE-BEHEERSIRKULêRES<sup>31</sup>

Wanneer die regulasies bestudeer word, blyk dit duidelik dat die Tesourie telkens by magte is om :

- (1) vrystelling van die regulasies te verleen;
- (2) voorwaardes neer te lê waarkragtens sodanige vrystellings uitgevoer moet word.

So word die frase:

"Behalwe met die **vergunning** van die Tesourie en ooreenkomstig die **voorwaardes** wat die Tesourie mag stel, mag niemand..."<sup>32</sup>

of

"Behoudens enige **vrystelling** wat deur die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, verleen mag word, mag niemand... en ooreenkomstig die **voorwaardes** wat die

---

<sup>29</sup> 'n Volledige bespreking van die Bevele en Reëls volg *infra* by Hfst 6. Vgl 3.4 *infra* vir kommentaar in verband met publikasie van die wysigings van die regulasies en die Bevele en Reëls in die *Staatskoerant*, teenoor wysiging van die deviesebeheervorskrifte.

<sup>30</sup> In Engels bekend as die "*Exchange Control Rulings*".

<sup>31</sup> In Engels bekend as die "*Exchange Control Circulars*".

<sup>32</sup> Bv onder andere in regulasies 2(1), 4(4) en (7), 6, 8, ens. (My beklemtoning).

Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel..."<sup>33</sup>

in bykans alle regulasies aangetref.

Gedagtig aan die feit dat dit een van die hoofdoelstellings van deviesebeheer is om die uitvloeï van kapitaal uit die Republiek te verhoed en dus nie om gewone *bona fide* handelstransaksies waardeur lopende betalings geskied, te beperk nie, en ook dat daar op 'n daagslikse basis letterlik derduisende sodanige *bona fide* lopende transaksies plaasvind, sou dit natuurlik geheel en al onprakties wees om te vereis dat alle deviesetransaksies deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank hanteer word. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het derhalwe 'n dokument getiteld "Die Deviesebeheervoorskrifte" saamgestel deur middel waarvan:

- (1) Sekere duidelik geïdentifiseerde transaksies uitgestip word, waardeur,
- (2) onder voorgeskrewe omstandighede, en
- (3) voorgeskrewe limiete,
- (4) gemagtigde handelaars toegelaat word om deviesetransaksies met ander gemagtigde handelaars of ander persone aan te gaan.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank verleen dus deur middel van die deviesebeheervoorskrifte 'n algemene vrystelling van sekere regulasies aan gemagtigde handelaars.<sup>34</sup> Die volgende voorbeeld kan ter illustrasie aangebied word, naamlik:

---

<sup>33</sup> Bv onder andere in regulasies 3(1), 6(10)(a) ens. (My beklemtoning).

<sup>34</sup> Vgl Oelofse 14 en 15; Du Plessis 1982 MB 68 op 70 en 71; Du Plessis 1984 MB 111 op 115; *Sententia Exchange Control: The Traveller and the Immigrant* (1972) 1 BML 204; Isakow 1977 SALJ 347 en 512; Burger (1989) 19 BML 81 en Anoniem *Exchange Control* 1989 De Rebus 171.

- (1) Kragtens regulasie 3(1)(a) word enige persoon, behoudens enige vrystelling deur die Tesourie en ooreenkomstig die Tesourie se voorwaardes, verbied om enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek te neem of te stuur.
- (2) Ingevolge afdeling B7 van die deviesebeheervoorskrifte verleen die Suid-Afrikaanse Reserwebank 'n algemene maar beperkte vrystelling van die regulasies deurdat gemagtigde handelaars toegelaat word om vir byvoorbeeld onder andere reisdoeleindes na die buiteland vreemde valuta aan inwoners te verkoop.
- (3) Die hoeveelheid vreemde valuta wat verkoop mag word, word egter beperk en dan word daar verder verskeie voorwaardes neergelê byvoorbeeld onder andere dat:
  - \* Die vreemde valuta mag eers beskikbaar gestel word wanneer die persoon in besit is van 'n reiskaart, hetsy 'n vliegtuig- of 'n bootkaartjie, in sy naam, vir 'n reis wat vanaf die Republiek vertrek;
  - \* Die vreemde valuta mag hoogstens 14 dae voor sy vertrek aan die persoon beskikbaar gestel word;
  - \* 'n Vorm A moet voltooi word;
  - \* Elke bladsy van die reiskaartjie moet deur die gemagtigde handelaar gestempel word: "*EXCHANGE PROVIDED*";
  - \* Die gemagtigde handelaar moet die persoon van die bepalinge van regulasies 2(4) en (5) in kennis stel;
  - \* Die persoon se paspoort moet geëndosseer word met die bedrag vreemde valuta wat aan hom verkoop is.

Die eerste uitgawe van die deviesebeheervoorskrifte het op 26 Julie 1949 die lig gesien. Hersiene uitgawes is daarna op 1 Augustus 1959, 2 Januarie 1964 en 9 Oktober 1978 uitgereik waarvan laasgemelde steeds in gebruik is.

In een van die toonaangewende beslissings oor deviesebeheer toon hoofregter Rumpff in *S v De Blom*<sup>35</sup> op die onderskeid tussen die deviesebeheervoorskrifte, die sogenaamde "*Bankers' Bible*" soos daarna verwys is in getuienis, en die Bevele en Reëls wat in terme van artikel 9(5)(a) van die Wet uitgereik word.

Die deviesebeheervoorskrifte is tegnies van aard en bevat heelwat terminologie en konsepte wat eie aan die bankiersbedryf is, word uitsluitlik aan gemagtigde handelaars verskaf en is nie enigsins vir publieke insae beskikbaar nie. Die feit dat die deviesebeheervoorskrifte nie vir publieke insae beskikbaar is nie het natuurlik al heelwat kritiek uitgelok<sup>36</sup> maar moet dit in gedagte gehou word dat:

- (1) Alle deviesetransaksies veronderstel is om deur middel van 'n gemagtigde handelaar plaas te vind;
- (2) Alle gemagtigde handelaars oor die deviesebeheervoorskrifte beskik en dus teoreties enige vrae van 'n kliënt, hetsy met verwysing na die aard van 'n transaksie of die voorwaardes en/of limiete betrokke, behoort te kan beantwoord;<sup>37</sup>
- (3) Kragtens paragraaf 10 van die Bevele en Reëls vereis word dat enige persoon wat inligting of advies in verband met enige deviesebeheeraangeleentheid verlang, dit deur middel van sy bankier of 'n gemagtigde handelaar soos na verwys in paragraaf 3(a) van die Bevele en Reëls moet verkry; en

---

<sup>35</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

<sup>36</sup> Chaplin 1987 De Rebus 623 en Itzikowitz 1988 (18) BML 48.

<sup>37</sup> Aangesien alle gemagtigde handelaars deviesebeheervoorskrifte het, wat hulle vanaf die SARB ontvang sodra hulle as sodanig aangestel word, word aanvaar dat hulle vertrouwd is met die inhoud daarvan maar beskik bankamptenare ongelukkig nie altyd oor voldoende kennis om kliënte behoorlik te adviseer nie. Die probleem word veral in kleiner en plattelandse takke van gemagtigde handelaars ondervind.

- (4) Soos *infra* in meer besonderhede bespreek sal word, moet enige deviesetransaksie wat nie binne die kader van die deviesebeheervoorskrifte val nie buitendien na die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir spesifieke oorweging en vrystelling verwys word.<sup>38</sup>

Daarenteen kan natuurlik geargumenteer word dat:

- (1) Juis omdat alle deviesetransaksie deur middel van gemagtigde handelaars hanteer moet word; en
- (2) Aangesien enige deviesetransaksie buite die kader van die deviesebeheervoorskrifte na die Suid-Afrikaanse Reserwebank verwys moet word; en
- (3) Die publiek die risiko dra dat onkundige en onbeholpe bankkamptenare moontlik 'n bepaalde transaksie weier terwyl dit heeltemal moontlik is om in terme van die deviesebeheervoorskrifte die transaksie te beklink;<sup>39</sup> en
- (4) Persone juis beter aan die voorwaardes in die deviesebeheervoorskrifte opgelê, kan voldoen indien hulle oor behoorlike kennis daarvan beskik,

die deviesebeheervoorskrifte wel vir publieke insae beskikbaar behoort te wees. Die feit dat die deviesebeheervoorskrifte nie algemeen beskikbaar is nie, wek onnodiglik die indruk dat daar iets sinister is aan die instruksies en voorwaardes wat daarin aan die gemagtigde handelaars uitgestip word en is dit skrywer se mening dat dit inderdaad algemeen aan die publiek

---

<sup>38</sup> Sien 3.5 *infra* in verband met aansoeke na die SARB asook Burger 1989 (19) BML 81.

<sup>39</sup> Alhoewel die stelling vergesog mag klink, het skrywer al persoonlik ondervind dat 'n transaksie namens 'n kliënt afgekeur is, maar nadat die relevante bepalinge van die deviesebeheervoorskrifte onder die betrokke bankkamptenaar in diens van die gemagtigde handelaar se aandag gevestig is, die transaksie toegelaat is.



beskikbaar gestel behoort te word deur byvoorbeeld insae daarin by 'n gemagtigde handelaar te kan verkry.

Aangesien die beskerming van die vreemde valuta en goudreserwes die prioriteit met die toepassing van deviesebeheer is, welke reserwes op 'n daaglikse basis deur verskeie ekonomiese en politiese faktore beïnvloed word, moet die stelsel voortdurend aangepas kan word. Ten einde die deviesebeheervoorskrifte, indien nodig, so gou as moontlik sonder groot omslagtigheid te wysig, maak die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik van die sogenaamde deviesebeheersirkulêres. Dit is in wese 'n formele kennisgewing wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank uitgereik word aan alle gemagtigde handelaars waarin laasgemelde se aandag gevestig word op wysigings van die deviesebeheervoorskrifte, hetsy met onmiddellike effek of op 'n datum in die betrokke deviesebeheersirkulêre aangegee. So word daar op 'n gereelde grondslag aanpassings van die onderskeie limiete in die deviesebeheervoorskrifte aangebring deur byvoorbeeld die limiet van toepassing op vreemde valuta wat vir reisdoeleindes na die buiteland beskikbaar gestel kan word, te verhoog,<sup>40</sup> of te verlaag<sup>41</sup> indien nodig.

Oelofse toon tereg aan dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank in die uitvoering van monetêre beleid dramatiese veranderinge aan die

---

<sup>40</sup> Verhogings wat voorkom, vind gewoonlik plaas ten einde die effek van inflasie teen te werk, maar sal uit 'n deviesebeheerbenadering slegs toegelaat word indien die stand van die vreemde valuta en goudreserwes, en/of ander ekonomiese faktore wat die deviesebeheerbeleid aanwys, dit toelaat. Die huidige limiete vir reisdoeleindes is as volg: vakansiereise na naburige lande R6 000.00 per volwassene en R3 000.00 per kind, per jaar; vakansiereise na ander lande - R25 000.00 per volwassene en R12 500.00 per kind, per jaar, besigheidsreise na naburige lande - R12 000.00 per persoon per jaar, beperk tot R900.00 per dag en besigheidsreise na ander lande - R38 000.00 per persoon per jaar beperk tot R2 000.00 per dag.

<sup>41</sup> Soos bv gebeur het gedurende Mei 1961. Vgl ook Hfst 2.6 *supra*.

deviesebeheerstelsel teweeg kan bring deur die deviesebeheervorskrifte deur middel van 'n deviesebeheersirkulêre te wysig, soos byvoorbeeld die geval was toe die finansiële randstelsel op 5 Februarie 1983 afgeskaf is.<sup>42</sup> Duidelik op 'n dwaalspoor, beweer Chaplin dat:

*"The Exchange Control Regulations are laws which profoundly affect a basic human freedom, namely the right of the citizen to deal with that which is his own. Yet they are laws of which lawyers know little. Administered by the South African Reserve Bank through commercial banks who are "authorised dealers" in gold or foreign exchange, they are contained in a series of "regulations, orders and rules" promulgated in terms of the Currency and Exchanges Act 9 of 1933. **These regulations are subject to amendment by exchange control circulars issued from time to time to authorised dealers by the Reserve Bank. These circulars are not promulgated in the Government Gazette.** Because of this, and the fact that members of the public do not have direct access to the Reserve Bank but have to submit all requests for "information or advice on exchange or currency matters governed by the regulations or who require approval or permission in respect of exchange, currency or gold transactions so governed" through an authorised dealer, the regulations remain a dark mystery to most people outside the*

---

<sup>42</sup> Oelofse 15; Isakow 1983 SALJ 542 en Du Plessis 1984 MB 111. Die finansiële randstelsel is afgeskaf deur deviesebeheersirkulêre C89 gedateer 7 Februarie 1983. Die oorsprong van die tweeledige wisselkoers, toe bekend as geblokkeerde rand was trouens geleë in 'n deviesebeheersirkulêre, asook die omskepping daarna in sekuriteite rand in deviesebeheersirkulêre C9 gedateer 30 Januarie 1976 en daarna in finansiële rand in deviesebeheersirkulêre C24 gedateer 25 Januarie 1979. Vgl ook Hfst 5 *infra*.

*banking sector.*"<sup>43</sup>

Die aanwendingsfeer van die deviesebeheersirkulêres is egter nie beperk tot wysigings van die deviesebeheervoorskrifte nie, aangesien dit ook gebruik word om gemagtigde handelaars:

- (1) se aandag op wysigings van die Wet te vestig;
- (2) attent te maak op wysigings van die regulasies en Bevele en Reëls;
- (3) leiding en advies te gee waar dit blyk dat gemagtigde handelaars aspekte van die deviesebeheervoorskrifte en/of regulasies en/of Bevele en Reëls verkeerd interpreteer en/of toepas;<sup>44</sup>
- (4) leiding en advies te gee oor hoe sekere transaksies hanteer moet word.

Die deviesebeheervoorskrifte is in vyf afdelings, synde afdelings A tot E verdeel naamlik:

Afdeling A : *Authorised Dealers.*

---

<sup>43</sup> 1987 De Rebus 623. My beklemtoning. In blindelinge navolging van Chaplin beweer ook Itzikowitz in onkunde dat die SARB die **regulasies** deur middel van die deviesebeheersirkulêres wysig, sonder dat dit in die *Staatskoerant* gepubliseer word. Vgl Itzikowitz 1988 (1) BML 48. Uiteraard word die kritiek van beide Chaplin en Itzikowitz met suspisie bejeen aangesien dit klaarblyklik is dat hulle kritiek uit onkunde voortspruit. *Amicus Curiae Economist and Lawyer: Punishment for Foreign Exchange Offences* 1979 SALJ 116 se kritiese bespreking van Spandau *Severity of Punishment for Foreign Exchange Offences* 1978 SALJ 394 is treffend van pas op Chaplin waar hy sê:

*"...he has stepped outside his own field into one whose topography he does not fully understand."*

<sup>44</sup> Daar word soms tydens inspeksie van gemagtigde handelaars deur die SARB probleemarea's en foute geïdentifiseer. Ter opklaring kan die SARB dan deur middel van 'n deviesebeheersirkulêre alle gemagtigde handelaars attent maak op die wyse waarop dit hanteer behoort te word.

- Afdeling B : *Sales of Exchange.*  
Afdeling C : *Purchases of Exchange.*  
Afdeling D : *Gold.*  
Afdeling E : *Miscellaneous.*

Volledigheidshalwe en juis aangesien die deviesebeheervoorskrifte nie algemeen beskikbaar is nie word vervolgens 'n bondige uiteensetting gegee van die inhoud van die afsonderlike afdelings.<sup>45</sup>

## **AFDELING A**

In die gedeelte word die lys van name van alle gemagtigde handelaars aangetref. Besondere melding word gemaak van die pligte van gemagtigde handelaars wat onder andere insluit dat:

*"...uniformity of policy is essential, and that to ensure this, it is necessary for the Exchange Control Regulations and the Exchange Control Rulings thereunder to be applied strictly and impartially by all concerned."*

en ook dat:

*"Exchange is made available for legitimate purposes only and they (authorised dealers) must invariably call for the production of satisfactory supporting evidence."*

Verder word verskeie woordskrywings in die afdeling gegee.

---

<sup>45</sup> Vgl Lautenberg 30 ev vir meer besonderhede.

## AFDELING B

Die omstandighede en voorwaardes waaronder gemagtigde handelaars vreemde valuta mag verkoop, word in detail in die afdeling aangestip. Opgedeel in twintig sub-afdelings word voorsiening gemaak vir die volgende:<sup>46</sup>

- B1: *Index*
- B2: *Forms A.*
- B3: *Permitted methods of payment to countries outside the Republic.*
- B4: *Time and method of payment for imports.*
- B5: *Export of capital.*
- B6: *Dividends, profits and current income including royalties and interest.*
- B7: *Travelling expenses.*
- B8: *Domestic, personal and maintenance payments.*
- B9: *Legations, consulates and official overseas representatives.*
- B10: *Charitable, religious and educational bodies.*
- B11: *Shipping and airline companies and travel agents.*
- B12: *Freight payments and ships' disbursements.*
- B13: *Insurance and pensions.*
- B14: *Bank notes.*
- B15: *Merchanting transactions.*
- B16: *(Deleted)*
- B17: *Forward contracts.*
- B18: *Cover transactions.*
- B19: *Buying and selling commissions and expenses of buying and selling offices.*
- B20: *Miscellaneous.*

---

<sup>46</sup> Aangehaal uit afdeling B1 van die deviesebeheervoorskrifte.

## AFDELING C

Tien sub-afdelings word in die afdeling aangetref waarin die omstandighede en voorwaardes waarop gemagtigde handelaars vreemde valuta van ander gemagtigde handelaars of enige ander persone kan en/of moet aankoop, weergegee word.

- C1: Die sub-afdeling het betrekking op die aankoop van vreemde banknote en reisigerstjeks en spel ook die vereiste uit dat 'n vorm E deur die kliënt voltooi en deur die gemagtigde handelaar geattesteer moet word waarna dit aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank versend moet word.
- C2: Met verwysing na regulasie 6 word die vereiste dat vreemde valuta binne sewe dae nadat 'n inwoner van die Republiek daarop geregtig geword het, dit aan 'n gemagtigde handelaar te koop moet aanbied, uitgespel. Dit hanteer ook die vereistes van toepassing op nie-inwoners wat tydelik in die Republiek woonagtig en/of werksaam is. 'n Uitdruklike uiteensetting van alle konsessies en voorwaardes van toepassing op immigrante, insluitend die hantering van hulle oorblywende vreemde bates, word ook weergegee.
- C3: Ingevolge afdeling C3 word gemagtigde handelaars gelas om toe te sien tot die voltooiing en attesting van vorms F178 en NEP waar goedere uit die Republiek uitgevoer word vir herverkoop of ander doeleindes byvoorbeeld in die geval van immigrante of herstelwerk aan masjinerie in die buiteland, respektiewelik. Die vereiste dat die opbrengs van uitvoere binne 'n redelike tyd, maar nie langer as ses maande na uitvoer in die Republiek ontvang moet word, word ook in die afdeling aangetref. Van kardinale belang is die bepalinge wat handel met termyndekking, sogenaamde "*forward exchange cover*" wat vir alle uitvoere uitgeneem moet word.

42

C4: In afdeling C4 word in detail uitgestip welke vorms voltooi en prosedures gevolg moet word ten einde die terugvloei van die opbrengs op uitvoere te verseker.

C5: Diverse aspekte ten aansien van uitvoere soos byvoorbeeld die uitvoer van advertensiemateriaal, vervanging van gebrekkige en/of beskadigde uitgevoerde goedere en die invoer van uitgevoerde goedere waarvoor geen betaling ontvang is nie, word in die afdeling uitgestip.

C6: Die afdeling tesame met afdelings C7, C8 en C9 behandel die heruitvoer van ingevoerde goedere, ontvangs van betaling vanaf nie-inwonergebiede en die aankoop van vreemde banknote.

C10: 'n Volledige uiteensetting van "*forward exchange contracts*" onder sub-afdelings:

A: "*Foreign currency against Rand*".

B: "*Foreign currency against foreign currency*."

C: "*Cancellation/extentions by means of SWOPS*."

D: "*Forms E and exchange returns*."

word in die afdeling aangetref.

## **AFDELING D**

Die vereistes van toepassing op die uitvoer van goud hetsy in bewerkte of onbewerkte vorm word in die afdeling uitgespel. Die volgende sub-afdelings word in die afdeling aangetref, naamlik:

A: "*Definitions*".

B: "*Export of personal jewellery carried by bona fide travellers leaving*

*the Republic".*

- C: *"Export of gold jewellery by manufacturing jewellers."*  
(1) *"Exports to Botswana, Malawi, Zimbabwe and Zambia".*  
(2) *"Exports of fully manufactured gold jewellery to countries other than Botswana, Malawi, Zimbabwe and Zambia."*
- D: *"Export of gold jewellery inherited by non-residents from deceased estates in the Republic".*
- E: *"Other exports of gold".*
- F: *"Trade demand for gold".*
- G: *"Advances against gold".*
- H: *"Gold coins".*

## **AFDELING E**

Hierdie afdeling bevat alle diverse bepalings wat nie streng gesproke onder die vorige afdelings tuis hoort nie en is in ses onderafdelings ingedeel, te wete:

E1: Die sub-afdeling stel dit onomwonde dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank in beginsel gekant is daarteen dat enige private deviesetransaksies, dus buite die banksektor plaasvind.

E2 In die sub-afdeling word die verskillende rekeninge van toepassing op nie-inwoners soos :

- \* nie-inwoner-;
- \* finansiële rand-; en
- \* geblokkeerde emigrante rekeninge

geïdentifiseer en die gebruike daarvan en beheer daarvoor duidelik uitgespel.



44

- E3: 'n Volledige uiteensetting van die voorwaardes betrokke by die oorbetaling en repatriasie van Suid-Afrikaanse Reserwebanknote aan en van lande buite die Republiek respektiewelik word in die sub-afdeling aangetref.
- E4: Die sub-afdeling het betrekking op die oordrag van die reg op goedere buite die Republiek gehou deur 'n inwoner aan die Tesourie, ooreenkomstig die bepalings van regulasie 11.
- E5: Die sub-afdeling is ongetwyfeld die mees komplekse en omvattende sub-afdeling in die voorskrifte en handel met die beperkings en voorwaardes van toepassing by die verhandeling van geldwaardige papiere. Die finansiële rand-konsep vorm 'n integrale deel van die afdeling en word die Effektebeheerkennisgewings uit hoofde van die afdeling uitgevaardig.<sup>47 48</sup>
- E6: Die sub-afdeling is administratief van aard en skryf aan gemagtigde handelaars voor welke opsommings van transaksies op 'n deurlopende grondslag aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank verskaf moet word.

Laastens word 'n volledige alfabetiese indeks met verwysing na die relevante sub-afdelings weergegee.

Uit hoofde van voorgaande kan die volgende definisie vir die deviesebeheervoorskrifte gegee word, naamlik:

---

<sup>47</sup> Die volgende Effektebeheerkennisgewings, in Engels *Security Control Notices* word aangetref: (1) "General" (2) "Duties of Banks" (3) "Duties of Transfer Secretaries" en (4) "Duties of Stock Brokers". Die kennisgewings is almal met die herinstelling van finansiële rand op 2 September 1985 uitgereik.

<sup>48</sup> Uiteraard is die aspekte wat met finansiële rand handel sedert die skraping van finansiële rand nie meer van toepassing nie.

*Die deviesebeheervoorskrifte is 'n amptelike nie-openbare dokument uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan gemagtigde handelaars waardeur beperkte vrystelling van die deviesebeheerregulasies en Bevele en Reëls aan gemagtigde handelaars gegee word, ingevolge waarvan die omstandighede, voorwaardes en limiete waaronder gemagtigde handelaars deviesetransaksies met ander gemagtigde handelaars en enige ander persone, hetsy inwoners of nie-inwoners van die Republiek van Suid-Afrika, kan aangaan, voorgeskryf word.*

### **3.5 DIVERSE ASPEKTE**

#### **3.5.1 Aansoeke na die Suid-Afrikaanse Reserwebank<sup>49</sup>**

Indien 'n persoon 'n transaksie wil aangaan wat nie binne die raamwerk van die magtigings verleen kragtens die deviesebeheervoorskrifte val nie, kan 'n aansoek aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank gerig word waardeur 'n spesifieke vrystelling verkry kan word. Die grootste gedeelte van die normale dagtaak van die personeel in die Departement Deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank word juis daaraan gewy om sodanige aansoeke te hanteer. Aansoeke moet:

- (1) skriftelik;
- (2) deur middel van 'n gemagtigde handelaar se hoofkantoor geskied; en
- (3) waarin alle relevante feite gemeld moet word; en
- (4) redes aangevoer moet word waarom 'n vrystelling verleen behoort

---

<sup>49</sup> Vgl in die algemeen Oelofse 15 en in besonder Burger 1989 (19) BML 81 en Spitz & Harrison 10 en 11.

te word.

- (5) Die Suid-Afrikaanse Reserwebank vereis voorts dat die gemagtigde handelaar se aanbeveling vir die toestaan van die aansoek, al dan nie, daarin vervat moet word.

Voorbeelde van transaksies wat deur middel van 'n aansoek aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank gerig moet word, is onder andere:

- (1) lopende transaksies wat in waarde groter is as die voorgeskrewe limiete in die deviesebeheervoorskrifte;<sup>50</sup>
- (2) lenings van nie-inwoners aan inwoners van die Republiek;
- (3) kapitaal investering deur nie-inwoners anders as vir die verhandeling van kapitaal op die Johannesburgse Effektebeurs, byvoorbeeld vir die verkryging van aandele-kapitaal in 'n privaat maatskappy.
- (4) skenkings deur inwoners.

Onder dringende omstandighede word aansoeke per teleks en telefaks aanvaar en in besondere gevalle sal die Suid-Afrikaanse Reserwebank ook onderhoude aan persone toestaan by die Suid-Afrikaanse Reserwebank, bygewoon deur die Applikant en ook die gemagtigde handelaar wat die Applikant bystaan, om aansoeke volledig te bespreek. Ingevolge Afdeling A(d)(iv) van die deviesebeheervoorskrifte is enige vrystelling wat deur middel van 'n aansoek verleen word, geldig vir 'n tydperk van drie maande tensy die vrystelling spesifiek anders vermeld. Spesifieke melding word ook gemaak dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank die reg voorbehou om

---

<sup>50</sup> Bv onder andere indien 'n reisiger meer vreemde valuta op 'n reis na die buiteland benodig as wat kragtens Afdeling B(7) van die deviesebeheervoorskrifte toegelaat word, of as 'n immigrant meer fondse deur middel van finansiële rand na die Republiek wil oorplaas as wat kragtens die deviesebeheervoorskrifte toegelaat word.

enige vrystelling wat verleen is met onmiddellike effek te kanselleer.<sup>51</sup>

### 3.5.2 Die toepassingsveld van deviesebeheer

Wanneer die regulasies bestudeer word, is dit duidelik dat die toepassing daarvan besonder wyd strek en die volgende onderskeid kan ten aansien van persone getref word, naamlik:

- (1) enige persoon, dus ongeag of hy 'n inwoner of 'n nie-inwoner is en ongeag sy nasionaliteit, burgerskap, domisilie, ens<sup>52</sup>;
- (2) persone woonagtig in die Republiek<sup>53</sup> en
- (3) persone wat nie-inwoners is, of wat buite die Republiek woonagtig is.<sup>54</sup>

Gedagtig aan voorgaande is die vraag wat nou ontstaan:

Wanneer is 'n persoon *woonagtig* in, oftewel 'n *inwoner* van, die

---

<sup>51</sup> Vgl in verband met die regsraad van die besluitneming deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank die ongerapporteerde beslissing van sy Edele Regter van der Walt in *Royal Holdings Incorporated v Minister of Finance and South African Reserve Bank* gelewer op 10 September 1980 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling asook 'n volledige bespreking daarvan deur Oelofse 8 ev asook Du Plessis 1982 MB 68 op 70.

<sup>52</sup> Soos verwys na in regulasies 2, 3, 4, 6(10) en 8 tot 22E. Die bewoording in die regulasies verwys hoofsaaklik na: "Niemand, enige een, iemand, ieder een", ens. Die regulasies is dus duidelik van toepassing op enige persoon binne die Republiek ongeag sy nasionaliteit, ens. Let egter ook op regulasie 3(6) wat verwys na "ieder een wat op die punt staan om in die Republiek in te kom".

<sup>53</sup> Bv regulasies 5, 6 (behoudens regulasie 6(10)) en 7. In dié regulasies word daar telkens verwys na "iedereen wat in die Republiek woonagtig is".

<sup>54</sup> Bv regulasies 3(1)(c); 3(1)(e); 3(1)(f) en 14.

Republiek?<sup>55</sup>

Oelofse toon tereg aan dat die regulasies nie werklik enige hulp met die uitleg van die betekenis van inwonerskap verleen nie en kom tot die oortuigende gevolgtrekking dat daar eerstens gelet moet word op die aard van en rede vir 'n persoon se teenwoordigheid op 'n bepaalde plek, en dat dit tweedens 'n kwessie van graad is of 'n persoon se aanwesigheid van hom 'n inwoner maak, al dan nie.<sup>56</sup>

Inwonerstatus word in Afdeling D8 van die Exchange Control Manual<sup>57</sup> soos volg beskryf:

*"A South African resident is a person (in other words a natural person, body corporate, foundation, trust or partnership) whether of South African or any other nationality*

---

<sup>55</sup> Vgl in die algemeen Oelofse 26 en 27.

<sup>56</sup> Oelofse 26 en *Biro v Minister of The Interior* 1957 (1) SA 234 T en *H v Commissioner of Taxes* 1960 (2) SA 695 SR. Die vermoedens wat in regulasie 6(9) en 7(5) voorkom, bied geen hulp met betrekking tot die uitleg van die betekenis van inwoner nie en is die omskrywing van 'n nie-inwoner in regulasie 14(3)(b) eweneens nikseggend aangesien dit bloot 'n nie-inwoner beskryf as "'n persoon wat buite die Republiek woonagtig is".

<sup>57</sup> Die *Exchange Control Manual* is in Oktober 1990 deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank uitgereik aan gemagtigde handelaars, hul kliënte en ander belanghebbendes. Die doel van die *Exchange Control Manual* word beskryf as:  
*"...to give guidance to authorised dealers in foreign exchange, their clients and other interested parties, regarding the operation of the Exchange Control System in the Republic of South Africa" en "it should be stressed, as set out in the disclaimer, that the Exchange Control Regulations, and Exchange Control Rulings form the legal basis of the Exchange Control System. This manual serves only to explain the working of the Exchange Control System; it does not replace the Regulations, the Rulings nor the Circulars by which they are amended."*

*who has taken up residence, is domiciled or registered in the Republic of South Africa. A non-resident is a person (in other words a natural person or legal entity) whose normal place of residence, domicile or registration is outside the CMA."*

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se benadering tot inwonerskap al dan nie kan soos volg saamgevat word:<sup>58</sup>

**Eerstens** word 'n onderskeid getref tussen:

- (1) natuurlike persone, naamlik:
  - (a) persone wat permanent in die Republiek woonagtig is;
  - (b) persone wat tydelik in die Republiek woonagtig is;
  - (c) immigrante; en
  - (d) emigrante.
- (2) persone anders as natuurlike persone.

**Tweedens** word daar, wat natuurlike persone betref, onderskei tussen diegene wat *permanent* (of *gewoonlik woonagtig* soos Oelofse daarna verwys) en diegene wat *tydelik* in die Republiek woonagtig is. Om te bepaal of 'n persoon permanent in die Republiek woonagtig is, sal daar onder andere gelet word op:

- (1) sy normale verblyfplek;
- (2) sy normale werksplek;
- (3) tydsduur van verblyf;
- (4) of die persoon aansoek gedoen het vir, òf oor 'n permanente verblyfpermit beskik;

---

<sup>58</sup> Lw dat skrywer bloot objektief die SARB se benadering weergee en hom nie nou oor die korrektheid daarvan, al dan nie, uitspreek nie.

(5) die persoon se bedoeling van waar hy woonagtig is.<sup>59</sup>

Uit die Suid-Afrikaanse Reserwebank se oogpunt is dit belangrik om te bepaal of 'n betrokke individu tydelik of permanent in die Republiek woonagtig is, aangesien daar besondere vrystellings aan byvoorbeeld kontrakwerkers wat slegs tydelik in die Republiek woonagtig is, verleen word, welke vrystellings natuurlik nie vir diegene wat permanent in die Republiek woonagtig is, beskikbaar is nie.<sup>60</sup>

Ook wat immigrante en emmigrante betref, word spesifieke voorskrifte in die deviesebeheervoorskrifte aangetref wat op elk van toepassing is.

**Derdens** word die inwonerstatus van enige persoon anders as 'n natuurlike persoon bepaal met verwysing na die begrip "geaffekteerde persoon". Dit geld dus vir enige maatskappy, hetsy publiek of privaat, beslote korporasie, vereniging, trust, stigting, vennootskap, besigheid of dergelike ondernemingsvorm. 'n Geaffekteerde persoon word in regulasie 1 omskryf as :

"'n Regspersoon, stigting, trust of vennootskap wat in die Republiek sake doen, of 'n boedel, ten opsigte waarvan:

- (i) 25% of meer van die kapitaal, bates of verdienstes daarvan gebruik mag word vir betaling aan, of vir die bevoordeling op enige wyse van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie; of
- (ii) 25% of meer van die stemdraende geldwaardige papiere,

---

<sup>59</sup> Die uiteensetting is natuurlik nie 'n *numerus clausus* nie.

<sup>60</sup> Kontrakwerkers word kragtens afdeling B8 van die deviesebeheervoorskrifte beskryf as:  
*"Nationals of other countries who are temporarily resident in the Republic on secondment to a local firm or who were recruited by a South African firm under a definite contract and who are still so employed."*

stembevoegdheid, mag van beheer, kapitaal, bates of verdienstes daarvan, regstreeks of onregstreeks gesetel is in, of beheer word deur of ten behoewe van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie."

Indien 'n persoon deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank as 'n geaffekteerde persoon gedesegneer word, word hy as 'n nie-inwoner beskou en geld alle beginsels soos van toepassing op 'n nie-inwoner ook op die betrokke geaffekteerde persoon.<sup>61</sup>

Uit voorgaande blyk dit dat Oelofse<sup>62</sup> tereg aantoon dat die betekenis van *in die Republiek woonagtig is*<sup>63</sup> eerder as *gewoonlik woonagtig* uitgelê behoort te word en dat die regulasies in die opsig gewysig behoort te word. Dit is immers duidelik dat dit nie die bedoeling van die wetgewer kon wees om alle persone wat in die Republiek woonagtig is, hetsy tydelik of gewoonlik, in dieselfde mate deur die regulasies te bind nie. So kan byvoorbeeld nie van 'n buitelandse diplomaat wat slegs vir 'n bepaalde termyn in die Republiek is om diens vir sy land te verrig, maar tog vir dié tydperk in die Republiek woonagtig is, verwag word om, indien hy kragtens 'n erflating op vreemde valuta in die buiteland geregtig word, dit ooreenkomstig regulasie 6 aan die Tesourie te verklaar en te verkoop nie.

In *Commissioner for Inland Revenue v Kuttel*<sup>64</sup> bevind Appèlregter Goldstone<sup>65</sup> dat, vir sover as wat dit die Inkomstebelastingwet betref, die

---

<sup>61</sup> Vgl in besonder Lautenberg Hfst 3 40 ev.

<sup>62</sup> Oelofse 26.

<sup>63</sup> Soos dit onder andere in regulasies 5, 6 en 7 voorkom.

<sup>64</sup> *Commissioner for Inland Revenue v Kuttel* 1992 (3) SA 242 A.

<sup>65</sup> Met wie Hoofregter Corbett, Appèlregters Smalberger en Kumleben en waarnemende Appèlregter Harms saamgestem het.



begrip *gewoonlik woonagtig* anders en enger is as net *woonagtig* en definieer hy dit tereg as:

*"Where he has his usual or principal residence, in other words what may be described as his real home."*<sup>66</sup>

Insiggewend is ook die volgende aanhaling van Lord Scarman se uitspraak in *Shah v Barnet London Borough Council & Other Appeals* [1983] 1 ALL ER 226 (HL) op 234 D - F, naamlik:

*"Strictly, my Lords, it is unnecessary to go further into such case law as there is in search of the natural and ordinary meaning of the words. In 1928 this House declared it in general terms which were not limited to the Income Tax Acts. Lord Denning MR has reaffirmed it in 1981, thus showing, if it were needed, that there has been no significant change in the common meaning of the words between 1928 and now. If further evidence of this fact is needed (for the meaning of ordinary words as a matter of common usage is a question of fact), the dictionaries provide it: see, for instance, Supplement to The Oxford English Dictionary vol 3 sv "ordinarily" and "resident". I therefore accept the two tax cases as authoritative guidance, displaceable only by evidence (which does not exist) of a subsequent change in English usage. I agree with Lord Denning MR that in their natural and ordinary meaning the words mean "that the person must be habitually and normally resident here, apart from temporary or occasional absences of long or short duration". The significance of the adverb "habitually" is that it recalls two necessary features mentioned by Lord Sumner*

---

<sup>66</sup> Op 248 J en 249 A van die uitspraak.

*in Lysaght's case, namely residence adopted voluntarily and for settled purposes.*"<sup>67</sup>

Dit is skrywer se submissie dat *gewoonlik woonagtig* 'n kombinasie van die voorgaande behoort te wees, naamlik waar 'n persoon vrywilliglik 'n plek as sy normale en ware woning beskou<sup>68</sup> en dat die voormelde benadering van Regter Goldstone eweneens op die regulasies van toepassing behoort te wees.

Wat regspersone betref dien daar gelet te word op die uitspraak van Regter Margo in *Sagit Property Holdings v Union Bank of Switzerland*<sup>69</sup> waarin beslis is dat 'n regspersoon woonagtig is waar die sentrale beheer en bestuur daarvan geleë is. Regter Margo verwys ook na regulasie 17 waaruit dit duidelik blyk dat dit moontlik is dat, alhoewel 'n betrokke regspersoon se sentrale beheer en bestuur buite die Republiek geleë mag wees, dit steeds as 'n inwoner beskou moet word indien dit voldoen aan die bepalings van die betrokke regulasie.<sup>70</sup>

### 3.6 DIE REGSGELDIGHEID VAN DIE TOEPASSING VAN DEWIESEBEHEER

Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank, vir sover as wat dit die

---

<sup>67</sup> Op 248 B - D van die uitspraak.

<sup>68</sup> Die ware bedoeling van 'n persoon behoort die deurslaggewende faktor te wees. So kan 'n student wat vir byvoorbeeld twee jaar in die buiteland studeer daar woonagtig wees, maar steeds **gewoonlik woonagtig** in die Republiek wees - vgl bv *Biro v Minister of The Interior* 1957 (1) SA 234 T.

<sup>69</sup> *Sagit Property Holdings v Union Bank of Switzerland* 1977 (3) SA 897 W.

<sup>70</sup> Vgl die bespreking van regulasie 17 *infra*.

toepassing van deviesebeheer betref, in 'n administratiefregtelike verhouding tot die publiek staan. Ten einde die regsgeldigheid van die toepassing van deviesebeheer te kontroleer, dien daar om doelmatigheidsredes op die volgende onderskeid gelet te word, naamlik:

(1) WETGEWING

- (a) Geldigheid van die bepalings van die magtigende wet;<sup>71</sup>
- (b) Geldigheid van die regulasies kragtens die magtigende wet.<sup>72</sup>

(2) HANDELINGE<sup>73</sup>

- (a) Geldigheid van handeling kragtens die wetgewing wat suiwer administratiewe handeling is (byvoorbeeld die hantering van aansoeke om vrystellings);<sup>74</sup>
- (b) Geldigheid van kwasi-judisiële handeling kragtens die wetgewing (byvoorbeeld beslaglegging op bates, blokkering van fondse en verbeurdverklaring van bates en fondse).<sup>75</sup>

---

<sup>71</sup> Wet 9 van 1933.

<sup>72</sup> Die onderskeid was voorheen noodsaaklik vanweë die beginsel van parlementêre oppergesag. Die posisie is egter dramaties verander deur die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet, Wet 200 van 1993.

<sup>73</sup> Vgl Baxter 344 ev en Wiechers 123, 129, 139, 153 en 193.

<sup>74</sup> Vgl Oelofse 8 ev asook die ongerapporteerde beslissing *Royal Holdings Incorporated v Minister of Finance and Another* deur Regter van der Walt gelewer op 10 September 1980 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling.

<sup>75</sup> Bogemelde onderskeid word bloot ter wille van sistematiek getref en dien gelet te word op die waarskuwing van Baxter 344, nl "*It has been forgotten that classification is simply a method by which complex data is organised for the purpose of analysis and comprehension, and that no more than limited assistance is to be derived from the classificatory labels.*" Vir hierdie studie se

In *S v De Blom*<sup>76 77</sup> het die verdediging namens appellante aangevoer dat 'n ongemagtigde delegasie in stryd met die stelreël *delegatus delegare non potest* voorkom deurdat van die bevoegdheids vir die toepassing van deviesebeheer deur die Tesourie aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank gedelegeer is terwyl die Tesourie nie enige beheer oor die Suid-Afrikaanse Reserwebank, wat 'n afsonderlike regspersoon met 'n eie direksie is, uitoefen nie. Daar is voorts betoog dat die deviesebeheervoorskrifte, oftewel die "*Bankers' Bible*" soos wat daarna verwys is, nietig is as gevolg van die feit dat :

- (1) Die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie kragtens die magtigende wet of die regulasies bevoeg was om Bevele en Reëls uit te vaardig nie; en
- (2) Dit nie kragtens artikel 16 van Wet 33 van 1957 in die *Staatskoerant* gepubliseer is nie.

Sy Edele Regter Rumpff<sup>78</sup> verwerp, met respek tereg die betoog dat 'n

---

doeleindes is die geldigheid van handeling deur amptenare kragtens die magtigende wetgewing nie werklik van groot belang nie, maar is die geldigheid van die magtigende wet en die afsonderlike regulasies van kardinale belang. Soos *infra* aangetoon word, word dikwels in strafregtelike verrigtinge 'n pleit geopper dat die relevante wetgewing nietig is vanweë die een of ander gebrek wat, indien die pleit gehandhaaf word, natuurlik tot vryspraak van die beskuldigde, ten opsigte van die beweerde oortreding van die relevante wetgewing aanleiding moet gee. Daar sal in hierdie afdeling volstaan word met twee voorbeelde van aanvalle op die regsgeldigheid van die sisteem in sy geheel, asook wesenlike aspekte soos die deviesebeheervoorskrifte, terwyl uitsprake en kommentaar ten aansien van die regsgeldigheid van die regulasies by die onderskeie regulasies in Hfst 5 bespreek sal word.

<sup>76</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

<sup>77</sup> Op 516 G-H en 517A van die uitspraak.

<sup>78</sup> Wie die uitspraak gegee het en met wie Appèlregters Jansen, Rabie, Muller en waarnemende Appèlregter Joubert saamgestem het.

ongemagtigde delegasie voorkom en beslis dat.<sup>79</sup>

"Hierdie betoog aangaande die bevoegdheid van die Minister van Finansies en aangaande wat in die sogenaamde "*Bankers' Bible*" verskyn, is nie regtens gegrond nie. As aanvangspunt moet die besonder wye bevoegdheid gestel word wat aan die Staatspresident kragtens artikel 9 van die Wet toegeken word. Hy kan regulasies uitvaardig aangaande enige aangeleentheid wat in verband staan met "betaalmiddels, die bankwese of wisselkoerse". Implisiet is die vereiste dat 'n masjinerie geskep word waardeur die land se geldwese beheer en gereël kan word. Uitdruklik word in artikel 9(5)(a) van die Wet bepaal dat in die regulasies aan sekere persone die bevoegdheid verleen word om Bevele en Reëls uit te vaardig vir bereiking van dieselfde doel waarvoor die Staatspresident regulasies kan uitvaardig. Hierdie is 'n hoogs uitsonderlike bepaling, maar nietemin eksplisiet en ondubbelsinnig. Wanneer artikel 9(5)(a) van die Wet dus bepaal dat die Staatspresident by regulasie 'n persoon kan aanwys wat die bevoegdheid het om Bevele en Reëls uit te vaardig vir dieselfde doeleindes as waarvoor die Staatspresident gemagtig is om regulasies uit te vaardig, dan volg dit, na my mening, by noodwendige implikasie, dat so 'n persoon ook die bevoegdheid het om deur Bevele en Reëls instansies of persone te benoem om hom by te staan om sy bevoegdhede behoorlik uit te oefen. Vgl Steyn, *Uitleg van Wette*, 3de uitg, bl 51."

Ook die argument dat die deviesebeheervoorskrifte nietig is, word verwerp aangesien die regter bevind dat daar geen aanduiding is dat die

---

<sup>79</sup> Op 527 D-G van die uitspraak.

deviesebeheervoorskrifte Bevele en Reëls is soos bedoel in artikel 9(5)(a) van die Wet en dat:<sup>80</sup>

"By die uitoefening van sekere bevoegdhede moet die Reserwebank vanselfsprekend 'n diskresie hê by aansoeke in individuele gevalle en fungeer die Reserwebank klaarblyklik om praktiese redes en vir die gerief van die publiek deur middel van gemagtigde handelaars en bankiers."<sup>81</sup>

Aangesien die deviesebeheervoorskrifte nie ondergeskikte wetgewing is nie, kan natuurlik ook nie vereis word dat dit in die Staatskoerant gepubliseer word nie en word die betoog ten aansien van nietigheid

---

<sup>80</sup> Op 528 A-B van die uitspraak.

<sup>81</sup> Oelofse 5 toon aan dat verwag sou word dat die argument dat 'n ongemagtigde delegasie voorkom, nie weer na die *De Blom*-saak geopper sou word nie, maar dat dit tog plaasgevind het in die saak van *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank & Others* 1990 (3) SA 704 T en dat dit ook in die geval verwerp is.

Alhoewel dit streng gesproke buite die bestek van hierdie studie val, is 'n aspek wat hier vermelding verdien, die vraag of daar nie moontlik 'n verdere ongemagtigde delegasie voorkom waar die Suid-Afrikaanse Reserwebank deur middel van die deviesebeheervoorskrifte van gemagtigde handelaars vereis om "*suitable documentary evidence*" te inspekteer alvorens transaksies met kliënte gefinaliseer word. Die vraag wat "*suitable documentary evidence*" is, moet tog 'n diskresie inhou en kan daar geargumenteer word dat dit inderdaad 'n ongemagtigde delegasie is. Skrywer dra nie kennis van enige gerapporteerde (of ongerapporteerde) uitsprake in die verband nie, maar moet daar by die beoordeling van voormelde in gedagte gehou word dat die gemagtigde handelaars nie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie, maar deur die Tesourie ingevolge paragraaf 3(a) van die Bevele en Reëls aangestel word wie by noodwendige implikasie in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Reserwebank se voorskrifte moet optree. Laastens moet ook besef word dat gemagtigde handelaars ingevolge regulasie 2 "oorspronklike bevoegdheid" het om in vreemde valuta te handel soos in meer besonderhede in Hfst 5 *infra* bespreek sal word.

58

vanweë die nie-nakoming van die bepalings van artikel 16 van Wet 33 van 1957 eweneens verwerp.


### **3.7 DIE DEVIESEBEHEERNETWERK**

Uit hoofde van voorgaande kan die netwerk wat vir die administrasie van deviesebeheer in Suid-Afrika verantwoordelik is, as volg skematies uitgebeeld word:

SIEN FIGUUR 3.1 OP BLADSY 59

FIGUUR 3.1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE DEVIESEBEHEERNETWERK





### 3.8 DIE TOEPASSING VAN DEVIESEBEHEER IN DIE VERENIGDE KONINKRYK<sup>82</sup>

Nadat algehele handelsvryheid in 1925 na die Eerste Wêreldoorlog herstel is, is deviesebeheer as 'n noodmaatreël in die Verenigde Koninkryk ingestel deur middel van die *Defence Finance Regulations* 1939, uitgevaardig ingevolge die *Emergency Powers Defence Act*, 1939 op 25 Augustus 1939 met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.<sup>83</sup> Alhoewel telkens gewysig, is die *Defence Finance Regulations* toegepas tot die inwerkingtreding van die *Exchange Control Act* 1947 op 1 Oktober 1947.<sup>84</sup> Op 19 Oktober 1979 het die Tesourie<sup>85</sup> nege Bevele uitgereik waardeur algemene vrystelling van alle beperkings deur die *Exchange Control Act* opgelê, verleen is en waardeur die *Exchange Control Act* vir alle praktiese doeleindes van alle effek ontnem is. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Wet nie as sulks herroep is nie en dat die Bevele te eniger tyd teruggetrek kan word wat die effek sal hê dat die *Exchange Control Act* onmiddellik weer toegepas sal word.

In wese is daar heelwat ooreenkomste wat die Britse en Suid-Afrikaanse stelsels betref, byvoorbeeld:

---

<sup>82</sup> Soos reeds vroeër aangedui is deviesebeheer reeds sedert die 14de eeu in die Verenigde Koninkryk toegepas. Vir hierdie studie se doeleindes is dit slegs van belang om te let op die wyse waarop deviesebeheer in die meer resente tye sedert die Tweede Wêreldoorlog in die Verenigde Koninkryk toegepas is ten einde 'n vergelyking met die Suid-Afrikaanse stelsel te kan tref.

<sup>83</sup> Sien Hfst 2.2 *supra* asook *Mann* 355 ev.

<sup>84</sup> Sekere dele van die *Defence Finance Regulations* was selfs na die inwerkingtreding van die *Exchange Control Act* van toepassing en is eers finaal in 1964 herroep.

<sup>85</sup> Alle verwysings in Hfst 3.8 na die Tesourie is verwysings na die Tesourie van die Verenigde Koninkryk.

- (1) In beide gevalle is dit deur die sentrale bank geadministreer in opdrag van die Tesourie;
- (2) Is die magtigende wetgewing hoofsaaklik van 'n verbiedende aard waardeur die beheer geheel en al in die sentrale bank se hande gelaat word deur die bevoegdheid om vrystellings van die wetgewing te verleen;
- (3) Word van gemagtigde handelaars gebruik gemaak om 'n groot deel van die administrasie te hanteer en waardeur alle deviesetransaksies gemoniteer kan word;
- (4) Kan die sentrale bank in sy uitsluitlike diskresie 'n aansoek vir 'n bepaalde vrystelling goedkeur of afkeur, ens.

Die *Exchange Control Act* is in ses afdelings ingedeel en beskik oor 44 artikels, naamlik:

- (1) *GOLD AND FORREIGN CURRENCY:*
  - Artikel 1: *Dealings in Gold and Foreign Currency.*
  - Artikel 2: *Surrender of Gold and Foreign Currency.*
  - Artikel 3: *Bailees of Gold and Foreign Currency.*
  - Artikel 4: *Travellers' Cheques etc.*
- (2) *PAYMENTS:*
  - Artikel 5: *Payments in the UK.*
  - Artikel 6: *Payments outside the UK.*
  - Artikel 7: *Compensation deals (and property).*
- (3) *SECURITIES:*
  - Artikel 8: *Issue of Securities.*
  - Artikel 9: *Transfer of Securities and Coupons.*
  - Artikel 10: *Issue of Bearer Certificates and Coupons.*
  - Artikel 11: *Substitution of Securities and Certificates outside the UK.*
  - Artikel 12: *Payment of Capital Monies outside the UK.*
  - Artikel 13: *Duties of Persons keeping Registers.*

- Artikel 14: *Additional Provisions as to Nominee Holdings.*  
Artikel 15: *Deposit of Certificates of Title.*  
Artikel 16: *Additional Provisions as to Deposited Securities.*  
Artikel 17: *Special Provisions as to Dealings in Certain Securities.*  
Artikel 18: *Validation of Certain Transfers.*  
Artikel 19: *Application of Part III to Secondary Securities.*  
Artikel 20: *Interpretation of Part III.*

(4) *IMPORT AND EXPORT:*

- Artikel 21: *Restrictions on Import.*  
Artikel 22: *General Restrictions on Export.*  
Artikel 23: *Payment for Exports.*

(5) *MISCELLANEOUS:*

- Artikel 24: *Duty to Collect Certain Debts.*  
Artikel 25: *Duty not to Delay Sale or Importation of Goods.*  
Artikel 26: *Property obtained by Infringement of the Act.*  
Artikel 27: *Supplementary Provisions to Sections 24 to 26.*  
Artikel 28: *Transfer of Annuities, Policies, etc.*  
Artikel 29: *Settlements.*  
Artikel 30: *Companies.*

(6) *SUPPLEMENTARY:*

- Artikel 31: *Exemptions.*  
Artikel 32: *Blocked Accounts.*  
Artikel 33: *Contracts, Legal Proceedings, Etc.*  
Artikel 34: *Enforcement and Administration.*  
Artikel 35: *Application to the Crown.*  
Artikel 36: *Treasury Orders.*  
Artikel 37: *Other Powers of Treasury.*  
Artikel 38: *Financial Provisions.*  
Artikel 39: *Branches.*  
Artikel 40: *Persons Leaving the Scheduled Territories.*  
Artikel 41: *Determination of Residence.*

Artikel 42: *General Provisions as to Interpretation.*

Artikel 43: *Extent.*

Artikel 44: *Short Title, Commencement and Repeal.*

Uit voorgaande is dit duidelik dat vele van die onderwerpe wat in die deviesebeheervorskrifte gedek word direk in die Exchange Control Act aangespreek word. Alhoewel dit wenslik is dat sodanige bepalings in wetgewing vasgelê word, is dit heelwat makliker om die voorskrifte te wysig as sou dit by wyse van wetgewing moes geskied en die Suid-Afrikaanse stelsel is dus heelwat makliker aanpasbaar. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat gedeeltes van die bepalings wat gereeld gewysig staan te word soos die limiete wat op bepaalde transaksies van toepassing is, in beide stelsels nie in wetgewing vervat is nie, maar in formele kennisgewings deur die sentrale bank aan gemagtigde handelaars.

Parker<sup>86</sup> stel dit dat :

*"In practice, the Treasury have delegated virtually all the administrative powers under the Act to the Bank of England. This enables the Bank to give certain authorities, permissions, exemptions and directions either directly and specifically to the applicant or generally by means of a series of administrative Notices which are mostly directed to the bank's agents (UK banks, etc.) to enable them to process and approve certain transactions.*

*The individual resident of the U.K. who wishes to know his rights under the Exchange Control Act, or the solution to certain specific Exchange Control problems, would be entirely frustrated if he purchased a copy of the Act*

---

<sup>86</sup> Anthony Parker, *Exchange Control*, 3de uitgawe 1978.

*expecting to find the answers. This is because, being totally restrictive, the Act would merely inform him that any transaction involving a non-resident, even to the extent of paying for a holiday abroad, would be prohibited. For example, he might wish to know whether he would be allowed to purchase a painting from a non-resident, settle funds in favour of his son in Australia or how much of his capital he would be allowed to transfer to Canada should he decide to emigrate. Reference to the Act would disclose only that, except with the permission of the Treasury, no person resident in the U.K. shall make any payment to, or for the credit of, a person resident outside the Scheduled Territories or shall settle any property, otherwise than by will, so as to confer an interest in the property on a person who at the time of the settlement is resident outside the Scheduled Territories. The intending emigrant would find that Section 40 of the Act merely states that where a person resident in the U.K. leaves the Scheduled Territories, the Treasury may direct that, for such period as may be specified in the direction, payments by him or on his behalf and to him or to his credit shall be subject to such restrictions as may be specified in the direction. In practice, however, with knowledge of the administrative rules, such persons would know that any payment of a current, as opposed to a capital, nature to a non-resident would normally be allowed; that if a settlement was made, the non-resident would be able to benefit only on the death of the U.K.-resident settlor and that emigrants to Canada are allowed to take £40 000.00 with them, the remainder of their assets being restricted in the U.K. for four years."*

Uit voorgaande is dit klaarblyklik dat daar, wat die toepassing van die

deviesebeheerstelsel in die Verenigde Koninkryk en in die Republiek betref wesenlike ooreenkomste is. Wat die internasionale toepassing van deviesebeheerstelsels betref, stel Mann<sup>87</sup> dit treffend soos volg, naamlik:

*"In their kernel the Exchange Control Regulations of the world are identical, though they may differ in detail; more over to a large extent they are liable to undergo rapid changes; they are, in general, not intended as permanent measure, however long the temporary control may last."*

---

<sup>87</sup> Mann 356.



## HOOFSTUK 4

### 'N STRAFREGTELIKE PERSPEKTIEF

#### 4.1 KRIMINELE VERVOLGING

Die Departement Deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank beskik oor 'n Onderzoekafdeling<sup>1</sup> wat onder meer die volgende funksies verrig:

- \* om beweerde oortredings van die Wet en regulasies te ondersoek;
- \* om formeel klagtes by die Handelsmisdaadeenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie by wyse van artikel 212 en 213 verklaring ingevolge die Strafproseswet<sup>2</sup> te rapporteer, nadat *prima facie* getuienis van 'n beweerde oortreding ingesamel is;
- \* om die Suid-Afrikaanse Polisie by te staan in ondersoeke ten aansien van deviesebeheeroortredings;
- \* om personeel van die verskillende prokureurs-generaal se kantore by te staan tydens die voorbereiding en ook die waarneem van die vervolging<sup>3</sup> en om as deskundige getuies op te tree tydens die hofverrigtinge;
- \* om kapitaal wat verlore gegaan het tydens 'n deviesebeheeroortreding so ver as moontlik te herwin deur die blokkering<sup>4</sup> van

---

<sup>1</sup> Hierna na verwys as "die onderzoekafdeling".

<sup>2</sup> Wet 51 van 1977.

<sup>3</sup> Bv hulp met die opstel van klagstate.

<sup>4</sup> Regulasie 22A en regulasie 22C.



fondse en die beslaglegging<sup>5</sup> en verbeurdverklaring<sup>6</sup> van fondse en bates van betrokkenes, ten gunste van die Staat.

Die gevolmagtigde lede van die ondersoekafdeling word dus gebruik om as deskundiges in deviesebeheer en die bankwese in die algemeen hulp aan die polisie tydens ondersoeke na beweerde oortredings te verleen, en ook om hulp en advies aan enige ander persone betrokke by die kriminele vervolging voor en tydens strafregtelike verrigtinge te verleen.

Die bevoegdheids van die ondersoekafdeling word veral aan regulasie 19(1) ontleen wat soos volg lui:

"Die Tesourie of enige persoon wat die Tesourie daartoe gemagtig het, kan enigeen beveel om inligting waaroor hy beskik en wat volgens die oordeel van die Tesourie of voornoemde gemagtigde persoon nodig is vir die toepassing van hierdie regulasies, te verstrek en enigeen wat in die algemeen of in die besonder deur die Tesourie vir dié doel aangestel is, kan die woon- of besigheidspersone van die persoon aan wie so 'n bevel uitgereik is, betree en enige boek of dokument wat aan so 'n persoon behoort of onder sy beheer is, ondersoek."

Regulasie 22 is die strafbepaling en vonnisse kan aan enige persoon by skuldigbevinding opgelê word wat:

"... die een of ander bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, of die voorskrifte van 'n

---

<sup>5</sup> Regulasie 22A.

<sup>6</sup> Regulasie 22B. Die funksie ten aansien van die herwinning van kapitaal is grootliks van administratiefregtelike aard, maar word in meer besonderhede bespreek in Hfst 5 *infra*.

kennisgewing, bevel, vergunning, vrystelling of voorwaardes daarkragtens uitgevaardig, verleen of gestel,... oortree of versuim om daaraan te voldoen, of wat iemand belemmer in die uitoefening van 'n bevoegdheid of 'n funksie wat by of kragtens hierdie regulasies aan hom verleen of toegewys is,..."<sup>7</sup>

Uit bogemelde aanhalings blyk dit duidelik dat diegene wat optredes kragtens die regulasies uitoefen oor verreikende bevoegdhedes beskik. In die praktyk gebeur dit dikwels dat die Suid-Afrikaanse Polisie verkies dat lede van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, ingevolge voormelde bevoegdhedes, persele besoek en deursoek en verklarings van beskuldigdes en getuies afneem, eerder as wat die Suid-Afrikaanse Polisie kragtens die Strafproueswet optree.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank word dikwels gekritiseer vanweë sy beweerde onvermoë om deviesebeheerbedrog te bekamp en om ondersoekes spoedig en suksesvol af te handel.<sup>8</sup> Uit die bespreking hierbo is dit voor die hand liggend dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank oor geen vervolgingsbevoegdheid beskik nie en 'n kriminele saak moet steeds deur die Suid-Afrikaanse Polisie en die Staat waargeneem word. In die verband dien dit genoem te word dat 'n gebrek aan kundigheid, mannekrag en samewerking by die laasgenoemde instansies 'n wesenlike invloed het op die lae koers van suksesvolle vervolgings van hierdie misdrywe. In die artikel in Finansies en Tegniek *supra* word die volgende

---

<sup>7</sup> 'n Boete van hoogstens R250 000.00 en/of gevangenisstraf vir hoogstens vyf jaar of die waarde van die bedrag betrokke, kan vir 'n oortreding opgelê word. Vgl in besonder die bespreking van regulasie 22 in par 4.7 *infra*.

<sup>8</sup> Vgl byvoorbeeld Finance Week (1988.09.01) 11; Finance Week (1989.01.19) 17; Finansies en Tegniek (1989.01.20) 12; Financial Mail (1989.03.31) 29; Business Day (1989.04.14) 1; Finance Week (1989.11.02) 6.

stelling gemaak :

"... toe (Finansies en Tegniek) verlede week 'n senior polisie-offisier gevra het om suksesvolle vervolgings van sodanige misdrywe te bespreek, was die beste voorbeeld wat hy kon gee een van 'n man wat elf jaar gelede gevonnissen is."

Hierdie stelling is ooglopend sonder enige wetenskaplike basis indien daar bloot kennis geneem word van die gerapporteerde uitsprake in die verband. Dit is stellings soos die, veral indien die wye publikasie en die aard van die leserspubliek daardeur getref in ag geneem word, wat aanleiding gee tot groter negatiewe sentimente teen die toepassing van deviesebeheer. 'n Verdere probleem wat ondervind word in 'n ondersoek van byvoorbeeld 'n "round tripping" bedrogskema is dat verskillende transaksies aangegaan word wat elk *prima facie* heeltemal wettig mag voorkom.<sup>9</sup> Eers wanneer die skema in geheel beskou word en aangetoon kan word dat van vervalste dokumentasie gebruik gemaak is om fondse onwettig in die buiteland te akkumuleer deur dit deur kommersiële rand oor te plaas, en daarna dieselfde fondse deur die finansiële rand-koers na die Republiek te repatrieer, blyk die onwettigheid daarvan. Die egtheid van elke transaksie, of "been" soos daar soms na verwys word, moet eers opgevolg word. Dit is tydens die proses waardeur verskillende transaksies nagespeur word, dat oortreders dikwels te wete kom van die ondersoek en dan, voordat voldoende bewys teen die ootreder ingesamel is wat 'n arrestasie regverdig, die land verlaat. In die verband word ook gevind dat bankamptenare wat noodwendigerwys van die ondersoek kennis dra, aangesien hulle betrokke is by die verskaffing van inligting aan die Suid-

---

<sup>9</sup> "Round tripping" (sover aan skrywer bekend, is daar nie 'n algemene aanvaarde Afrikaanse woord daarvoor nie alhoewel daar al na "rondritsery" en "wisselruitery" verwys is), vind plaas deur die manipulasie van die tweeledige wisselkoerstelsel, synde die kommersiële- en finansiële rand en word *infra* by die bespreking van regulasie 14A volledig toegelig.

Afrikaanse Reserwebank en die Suid-Afrikaanse Polisie, soms die oortreder vroegetydig van die ondersoek in kennis stel, dikwels teen die een of ander vorm van vergoeding. Weens die gebrek aan formele uitruilooreenkomste, asook die ontkenning van oortredings van deviesebeheerwetgewing deur veral die groot nywerheidslande as wesenlike misdrywe is dit bykans onmoontlik om so 'n oortreder in die Republiek terug te kry.<sup>10</sup>

Na aanleiding van die **Kommissie van ondersoek na sekere moontlike onreëlmatighede**<sup>11</sup> onder voorsitterskap van Regter L T C Harms in die sake van W A Vermaas, is in die pers berig dat die Harms Kommissie daarin geslaag het om op 'n vinnige en effektiewe wyse al die onreëlmatighede oop te vlek en die skuldiges aan die kaak te stel.<sup>12</sup> Dit is natuurlik net 'n halwe waarheid aangesien die bevoegdhede van die Harms Kommissie hier uit die oog verloor is en die vervolging van Mnr Vermaas is tot datum hiervan nog nie afgehandel nie. Wat wel duidelik na afloop van die Harms Kommissie se ondersoek geblyk het, was die behoefte aan 'n proses waardeur ernstige ekonomiese misdrywe vinnig en doeltreffend ondersoek kan word sodat die vervolging van beskuldiges so spoedig doenlik kan plaasvind.

Om vir so 'n proses voorsiening te maak is die Kantoor vir Ernstige Ekonomiese Misdrywe in die lewe geroep.<sup>13</sup> Die kantoor vir Ernstige

---

<sup>10</sup> Vgl "Finance Week" (1987.10.01) 2 asook "Financial Mail" (1993.12.03) 33.

<sup>11</sup> RP 64-1989. Hierna na verwys as "die Harms Kommissie".

<sup>12</sup> Finance Week (1989.11.02) 6.

<sup>13</sup> Hierna na verwys as KEEM. Die bevoegdhede van KEEM word ontleen aan die Wet op die Ondersoek van Ernstige Ekonomiese Misdrywe, Wet 117 van 1991. Dit wil voorkom asof 'n liggaam analoog aan die "Serious Fraud Office" in die Verenigde Koninkryk beoog is. Die funksies en bevoegdhede van KEEM sal nie volledig hierin bespreek word nie maar is die betrokke wetgewing relevant aangesien daar noue samewerking bestaan tussen die Departement

Ekonomiese Misdrywe beskik oor die dienste van staatsadvokate asook personeel van die Suid-Afrikaanse Polisie wat almal betrokke is in die ondersoek en ook vervolging van ernstige ekonomiese misdrywe.

## 4.2 DIE MISDAADELEMENTE<sup>14</sup>

### 4.2.1 Handeling

Aangesien 'n deviesebeheeroortreding 'n formele statutêre misdryf is, word die klem gelê op die vorm wat die handeling aanneem. So word verskeie regulasies aangetref waar 'n bepaalde handeling verbied word en 'n *commissio* in stryd daarmee sal 'n oortreding daarstel.

Daar word ook verskeie regulasies aangetref wat nie slegs 'n bepaalde handeling verbied nie, maar wat ook 'n statutêre plig op 'n persoon plaas om 'n betrokke omskrewe handeling te verrig. So gelas regulasie 7 byvoorbeeld dat alle inwoners wat geregtig is of geregtig word om 'n vreemde bate te verkoop, binne dertig dae na die vestiging van sodanige reg 'n skriftelike verklaring daaromtrent aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar moet verstrek op die wyse wat deur die Tesourie voorgeskryf word.

---

Deviesebeheer en KEEM.

<sup>14</sup> Die beskrywing van die onderskeie misdadaelemente *infra* is nie bedoel om 'n volledige bespreking daarvan te wees nie, maar om bloot die aspekte wat spesifiek uit die Wet en regulasies se oogpunt belangrik is, uit te lig. So word die klem by paragraaf 4.2.1, HANDELING byvoorbeeld gelê op *ommissiones* in die lig van die pligte wat kragtens die betrokke wetgewing daargestel word. Wat die skuldvereiste betref, word daar in besonder klem gelê op die aard van die skuldvereiste by statutêre misdrywe asook die moontlikheid van 'n beroep op regsdwaling vanweë die feit dat 'n beskuldigde nie met die betrokke statutêre bepaling bekend is nie.

In dié opsig word Snyman<sup>15</sup> se beskrywing van 'n handeling as 'n willekeurige menslike spierspanning, onderworpe daaraan dat dit as 'n normatiewe begrip beskou word wat behels dat dit beide 'n *commissio* sowel as 'n *ommissio* insluit, ondersteun. Alhoewel dit mag voorkom of die onderskeid tussen 'n doen en 'n late as sulks nie veel waarde het nie, sal daar *infra* aangetoon word dat die positiewe reg, minstens vir sover as wat dit vonnisoplegging betref, 'n baie duidelike onderskeid tussen die verskillende vorms wat die handeling kan aanneem tref.<sup>16</sup>

#### 4.2.2 Wederregtelikheid

Snyman toon aan dat die materiële inhoud van wederregtelikheid geleë is in:

- (1) die skending van 'n regsbelang of regsgoed, en
- (2) gedrag wat indruis teen die goeie sedes, en
- (3) die regsoortuigings, oftewel die *boni mores* van die gemeenskap.<sup>17</sup>

Aangesien die regsoortuiging van die gemeenskap verlang dat die algemene regsvoorskrifte, hetsy geleë in die gemenereg, hetsy geleë in die statutêre reg, nagekom moet word, is 'n handeling wat strydig met sodanige regsvoorskrif is, *prima facie* wederregtelik.<sup>18</sup> Indien die Staat dus in 'n strafregtelike verhoor bewys dat 'n bepaalde handeling in stryd met die regulasies is, kan rederlikerwys aanvaar word dat die gewraakte

---

<sup>15</sup> Snyman 48.

<sup>16</sup> Vgl *infra* Hfst 4.7.

<sup>17</sup> Snyman 98 en 99.

<sup>18</sup> Vgl in die algemeen Snyman Hfst 3, Visser en Vorster Hfst 4, Coertzen en Sorgdrager 19 ev en Schmidt 50 51 en veral op 53, LAWSA 6 par 37 en De Wet en Swanepoel 69 ev.

handeling wederregtelik is.

Die benadering wat aanvanklik in ons positiewe reg gevolg is, het vereis dat die vervolging slegs nodig gehad het om *prima facie* te bewys dat die beskuldigde gehandel het, waarna wederregtelikheid en skuld vermoed is.<sup>19</sup> Indien die beskuldigde 'n verweer wou opper, moes hy dit bewys, ongeag of dit op die afwesigheid van wederregtelikheid of skuld sou slaan.<sup>20</sup>

In die lig van die vermoede van onskuld wat vereis dat die vervolging alle elemente van die ten laste gelegde misdryf bo redelike twyfel moet bewys,<sup>21</sup> was voormelde benadering egter onhoudbaar en die posisie is gelukkig gesuiwer deur die beroemde uitspraak van Lord Sankey in *Woolmington v Director of Public Prosecutions*.<sup>22</sup> In navolging van die *Woolmington*-beslissing bevind regter Davis in *R v Ndhlovu*,<sup>23</sup> met respek tereg, dat daar ook in die Romeins-Hollandse Reg voldoende gesag is wat met die benadering van Lord Sankey strook. Indien 'n beskuldigde hom op die afwesigheid van wederregtelikheid wil beroep hoef hy slegs die grondslag van sy regverdigingsgrond rederlikerwys voor die hof te plaas, waaruit noodwendigerwys afgelei word dat wederregtelikheid in dispuut is en waarna die vervolging steeds die onus dra om wederregtelikheid te bewys.<sup>24</sup>

---

<sup>19</sup> *R v Jolly* 1923 AD 176 en *R v Buthelezi* 1925 AD 160.

<sup>20</sup> Vgl Schmidt 50 51.

<sup>21</sup> *Ibid.*

<sup>22</sup> *Woolmington v Director of Public Prosecutions* 1935 AC 462.

<sup>23</sup> *R v Ndhlovu* 1945 AD 369 op 372 en 373.

<sup>24</sup> Twee uitsonderings op die reël word aangetref nl waar die beskuldigde steun op 'n verweer van geestesongesteldheid en waar 'n statutêre bepaling die bewyslas sou reël.

Die gemeenregtelike regverdigingsgronde word nêrens uitdruklik of by noodwendige implikasie in die regulasies uitgesluit nie en sal derhalwe steeds deur 'n beskuldigde as verweer geopper kan word. In sulke gevalle sal die gewone beginsels ten aansien van die weerlegging en oorskryding van die regverdigingsgronde geld.<sup>25</sup> Dit is byvoorbeeld moontlik dat 'n beskuldigde hom op 'n verweer soos dwang of *negotiorum gestio* kan beroep op 'n aanklag van 'n oortreding van regulasie 5(1).

Indien 'n persoon toestemming verkry het om 'n bepaalde handeling te verrig wat andersins sonder toestemming wederregtelik sou wees, sal sodanige toestemming as 'n regverdigingsgrond beskou kan word. Voorbeelde daarvan word onder andere in regulasies 3(2), 4(8), 5(2)(a), 6(7), 7(3) en 15(6) aangetref. Hierdie regverdigingsgronde is slegs beskikbaar vir 'n persoon wat 'n vrystelling van die regulasies wat betrokke mag wees, geniet. Daar moet op gelet word dat die vervolging ook nie die statutêre regverdigingsgronde hoef te beweer of te bewys nie.<sup>26</sup>

Uit die Suid-Afrikaanse regspraak blyk dit duidelik dat algemeen aanvaar word, veral in navolging van De Wet en Swanepoel, dat die toets na wederregtelikheid suiwer objektief is.<sup>27</sup> Daarenteen toon Snyman en Van

---

<sup>25</sup> *S v Posel* 1977 (4) SA 476 N, De Wet en Swanepoel 69 en Burchell & Hunt Vol 1 269.

<sup>26</sup> Artikel 90 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977.

<sup>27</sup> Die *locus classicus* is die meerderheidsuitspraak van appèlregter Rumpff (soos hy toe was) met wie appèlregters Ogilvie Thompson, Jansen en Trollip saamgestem het in *S v Goliath* 1972 (3) SA 1 A, nl:

"Dit is miskien wenslik om effens stil te staan by die vraag of in 'n geval soos die onderhawige, die eie lewensbedreiging waaronder 'n persoon 'n medemens doodmaak die daad se wederregtelikheid ophef of as skuldsluitingsgrond moet geld. By die vraag of 'n daad wederregtelik is, word die daad van **buite af beskou en beoordeel** of dit volgens positiewe reg geoorloof is of nie, terwyl by die skuldvraagstuk die daad van binne af beskou word, vanuit die psige van die dader." (My beklemtoning).



Oosten tereg aan dat daar gevalle voorkom waar die maatstaf nie slegs objektief is nie, maar ook oor 'n subjektiewe komponent beskik.<sup>28</sup>

### 4.2.3 Skuld

#### 4.2.3.1 Algemeen

Reeds in die Romeinse- en Romeins-Hollandse Reg is die beginsel teen skuldlose aanspreeklikheid vasgelê in die spreuke *nulla poena sine culpa* en *actus non facit reum nisi mens sit rea* oftewel "geen straf sonder wet" en "die handeling is geen misdad nie tensy die dader van die wederregtelikheid bewus was".<sup>29</sup> In die Suid-Afrikaanse regspraktyk word twee onderskeibare benaderings tot skuld aangetref, naamlik:

- (1) die psigologiese, en
- (2) die normatiewe skuldbegrip.

As voorstander van die normatiewe skuldbegrip beskryf Snyman dit soos volg, naamlik:

---

Vgl verder Visser en Vorster 165 ev en Schmidt 51.

<sup>28</sup> Snyman 100 - 104 en Van Oosten 1977 THRHR 90 - 95. Gelukkig lewer die toets na wederregtelikheid by oortredings van die regulasies nie werklik in die regspraak probleme op nie, aangesien die aard van sodanige oortredings hulle baie selde aan 'n beroep op 'n regverdigingsgrond ontleen. Skrywer is die mening toegedaan dat Snyman se benadering, soos deur vele ander ondersteun die wenslike en korrekte benadering is, maar verg die onderskeid nie vir hierdie studie enige verdere betoog nie.

<sup>29</sup> Vgl Hiemstra en Gonin 164, 232 en 245; Ulpianus *Digesta* 50.16.131 asook die bekende spreuk van Hadrianus "*In maleficiis voluntatem, non exitum spectari rescripsit*" oftewel "by misdade word op die wil, en nie op die gevolg nie, gelet" - *Digesta* 48.8.14. Vgl ook Hewett en Stoop 1987: Antonius Matthaeus *De Criminibus ad libros 47 et 48 Digestorum Commentarius* (1644), *Prolegomena Caput 1.2*.

"Volgens die normatiewe skuldbegrip is skuld die *verwytbaarheid* van die pleging van die onreg (wederregtelike handeling); van regsweë word X as persoon verwyte omdat hy die verbodsinhoud gerealiseer het, terwyl hy in staat was om anders op te tree of om af te sien van die onregspieging. Skuld is hiervolgens nie 'n gesindheid ("*state of mind*") soos opset nie. Dit is 'n *beoordeling* van die opset of wil soos dit in die handeling tot uiting gekom het. Dit is 'n negatiewe of afkeurende waarde-oordeel oor die pleeg van die wederregtelike handeling."<sup>30</sup>

Volgens die benadering bevat die skuldbegrip dus 'n objektiewe toets, naamlik die vraag of die norm wat deur die reg vir die deursneemens daargestel word, geskend is, maar ook 'n subjektiewe komponent, naamlik die vraag na die dader se wederregtelikheidsbewussyn.

Daarenteen beskou die aanhangers van die psigologiese skuldbegrip 'n dader se skuld as sy geestesgesindheid, oftewel sy psigiese houding en benadering tot die wederregtelike handeling. Daar word skerp tussen opset (*dolus*) en nalatigheid (*culpa*) onderskei en word daar noukeurig gelet op die aanwesigheid van die dader se wederregtelikheidsbewussyn ten aansien van al die wesenlike vereistes van die misdad.<sup>31</sup>

---

<sup>30</sup> Snyman 158. Vgl ook Coertzen en Sorgdrager 53 wat skuld as "'n *verwyte* wat 'n toerekeningsvatbare persoon *van regsweë* tref vanweë sy wederregtelike handeling" beskryf. (My beklemtoning). Vgl Snyman 161 vne 42 en 43 vir besonderhede van ander ondersteuners van die normatiewe skuldbegrip. Sien Van Oosten *The psychological fault concept versus the normative fault concept: Quo Vadis South African Criminal Law?* 1995 THRHR 568 vir 'n kritiese evaluasie van die normatiewe en psigologiese skuldbegrippe op 583 waar hy tot die gevolgtrekking kom dat beide die skuldbegrippe in die Suid-Afrikaanse Strafreg erkenning geniet.

<sup>31</sup> Vgl vir 'n volledige kritiese bespreking van die onderskeid Snyman 154 tot 162. Ten aansien van die psigologiese skuldbegrip vgl De Wet en Swanepoel 103 en Burchell en Hunt Vol 1 125.

Benewens enkele uitsonderings<sup>32</sup> volg die Suid-Afrikaanse regspraak die psigologiese skuldbegrip na waardeur die dader se subjektiewe gesindheid getoets word en wat inhou dat, in die geval van *dolus* die dader subjektief die ongeoorlooftheid van sy handeling moet insien en in die geval van *culpa* of die dader rederlikerwys die ongeoorlooftheid van sy handeling behoort in te gesien het.<sup>33</sup>

#### 4.2.3.2 Statutêre misdrywe

In die gemenereg is met die uitsondering van strafbare manslag en 'n bepaalde vorm van minagting van die Hof, waar nalatigheid 'n voldoende

---

<sup>32</sup> Bv *S v Bailey* 1982 (3) SA 772 A, *S v Barnard* 1985 (4) SA 431 W en die minderheidsuitspraak van appèlregter Wessels in *S v Goliath* 1972 (3) SA 1 A. Vgl ook Snyman 161 en 162.

<sup>33</sup> Vgl van Rooyen *Regsdwaling en Dolus in die Strafbegrip* 1974 THRHR 18 ev. Dit is nie vir hierdie studie van wesenlike belang om die voormelde onderskeid tussen die psigologiese en normatiewe skuldbegrip te handhaaf nie en skrywer wil hom ook nie oor die verkieslikheid van die een bo die ander uitspreek nie, maar dit is in die belang van regsontwikkeling om van die onderskeid kennis te neem en nie bloot die regspraak blindelings na te volg nie. Dit is egter vir ons doeleindes belangrik om deurentyd die onderskeid tussen opset en nalatigheid te handhaaf en vir die doel doen skrywer aan die hand dat die volgende definisies vir opset en nalatigheid onderskeidelik gebruik word, naamlik: "Indien 'n persoon 'n bepaalde handeling of gevolg direk (*dolus directus*), indirek (*dolus indirectus*) of as moontlikheid (*dolus eventualis*) beoog en voorsien dat dit wederregtelik is, handel so 'n persoon met opset."

"Nalatigheid is *die verwyf* wat 'n persoon tref indien hy 'n wederregtelike handeling verrig of gevolg veroorsaak wat die redelike man in dieselfde omstandighede nie sou verrig of veroorsaak het nie aangesien die redelike man die moontlikheid sou voorsien het dat sodanige handeling wederregtelik is."

Dit blyk duidelik dat skrywer hiervan in bogemelde omskrywings die psigologiese skuldbegrip toepas, maar word dit bloot om doelmatigheidsredes hier gebruik ten einde nie onnodig probleme te skep met die bespreking van die bestaande gesag in Hfst 5 *infra*.

skuldvorm vir strafregtelike aanspreeklikheid was, opset as skuld vorm vir alle ander misdrywe vereis.<sup>34</sup>

By statutêre misdrywe is die skuldvraagstuk heelwat meer kompleks aangesien die wetgewer selde aandui welke skuldvorm, hetsy opset, hetsy nalatigheid vereis word. Daar word trouens gereeld wetgewing aangetref waar dit met die eerste oogopslag wil voorkom asof absolute aanspreeklikheid, dus sonder enige vorm van skuld, voorgestel word.

By die beoordeling van 'n statutêre misdaadsomskrywing moet daar ter aanvang ag geslaan word op Steyn<sup>35</sup> se argument dat daar in ooreenstemming met die stelreël *actus non facit reum nisi mens sit rea* vermoed word, totdat die teendeel blyk, dat die wetgewer nie 'n skuldlose dog wederregtelike handeling strafbaar wil stel nie.<sup>36</sup> Schmidt betoog dat die vermoede teen skuldlose aanspreeklikheid nie 'n regs- nie, maar 'n feitlike vermoede is.<sup>37</sup> Dit blyk uit die regspraak dat skuldlose strafregtelike aanspreeklikheid in twee gevalle kan voorkom, naamlik:

- (1) waar die wetgewer uitdruklik in 'n statutêre misdaadsomskrywing

---

<sup>34</sup> Ten aansien van strafbare manslag sien *S v Van der Mescht* 1962 (1) SA 521 A en *S v Bernardus* 1965 (3) SA 287 A. Wat minagting betref, is die algemene reël dat opset die vereiste skuldvorm is, maar kom 'n uitsondering voor waar 'n koerant (of ander soortgelyke joernalistiek) feite publiseer wat 'n Hof tydens 'n geding kan beïnvloed. Vgl *Dunstan v Transvaal Chronicle Ltd* 1913 TPD 557, *S v MacKenzie* 1939 AD 367 en *Makiwame v Die Afrikaanse Pers Beperk* 1957 (2) SA 560 W. Vgl voorts Snyman 249, 374 en veral op 377.

<sup>35</sup> Steyn 113.

<sup>36</sup> Vgl ook die gesag na verwys in 4.2.3.1 *supra* vn 29.

<sup>37</sup> Schmidt 162.

- skuldlose aanspreeklikheid daarstel;<sup>38</sup> en
- (2) waar die howe by die uitleg van 'n statuut aflei dat skuldlose aanspreeklikheid by noodwendige implikasie deur die wetgewer in die vooruitsig gestel is.<sup>39</sup>

Alhoewel skuldlose aanspreeklikheid selde, indien ooit, geregverdig kan word, moet die laasgemelde geval ten sterkste afgekeur word, aangesien die skuldvereiste grondliggend aan strafregtelike aanspreeklikheid is en behoort absolute aanspreeklikheid slegs te volg indien die wetgewer dit uitdruklik bepaal.<sup>40</sup>

---

<sup>38</sup> Vgl bv artikel 29 van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, Wet 12 van 1929 en *Ex Parte Minister van Justisie: in re R v Nanabai* 1939 AD 427.

<sup>39</sup> Vgl bv *R v Wallendorf* 1920 AD 383, *R v H* 1944 AD 121 waar Appèlregter Centlivres op 125 sê:  
"*The Legislator may absolutely prohibit the doing of an act and constitute it an offence without reference to the state of mind of the offender, and regardless whether he had any intention of breaking the law or of otherwise doing a wrongful act. Whether in any particular instance a statute is to be construed in that sense or not, is a question upon which the decisions of the English Courts are by no means harmonious.... So far, then, as the English decisions are concerned, it appears that no fixed rule can be laid down except this, that the intention of the Legislator cannot be decided upon simple prohibitory grounds only, but that in every case it is for the Court to determine, upon other considerations, whether or not a guilty mind is necessary to constitute the offence created by statute*".  
Sien ook *Ismail v Durban Corporation* 1971 (2) SA 606 N en *S v Zemura* 1974 (1) SA 584 RAD waar hoofregter Beadle op appèl die bevinding van die Landdros dat dit die wetgewer se bedoeling was om skuldlose aanspreeklikheid daar te stel, omver gewerp het. Vgl ook *S v G D Horleach (Pty) Ltd* 1977 (2) SA 255, *S v Gampelbros & Barnett (Pty) Ltd* 1978 (3) SA 772 A asook die aantekeninge tot die vonnisbesprekings in Visser en Vorster ten opsigte van *R v H supra*, *S v Arenstein* 1964 (1) SA 361 A, *S v Qumbella* 1966 (4) SA 356 A, *S v Fouché* 1974 (1) SA 96 A, *S v Ngwenya* 1979 (2) SA 96 A en *S v Zemura supra* op 430 ev.

<sup>40</sup> Waarskynlik die beste voorbeeld van 'n regverdiging van skuldlose aanspreeklikheid kom voor by middelike aanspreeklikheid.

In die positiewe reg word verskeie gevalle aangetref waar die Howe beslis het dat die wetgewer skuldlose aanspreeklikheid beoog het, maar dit is gelukkig sedert die vyftigerjare sover moontlik vermy en die mees onlangse benadering is dat daar by stilswye deur die wetgewer minstens opset vereis word en nie sondermeer nalatigheid nie, en sal 'n interpretasie dat skuldlose aanspreeklikheid moet volg slegs voorkom indien die betrokke statuut uitdruklik so gelas.

Die *locus classicus* oor die hedendaagse benadering oor skuldlose aanspreeklikheid moet sekerlik *S v Ngwenya*<sup>41</sup> wees waar Appèlregter Jansen dit op 99 van die verslag treffend soos volg stel:

"Soos by alle statutêre misdade waar die posisie nie uitdruklik gestel word nie, ontstaan onmiddellik die vraag of die misdade hier geskep, skuldloos is al dan nie. By beantwoording van die vraag geld 'n vermoede: "By die uitleg van 'n wetteregtelike misdaadsomskrywing word vermoed, totdat die teendeel blyk, dat die wetgewer nie 'n skuldlose wederregtelike handeling strafbaar wou stel nie. Kyk Steyn *Uitleg van Wette* 4de uitg te 118." (*per* Rumpff HR in *S v De Blom op 532B-C*). Waar die teendeel nie blyk nie, sal skuld dus 'n vereiste wees. In die gewone geval sal die verskyningsvorme hiervan wat die Wetgewer in gedagte het, opset (*dolus*) wees en nie nalatigheid (*culpa*) nie. (As uitsondering kan die bedoeling egter wees dat selfs *culpa* ten opsigte van sekere aspekte voldoende kan wees. Vgl bv *S v Oberholzer 1971 4 SA 602 (A)* te 611F-612C.) Waar opset 'n vereiste is, moet die opset in die reël op al die elemente van die misdaad betrekking hê en, omdat opset in ons reg nie kleurloos is nie, moet daar ook

---

<sup>41</sup> *S v Ngwenya 1979 (2) SA 96 A.*

wederregtelikheidsbewussyn wees (*S v De Blom te 529 H ev*).<sup>42</sup>

Indien dit dan vasstaan dat skuldlose aanspreeklikheid uitgesluit is, soos wat gewoonlik die geval is, moet vervolgens vasgestel word welke vorm van skuld, hetsy opset, hetsy nalatigheid vereis word. Rabie<sup>43</sup> konstateer dat daar in die verband twee denkrigtings in die positiewe reg onderskeibaar is, te wete:

- (1) daar bestaan geen algemene reël nie en die howe moet telkens objektief by wyse van uitleg bepaal welke skuldvorm vereis word; en
- (2) as algemene uitgangspunt word opset vereis en sal nalatigheid slegs in spesiale gevalle 'n voldoende skuldvorm vir aanspreeklikheid daarstel.<sup>44</sup>

Laasgemelde standpunt is gegrond op die feit dat, soos reeds *supra* aangetoon, benewens strafbare manslag en 'n bepaalde vorm van minagting van die hof opset deurentyd as skuldvorm in die gemenerereg vereis is. Indien daar algemeen aanvaar word dat nalatigheid 'n voldoende skuldvorm daarstel sal dit 'n aansienlike uitbreiding van strafregtelike aanspreeklikheid meebring wat sal indruis teen die vermoede dat die wetgewer beoog om die gemenerereg so min as moontlik te wysig.

Dit word aan die hand gedoen dat die tweede denkrigting

---

<sup>42</sup> Vgl ook Visser en Vorster 442 - 443. Sien voorts *Amalgamated Beverage Industries Natal (Pty) Ltd v Durban CC* 1994 (3) SA 170 AD waar bevind is dat daar aan die hand van *die aard van die bepaling* vasgestel moet word of die wetgewer absolute aanspreeklikheid beoog, al dan nie.

<sup>43</sup> Rabie LAWSA 6 par 112.

<sup>44</sup> Vgl *S v Ngwenya supra* se aanhaling uit die teks op 99H tot 100A.

regswetenskaplik suiwer is en dat die volgende faktore deur die howe in ag geneem behoort te word by die beoordeling van die vraag welke skuldvorm vereis word, naamlik:

- (1) As uitgangspunt word opset vereis;
- (2) Daar moet egter ag geslaan word op die bewoording van die relevante bepaling;
- (3) Die doel en omvang van die Wet;
- (4) Die "*foresight or care which the statute in the circumstances demands*"<sup>45</sup>;
- (5) Die aard en omvang van die straf wat vir 'n oortreding opgelê kan word.<sup>46</sup>

Wat die ligging van die onus om die aanwesigheid en/of afwesigheid van skuld te bewys, is die beginsel dieselfde soos reeds hierbo by wederregtelikheid bespreek en kan daar volstaan word met die volgende aanhaling van 'n gedeelte van appèlregter Rumpff<sup>47</sup> se uitspraak in *S v Fouché*<sup>48</sup>, naamlik:

"Namens die Staat is toegegee dat in die onderhawige geval die Wetgewer nie bedoel het om *culpa* as 'n bestanddeel van die oortreding uit te skakel nie. Daar is egter oa betoog dat,

---

<sup>45</sup> Rabie LAWSA 6 par 112 stel dit as volg:  
*"In determining the legislative intention the basic test which the Courts apply is that the form of mens rea depends on the foresight or care which the statute in the circumstances demands. If a high degree of care or circumspection is demanded, culpa is sufficient to constitute mens rea".*

<sup>46</sup> Voormelde is natuurlik nie 'n *numerus clausus* nie en is daar ongetwyfeld ander aspekte wat ook relevant kan wees.

<sup>47</sup> Met wie appèlregters Potgieter en Muller saamgestem het.

<sup>48</sup> *S v Fouché* 1974 (1) SA 96 A.



wanneer die Staat getuienis voorgelê het dat die verbode handeling ooreenkomstig die statutêre beskrywing gepleeg is, daar 'n bewyslas op die beskuldigde rus om op 'n oorwig van waarskynlikhede die afwesigheid van *culpa* te bewys. As die grondbeginsel in aanmerking geneem word dat die Staat sy saak sonder redelike twyfel moet bewys, skyn dit my dat so 'n suggestie (wat ookal vantevore in sake genoem en toegepas is) wesenlik 'n bewyslas op die beskuldigde plaas wat in stryd is met die genoemde grondbeginsel. Daar behoort myns insiens in hierdie geval nie 'n bewyslas op die beskuldigde geplaas te word om op 'n oorwig van waarskynlikhede die afwesigheid van *culpa* te bewys nie. Selfs wanneer gesê word dat daar 'n las op die beskuldigde rus om 'n *prima facie*-saak van die Staat te weerlê, moet die inhoud van daardie las nie verkeerd vertolk word nie. Dit beteken dat die inhoud van die las sodanig is dat die beskuldigde hom van die las kwyd indien hy getuienis voorlê waardeur die getuienis, in sy geheel beskou, 'n redelike moontlikheid skep dat daar geen *culpa* was nie, maw dit is voldoende as die beskuldigde getuienis voorlê waardeur daar 'n twyfel ontstaan of daar *culpa* was of nie"

en

"Slaag die beskuldigde daarin om sodanige getuienis voor te lê, het die Staat sy saak nie sonder redelike twyfel bewys nie."<sup>49</sup>

Dit dien genoem te word dat die Staat in die praktyk normaalweg slegs nodig het om te bewys dat die bepaalde verbode of gebiedende handeling in stryd met die statuut begaan of nie begaan is, na gelang van die geval, waarna 'n hof gewoonlik 'n afleiding sal maak dat die beskuldigde willens

---

<sup>49</sup> Vgl Snyman 268 en 269.

en wetens en dus ook met die vereiste wederregtelikheidsbewussyn gehandel het.<sup>50</sup> Indien die beskuldigde egter sy skuld in geskil plaas deur 'n beroep op byvoorbeeld dwaling, moet die Staat die beskuldigde se skuld bo redelike twyfel bewys.

#### 4.2.3.3 Die skuldvereiste by deviesebeheermisdrywe

Die vraag wat vervolgens voorkom, is welke skuldvorm, hetsy opset (*dolus*), hetsy nalatigheid (*culpa*) by deviesebeheeroortredings vereis word. Ten einde dit te bepaal, moet daar eerstens gelet word op die bewoording van die Wet en regulasies. Daar kan geen aanduiding in die bewoording van die Wet gevind word welke skuldvorm vereis word nie. Wanneer die regulasies bestudeer word, blyk dit dat dit hoofsaaklik, soos reeds voormeld, van 'n verbiedende of gebiedende aard is, soos byvoorbeeld:

**"Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand, behalwe 'n gemagtige handelaar, vreemde valuta of goud koop of leen van, vreemde valuta of goud verkoop of leen aan, iemand wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie."**<sup>51</sup>

asook

**"Enige een wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie en wat vreemde valuta of goud wil koop of leen of verkoop of uitleen, moet by 'n gemagtigde handelaar aansoek doen en moet die inligting verstrek en dokumente indien wat die**

---

<sup>50</sup> Vgl bv *S v De Blom* 1977 (3) SA 531 A, *S v Oberholzer* 1971 (4) SA 602 A en *S v Ngwenya* 1979 (2) SA 96 A.

<sup>51</sup> Regulasie 2(1). (My beklemtoning)

gemagtigde handelaar mag verlang ten einde nakoming van die voorwaarde of voorwaardes gestel by subregulasie (2) van hierdie regulasie te verseker.<sup>52 53</sup>

Met voorgaande in gedagte asook die feit dat daar nie in die onderskeie regulasies bepaal word dat 'n oortreding van die betrokke regulasie 'n misdryf is nie, is dit duidelik dat die vereiste skuldvorm ook nie in die bewoording van die betrokke regulasie gevind kan word nie.<sup>54</sup>

Die antwoord moet gesoek word in die uitleg van die bewoording van regulasie 22, die strafbepaling, waardeur oortredings van die ander regulasies tot misdrywe verklaar word. Die relevante gedeeltes van regulasie 22 bepaal dat:

"Elkeen wat die een of ander bepaling van hierdie regulasies oortree, of versuim om daaraan te voldoen of die voorskrifte van 'n kennisgewing, bevel, vergunning, vrystelling of voorwaardes daarkragtens uitgevaardig..., oortree of versuim om daaraan te voldoen,... of wat weier of nalaat om inligting te verstryk wat hy ingevolge hierdie regulasies moet verstrek, begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R250 000.00 of met gevangenisstraf

---

<sup>52</sup> Regulasie 2(3). (My beklemtoning)

<sup>53</sup> Dieselfde grammatikale styl word deurentyd in die regulasies aangetref sonder dat bewoording wat op 'n bepaalde skuldvorm dui, gebruik word. Die voorkoms van die woord "redelik" in regulasies soos regulasie 5(3)(a), 6(11) en 6(12) handel bloot met afleidings wat gemaak kan word en die toepassing van sekere statutêre vermoedens en slaan nie op enige wyse op die vereiste skuldvorm nie.

<sup>54</sup> Die omsigtigheid wat deur die betrokke regulasie vereis word, blyk egter daaruit en is 'n aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie.

vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf..."

In *S v De Blom*<sup>55</sup> het Hoofregter Rumpff beslis dat:<sup>56</sup>

"Hoewel in reg. 22 nie uitdruklik 'n oortreding met *mens rea* vereis word nie, skyn dit duidelik te wees, indien die aard, doel en omvang van die regulasies oorweeg word, dat die vermoede dat die Staatspresident nie 'n skuldlose wederregtelike handeling of versuim kragtens die regulasies strafbaar wou stel nie, nie weerlê kan word nie. Namens die Staat is ook nie betoog nie dat daar wel skuldlose aanspreeklikheid beoog is. Namens die Staat is betoog, sonder dat toegegee is dat *mens rea* 'n vereiste is, dat daar 'n onus op die appellante gerus het om afwesigheid van *mens rea* te bewys nadat getuienis voorgelê is dat geen magtiging tot die uitneem van die geld en juwele verleen is nie."

Dit is derhalwe duidelik dat skuldlose aanspreeklikheid uitgesluit is en dat getoets moet word vir die vereiste skuldvorm soos in die *Ngwenya*<sup>57</sup> beslissing uitgestip te wete dat:

- (1) as algemene uitgangspunt word opset vereis;
- (2) die bewoording van die relevante bepalings; en
- (3) die doel en omvang daarvan; en
- (4) die omsigtigheid wat daardeur vereis word; en
- (5) die aard en omvang van die voorgestelde straf,

---

<sup>55</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

<sup>56</sup> Op 532 C - D van die uitspraak.

<sup>57</sup> *S v Ngwenya supra*.

kan egter aanduidend wees dat nalatigheid 'n voldoende skuldvorm is.

Aangesien die hof beslis het dat die Staat op die feite bewys het dat die beskuldigde met opset gehandel het met betrekking tot die wederregtelike verwydering van die vreemde valuta uit die Republiek, maar nòg opset nòg nalatigheid kon bewys ten aansien van die verwydering van juwele uit die Republiek, het die hof dit onnodig geag om 'n uitspraak ten opsigte van die vereiste skuldvorm te maak.<sup>58</sup> Alhoewel natuurlik *obiter dictum*, het Hoofregter Rumpff die volgende belangrike stellings met betrekking tot die skuldvorm gemaak:<sup>59</sup>

- (1) Hy stel dit, met verwysing na die beskuldigde se verweer dat haar onkunde van die regulasies haar skuld uitgesluit het, dat die Staat sou misluk het om *dolus* te bewys indien van die getuienis as geheel afgelei kan word dat dit redelik moontlik is dat sy nie geweet het dat sy onregmatig gehandel het nie; en
- (2) Voorts, indien *culpa* die vereiste skuldvorm is, dat van die getuienis as geheel redelikerwys afgelei kan word dat die beskuldigde met die **nodige omsigtigheid** te werk gegaan het om vas te stel welke vereistes op haar van toepassing is, al dan nie.<sup>60</sup>

---

<sup>58</sup> Vgl die stelling op 532 H van die uitspraak nl: "... is dit myns insiens duidelik dat, wat die geld betref, appellante **geweet** het dat sy toestemming nodig gehad het om die geld uit die land te neem...." (My beklemtoning) en op 533 E: "Selfs al sou volgens die misdaadskrywing hier *culpa* voldoende *mens rea* wees, beteken dit dat die Staat, na my mening, nie die nodige *mens rea* in verband met die juwele bo redelike twyfel bewys het nie."

<sup>59</sup> Vgl veral 532 en 533 van die uitspraak.

<sup>60</sup> Die gebruik van die woorde "redelikerwys afgelei kan word" slaan natuurlik bloot op bewysregtelike aspekte en het niks met nalatigheid te doen nie. Die kern lê in die vraag of appellante se optrede met die nodige omsigtigheid, soos wat die redelike man sou optree, gepaard gegaan het.

Die toepassing van die psigologiese skuldbegrip blyk duidelik uit voorgaande waardeur getoets word of die beskuldigde in eersgemelde geval subjektief die ongeoorlooftheid van haar handeling ingesien het en in die tweede plek of sy redelikerwys die ongeoorlooftheid daarvan moes ingesien het, met ander woorde die redelike man toets.

In *S v Jadwat Bros (Pty) Ltd & Another*<sup>61</sup> is die vraag welke skuldvorm vereis word, weer eens geopper maar nie beslis nie, vanweë die feit dat die hof geweier het om 'n wysiging van die klagstaat op 'n baie laat stadium in die verhoor toe te laat en daar nie van die getuienis afgelei kon word dat die beskuldigdes aan die ten laste gelegde misdryf, soos in die klagstaat en nadere besonderhede omskryf, skuldig was nie, ongeag of skuld in die vorm van opset of nalatigheid vereis is. Regter Leon maak egter die *orbiter* aanmerking dat die verdediging tereg toegegee het dat nalatigheid 'n voldoende skuldvorm is waar hy dit soos volg stel:<sup>62</sup>

*"Mr Friedman (vir die verdediging) was disposed to argue that dolus was required but later was inclined to concede, correctly in my view, that culpa is sufficient, having regard to the absence of words such as "knowingly" or "intentionally" in the prohibition, the severe penalties imposed and the ease with which the prohibition could be evaded if this were not the case. He contended, however, that the accused had behaved with circumspection in that they looked to the bank to inform them if there was any illegality in their actions. Mr. Suhr (vir die Staat) submitted that the accused had failed to act with due care in that it was incumbent upon them to ask the bank whether payments could be made by the confirming house to Messrs. Jadwat and Mrs. Ansari without permission*

---

<sup>61</sup> *S v Jadwat Brothers (Pty) Ltd & Another* 1977(4) SA 815 D & K.

<sup>62</sup> Vgl 826 G - H en 827 A - C van die uitspraak.

*having been sought and obtained from the relevant authorities. If it were necessary to decide the point I would hold that the accused possessed the necessary degree of mens rea. The object of the regulation is to exercise control over our currency and to prevent the movement of capital abroad save to the extent that permission may be given, by the proper authorities, to do so. That object could be completely defeated unless a high degree of circumspection is required to ensure compliance with the regulation. Furthermore, the severe penalties in reg. 22 are an indication, in my view, that the exercise of great care to ensure compliance is demanded by the lawgiver (see S v Arenstein 1964 (1) SA 361 D (at p366).*

*The evidence shows that the accused, who had involved itself in a particular sphere, made no enquiry at all as to whether the payment by C. Phillips, Jones & Co. was in terms of the regulations. In the light of the approach in S v Tsochlas 1974 (1) SA 565 (AD) and S v De Blom, supra, I consider that, if it were necessary to decide this point, that I would be justified in holding that the accused should have acted with greater circumspection."*

Die Hof kom dus tot die gevolgtrekking dat, in die lig van:

- (1) 'n gebrek aan die gebruik van woorde soos wetende en opsetlik;
- (2) die ernstige aard van die vonnisse wat opgelê kan word;
- (3) die gemak waarmee die regulasies oortree kan word indien opset as skuldvorm vereis sou word; en
- (4) die sorgsaamheid wat deur die regulasies vereis word,

**afgelei** kan word dat nalatigheid as skuldvorm deur die wetgewer beoog

is.

Die vereiste skuldvorm het daarna weer in *S v Pamensky*<sup>63</sup> ter sprake gekom. Die feite van die geval was kortliks die volgende:

Die appèllant is in die Hof *a quo* skuldig bevind op sowel die eerste klagte, naamlik 'n oortreding van regulasie 2(1), asook die tweede klagte synde 'n oortreding van regulasie 3(1)(a) deurdat hy 'n \$2 000.00 tjek van die Republiek na 'n bank in die Verenigde State van Amerika gestuur het.

Die appèllant se weergawe, wat bloot uit 'n skriftelike verklaring aan die Suid-Afrikaanse Polisie bestaan het en wat nie deur die Staat in dispuut geplaas is nie, was dat hy sy seun by 'n universiteit in California in die Verenigde State van Amerika wou inskryf om 'n studiekursus in besigheidsbestuur te volg. Na voltooiing van sy studies sou sy seun dan by appèllant se besigheid as groothandelaar en wat ook in die internasionale handel betrokke is, aansluit. Appèllant het op advies van 'n vriend, wat ook 'n seun na die VSA vir studiedoeleindes wou stuur, 'n lening van \$2 000.00 by die vriend aangegaan. Le Poutre (die vriend) het reeds 'n bankrekening in New Orleans in die Verenigde State van Amerika gehad en het die \$2 000.00 tjek aan die appèllant gegee wat dit per pos aan dieselfde bank gestuur het met 'n versoek dat 'n rekening vir appèllant aldaar geopen word. Appèllant het beweer dat hy daarna by sy bank in die Republiek vreemde valuta sou aankoop en dit *via* sy seun in die Verenigde State van Amerika aan Le Poutre sou terugbetaal. Die appèllant het verklaar dat hy nie geglo het dat hy deur die voormelde handeling 'n misdryf gepleeg het nie.

In sy geskrewe redes vir uitspraak het die landdros toegegee dat die skuldigbevinding op die eerste klagte onjuis was, maar het dit bloot met

---

<sup>63</sup> *S v Pamensky* 1978 (3) SA 932 OK.



die feite gehandel en was die beskuldigde se skuld nie ter sake nie. Wat die tweede klagte betref, het die landdros aangetoon dat:<sup>64</sup>

*"...that the appellant had such "mens rea in the form of culpa" because "he failed to obtain the necessary advice" to satisfy himself that he was lawfully entitled to transmit the cheque to the United States."*

Dit is duidelik dat Regter Addleson van mening was dat nalatigheid wel 'n voldoende skuldvorm is. Hy stel dit byvoorbeeld dat:

*"Mens rea is an essential of the offence and the appellant's state of mind, when he obtained the cheque from Le Poutre, is critical to the question of whether he should reasonably have regarded it as "foreign currency"."*<sup>65</sup>

en

*"On count 2, by reason of the above-mentioned presumption created by reg. 3(9), it was admitted that the appellant did attempt to send foreign currency out of the Republic in the form of the cheque in question. The sole question was whether the State proved that he did so with the mens rea necessary to make him guilty of an offence."*<sup>66</sup>

asook:

*"The magistrate should therefore have addressed himself to*

---

<sup>64</sup> Op 936 G van die uitspraak.

<sup>65</sup> Op 936 A - B van die uitspraak.

<sup>66</sup> Op 936 E - F van die uitspraak.

*the question whether, on the appellant's version as contained in his statement to the Police, there was a reasonable possibility that he was not blameworthy in all the circumstances, in not taking any further steps to ascertain whether permission was required to send the cheque out of the Republic; and if, on that issue, there was a reasonable doubt, he should have acquitted the appellant.*

*It is because of the existence of a reasonable doubt that I think the appeal on count 2 should succeed. Having regard to the legal position under reg. 2 it was never the appellant's intention to send "foreign currency" out of the Republic and it does not seem to me that it was negligent of him to fail to ascertain whether, none the less, he required permission to send this cheque."<sup>67</sup>*

Aangesien die Hof bevind het dat appellant nòg opsetlik nòg nalatiglik gehandel het, is ook dié opmerking *in casu* ten aansien van die skuldvorm gevolglik *obiter dictum*.

Alhoewel weer eens *obiter*, meld regter Gordon in sy uitspraak in *S v African Bank of South Africa Ltd & Others*<sup>68</sup> dat nalatigheid ongetwyfeld voldoende sou wees as skuldvorm vir 'n oortreding van die regulasies.<sup>69</sup>

In die lig van voorgaande is dit duidelik dat nalatigheid wel 'n voldoende skuldvorm by oortredings van die regulasies is.<sup>70</sup>

---

<sup>67</sup> Op 937 G - H van die uitspraak.

<sup>68</sup> *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W.

<sup>69</sup> Vgl ook Oelofse 91.

<sup>70</sup> Vgl ook in die algemeen Oelofse se bespreking van die vereiste skuldvorm op 91.

Ter afsluiting van die huidige onderwerp kan daar laastens verwys word na die regsposisie in Zimbabwe. Uit hoofde van die volbankuitspraak in *S v Stouyannides*<sup>71</sup> blyk dit dat:

- (1) Onderskei word tussen drie verskillende kategorieë ten aansien van skuld en wel soos volg:
  - (a) misdrywe waar absolute (skuldlose) aanspreeklikheid voorkom;
  - (b) misdrywe waar *mens rea* wel vereis word en daar nie 'n bewyslas op die Staat rus nie, maar waar die beskuldigde wel 'n onus het om die afwesigheid van skuld op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys sodra die Staat bewys het dat die verbode of gebiedende handeling begaan is, al dan nie, na gelang van die geval (hierdie kategorie staan ook bekend as die sogenaamde intermediêre groep);
  - (c) misdrywe waar die onus op die Staat rus om *mens rea* te bewys (hierdie groep staan bekend as die sogenaamde "positive proof category");
- (2) Dit blyk dat misdrywe wat uit die *Exchange Control Act Chapter 170* en die *Exchange Control Regulations 1977* voortspruit se skuldvraagstuk in die tweede of intermediêre kategorie val. In sodanige geval is dit bloot vir die Staat nodig om die handeling wat onregmatig is te bewys waarna daar 'n onus op die beskuldigde is om aan te toon dat die oortreding skuldloos was. Appèlregter Gubbay<sup>72</sup> het dit soos volg gestel:

*"Under the law of this country (though no longer, it seems, in South Africa - vide Hoffmann and Zeffert*

---

<sup>71</sup> *S v Stouyannides* 1984 ZLR 144 ZSC.

<sup>72</sup> Met wie waarnemende Hoofregter Dumbutshena en Appèlregter Beck saamgestem het.

*South African Law of Evidence 3 ED at 401 the traditional approach still holds good. If a statutory provision contains a prohibition which is unqualified in its language, though not construed by the Court as creating absolute liability, the State is not required to prove the existence of mens rea. Prima facie the enactment is satisfied when the objective conduct of the accused person is brought within its literal terms, and the onus is then thrust upon him to establish on a preponderance of probability that the contravention was accidental or innocent."*<sup>73</sup>

#### 4.2.3.4 *Ignorantia iuris non excusat*<sup>74</sup> en *S v De Blom*<sup>75</sup>

In navolging van die Engelse reg is onkunde van die reg, dus 'n beroep op regsdwaling, tot 1977 nie as 'n skulduitsluitingsgrond beskou nie. Die algemene reël was dat geag is dat alle persone met die reg vertrouwd is en was die enigste uitsondering hierop die sogenaamde "*claim of right*" sake.<sup>76</sup>

'n Dramatiese dog baie welkome verandering is in 1977 deur die Appèlhofuitspraak in *S v De Blom* teweeg gebring. Die feite kan kortliks soos volg saamgevat word:

---

<sup>73</sup> Op 150 A - C van die uitspraak.

<sup>74</sup> Onkunde van die reg is geen verweer nie - vgl Hiemstra en Gonin 205 Adagia: *ad ignorantium pertinentia* 3.

<sup>75</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A. Hoofregter Rumpff het die eenparige uitspraak van die Hof gelewer.

<sup>76</sup> Vgl bv *S v Rabson* 1972 (4) SA 574 T, *S v Herhold* 1957 (3) SA 236 A, *S v De Ruiter* 1957 (3) SA 361 A, *S v Riekert* 1977 (3) SA 181 T en *R v Hempel* 1933 EDC 123.

Die beskuldigde, mev de Blom is in die Kaapse Provinsiale Afdeling skuldig bevind aan oortredings van regulasie 3(1)(a) en 10(1)(b) van die regulasies nadat die Suid-Afrikaanse Polisie \$40 000.00 en ongeveer R14 000.00 se juwele by mev de Blom gevind het in haar tasse op die DF Malan Lughawe toe sy reeds deur die paspoortbeheer en na die internasionale vertreksaal beweeg het.

Die beskuldigde se hoofverweer het kortliks daarop neergekom dat sy onkundig was ten aansien van die relevante bepalings van die regulasies by gevolg waarvan sy nie besef het dat sy toestemming van die Tesourie moes verkry om die vreemde valuta en juwele uit die Republiek te neem nie en dat die vereiste *mens rea* ten opsigte van die ten laste gelegde misdrywe derhalwe ontbreek het.

Dit blyk duidelik uit die uitspraak dat, indien in ag geneem word op welke wyse die beskuldigde die vreemde valuta in haar tasse versteek het, die beskuldigde se antwoorde aan die Polisie voordat sy gearresteer is, die getuienis deur die beskuldigde ten opsigte van die bevoegdheid om die vreemde valuta uit die Republiek te neem en die feit dat sy reeds van tevore verskeie lande in die buiteland besoek het die hof, met respek heeltemal korrek bevind dat sy inderdaad besef het dat sy toestemming benodig het om die vreemde valuta uit die Republiek te neem.

Alhoewel die Appèlhof kritiek uitspreek oor die beskuldigde se verweer ten opsigte van die uitneem van die juwele in stryd met regulasie 10(1)(b) bevind die hof dat, indien die getuienis in geheel beoordeel word, dit inderdaad redelik moontlik is dat die beskuldigde nie besef het dat sy toestemming benodig het om die juwele uit die land te neem nie en word voorts bevind dat, selfs indien nalatigheid as voldoende skuldvorm vereis is die Staat nie daarin kon slaag om hulle van die onus te kwyt nie. Met

verwysing na 'n artikel van Van Rooyen<sup>77</sup> waarin die geskiedenis van die *ignorantia iuris* begrip grondig ondersoek is, asook ander gesag<sup>78</sup> bevind die Appèlhof dat diè leerstelling nie in die Suid-Afrikaanse Reg toepassing behoort te vind nie en stel hoofregter Rumpff die toets na die vraag of die Staat hom van sy onus gekwyt het om die vereiste *mens rea* van die beskuldigde te bewys soos volg:

"In 'n saak soos die onderhawige moet aanvaar word dat wanneer die Staat getuienis voorgelê het dat die verbode handeling begaan is, 'n afleiding gedoen kan word, na gelang van die omstandighede, dat die beskuldigde willens en wetens (d.w.s. ook met onregmatigheidsbewussyn) die handeling begaan het. Indien die beskuldigde op 'n verweer wil steun, soos in die onderhawige geval, dat sy nie geweet het dat haar handeling onregmatig was nie, kan haar verweer slaag indien van die getuienis as geheel afgelei kan word dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat sy nie geweet het dat haar handeling onregmatig was nie; en verder, wanneer slegs *culpa* en nie *dolus* alleen as *mens rea* vereis word nie, daar ook 'n redelike moontlikheid bestaan dat sy nie juridies geblameer kan word nie, d.w.s. dat wat al die omstandighede betref, dit redelik moontlik is dat sy met die nodige omsigtigheid te werk gegaan het om haar op hoogte te stel van wat van haar verwag word in verband met die vraag of toestemming om geld uit te neem nodig is of nie. Sou daar op die getuienis as geheel, d.w.s. insluitende die getuienis dat die handeling gepleeg is, 'n redelike twyfel bestaan of daar wel *mens rea*, in die sin soos hierbo beskryf, by die beskuldigde bestaan het, sou die Staat sy saak nie

---

<sup>77</sup> Van Rooyen *Regsdwaling en Dolus in die Strafbreg* 1974 THRHR 18.

<sup>78</sup> Vgl die gesag op 531 C tot G van die uitspraak aangehaal.

sonder redelike twyfel bewys het nie."<sup>79</sup>

Op die feite bevind die Appèlhof derhalwe dat die beskuldigde wel die vereiste *mens rea* ten opsigte van die oortreding van regulasie 3(1)(a) gehad het, maar niè ten aansien van regulasie 10(1)(b) nie aangesien die beskuldigde se dwaling haar skuld uitsluit.

### 4.3 BEDROG EN NADEEL

Dit gebeur dikwels dat 'n persoon wat 'n misdryf kragtens die regulasies pleeg van bedrog en in die alternatief van 'n oortreding van die relevante regulasies aangekla word. Voorbeelde hiervan word aangetref by oortredings van onder andere regulasies 2, 3, 6, 10, 14, 14A, 19 en 22. 'n Tipiese voorbeeld kom voor waar 'n persoon vals of fiktiewe dokumentasie soos fakture, vragbriewe en doeane-inklaringsbriewe aan 'n gemagtigde handelaar voorlê op die voorwendsel dat hy goedere van buite die gemeenskaplike monetêre gebied na die Republiek invoer.<sup>80</sup> Die gemagtigde handelaar verkoop dan op sterkte van die vervalste en/of fiktiewe dokumentasie vreemde valuta aan die persoon wat dit vir welke doeleindes ookal aanwend, sonder dat daar teenwaarde daarvoor in die

---

<sup>79</sup> Op 532 E tot H van die uitspraak.

<sup>80</sup> Skrywer tref 'n onderskeid tussen vervalste en fiktiewe dokumentasie in die sin dat by eersgemelde geval daar 'n ware invoertransaksie voorkom, maar is van die besonderhede wat daarop voorkom soos bv die aankoopprys en/of waarde van die relevante goedere onjuis deurdat die ware aankoopprys argumentsonthalwe R50 000.00 beloop terwyl die ondersteunende dokumentasie dit as R100 000.00 voorgee. In laasgemelde geval word geen goedere ingevoer nie en word geen teenwaarde vir die vreemde valuta in die Republiek ontvang nie, alhoewel die dokumentasie die teendeel voorgee. Die *ratio* vir die onderskeid blyk *infra*.

Republiek ontvang word.<sup>81</sup> Die persoon maak hom in hierdie omstandighede skuldig aan 'n oortreding van o.a. regulasies 2(4)(a), 3(1)(a) en 22. Die persoon maak homself egter ook skuldig aan bedrog deurdat 'n opsetlike wanvoorstelling, waardeur 'n ander benadeel word, gemaak word.<sup>82</sup>

Snyman se omskrywing van bedrog as :

"Die wederregtelike opsetlike verdraaing van die waarheid

---

<sup>81</sup> Ingevolge afdeling B(4)(A) tot (D) van die deviesebeheervoorskrifte word bepaalde vereistes gestel alvorens 'n gemagtigde handelaar vreemde valuta aan 'n persoon wat 'n invoerbetaling wil bewerkstellig, mag verkoop. Dit behels o.a. dat betaling slegs kan geskied indien die betrokke persoon by wyse van dokumentêre getuienis kan aantoon dat (a) hy geregtig is op ontvangs van die goedere, (b) dit reeds in die Republiek ontvang of na die Republiek onderweg is en (c) betaling daarvoor verskuldig is. Spesifieke dokumentasie waarteen betaling kan geskied, word in afdeling B(4)(C)(ii) van die deviesebeheer-voorskrifte omskryf. Indien betaling van R100 000.00 geskied terwyl die waarde van die goedere wat in die Republiek ontvang word, slegs R50 000.00 is, kan die invoerder so R50 000.00 in vreemde valuta buite die Republiek ontvang, welke in 'n buitelandse bankrekening gehou kan word. So 'n proses staan bekend as oorfakturering van invoere, oftewel "over invoicing" in Engels. Dieselfde effek word behaal met onderfakturering van uitvoere. Vgl Hfst 5 *infra* vir 'n gedetailleerde bespreking van voormelde.

<sup>82</sup> In laasgemelde vb van die vervalste dokumentasie word die Republiek se vreemde valuta en goudreserwes benadeel deurdat R50 000.00 se ekwivalent in vreemde valuta uit die land onttrek word sonder dat enige teenwaarde daarvoor ontvang word. Dit is juis hierin geleë waarin die onderskeid tussen vervalste teenoor fiktiewe transaksies belangrik is aangesien die nadeel in laasgemelde relatief groter is as in eersgemelde, mits die grootte van die transaksies proporsioneel is. In skrywer se submitisie is voorgaande relevant by die beoordeling van nadeel aangesien dit 'n faktor is wat by vonnisoplegging oorweeg behoort te word.



wat daarop bereken is om nadeel vir 'n ander te veroorsaak"<sup>83</sup>

is met goedkeuring in *S v Myeza*<sup>84</sup> aangehaal. Daarenteen is die omskrywing van De Wet en Swanepoel<sup>85</sup> ingevolge waarvan vermoënsnadeel vereis word nie in die positiewe reg opgeneem nie aangesien die nadeelvereiste te eng omskryf word.<sup>86</sup>

Wat die handelingsvereiste betref, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die wanvoorstelling ook deur middel van 'n *ommissio* kan geskied waar 'n persoon sou versuim om 'n wesenlike feit te openbaar terwyl daar regtens 'n openbaarmakingsplig bestaan, soos byvoorbeeld in die geval van 'n besondere verhouding tussen partye, of waar 'n regsplig statutêr opgelê word.<sup>87</sup>

---

<sup>83</sup> Snyman 551. In die derde uitgawe op 528 word dit omskryf as: "Die wederregtelike opsetlike maak van 'n wanvoorstelling wat werklike benadeling tot gevolg het, of wat potensiële nadeel vir 'n ander inhou.", welke omskrywing in alle opsigte ooreenstem met die uitspraak in *S v MacDonald* 1982 (3) SA 220 A op 239 H van die uitspraak.

<sup>84</sup> *S v Myeza* 1985 (4) SA 30 T op 31 en 32.

<sup>85</sup> De Wet en Swanepoel 393.

<sup>86</sup> Vgl in die algemeen Snyman 551 ev; De Wet en Swanepoel 393 ev; Coertzen en Sorgdrager 212 ev; *R v Jones* 1926 AD 350; *R v Henkes* 1941 AD 143; *S v Heller* 1964 (1) SA 524 E; *S v Judin* 1969 (4) SA 425 A; *S v Rosenthal* 1980 (1) SA 85 A; *S v Myeza supra*; *S v Van den Berg* 1991 (1) SASV 104 T.

<sup>87</sup> Alhoewel nie 'n *numerus clausus* nie doen skrywer aan die hand dat die volgende gevalle onderskei kan word waar 'n openbaarmakingsplig bestaan, naamlik: (1) 'n besondere verhouding tussen partye, b.v. in geval van vennote, 'n direkteur teenoor 'n maatskappy [*S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W], werknemer teenoor 'n werkgewer [*S v Bloxam* 1971 (2) SA 488 W] of ander kontraktuele verhoudings [*R v Persotam* 1938 AD 92 en *S v Deetlefs* 1953 (1) SA 418 A], (2) waar statutêr 'n regsplig opgelê word soos b.v. artikels 142 en 234

Soos reeds gemeld, is die benadering in die positiewe reg dat potensiele nadeel voldoende is en hoef die Staat nie werklike nadeel wat as gevolg van die wanvoorstelling gerealiseer het, te bewys nie. Soos *infra* sal blyk, hoef nadeel ook nie noodwendig van vermoënsregtelike aard te wees nie, maar kan dit byvoorbeeld ook geleë wees in die aantasting van die staatsbeheer. Ter opheldering van die begrip "likely to prejudice" verduidelik die Hof in *R v Heyne*<sup>88</sup> dat dit nie beteken dat daar 'n waarskynlikheid van nadeel moet wees nie, maar wel 'n moontlikheid daarvan. Aan die ander kant word vereis dat die nadeel darem nie te "fancyful" of "remote" moet wees nie.<sup>89</sup>

Die vraag of nadeel of potensiele nadeel teenwoordig is, moet beoordeel word aan die hand van die feite ten tye waarvan die wanvoorstelling gemaak word en is die feit dat die nadeel uiteindelik nie ingetree het nie irrelevant.<sup>90</sup>

In die *Heyne*-uitspraak<sup>91</sup> is beslis dat die Staat en daardeur die openbare belang benadeel is deurdat valse verklarings in stryd met die destydse

---

van die Maatskappywet, Wet 63 van 1973, artikel 137 van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936 en ook o.a. regulasies 5 en 6. Die toets na die bestaan van 'n openbaarmakingsplig al dan nie is in skrywer se submitisie objektief deurdat daar met verwysing na die geldende gemeenskapsopvatting, oftewel die *boni mores* bepaal moet word of daar (benewens die gevalle waar 'n statutêre plig bestaan) 'n openbaarmakingsplig bestaan, al dan nie.

<sup>88</sup> *R v Heyne* 1956 (3) SA 604 A op 622.

<sup>89</sup> *R v Heyne supra*; *S v Kruger* 1961 (4) SA 816 A en *S v Tshoba* 1989 (3) SA 393 A. (Veral laasgemelde uitspraak het die konsep van nadeel meer beperkend uitgelê.) Vgl Snyman (3) 532 vn 32 vir geldige kritiek op die uitspraak in laasgemelde gewysde. Vgl ook van der Walt CFC *Wat word van die nadeelvereiste by bedrog en by estoppel?* 1973 THRHR 386 - 395.

<sup>90</sup> Vgl bv *R v Henkes* 1941 AD 143.

<sup>91</sup> *R v Heyne supra*.

Drankwet<sup>92</sup> deur die drie beskuldiges gemaak is wat daarop bereken was om die beheer deur die Polisie uitgeoefen ingevolge die voormelde Wet te beïnvloed. In *S v Jass*<sup>93</sup> het die beskuldigde 'n vervalste bestuurderslisensie gebruik wat aldus die hof die moontlike verswakking van die Staat se beheer oor motorbestuurders as potensiële nadeel ingehou het.

Die hof het egter in *S v Tshoba*<sup>94</sup> die effek van die uitspraak in *S v Jass supra* aansienlik getemper. Die 5de beskuldigde het 'n vals paspoort aan die polisie getoon. Die hof het beslis dat die soort belang van die Staat wat *in casu* ter sprake was, synde die Staat se belang in die handhawing van die reg, nie 'n voldoende grondslag is vir 'n skuldigbevinding aan bedrog nie en dat dit nie gepas sou wees om die reeds wye konsep van potensiële nadeel verder uit te brei nie.

Wat deviesebeheer betref, moet die vraag na nadeel beantwoord word met verwysing na die doel en oogmerke daarvan. Soos reeds in hoofstuk 1 *supra* aangetoon, is die hoofogmerke met die toepassing van deviesebeheer in die Republiek:

- (1) Om die vreemde valuta en goudreserwes te beskerm deur beheer uit te oefen oor die verkryging, besit en besteding van vreemde valuta en goud deur:
  - (a) die tydige repatriasie in die Suid-Afrikaanse bankstelsel van alle vreemde valuta en goud welke deur inwoners bekom word, hetsy uit hoofde van lopende, hetsy uit hoofde van kapitaaltransaksies;
  - (b) die verlies van vreemde valuta uit die vreemde valuta

---

<sup>92</sup> Wet 30 van 1928.

<sup>93</sup> *S v Jass* 1965 (3) SA 248 OK.

<sup>94</sup> *S v Tshoba* 1989 (3) SA 393 A.

- reserwes, deur die oordrag daarvan deur middel van finansiële instrumente na die buiteland te verhoed;
- (c) die verlies van goud uit die goudreserwes, deur die oordrag daarvan op welke wyse ookal na die buiteland te verhoed;
  - (d) 'n effektiewe stelsel te skep waardeur die invloei na en uitvloei van die Republiek van vreemde valuta en goud beheer kan word, sonder dat dit normale *bona fide* lopende handelstransaksies onnodig beperk;
  - (e) die onttrekking van kapitaal uit die Republiek deur middel van oënskynlike *bona fide* lopende handelstransaksies deur byvoorbeeld oor fakturering van invoere en die onderfakturering van uitvoere, te voorkom;
- (2) Om die buitelandse waarde van die Rand te beskerm deur onnodige druk op die vreemde valuta en goudreserwes en depresiasie van die vreemde valuta inruilwaarde van die Rand te beperk, welke op hulle beurt aanleiding kan gee tot onder andere :
- (a) 'n toename in binnelandse inflasie;
  - (b) 'n verswakking in die Republiek se internasionale handel en voortgesette negatiewe betalingsbalans onewewig;
  - (c) laer binnelandse groei; en
  - (d) 'n gevolglike toename in werkloosheid;
- (3) Om beheer uit te oefen oor die verlies van kapitaal deur die oordrag van reële bates en/of goedere uit die Republiek na die buiteland sonder dat enige teenwaarde daarvoor ontvang word;
- (4) Om as 'n monetêre beleidsinstrument gebruik te word om die makro-ekonomiese doelwitte, en spesifiek betalingsbalans ewewig, gunstig te beïnvloed.<sup>95</sup>

---

<sup>95</sup> Teoreties behoort enige handeling wat voormelde doelstellings kortwiek tot nadeel aanleiding te gee. Die waarskuwing dat nadeel nie "*too remote and fanciful*" moet wees nie, moet egter nie uit die oog verloor word nie.


Skematies beskou kan nadeel by deviesebeheeroortredings soos volg uitgebeeld word:<sup>96</sup>

SIEN FIGUUR 4.1 OP BLADSY 105

---

<sup>96</sup> Daar kan myns insiens onderskei word tussen drie verskillende "vlakke" van nadeel, synde eerstens op nasionale vlak waar daar teenstrydig met regulasie 3(1) en 10(1) onderskeidelik Suid-Afrikaanse Randnote, goedere en veral **kapitaal** uit die Republiek verwyder word, in welke geval daar nie 'n verlies aan vreemde valuta en/of goud is nie, maar wel 'n vermindering in die binnelandse waarde van kapitaal van die Republiek (op die aanname dat geen behoorlike teenwaarde ontvang word nie). Tweedens op internasionale vlak waar daar fisiese verlies van vreemde valuta en/of goud voorkom, hetsy weens die onregmatige uitvoer, hetsy weens die onregmatige versuim om dit na die Republiek te repatrieer en derdens op beide nasionale sowel as internasionale vlak waar die monetêre beheer wat die regulasies ten grondslag lê, beïnvloed word.

FIGUUR 4.1



**VOETNOTA'S TOT FIGUUR 2:**

<sup>96</sup> Die rede waarom daar tussen die nasionale en internasionale vlakke onderskei word, is bloot daarin geleë dat (1) die uitvoer van Suid-Afrikaanse Banknote [regulasie 3(1)] en die uitvoer van goedere en/of kapitaal sonder ontvangs van teenwaarde daarvoor [regulasie 10(1)] nie op 'n direkte wyse die vreemde valuta en goudreserwes beïnvloed nie. Daarenteen word met internasionale vlak bedoel daardie handeling wat die vreemde valuta en goudreserwes direk beïnvloed.

<sup>97</sup> Daar kan natuurlik geargumenteer word dat, spesifiek wat die uitvoer van kapitaal betref [regulasie 10(1)] dit wel die vreemde valuta en goudreserwes indirek beïnvloed deurdat daar streng gesproke vreemde valuta verdien kon word indien vreemde valuta as teenwaarde ontvang sou word wanneer die kapitaal uitgevoer word. Dit maak nie werklik enige verskil na welke kant die argument gevoer word nie, aangesien die belangrikste aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, die nadelige invloed wat die ongemagtigde uitvoer van kapitaal op die betalingsbalans het, is.

<sup>98</sup> Vgl bv *S v De Castro* 1979 (2) SA 1 A, *S v Runds* 1978 (4) SA 304 A, *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

<sup>99</sup> *S v Minnaar* 1981 (3) SA 767 D.

<sup>100</sup> *S v Bedford* 1979 (3) SA 656 D.

<sup>101</sup> *S v Bergmann* 1977 (3) SA 589 A.

<sup>102</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

103 *S v Runds* 1978 (4) SA 304 A.

104 Dit is duidelik dat die howe oortredings van dié aard in 'n mindere ernstige lig beskou as waar 'n onregmatige **uitvoer** van vreemde valuta en/of goud voorkom, soos bv by regulasies 3, 10 en 14. Vgl bv die uitspraak van Regter Steyn in *S v Placido* 1980 (2) SA 850 T. Aangesien daar in beide gevalle 'n verlies aan vreemde valuta is, hetsy vanweë die onregmatige uitvoer, hetsy vanweë die onregmatige versuim om dit na die Republiek te repatrieer, is die nadeel in beide gevalle kennelik dieselfde synde minder vreemde valutareserwes as wat daar behoort te wees.

105 *S v Immelman* 1978 (3) SA 726 A.

106 *S v Pamensky* 1978 (3) SA 932 E.

107 *S v Placido* 1980 (2) SA 850 T.

108 Dit moet deurentyd in gedagte gehou word dat die faktore wat ekonomiese prestasie beïnvloed onderling op mekaar inwerk en dat sekere negatiewe gevolge meer invloed as ander op die ekonomie het. Daar kan gevolglik nie sondermeer aanvaar word dat 'n tekort aan vreemde valuta en goudreserwes op sigself tot ondergemelde sal aanleiding gee nie, alhoewel dit moontlik is.



Alhoewel die howe selde die nadeel wat uit deviesebeheeroortredings en/of deviesebeheerbedrog voortspruit in detail bespreek, word algemeen aanvaar dat sodanige oortredings nadelig op die ekonomie inwerk. In *S v Kets*<sup>109</sup> het regter Diemont hom in die verband soos volg uitgelaat:

*"...there was a loss of a sum in excess of \$6 000 000.00. This was theft from our currency reserves on a grand scale and at a time when South Africa's reserves were dwindling. There is no doubt, regard being had to mr Senekals' evidence that Kets' actions have prejudiced the Reserve Bank, the Treasury and the country and maybe in the long run the man in the street.*

*Without (foreign currency)... or where there is a scarcity of it, a country cannot develop. South Africa is no exception to that rule and that is why, according to mr Senekal, the State endeavours by various means to exercise strict control over foreign currency. Where that control is flattered or illegally evaded or fraudulently bypassed the consequences can be far reaching and serious and as mr Kahn for the State has pointed out, any person who assists in a scheme to undermine such control is guilty of a form of economic sabotage to the country."*

Ook in *S v Pillay*<sup>110</sup> en *S v Temple*<sup>111</sup> is 'n soortgelyke benadering gevolg en stel waarnemende Regter President Boshof dit in laasgemelde

---

<sup>109</sup> Ongerapporteerde uitspraak op 23 Maart 1977 in die Kaapse Provinsiale Afdeling onder saaknommer KS 132/1977, op bladsy 51 daarvan.

<sup>110</sup> *S v Pillay* 1977 (4) SA 531 A.

<sup>111</sup> *S v Temple* 1978 (3) SA 185 W.

gewysde soos volg:<sup>112</sup>

*"As a developing country South Africa is a net user or spender of foreign currency. That is to say, South African needs more foreign currency for its development than it earns. To ensure continued growth South Africa has to supplement its earnings in foreign currency by local borrowing from foreign countries. It is vitally important that South Africa should continue to grow in its development so as to enable it to create job opportunities and in this way to achieve prosperity and a high standard of living for all its people. It is therefore of utmost importance that South Africa's existing holdings of foreign currency are utilised only for purposes which can be regarded as desirable or necessary or essential from a broad, economic, national point of view. That is to say that South Africa should receive something tangible in return for any loss of foreign exchange. It is for this reason then that the Exchange Control Regulations do provide that, if a person applies for and is granted foreign currency for a specific purpose but no longer requires the foreign currency for the purpose stated, such person must resell the foreign currency to an authorised dealer.*

*To counteract a persistent decline in the country's foreign exchange reserves or to conserve its existing reserves, the authorities have been compelled to introduce restrictive measures. These measures directly or indirectly affect each and every man in the street. One of the measures adopted by the authorities in the past was to devalue the Rand against*

---

<sup>112</sup> Op 187 C - H van die uitspraak.

*foreign currency. A devaluation of the Rand has an inflationary effect on prices, not only of imported goods but also of locally manufactured goods. A further measure was the temporary imposition of deposits on imports which became effective on 2 August 1976. This was subsequently replaced by the imposition of an import levy of 50% on almost all imported goods. This measure also had an inflationary effect.*

*To inter alia conserve reserves a policy of high interest rates is followed and ceilings have been placed on bank's credit to the private sector. Fuel conservation measures were introduced on 22 October 1976 as a measure to conserve foreign exchange."*

Regter Boshoff stel dit gevolglik dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank genoodsaak was, onder andere om die vreemde valuta reserwes te beskerm om streng monetêre beheer waardeur rentekoerse verhoog is toe te pas, en dat die handeling van die beskuldigde deur die onwettige oordrag van vreemde valuta uit die Republiek wat die betalingsbalans negatief beïnvloed op die lange duur ook die algemene publiek benadeel.<sup>113 114</sup>

---

<sup>113</sup> Op 186 H, 187 H en 188 A - C van die uitspraak.

<sup>114</sup> Die meeste gerapporteerde uitsprake benader die vraag rondom nadeel soos die voormelde aangehaalde gewysdes en is dit duidelik dat algemeen aanvaar word dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank deviesebeheer as 'n monetêre beleidsinstrument aanwend om die vreemde valuta en goudreserwes te beskerm en as sodanig die betalingsbalans so gunstig moontlik te beïnvloed en dat handeling wat teenstrydig met die regulasies is, sodanige doelstellings benadeel. Soos uit die bespreking van vonnisoplegging asook die onderskeie regulasies *infra* blyk, word algemeen aanvaar dat handeling wat 'n verlies aan bestaande vreemde valuta en goudreserwes tot gevolg het, duidelik meer benadelend is as handeling wat byvoorbeeld bloot die beheer van die Suid-

Oor die vraag, in welke opsig handeling wat teenstrydig met die toepassing van deviesebeheer is die nasionale ekonomie benadeel, is daar in die ekonomiese vakgebied min eenstemmigheid. 'n Duidelike onderskeid kan egter getref word tussen diegene wat meen dat dit wel toegepas behoort te word, minstens vir solank as wat die vreemde valuta en goudreserwes formele beskerming nodig het, en diegene wat dit bloot as onbesonne ekonomiese beleid beskou.

Wat eersvermelde betref, hoef daar bloot na die toepassing van deviesebeheer in die Republiek gelet te word om te beseef dat diegene wat betrokke was en is by die formulering van die ekonomiese beleid van die Republiek en wat internasionaal bekende ekonome soos wyle dr G P C de Kok en dr C L Stals insluit, van mening was en is dat deviesebeheer wel toegepas behoort te word, maar dat dit op die lang termyn, wanneer ekonomiese toestande gunstig is, afgeskaal en later afgeskaf behoort te word. So is daar byvoorbeeld reeds in die Eerste Tussentydse Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika<sup>115</sup> in 1978 voorgestel dat deviesebeheer op die lang termyn uitgefasseer moet word.<sup>116</sup> Insiggewend is egter die inhoud van

---

Afrikaanse Reserwebank en/of Tesourie beïnvloed soos wat die geval is by 'n oortreding van byvoorbeeld regulasie 2(4)(a).

<sup>115</sup> Eerste Tussentydse Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika RP 112 van 1978. Drie verslae is deur die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika onder voorsitterskap van wyle dr G P C de Kok uitgebring nl (1) die Eerste Tussentydse Verslag genaamd "Wisselkoerse in Suid-Afrika", (2) die Tweede Tussentydse Verslag genaamd "Die Bouverenigings, die Finansiële Markte en Monetêre Beleid", RP 93 van 1982 soos voorgelê op 7 Desember 1982 en (3) die Finale Verslag genaamd "Die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika", RP 70 van 1984 soos voorgelê gedurende Mei 1985.

<sup>116</sup> Vgl Hfste 4 en 5 van die Eerste Tussentydse Verslag en in besonder paragrawe 9 en 44 in die Lys van Aanbevelings, bladsye 44, 45 en

paragraaf 11.14 in hoofstuk 11 van die Finale Verslag waar die volgende stelling voorkom:<sup>117</sup>

"Die nuwe wisselkoers-valutabeheerstelsels wat die Kommissie aanbeveel het, is plaaslik sowel as in die buiteland oor die algemeen gunstig ontvang. Hierdie aanbevelings is deur menige gesien as goed vir die sakemoreel en bevorderlik vir buitelandse belegging deur die medium van die finansiële rand. 'n Sending van die **Internasionale Monetêre Fonds** wat Suid-Afrika in Februarie 1979 besoek het, het ook **gunstige kommentaar gelewer** en akkoord gegaan met die volgehoue praktyk van tweeledige wisselkoerse as 'n oorgangsreëling."

In 'n artikel "*WATERTIGHT AS A SIEVE*"<sup>118</sup> waarin Allan Greenblo die werking van 'n finansiële rand "*round tripping*" skema verduidelik, kom die skrywer tot die volgende oortuigende gevolgtrekking:<sup>119</sup>

*"At what cost to the reserves, then, is the finrand mechanism being abused by foreign trusts and companies? It is impossible to quantify because, to be sure, the necessary documentation will invariably be in order. Off course, there will be certification from some industrial consultant somewhere that the plant value has been correctly reflected. Off course, there will be letterheads to indicate that the overseas trust or company has been correctly registered.*

---

48 respektiewelik.

<sup>117</sup> Op 129 van die Finale Verslag. (My beklemtoning)

<sup>118</sup> "Finance Week" (1988.11.24) 7.

<sup>119</sup> *Ibid* (My beklemtoning).

*But, with all the paperwork in place, the Reserve Bank is actually dealing with shadows. Short of making physical inspections of similar plant abroad, and of tearing its hair in a futile endeavour to establish beneficial ownership of each obscure trust or company, it is on a hiding to nothing.*

*It is unconscionable that such frauds on the Exchequer be perpetrated. **South Africans as a whole must pay for them** because capital leakages exacerbate balance of payments pressures which in turn lead to higher interest rates and similar restrictions on economic growth. The Bank needs to take the matter seriously. At least, it should insist not only that an internationally recognised auditing firm certify the value of imported plant and machinery but also that beneficial ownership of the overseas trust or company be disclosed to it. At worst, tighter restrictions on use of finrands may have to be imposed.*

***For those free marketeers who balk at the thought, consider who benefits and who is prejudiced. The amount of money involved in even the simplest transaction is not exactly peanuts.***

In 'n ander artikel "*MORE THAN MORALITY*"<sup>120</sup> stel dieselfde skrywer dit onomwonde dat die vreemde valuta en goudreserwes, en "*ultimately it is South Africa at large*"<sup>121</sup> wat by deviesebeheeroortredings benadeel word. Wanneer die voormelde standpunte beoordeel word, moet die belangrike kwalifikasie dat dit onnodig is om deviesebeheer toe te pas

---

<sup>120</sup> "Finance Week" (1988.09.01) 11.

<sup>121</sup> *Ibid.*

**indien ekonomiese omstandighede dit toelaat** deurentyd in gedagte gehou word.

Daarenteen is daar diegene soos Spandau<sup>122</sup> wat deviesebeheer as "*misguided economic policy*" beskou<sup>123</sup> en wat die mening toegedaan is dat die toepassing van deviesebeheer presies die teenoorgestelde effek behaal het as wat daarmee beoog is, naamlik 'n uitvloeï van kapitaal eerder as 'n invloeï daarvan. Uit sodaniges se oogpunt kan oortredings van die regulasies gevolglik nooit benadelend vir die Republiek se ekonomie wees nie aangesien dit volgens hulle nooit toegepas behoort te word nie. Oelofse<sup>124</sup> moet egter onomwonde ondersteun word waar hy dit stel dat 'n persoon, soos Spandau, wat nie met die ekonomiese beleid van die owerheid saamstem nie, nie daarom geregtig is om op 'n onredelike wyse die howe wat die bestaande wetgewing toepas te kritiseer nie. Miskien is die mees gepaste kritiek op Spandau se artikel die volgende aanhaling:<sup>125</sup>

*"... (Spandau) propounds the view that our exchange controls, so far from protecting our economy and conserving our reserves of foreign currency, are detrimental to the former and likely to diminish the latter. That view is not unique; it has been propounded by others. But it is in conflict with the views of eminent economists who've had a hand in shaping the foreign- exchange policy of this country and of others.*

---

<sup>122</sup> Spandau, Universiteit van die Witwatersrand, Departement *Business Economics*.

<sup>123</sup> Spandau *A Severity of Punishment for Foreign Exchange Offences* 1978 SALJ 394 op 403.

<sup>124</sup> Oelofse 95.

<sup>125</sup> *Amicus curiae Economist and Lawyer: Punishment for Foreign Exchange Offences* 1979 SALJ 116.

*It is not for a mere lawyer to take sides in this conflict of opinion between economists. But he might be permitted the observation that to those who are uninstructed in economic science, it does not seem surprising that such a controversy should have arisen. The observation is not based upon a detected weakness in the traditional view about the functions and effectiveness of exchange controls; it is based upon the well-known ability of eminent economists to disagree with one another about almost anything."*

Alhoewel die vraag of oortredings van die regulasies die nasionale ekonomie benadeel of nie, nie eenstemmig beantwoord word nie, moet die hof in die toepassing van die Republiek se wetgewing kennis neem van die erns waarmee die wetgewer dit beskou en dit dienoreenkomstig toepas. Die toepassing van deviesebeheer en die vraag of dit bevoordelend of benadelend vir 'n land of gebied se ekonomie is, is 'n internasionale vraagstuk en kan die hof natuurlik ook kennis neem van die wye aanvaarding daarvan in veral ontwikkelende lande.

#### 4.4 POGING<sup>126</sup>

Aangesien die bewoording van die regulasies nêrens na poging verwys nie, is die algemene beginsels wat vir die misdaad poging geld ook op die regulasies van toepassing. In die opsig moet beklemtoon word dat,

(1) poging 'n afsonderlike misdaad is;<sup>127</sup>

---

<sup>126</sup> Vgl in die algemeen Snyman 304 ev, De Wet & Swanepoel 164 ev, Van Wyk 1977 *De Jure* 162.

<sup>127</sup> Die Appèlhof het in *S v Robinson* 1968 (1) SA 666 A by implikasie beslis dat poging 'n afsonderlike misdaad is en dit finaal erken in *S v Moloto* 1981 (1) SA 844 A.



116

- (2) onderskei moet word tussen geskorste-, voltooide-, ondeugdelike poging en poging by vrywillige terugtrede;<sup>128</sup>
- (3) dat 'n feitebeslissing<sup>129</sup> in elke geval gemaak moet word om te bepaal wanneer die dader se optrede nog net 'n voorbereidingshandeling is en wanneer dit reeds 'n uitvoeringshandeling daarstel.<sup>130</sup>

Van Rooyen<sup>131</sup> betoog dat daar aan die hand van die wederregtelikhedsmaatstaf getoets moet word of die feite op 'n voorbereidingshandeling of 'n uitvoeringshandeling neerkom en dat die regssoortuigings gevolglik moet aantoon of die beskuldigde se handeling onredelik en dus reeds 'n uitvoeringshandeling is, al dan nie. Hy stel dus voor dat die feite aan die hand van die redelikhedsmaatstaf getoets moet word wat dus ook inhou dat die toets, soos wat die gemeenskapsopvatting verander, ook daarby aangepas word.

Myns insiens kan die benadering ondersteun word mits daar in die toepassing daarvan nie met 'n suiwer objektiewe toets gewerk word nie,

---

<sup>128</sup> Vgl in besonder Snyman 310, 311, 314 en 319.

<sup>129</sup> Sien *S v du Plessis* 1981 (3) SA 381 A.

<sup>130</sup> Daar moet deurentyd tussen die voorbereidingshandeling en die uitvoeringshandeling onderskei word en moet die feite in elke geval afsonderlik ontleed word. Dit wil voorkom asof die regspraak sedert die beslissing in *R v Schoombie* 1945 AD 541 'n meer subjektiewe benadering toepas om te bepaal of die betrokke feite 'n voorbereidings- of 'n uitvoeringshandeling daarstel, soos blyk uit die woorde van Hoofregter Watermeyer, op 546 van die verslag, naamlik:  
"...his **acts** have reached such a stage that it can properly be inferred that his **mind was finally made up** to carry through his evil purpose..." (My beklemtoning).

<sup>131</sup> Van Rooyen *Poging en Wederregtelikheid* E M Hamman Gedenkbundel (red Joubert) (1984) 165.

maar wel met 'n normatiewe toets soos deur Snyman voorgestel.<sup>132</sup> Dit strook ook met die benadering in die *Scoombie* uitspraak *supra* asook met die feit dat, by ondeugdelike poging, dit juis die dader se **gesindheid** en/of **motief** is wat sy handeling wederregtelik maak. Snyman<sup>133</sup> voer aan dat die Suid-Afrikaanse regspraak, en ander vergelykbare buitelandse regstelsels nòg 'n objektiewe nòg 'n subjektiewe benadering volg en dat die howe eerder 'n kompromie tussen die twee toepas.

'n Aspek wat besondere melding verdien kom voor by regulasie 3(1)(a) wat onder andere bepaal dat geen persoon, benewens die Tesourie se voorwaardes, enige vreemde valuta of goud uit die Republiek mag neem of stuur nie. Die vraag is nou of 'n persoon wat op die punt is om die land te verlaat en dan gearresteer word, slegs skuldig is aan 'n poging om regulasie 3(1)(a) te oortree waar daar vreemde valuta of goud by die persoon gevind word, sonder dat hy die nodige toestemming vir die besit en uitneem daarvan het, voordat die landsrens oorgesteek is. Die vraag moet beantwoord word deur te bepaal op welke stadium dit beskou kan word dat 'n persoon reeds die Republiek verlaat het en die vreemde valuta of goud dus reeds uit die Republiek geneem is. In *S v De Blom*<sup>134</sup> het die verdediging betoog dat die beskuldigde nie die \$40 000.00 uit die Republiek geneem het nie, maar slegs gepoog het om dit te doen aangesien die vreemde valuta nog nie fisies uit die Republiek geneem is nie, toe dit by die lughawe deur die Suid-Afrikaanse Polisie onderskep is. Hoofregter Rumpff beslis, met respek tereg, dat dit futiel sou wees om te verwag dat die vreemde valuta of goud eers fisies uit die land geneem

---

<sup>132</sup> Vgl Snyman 100 en 103 asook die bespreking van wederregtelikheid in paragraaf 4.2.2 *supra*.

<sup>133</sup> Snyman 310.

<sup>134</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A. Sien Hfst 4.2.3.3 *supra* vir 'n volledige bespreking.

moet wees alvorens die misdaad gepleeg kan word. Hy stel dit soos volg:<sup>135</sup>

"Dit moet dus geag word dat 'n persoon juwele of geld uit die Republiek kan neem voordat die grens (per pad, spoor, lug of see) oorgesteek is. Dit sal gevolglik ook van die omstandighede van elke geval afhang of die oortreding as voltooid beskou kan word of nie."

Nadat hy die feite oorweeg het, beslis Regter Rumpff dat die beskuldigde vir die doeleindes van regulasie 3(1)(a) inderdaad die vreemde valuta uit die land geneem het en dat dit dus nie slegs 'n poging was nie, maar dat die oortreding van regulasie 3(1)(a) voltooid was.

In die praktyk sal die beampte van die Suid-Afrikaanse Reserwebank of die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Departement Doeane wat die verdagte in 'n situasie soos in die De Blom geval konfronteer gewoonlik wag totdat die persoon reeds deur paspoortbeheer tot in die internasionale vertreksaal beweeg het. Die rede hiervoor is eenvoudig dat dit dan veel makliker vir die Staat is om te bewys dat die betrokke persoon:

- \* van plan was om die land te verlaat, en
- \* op daardie stadium nie meer die betrokke vreemde valuta of goud aan 'n ander persoon (wat nie die land sou verlaat nie) sou kon oorhandig nie.

'n Ander geval wat ook hier vermelding verdien kom voor waar daar wederregtelik in vreemde valuta handel gedryf word, of dit bloot wederregtelik besit word, terwyl die vreemde valuta vervals is en gevolglik nie werklike vreemde valuta is nie. In skrywer se submisie sal 'n persoon

---

<sup>135</sup> Op 533 G-H van die uitspraak.

onder sodanige omstandighede homself skuldig maak aan ondeugdelike poging soos die geval was in die Appèlhofuitspraak in *S v Davies*.<sup>136</sup>

#### 4.5 UITLOKKING EN SAMESWERING

Die uitlokking tot 'n misdaad en die sameswering om 'n misdaad te pleeg, is ook op die deviesebeheerwetgewing van toepassing. Alhoewel daar nêrens pertinent in die Wet en regulasies melding van uitlokking of sameswering gemaak word nie, is die aard van deviesebeheer-oortredings juis sodanig dat daar dikwels meerdere persone daarby betrokke is.

Wat uitlokking betref, moet gelet word op die bepalings van artikel 18(2)(b) van die Wet op Oproerige Byeenkomste, Wet 17 van 1956 wat soos volg lui:

"Iemand wat ... 'n ander persoon uitlok, aanstig, beveel of verkry om 'n misdaad, hetsy ingevolge die gemenerereg of ingevolge 'n statuut of 'n statutêre regulasie te pleeg, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldig bevinding strafbaar met die straf waarmee 'n persoon wat weens die werklike pleging van daardie misdryf skuldig bevind is, gestraf kan word."

Die *locus classicus* wat uitlokking betref, is waarskynlik die uitspraak van Appèlregter Holmes in *S v Nkosiyana*<sup>137</sup> waaruit dit blyk dat die kern van die misdaad geleë is in die strewe en pogings van die beskuldigde wat daarop uit is om 'n misdadige gesindheid by 'n ander op te wek. Dit moet in gedagte gehou word dat, soos by poging, die staat die handeling,

---

<sup>136</sup> *S v Davies* 1956 (3) SA 52 A.

<sup>137</sup> *S v Nkosiyana* 1966 (4) SA 655 A, en veral op 658 en 659 van die uitspraak.

wederregtelikheid en **opset** bo redelike twyfel moet bewys en dat, soos by sameswering die geval is, 'n persoon slegs van uitlokking aangekla word indien die misdaad nie gepleeg is nie.<sup>138</sup>

Artikel 18(2)(a) van die Wet op Oproerige Byeenkomste, Wet 17 van 1956 stel die sameswering om 'n misdaad te pleeg strafbaar en lui soos volg, naamlik:

"Iemand wat ... met 'n ander persoon saamsweer om by die pleeg van 'n misdryf, hetsy ingevolge die gemenerereg of ingevolge 'n statuut of statutêre regulasie, behulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg... is aan 'n misdryf skuldig en by skuldig bevinding strafbaar met die straf waarmee 'n persoon wat weens die werklike pleging van daardie misdryf skuldig bevind is, gestraf kan word."

Die vereistes vir sameswering kan soos volg saamgevat word, naamlik:

- (1) 'n Ooreenkoms, hetsy uitdruklik, hetsy stilswyend,
- (2) Tussen twee of meer persone,
- (3) Om 'n misdaad te pleeg.

Die handeling bestaan in die sluit van die ooreenkoms en geen uitvoeringshandeling word vereis alvorens die misdaad gepleeg word nie. Die misdryf is voltooi sodra die ooreenkoms tot stand kom en indien 'n uitvoeringshandeling reeds plaasgevind het, kan die betrokkenes as mededaders of medepligtiges skuldig bevind word. Snyman<sup>139</sup> toon tereg aan dat daar twee onderafdelings is wat die opsetvereiste betref, naamlik:

---

<sup>138</sup> Vgl *R v Milne & Erligh* (7) 1951 (1) SA 791 A.

<sup>139</sup> Snyman 325 asook Snyman 1984 SASK 3.

- (1) Die opset om saam te sweer, (soos uit die ooreenkoms blyk); en
- (2) Die opset om die betrokke misdaad te pleeg of die pleging daarvan te bevorder.

In *S v Bergmann*<sup>140</sup> is die beskuldigde op 'n pleit van skuldig skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 18(2)(a) van die Wet op Oproerige Byeenkomste<sup>141</sup> deurdat hy met twee ander persone saamgesweer het om R40 000.00 in vreemde valuta te omskep en dit daarna wederregtelik en sonder die vereiste toestemming van die Tesourie na die buiteland te versend. 'n Vonnis van R15 000.00 met 'n alternatief van een jaar gevangenisstraf is opgelê waarteen geappelleer is op grond daarvan dat:

- (1) Die Hof nie bevoeg was om 'n groter vonnis as die maksimum straf van R10 000.00 soos deur regulasie 22<sup>142</sup> voorgeskryf, op te lê nie;
- (2) Die vonnis in ieder geval onredelik streng en onvanpas was.

Die vraag wat op appèl beantwoord moes word, was of die voorbehoud in regulasie 22 wat bepaal dat:

"...(M)et dien verstande dat waar iemand skuldig bevind word aan 'n oortreding van hierdie regulasies **met betrekking tot 'n geldwaardige papier, vreemde valuta, goud, 'n banknoot, tjek, posorder, wissel, bewys, skuld, betaling of goedere, die boete wat hom opgelê kan word, 'n boete van hoogstens (R10 000.00) is, of 'n bedrag wat gelykstaan**

---

<sup>140</sup> *S v Bergmann* 1977 (3) SA 589 A.

<sup>141</sup> Wet 17 van 1956.

<sup>142</sup> Die maksimum straf wat toe R10 000.00 en/of 5 jaar gevangenisstraf was, is intussen verhoog tot R250 000.00 en/of 10 jaar gevangenisstraf.

**aan die waarde van die geldwaardige papier, vreemde valuta, goud, banknoot, posorder, wissel, bewys, skuld, betaling of goedere, naamlik die grootste bedrag",<sup>143</sup>**

op die onderhawige geval van toepassing was, al dan nie.

Daar is in die hof *a quo* namens die beskuldigde geargumenteer dat die skuldig pleit en skuldig bevinding geslaan het op die oortreding van artikel 18(2)(a) van die Wet op Oproerige Byeenkomste<sup>144</sup> en nie op die oortreding van regulasie 3(1)(a) nie. Die argument was voorts dat die voorbehoud soos in regulasie 22 vervat wat 'n vonnis van meer as die voorgeskrewe maksimum straf toelaat nie van toepassing was nie aangesien regulasie 3(1)(a) nie self oortree is nie en die oortreding ook nie as 'n misdryf "*in relation to any ...foreign currency...*" soos wat die voorbehoud vereis, beskou kon word nie, aangesien die geld nooit in vreemde valuta omskep is nie.<sup>145</sup>

Die argument is, tereg, verwerp en bevind die Hof dat, met verwysing na die vereistes vir sameswering dit duidelik was dat dit die beskuldigde se bedoeling en opset was om, met die samewerking van die twee ander betrokkenes R40 000.00 in vreemde valuta te omskep en dit in stryd met regulasie 3(1)(a) na die buiteland te versend en dat die Hof *a quo* tereg bevind het dat die voorbehoud in regulasie 22 inderdaad op die geval van toepassing was, by gevolg waarvan 'n vonnis van meer as die maksimum

---

<sup>143</sup> (My beklemtoning) Vgl ook die bespreking van vonnisoplegging in paragraaf 4.7 *infra* asook die bespreking van regulasie 22 in Hfst 5 *infra*.

<sup>144</sup> Wet 17 van 1956.

<sup>145</sup> Sien bv 589 F - H en 590 A - C van die betoog namens appèllant en veral 592 en 593 van Appèlregter Miller se uitspraak.

van R10 000.00 opgelê kon word.<sup>146</sup>

Alhoewel die bewoording van artikels 18(2)(a) en (b) beide bepaal dat die samesweerder en/of uitlokker met dieselfde strawwe by skuldigbevinding strafbaar is as die straf waarmee 'n persoon wat weens die werklike pleging van die betrokke misdryf bestraf kan word, word algemeen aanvaar dat 'n ligter straf by sameswering en uitlokking opgelê word as by die werklike pleging van die betrokke misdaad.

## 4.6 BORGTOG<sup>147</sup>

### 4.6.1 Inleiding

Hiemstra<sup>148</sup> omskryf borgtog as 'n middel waardeur gepoog word om die beskuldigde se vryheid so min as moontlik te beperk op 'n stadium waarop die beskuldigde nog nie veroordeel is nie. Implisiet blyk uit die definisie twee teenstellende belange synde :

- \* Die individu/beskuldigde se reg op persoonlike vryheid; en
- \* Die belang van die regspleging wat inhou dat 'n beskuldigde sy verhoor moet bywoon en verhoed moet word om regsverydelend te handel.

As synde 'n onderdeel van die Strafprosesreg is die bronne van die

---

<sup>146</sup> Die appèl is gevolglik afgewys.

<sup>147</sup> Soos by die bespreking van die Misdaadelemente is dit hoegenaamd nie die bedoeling om 'n volledige uiteensetting van die reg in sake borgtogverlening na arrestasie hierin weer te gee nie, maar bloot om die aspekte wat veral by deviesebeheeroortredings oorweging behoort te geniet, uit te wys.

<sup>148</sup> Vgl Hiemstra 139 en Kriegler 141 ev asook Nel 1 en 2.



Statutêreborgtogreg geleë in Hoofstuk 9 van die Strafproseswet,<sup>149</sup> asook sekere artikels van die Wet op Binnelandse Veiligheid<sup>150</sup> en die Wet op Uitlewering.<sup>151</sup> Daarmee saamgelees is die bepalings van die Grondwet,<sup>152</sup> veral uit die beskuldigde se oogpunt van wesenlike belang. Benewens die voorgaande is die belangrikste bron van die borgtogreg geleë in die uitsprake van die verskillende howe betrokke wat die relevante wetgewing en beslissings interpreteer en sekere algemene beginsels aan die hand daarvan neerlê.

#### 4.6.2 Die faktore ter oorweging van 'n borgtogaansoek

Aldus Hiemstra<sup>153</sup> is daar drie oorwegings wanneer die verlening van borgtog in oënskou geneem word, naamlik:

- \* Die risiko dat die beskuldigde sy verhoor sal ontduik;
- \* Die risiko dat die beskuldigde weer/verdere misdaad sal pleeg voor die verhoor; en
- \* Die moontlikheid dat die regspleging verydel sal word.

In 'n volledige bespreking van die relevante faktore, wat nié 'n *numerus clausus* is nie, kom Nel<sup>154</sup> tot die sinvolle gevolgtrekking dat die oorwegings almal 'n gemeenskaplike oogmerk het, naamlik om te bepaal of die beskuldigde, sonder om die regspleging te verydel, die verhoor sal bywoon. Wat die verydeling van die regspleging betref, is die nie-

---

<sup>149</sup> Wet 51 van 1977.

<sup>150</sup> Wet 74 van 1982.

<sup>151</sup> Wet 67 van 1962.

<sup>152</sup> Wet 200 van 1993.

<sup>153</sup> Hiemstra 142 en 143.

<sup>154</sup> Nel 70 par 4.1 en ook 135 par 4.3.

bywoning van die verhoor op sigself regsverydelend, maar sluit ander faktore soos veral:

- \* Inmening met staatsgetuies;
- \* Belemmering van die polisie-ondersoek; en
- \* Die gevaar van pleging van verdere misdrywe

daarby aan.

Vir sover dit die faktore wat die risiko vir die bywoning van die verhoor betref, behoort daar minstens aan die volgende oorweging geskenk te word, naamlik:<sup>155</sup>

- \* Die houding van die Staat jeens die verlening van borgtog;
- \* Die aard en erns van die ten laste gelegde misdryf;
- \* Die waarskynlikheid van skuldigbevinding;
- \* Waarskynlike vonnis;
- \* Uitleweringsmoontlikhede indien die beskuldigde sou vlug;
- \* Vorige veroordelings;
- \* Meerdere klagtes, meerdere beskuldigdes en verdere moontlike klagtes;
- \* Die persoonlike omstandighede van die beskuldigde.

#### **4.6.3 Borgtog en deviesebeheermisdrywe**

Met ervaring uit die praktyk blyk dit dat bepaalde misdade dikwels deur misdadigers met sekere kenmerkende eienskappe en ooreenstemmende persoonlike omstandighede gepleeg word. So word byvoorbeeld gevind dat die gemiddelde motordief en huisbreker oor bepaalde eienskappe en persoonlike omstandighede beskik wat gewoonlik wesenlik verskil van die

---

<sup>155</sup> *Ibid.*

profiel van die sogenaamde witboordjiemisdadiger wat by deviesebeheeroortredings betrokke is.<sup>156</sup>

Sonder om op enige wyse die algemene beginsels by borgtogverlening uit die oog te verloor, kan die ondergemelde omstandighede in skrywer se mening as probleemarea's beskou word wat spesifiek by deviesebeheeroortredings, en veral grootskaalse deviesebeheerbedrog voorkom. Dit spreek vanself dat die voorsittende beampte in die uitoefening van sy regsprekende diskresie in gepaste omstandighede indringende oorweging aan hierdie spesifieke probleemarea's, wat immers in die praktyk geïdentifiseer is, moet gee alvorens borgtog verleen word.

Die probleemarea's kan onder andere inhou dat:

- (1) Die beskuldigde is dikwels 'n hoogs intelligente, gekwalifiseerde en gesofistikeerde witboordjiemisdadiger wat kàn meebring dat :
  - (a) Die beskuldigde eerder sal vlug en homself en sy gesin in die buiteland hervestig as om die skandaal van 'n verhoor en 'n moontlike skuldigbevinding te beleef;
  - (b) Die beskuldigde kennis dra van die erns van die misdryf en besef dat, veral in geval van grootskaalse deviesebeheerbedrog die waarskynlikheid van direkte gevangenisstraf in geval van 'n skuldigbevinding wesenlik is;<sup>157</sup>

---

<sup>156</sup> Sien bv Insig (Mei 1991) 17 en 18 "*Hy's briljant, deftig, ryk... en 'n opperste skurk*"; Beeld (90.05.30) 15 "*Hebsug is die dryfveer*"; Rapport (91.10.13) 2 "*Dit steel en bedrieg links en regs... - Misdade van witboordjies met nuwe ywer beveg*", asook The Citizen (90.05) "*White-collar crooks cash in on two-tier forex system*". (Die titels van die opskrifte word *in casu* gelys aangesien dit die aard van die artikels omskryf.)

<sup>157</sup> Dit moet in gedagte gehou word dat grootskaalse deviesebeheerbedrog dikwels wye mediadekking geniet, veral in finansiële tydskrifte en koerante wat uiteraard tot die witboordjie-

- (c) Die beskuldigde kennis dra van die probleme wat die Staat het rondom die uitlewering van sodanige beskuldigdes uit die buiteland;
- (2) Die beskuldigde is dikwels finansiëel besonder goed daaraan toe en kan selfs 'n relatief hoë borgbedrag soos byvoorbeeld R200 000.00 maklik betaal word sonder dat dit as voldoende sekuriteit dien om te verseker dat hy sy verhoor bywoon.
- (3) Die beskuldigde beskik soms oor heelwat fondse in buitelandse bankrekeninge, waarvan die Staat bitter selde kennis het, asook goeie kontakte in die buiteland wat juis weens die aard van internasionale handelstransaksies opgebou word en wat die beskuldigde en sy gesin behulpsaam kan wees om maklik in die buiteland te hervestig na ontvlugting uit die Republiek;
- (4) Daar is dikwels beskuldigdes wat, alhoewel hulle reeds permanente verblyfpermitte in die Republiek verkry het of selfs Suid-Afrikaanse burgers is, van ander soos byvoorbeeld Griekse of Israëliese afkoms is en gevolglik maklik toegang tot en asiel in hulle land van herkoms kan verkry, indien dit nodig sou wees;<sup>158</sup>
- (5) Weens die aard en die omvang van die transaksies is dit selde, indien ooit, moontlik om die polisie-ondersoek te voltooi voordat 'n beskuldigde gearresteer word. Wanneer borgtog verleen word, is daar uiteraard heelwat geleentheid om belangrike getuïenis en bewysmateriaal te vernietig. Die beskuldigde sal gewoonlik ook beseft dat, indien borgtog verleen word, dit 'n geruime tyd sal duur voordat die verhoor sal plaasvind en dat daar steeds geleentheid sal

---

misdadiger se beskikking is.

<sup>158</sup> Gedurende die jare van politieke afsondering en handelssanksies teen die Republiek het daar waarskynlik meer Israëliese burgers, as van enige ander land, op groot skaal deur middel van finansiële rand beleggings in maatskappye in die Republiek opgeneem en selfs na die Republiek geïmmigreer. Vgl ook die bespreking van *S v Nichas* 1977 (1) SA 257 KPA *infra* asook die tabel aan die einde van paragraaf 4.7 *infra*.

wees om te ontvlug. In verskeie van die groot deviesebeheerbedrogsake wat tot verhoor geneem is, het dit geblyk dat verhore oor etlike maande en selfs jare, soos in die geval van die Staat v W A Vermaas, kan duur en is daar in die opsig ruim geleentheid vir 'n beskuldigde om te ontvlug. Dit is egter ook 'n faktor wat in oorweging geneem moet word in die guns van die beskuldigde aangesien, sou hy onskuldig bevind word, die beskuldigde moontlik vir 'n lang tydperk in aanhouding sou wees indien borgtog nie verleen word nie.

Wanneer borgtog verleen word, word daar gewoonlik bepaalde voorwaardes neergelê, soos byvoorbeeld:

- (1) Dat die beskuldigde sy paspoort/paspoorte aan die Polisie moet oorhandig;
- (2) Dat die beskuldigde daagliks of soms selfs twee of drie maal per dag by 'n bepaalde polisiestasie moet rapporteer;
- (3) Dat die beskuldigde verbied word om 'n bepaalde omskrewe gebied sonder die voorafverkreë toestemming van die ondersoekbeampte te verlaat; en
- (4) Dat die beskuldigde verbied word om met enige staatsgetuies te kommunikeer, ens.<sup>159</sup>

Nel toon aan dat borgtogvoorwaardes om twee redes neergelê word, naamlik om te verseker dat die beskuldigde die verhoor sal bywoon en om te verhoed dat daar met die polisie-ondersoek en voorbereiding van die Staat se saak ingemeng word.<sup>160</sup> Van Dam en Roberts<sup>161</sup> kom tot die

---

<sup>159</sup> Vgl in die algemeen Nel 147 ev.

<sup>160</sup> Nel 154.

<sup>161</sup> Van Dam JA *Borgvoorwaardes* 1977 Die Landdros 93 ev en Nel 155.

oortuigende gevolgtrekking dat die aanmeldingsvoorwaardes veral vanweë moderne vervoermiddels nie meer effektief ingespan kan word om ontvlugting na verlening van borgtog te verhoed nie, maar dat dit wel sekere voordele inhou soos onder andere dat die polisie vroegtydig beseft dat die beskuldigde gevlug het en dus 'n "warm spoor" kan volg.<sup>162</sup>

Ter illustrasie van die feit dat borgtogvoorwaardes soms van weinige nut is om bywoning van die verhoor te verseker, dien die geval van die *S v Rabbi A M Shelton* as goeie voorbeeld.<sup>163</sup> Na 'n borgtogaansoek wat drie hofdae geduur het en waartydens omvangryke getuienis van deviesebeheerbedrog van ongeveer R8 000 000.00 aangebied is en waaruit geblyk het dat drie van die sindikaatslede reeds voor die beskuldigde se arres die land verlaat het, is borggeld van R50 000.00 vasgestel en voorwaardes neergelê dat:

- (1) Die beskuldigde summier alle paspoorte aan die Polisie moet oorhandig;
- (2) Die beskuldigde een maal per dag by die John Vorster Plein Polisiestasie moet rapporteer;
- (3) Die beskuldigde nie sonder die toestemming van die ondersoekbeampte die Johannesburgse Landdrostdistrik mag verlaat en wat inhou dat hy nie enige lughawe in of aangrensend aan die Landdrostdistrik van Johannesburg kan betree nie.<sup>164</sup>

---

<sup>162</sup> *Ibid.*

<sup>163</sup> *S v Rabbi A M Shelton*, Borgtogaansoek voor Landdroos P J du Plessis, Streekhof Johannesburg, Februarie 1991. Sien *The Citizen* (91.12.08) 12; *The Star* (91.02.12) 7; *Beeld* (91.04.05) en *The Citizen* (91.04.05).

<sup>164</sup> In sy uitspraak het die Landdroos die beskuldigde spesifiek daarop gewys dat geen van die lughawes in en om Johannesburg binne die Johannesburgse Landdrostdistrik val nie, maar wel in Kempton Park en Midrand. Die bedoeling was dus duidelik 'n inperking tot die Landdrostdistrik Johannesburg om te verseker dat die beskuldigde

Die beskuldigde het binne minder as 'n maand daarna die Republiek ontvlug en kon tot datum nie weer opgespoor word nie. Die ondersoekbeampte is eers vier dae nadat die beskuldigde ontvlug het in kennis gestel dat die beskuldigde versuim het om te rapporteer.

In die geval van *S v David Kofmansky* is borg geweier in 'n borgtogaansoek in die Johannesburgse Streekhof nadat onder andere getuienis aangebied is dat:<sup>165</sup>

- \* Die beskuldigde 'n Suid-Afrikaanse inwoner maar van Griekse herkoms is;
- \* Sowat R29 000 000.00 deur die beskuldigde sonder enige magtiging deur intimidasie van bankamptenare na die buiteland oorgeplaas is;
- \* Die laaste transaksie wat die beskuldigde op 28 Augustus 1990 gedoen het en waartydens hy gearresteer is, alleen sowat R690 000.00 beloop het; en
- \* Die beskuldigde 'n gesiene en welvarende sakeman is.

Die verdediging het getuienis aangebied dat die beskuldigde na bewering wapens namens die Burgerlike Samewerkingsburo vir die Republiek van twee Israeliese maatskappye aangekoop het. Die Staat het egter in getuienis aangetoon dat geen wapens ooit ingevoer is nie en dat alhoewel invoerbetalings van ongeveer R29 000 000.00 gemaak is, geen invoere plaasgevind het nie. Die beskuldigde het trouens op sy eie weergawe erken dat die fakture wat by die bank vir betaling aangebied is deur homself vervals is. Die staat kon derhalwe daarin slaag om op die feite,

---

sy verhoor sal bywoon deurdat hy toegang tot lughawes verhoed is.

<sup>165</sup> *S v David Kofmansky*, borgtogaansoek voor Landdros J J F Coetzer, Streekhof Johannesburg, Augustus / September 1990. Sien Beeld (90.09.01) 8; The Citizen (90.09.04) 1 en 4; Beeld (90.09.05); Business Day (90.09.05); Beeld (90.09.06); Beeld (90.09.07); Business Day (90.09.07).

reeds in die borgtogaansoek, aan te toon dat grootskaalse deviesebeheeroortredings plaasgevind het.

Op appèl voor 'n enkelregter is die Landdros se bevinding gehandhaaf, maar dit is ter syde gestel en borgtog in 'n bedrag van R100 000.00 is deur 'n volbankbeslissing in 'n verdere appèl toegestaan. Die beskuldigde is ook gelas om op 'n daaglikse basis by 'n bepaalde polisiestatie aan te meld. Die ondersoekbeampte is eers drie dae nadat die beskuldigde die Republiek ontvlug het, daarvan in kennis gestel.<sup>166</sup>

In die geval van die *S v Edward Dutton* is borggeld in 'n bedrag van R500 000.00 aan die beskuldigde toegestaan waar die beweerde deviesebeheerbedrog tot soveel as R250 000 000.00 sou beloop. Gedurende Junie 1992 is 'n aansoek om vermindering van die borggeld toegestaan en die bedrag is na R400 000.00 verminder.<sup>167</sup> In sy uitspraak het Regter Streicher bevind dat R50 000.00, wat die bedrag aan borggeld was waarvoor die verdediging aansoek gedoen het, nie voldoende sou wees om die bywoning van die verhoor deur die beskuldigde te verseker nie. Daarenteen het Regter Streicher beslis dat, indien R400 000.00 onvoldoende sou wees om bywoning van die verhoor te verseker, R500 000.00 eweneens onvoldoende sou wees. Die Regter het ook spesifiek melding gemaak van die feit dat, alhoewel die beskuldigde klaarblyklik 'n man van besondere finansiële vermoë was en gewoon was aan 'n hoë lewenstandaard, dit onwaarskynlik was dat hy sou ontvlug aangesien hy sedert die verlening van borgtog ongeveer 29 maande tevore steeds sy borgvoorwaardes nagekom het en nie maklik sy familie en gevestigde sakebelange in die Republiek sou nalaat nie.

---

<sup>166</sup> Skrywer was as ondersoekbeampte werksaam by die SARB en dra uit hoofde daarvan persoonlike kennis van die geval.

<sup>167</sup> Sien Beeld (92.01.28) en Business Day (92.06.17).



Gedurende April 1994 het Dutton die Republiek ontvlug en hom in die buiteland gevestig. Benewens die voorbereiding wat plaaslik plaasgevind het, is twee kommissies in die buiteland gehou om inligting in te samel in verband met die klagtes teen die beskuldigde. Nie alleen het die beskuldigde ontvlug nie, maar is derduisende rande se kostes aangegaan in die ondersoek van die misdaad wat nou blyk vrugteloos te wees.<sup>168</sup>

In elk van die voorgaande voorbeelde is die verlening van borgtog aan die beskuldigde ten sterkste deur die Staat geopponeer en daar is in byvoorbeeld die Kofmansky-geval gebruik gemaak van 'n staatsadvokaat in opdrag van die Prokureur-Generaal om reeds in die Streekhof die borgtogaansoek te opponeer. Tog blyk dit dat die opponering van die aansoek deur die Staat op dowe ore geval het. In die verband is dit gepas om te verwys na die enigste gerapporteerde beslissing oor die verlening van borgtog by grootskaalse deviesebeheerbedrog, naamlik *S v Nichas en Andere*.<sup>169</sup> Regter Diemont wat die eenparige uitspraak van die volbank gegee het, het beslis dat:<sup>170</sup>

*"If these allegations are correct it is probable that the fiscus has suffered a great loss and the Courts will impose heavy sentences.*

*In the second place if there is a likelihood of heavy sentences being imposed the accused will be tempted to abscond. Although they have been naturalised both of them are apparently of Greek descent (having emigrated to this country only when comparatively grown-up) and would presumably readily find asylum in Greece. They would be*

---

<sup>168</sup> Hierdie inligting is deur die SARB aan skrywer geverifieër.

<sup>169</sup> *S v Nichas en Andere* 1977 (1) SA 257 KPA.

<sup>170</sup> Op 263 G tot 264 A van die uitspraak.

*the more tempted to do so by reason of the fact that no extradition treaty exists between Greece and South Africa. In the third place attention has been drawn to the fact that both the appellants are directors of a shipping company and that they have numerous connections with the world of shipping. They are in a much better position than the average citizen to make arrangements to board a ship and abscond even though their passports may have been impounded by the police. Finally there is the fact that the police claim that the indications are that a syndicate has been committing these currency offences, that investigation is going on on a nationwide basis and that there will presumably be greater opportunity to interfere with witnesses."*

Borgtog is derhalwe geweier.

In Zimbabwe bestaan 'n bepaling wat analoog is aan artikel 61 van die Strafproseswet<sup>171</sup> synde artikel 106 van die *Criminal Procedure and Evidence Act, Chapter 59*, ingevolge waarvan die relevante minister<sup>172</sup> 'n sertifikaat kan uitreik waarin hy spesifiseer dat die regspleging na sy mening benadeel sal word indien borgtog verleen word en waarna die Hof dan verplig is om die aansoek om borgtog van die hand te wys. Aldus artikel 106 is die minister bevoeg om so 'n sertifikaat uit te reik:

"(2)(b) *In respect of any -*  
(i) *offence under any law relating to the illicit possession of or dealing in or the*

---

<sup>171</sup> Wet 51 van 1977.

<sup>172</sup> In terme van artikel 61 van die Strafproseswet is die gevolmagtigde die relevante Prokureur-Generaal.

*unlawful importation or exportation of any precious metal, precious stones, currency, bills of exchange, travellers' cheques, letters of credit, bank drafts or promissory notes;"*

In die uitspraak van Regter Waddington in *Corona v Minister of Home Affairs*<sup>173</sup> is die minister se besluit om 'n sertifikaat in terme van artikel 106(2) uit te reik op hersiening tersyde gestel, op die basis dat hy sy bevoegdheid oorskry het. Die Regter het geredeneer dat die minister se bevoegdheid beperk was tot die gevalle waar "*dealing in*", met ander woorde "*to traffic in or trade in that commodity*" met vreemde valuta plaasgevind het.<sup>174</sup> Die feite wat gemeensaak was, het aangetoon dat die beskuldigde versuim het om vreemde valuta ter waarde van ongeveer Zimbabwe \$25 000.00 vanaf Kenia na Zimbabwe te repatriëer en dat dit in Kenia vir besigheidsoeieindes aangewend is. Daar is gevolglik beslis dat onderskei moes word tussen "*dealing in*" (handel in) en "*dealing with*" (handel met) vreemde valuta, dat die minister se bevoegdheid beperk was tot misdrywe wat op die eersgemelde kategorie slaan en dat hy gevolglik sy bevoegdheid as sulks oorskry het aangesien die feite nie getoon het dat die beskuldigde onwettig in vreemde valuta, as kommoditeit, gehandel het nie. Die feit dat die beskuldigde egter wel die vreemde valuta onwettig besit het, welke beperking ook deur die voormelde artikel 106(2)(b)(i) getref word, is problematies aangesien die uitspraak in die opsig moontlik onjuis is, maar moet in gedagte gehou word dat die klag beperk was tot die onwettige versuim om die vreemde valuta te repatriëer en nie die onwettige besit nie.<sup>175</sup> Alhoewel die Prokureur-Generaal in die Republiek

---

<sup>173</sup> *Corona v Minister of Home Affairs* 1982 (2) SA 533 ZHC.

<sup>174</sup> Sien veral 540 F - H van die uitspraak.

<sup>175</sup> In terme van die Zimbabwe deviesebeheerregulasies word, soos ook in die Republiek, vereis dat vreemde valuta in die buiteland,

se bevoegdheid in terme van artikel 61 van die Strafproseswet<sup>176</sup> heelwat meer ingeperk is as die minister s'n in Zimbabwe in terme van die voormelde artikel 106 en deviesebeheermisdrywe of selfs bedrog nie binne die omskrewe misdrywe van artikel 61 val nie,<sup>177</sup> kan volstaan word met die stelling dat Regter-President Milne<sup>178</sup> ongekwalifiseerd ondersteun moet word in sy beroep op die skraping van artikel 61 aangesien daar na skrywer se mening geen regverdiging kan wees om die howe se bevoegdheid om borgtog te verleen in te perk nie.<sup>179</sup>

Aan die ander kant behoort die mening van die Prokureur-Generaal, in ieder geval waar daar grootskaalse deviesebeheerbedrog betrokke is, tog behoorlik deur 'n hof in ag geneem te word. Indien in ag geneem word dat by verre die meerderheid van beskuldigdes borgtog verleen word, sonder dat dit enigszins deur die Staat geopponeer word, behoort 'n hof redelikerwys te aanvaar dat daar goeie rede is indien die Staat 'n borgtogaansoek opponeer. In dié opsig behoort die Staat die hof in sy vertroue te neem en soveel as moontlik inligting so vroeg as moontlik aan die hof te openbaar sodat die hof behoorlike kennis het van:

\* Die aard en erns van die oortredings;

---

waarop 'n inwoner geregtig word, binne 'n bepaalde tyd gerepatriëer moet word. Indien dit dan gerepatriëer word, moet dit voorts summier aan 'n gemagtigde handelaar te koop aangebied word. Indien 'n inwoner sou versuim om die vreemde valuta te repatriëer en aan 'n gemagtigde handelaar te verkoop, sal die besit daarvan, ingevolge die regulasies, onwettig wees.

<sup>176</sup> Wet 51 van 1977.

<sup>177</sup> Artikel 61 word beperk tot die misdrywe in Deel III van Bylaag 2 tot die Strafproseswet gelys, synde onder andere moord, menseroof, brandstigting, kinderdiefstal, roof en huisbraak.

<sup>178</sup> Sien *S v Ramgobin* 1985 (3) SA 587 N, *S v Ramgobin* 1985 (4) SA 130 N asook *Bull v Minister of Home Affairs* 1986 (3) SA 870 ZH.

<sup>179</sup> Sien ook Hiemstra 145 ev en Kriegler 151 en veral op 154.

- \* Die omvang van die vreemde valuta wat betrokke is;
- \* Die vordering wat met die polisie-ondersoek gemaak is;
- \* Hoe lank dit sal duur voordat die aangeleentheid op verhoor geneem sal kan word;
- \* Of daar meerdere beskuldigdes is en/of daar beskuldigdes is wat alreeds die Republiek ontvlug het;
- \* Wat die beskuldigde se betrokkenheid behels;
- \* Wat die persoonlike omstandighede van die beskuldigde behels; en
- \* Welke spesifieke probleme voorsien word indien borgtog aan die beskuldigde verleen word.<sup>180</sup>

Indien gelet word op die groot hoeveelheid beskuldigdes wat ontvlug

---

<sup>180</sup> Uiteraard moet die beperkinge wat die Staat veral vroeg in 'n ondersoek van grootskaalse deviesebeheerbedrog kelder in ag geneem word en behoort daar in gepaste omstandighede voldoende geleentheid aan die Staat gegun te word om vir die opponering van 'n borgtogaansoek voor te berei. Na skrywer se mening behoort daar voorsiening gemaak te word dat die Staat byvoorbeeld minstens 48 uur geleentheid sal hê om na die arres van 'n beskuldigde vir die opponering van 'n borgtogaansoek voor te berei. Dit gebeur dikwels dat die SARB en SAP gesamentlik op 'n verskeidenheid van persele, en soms selfs regoor die land in verskeie stede en dorpe op 'n bepaalde tyd toeslaan om beskuldigdes en potensiële getuies te ondervra en getuienis te bekom. So was daar bv in die sogenaamde Ou Mutual-geval ongeveer 8 ondersoekspanne wat onderskeidelik in Johannesburg, Kaapstad, Hermanus en Pretoria gelyktydig opgetree het. Indien daar na sodanige optrede geleentheid aan die Staat gebied word om die inligting wat verkry is oor en weer na te gaan, sal die Staat in 'n posisie wees om die hof behoorlik van alle feite in te lig. Dit is natuurlik moontlik dat 'n beskuldigde in sodanige optrede gearresteer word en onmiddellik om borgtog aansoek doen, nog voordat die Staat die geleentheid gehad het om vir die opponering daarvan voor te berei. Alhoewel voorgaande voorstel op 'n beskuldigde se reg om onmiddellik na arrestasie om borgtog aansoek te doen inbreuk maak, moet daar in die belang van regspleging meer aandag gegee word aan die ontvlugting van beskuldigdes soos wat dit daagliks in die praktyk ervaar word.

wanneer dit by grootskaalse deviesebeheerbedrog kom, kan daar tot geen ander gevolgtrekking gekom word as dat die bestaande toepassing van die borgtogreg nie suksesvol is nie en dat indringende oorweging aan hervorming gegee moet word.

## 4.7 VONNISOPLEGGING

### 4.7.1 Inleidend

Dit is geëgte reg dat die vernaamste beginsels vir oorweging by vonnisoplegging geleë is in Appèlregter Rumpff se bekende "*Triad of Zinn*",<sup>181</sup> synde: "*What has to be considered is the Triad consisting of the **crime**, the **offender** and the **interests of society**.*"<sup>182</sup>

Voorts word algemeen aanvaar dat die oogmerke van vonnisoplegging gesien word as :

- (1) Afskrikking (nie slegs ten opsigte van die gemeenskap nie, maar ook ten aansien van die beskuldigde);
- (2) Voorkoming;
- (3) Hervorming; en
- (4) Vergelding.<sup>183</sup>

---

<sup>181</sup> *S v Zinn* 1969 (2) SA 537 A.

<sup>182</sup> *S v Zinn supra* op 540 G. (My beklemtoning). *S v Zinn* is met goedkeuring aangehaal en nagevolg in onder andere *S v V* 1972 (3) SA 611 A, *S v Rabie* 1975 (4) SA 855 A, *S v Pieters* 1987 (3) SA 717 A en *S v Quandu en Andere* 1989 (1) SA 517 A. Sien ook Hiemstra 585 en Kriegler 651.

<sup>183</sup> Vgl Hiemstra 585 en Kriegler 652. Wat vergelding betref, moet in gedagte gehou word dat dit iets anders as wraak is deurdat dit andersyds deur 'n onafhanklike derde party synde die Staat, en andersyds met 'n onpersoonlike gesindheid, anders as wat die

#### 4.7.2 Vonnisoplegging by deviesebeheeroortredings

Regulasie 22 is die algemene strafbepaling wat op die regulasies van toepassing is. Oelofse toon tereg aan dat regulasie 22 nie alleen oortredings van die ander regulasies as misdrywe verklaar nie, maar dat dit ook, soos *infra* sal blyk, twee selfstandige misdrywe skep.<sup>184</sup> Regulasie 22 bepaal onder andere dat enige persoon wat:

- \* Die een of ander bepaling van die regulasies oortree, of versuim om daaraan te voldoen, of
- \* Teenstrydig met die voorskrifte van 'n kennisgewing, bevel, vergunning of vrystelling of voorwaardes daarkragtens verleen, handel, of
- \* 'n Persoon belemmer in die uitoefening van 'n bevoegdheid of funksie wat kragtens die regulasies aan hom opgelê is, of
- \* Wat 'n valse verklaring maak<sup>185</sup> of wat weier of versuim om inligting wat kragtens die regulasies verstrek moet word, te verstrek,

'n misdaad begaan.<sup>186</sup>

---

benadeelde sal, toegepas word.

<sup>184</sup> Oelofse 90.

<sup>185</sup> In *S v Chibutse* 1977 (1) SA 381 RAD is, met verwysing na die analoë regulasie in die destydse Rhodesië, beslis dat dit nie alleen slaan op verklarings en opgawes wat spesifiek in die betrokke wetgewing na verwys word nie, maar ook verklarings en opgawes wat in die algemeen deur die betrokke uitvoerende gesag of gemagtigde handelaar voorgeskryf word vir die toepassing van die relevante wetgewing. Vgl ook Oelofse 90.

<sup>186</sup> Die eerste gemelde twee sub-afdelings verwys na die regulasies in die algemeen terwyl laasgemelde twee die twee afsonderlike misdrywe is wat deur regulasie 22 geskep word.

Kragtens regulasie 22 is enige persoon by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R250 000.00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 5 jaar, of sowel die boete as die gevangenisstraf. Daar word voorts voorsiening gemaak dat wanneer 'n persoon skuldig bevind word en daar by sodanige oortreding vreemde valuta, goud, geldwaardige papiere, tjeks, wissels, ens betrokke is, die maksimum boete wat opgelê kan word 'n boete is wat gelykstaande is aan die waarde van sodanige vreemde valuta, goud, geldwaardige papiere, tjeks, wissels, ens, of 'n bedrag van R250 000.00, welke ookal die grootste mag wees. Dit is duidelik die bedoeling van hierdie bepaling om voorsiening te maak dat 'n Hof 'n groter boete kan oplê as R250 000.00 indien die waarde van byvoorbeeld die vreemde valuta wat by sodanige misdryf betrokke is, meer as R250 000.00 beloop.

Die strafbepaling soos in regulasie 22 omvat, is natuurlik slegs van toepassing op skuldigbevindings kragtens die regulasies en nie in die gevalle waar 'n skuldigbevinding op bedrog voorkom. Daarenteen is dit duidelik dat regulasie 22 wel van toepassing is in gevalle waar oortredings van die Wet op Oproerige Byeenkomste<sup>187</sup> plaasvind.<sup>188</sup>

Alhoewel Distriks- en Streekshoue oor jurisdiksie beskik om enige deviesebeheeraangeleenthede te bereg, geld die normale beperkings wat op sodanige Howe se vonnisjurisdiksie betrekking het.

Dit wil voorkom asof daar baie selde algemene riglyne vir vonnisoplegging by deviesebeheermisdrywe in die howe se uitsprake neergelê word en word gevind dat die howe gewoonlik bloot op die feite van die betrokke geval klem lê. Een geval waar sekere algemene beginsels neergelê is en wat waarskynlik as een van die toonaangewende beslissings oor

---

<sup>187</sup> Wet 17 van 1956.

<sup>188</sup> Sien die bespreking van *S v Bergmann supra* in paragraaf 4.5.



vonnisoplegging by deviesebeheermisdrywe beskou kan word, is *S v Placido*.<sup>189</sup> Regter Steyn<sup>190</sup> het die volgende faktore uitgestip, naamlik dat:

- (1) daar in die eerste plek onderskei word tussen misdrywe waar fondse onwettig uit die Republiek na die buiteland oorgeplaas is en gevalle waar dit bloot handel met die versuim om die besit van buitelandse bates aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank te openbaar;<sup>191</sup>
- (2) waar daar 'n onwettige oorplasing van fondse uit die Republiek voorkom, daar ook vasgestel moet word in welke mate derdepartye daarby betrokke is, aangesien dit die misdryf destemmeer "aanstootlik en strafwaardig" maak;<sup>192</sup>
- (3) die motief vir die uitsending van die fondse of die versuim of die besit daarvan te verklaar;<sup>193</sup>
- (4) die bedrag wat betrokke is en of die bedrag repatrieer is, of nie;<sup>194</sup>
- (5) die stand van die Suid-Afrikaanse valuta reserwes ten tye van die oortreding.<sup>195</sup>

---

<sup>189</sup> *S v Placido* 1980 (2) SA 850 TPA. Die gewysde word byvoorbeeld uitgewys in die Butterworths Noter Up as een van die belangrikste uitsprake oor vonnisoplegging.

<sup>190</sup> Met wie waarnemende Regter Schreiber saamgestem het.

<sup>191</sup> Op 851 E - F van die uitspraak. Vgl byvoorbeeld oortredings van reg 3(1) en 10(1) teenoor reg 6 en 7.

<sup>192</sup> Op 851 G van die uitspraak. In sulke gevalle moet die bepalings van die Wet op Oproerige Byeenkomste, Wet 17 van 1956 nie uit die oog verloor word nie.

<sup>193</sup> Op 851 H van die uitspraak. Vgl die kommentaar hieroor *infra*.

<sup>194</sup> Op 852 A van die uitspraak. Vgl ook Oelofse 96.

<sup>195</sup> Op 852 B van die uitspraak.

Daar is vyf aspekte in die uitspraak wat besondere bespreking en kommentaar verdien. In die eerste plek moet daarop gelet word dat die verwysing na die "wisselkoersbeheerregulasies" verkeerd is. In 'n tydperk waar letterlik duisende verskillende statutêre bepalings voorkom, kan so 'n verkeerde verwysing tot heelwat verwarring aanleiding gee en behoort die korrekte benaming te alle tye gebruik te word.

In die tweede plek moet gelet word op die onderskeid wat die regter tref tussen misdrywe waar fondse onwettig na die buiteland oorgeplaas word in teenstelling met gevalle waar onwettig versuim word om die besit van buitelandse bates te verklaar. Alhoewel skrywer dit eens is dat die onderskeid wel getref behoort te word, moet die nadeel, wat uit die onwettige versuim om buitelandse bates te verklaar voortspruit, in die lig van die uiteensetting *supra* nie te gering geskat word nie.<sup>196</sup> Dat daar 'n onderskeid tussen die handeling is, kan nie betwyfel word nie. Daar word egter aan die hand gedoen dat die werklike rede waarom die onderskeid getref word, vir vonnisdoeleindes, eerder geleë is in die feit dat die handeling in eersgemelde geval 'n *commissio* behels, terwyl dit in die tweede geval 'n blote *omissio* is.

Die derde aspek wat vermelding verdien, is geleë in die stelling van die hof dat 'n faktor wat in ag geneem moet word die motief vir die uitsending van die fondse of die behou van onverklaarde bates is. Ook in hierdie geval moet die nadeel nie uit die oog verloor word nie. Indien daar byvoorbeeld \$100 000.00 op 'n wettige wyse bekom en na die buiteland oorgeplaas word, welke fondse vir liefdadigheidsdoeleindes aangewend word, teenoor 'n geval waar daar 'n individu is wat, ten einde sy eie belange te bevorder \$100 000.00 op 'n onwettige wyse na die buiteland oorplaas, is die nadeel wat vir die Republiek bestaan in beide gevalle dieselfde. Alhoewel 'n edele motief uit 'n morele oogpunt die misdaad minder strafwaardig maak, word

---

<sup>196</sup> Vgl par 4.3 *supra*.

aan die hand gedoen dat dit wel as 'n faktor in ag geneem kan word, maar moet verhoed word dat dit oorbeklemtoon word en dat die nadeel wat veroorsaak word daardeur oorskadu word.

Wat die vierde aspek betref, is dit vanselfsprekend dat die bedrag of waarde wat by die misdryf betrokke is, uiteraard 'n faktor is wat vonnisoplegging beïnvloed. So is daar byvoorbeeld *S v African Bank of South Africa Ltd & Others*<sup>197</sup> bevind dat die verlies aan vreemde valuta 'n bedrag van ongeveer \$119 000 000.00 beloop het wat op daardie stadium sowat 4,9% van die totale vreemde valuta en goudreserwes van die Republiek beloop het.<sup>198</sup> In sy uitspraak stel Regter Gordon dit dat :

*"It is in this context that this case has to be viewed. The export of \$119 000 000.00, which became permanently lost as foreign reserves, is an important factor, in fact constitutes a most serious aggravating circumstance."*<sup>199</sup>

Dit is duidelik dat 'n hof die repatriasie van vreemde valuta of bates as 'n strafversagtende faktor behoort te oorweeg. Oelofse toon tereg aan dat die waarde van repatriasie as 'n strafversagtende faktor egter aansienlik afneem indien dit eers geskied nadat die misdaad bekend geword het.<sup>200</sup>

In die vyfde plek moet die volgende aanhaling wat in die uitspraak

---

<sup>197</sup> *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W.

<sup>198</sup> Op 652 B - E en 653 C - D van die uitspraak.

<sup>199</sup> Vgl 652 I - J van die uitspraak.

<sup>200</sup> Oelofse 96 en *S v Christodoulou*, *S v Savides*, *S v Temple* en *S v Zwysig* 1979 (3) SA 523 AD.

voorkom deeglik ondersoek word. Regter Steyn stel dit dat:<sup>201</sup>

"'n Laaste faktor wat ek met 'n mate van huiwering noem, is die stand van die Suid-Afrikaanse valuta reserwes op die tyd wat die oortreding begaan word. Tans is die Suid-Afrikaanse valuta reserwes sodanig dat die Minister van Finansies aangekondig het dat burgers van hierdie land die internasionale finansiële rand teen 'n premie kan aankoop en 'n bykomende bedrag op dié wyse verkry vir besteding in die buiteland as hulle op 'n buitelandse reis gaan. Hierdie tegemoetkoming beteken dat groot addisionele bedrae uit die land uitgeneem kan word as Suid-Afrikaanse burgers bereid is om 'n premie van sowat 20% wisselende tot 30% te betaal. In 'n tyd soos hierdie, waar so 'n fassiliteit bestaan, is daar na my mening 'n geldige argument dat die aanstootlikheid van die misdaad om buitelandse valuta nie bekend te stel aan die Reserwe Bank nie, minder ernstig aangesien moet word as in 'n tyd waar daar nood is in Suid-Afrika aan buitelandse valuta."

Met Regter Steyn se stelling dat die stand van die valuta reserwes op die tyd wat die oortreding gepleeg word, as 'n faktor in ag geneem kan word by vonnisoplegging, kan nie fout gevind word nie. Die oorblywende gedeelte van die aanhaling is egter geheel en al onjuis en laat met eerbied gesê 'n groot vraag ontstaan oor die begrip van die finansiële rand stelsel van beide regters. Die aard van die finansiële rand stelsel, wat hieronder uit die bespreking van regulasie 14 A voorkom, is juis van sodanige aard dat geen Suid-Afrikaanse burger toegang tot finansiële rand mag kry nie tensy hy 'n immigrant is. Daar kan volstaan word deur dit te stel dat hier geen sprake van 'n "tegemeetkoming" kan wees nie aangesien die

---

<sup>201</sup> Op 852 A - D van die uitspraak.

tweeledige wisselkoersstelsel wat op daardie stadium toegepas was juis die teenoorgestelde doel en effek gehad het, naamlik om baie strenger beheer oor deviesetransaksies uit te oefen. Dit word aan die hand gedoen dat, indien 'n hof die stand van die valuta reserwes as 'n faktor by vonnisoplegging wil oorweeg, dit slegs kan geskied indien daar behoorlik getuienis daaromtrent gelewer is en behoort 'n hof nie geregtelik daarvan kennis te neem nie.<sup>202</sup>

Laastens dien gemeld te word dat die wyse waarop die vonnis in *S v Placido*<sup>203</sup> opgelê word lofwaardig is. Die hof het 'n gedeelte van die boete wat opgelê is, opgeskort, onderworpe daaraan dat die fondse wat onregmatiglik in die buiteland gehou is na die Republiek oorgeplaas word en dat die nodige bewys van die oorplasing daarvan binne die opskortingstermyn aan die Staat gelewer moes word. Dit word aan die hand gedoen dat hierdie metode van vonnisoplegging inderdaad baie effektief is en dat dit, sover moontlik, toegepas behoort te word ten einde die vreemde valuta wat verlore geraak het, te probeer verhaal.

In die lig van *S v Zinn*<sup>204</sup> kan 'n mens verwag dat **die beskuldigde, die misdryf** en die **gemeenskapsbelang** by vonnisoplegging elk eweveel gewig sal tel en dat nie een van die "trits" ten koste van 'n ander oor- of onderbeklemtoon behoort te word nie.<sup>205</sup> In sommige sake waar die howe vonnisse vir deviesebeheeroortredings oplê, word die indruk soms geskep dat daar moontlik te veel klem op die misdaad gelê word ten koste

---

<sup>202</sup> Soos wat bv die geval was in die uitspraak van *S v African Bank of South Africa Ltd supra*.

<sup>203</sup> *S v Placido* 1980 (2) SA 850 TPA op 852 G van die uitspraak.

<sup>204</sup> *S v Zinn* 1969 (2) SA 537 A.

<sup>205</sup> Vgl ook *S v Gool* 1972 (1) SA 455 en *S v Runds* 1978 (3) SA 304 AD en *S v Rabie* 1975 (4) SA 855 A.

van die beskuldigde.<sup>206</sup>

Vervolgens sal enkele ongerapporteerde beslissings wat veral by vonnisoplegging relevant is, bespreek word.

Daar is reeds *supra*<sup>207</sup> na die uitspraak van Regter Diemont in *S v Kets*<sup>208</sup> verwys. Die feite kan kortliks soos volg saamgevat word:

Die beskuldigde het aan verskeie American Express takke voorgegee dat hy optree namens verskepingsagente en het so vreemde valuta aangekoop en dit onwettig na die buiteland oorgeplaas. Hy het oor 'n tydperk van ongeveer ses en 'n half jaar meer as R8 000 000.00 se vreemde valuta so bekom en het in die proses winste van ongeveer R300 000.00 gegeneer. Die beskuldigde is skuldig bevind op grond van 'n skuldig pleit aan 391 klagtes van bedrog. Die strafverswarende en-versagtende faktore wat die hof oorweeg het, was onder andere die volgende:

- (1) Die waarde van vreemde valuta betrokke, oftewel "*the magnitude of the offence*" soos die hof dit gestel het;<sup>209</sup>
- (2) Die feit dat meerdere transaksies oor 'n lang termyn gedoen is. Die hof stel dit dat:

*"Then there is the fact that the Court is dealing not with one crime, but with no less than 391 separate commissions of fraud. On 391 occasions, stretching*

---

<sup>206</sup> Vgl bv *S v Pillay* 1977 (4) SA 531 AD, *S v Immelman* 1978 (3) SA 304 AD.

<sup>207</sup> Vgl par 4.3 *supra*.

<sup>208</sup> Ongerapporteerde uitspraak op 23 Maart 1977 in die Kaapse Provinsiale Afdeling onder saaknommer KS132/1977.

<sup>209</sup> Op 52 (reël 8) van die uitspraak.

*over a period of six and a half years, the accused deceived and lied to the bank officials and the cashiers of the travel agency in order to effect his purpose.*"<sup>210</sup>

- (3) Die versuim van die beskuldigde om getuienis te gee waardeur agtergrond, hetsy van 'n persoonlike aard, hetsy wat die misdaad betref, aan die hof te toon;
- (4) Die feit dat die beskuldigde geen berou getoon het nie;
- (5) Die beskuldigde was 'n eerste oortreder en was ook sieklik;
- (6) Die beskuldigde het wel sy samewerking aan die SAP gegee na sy arrestasie;
- (7) Die feit dat die beskuldigde skuldig gepleit het.

Ten opsigte van vonnisoplegging het die regter die volgende stellings gemaak:

*".... but all these factors are outweighed and heavily outweighed by the magnitude and seriousness of the offence. Mr. Snitcher has asked me to suspend part of the sentence on condition that the accused is not again convicted of fraud or a similar offence during the period of suspension. I do not think any good purpose will be served by suspending any part of the sentence. If the present prison sentence which I am going to impose does not discourage him from committing further acts of fraud, nothing will. From the Bar Mr. Kahn has said that this is the largest amount in a single currency case which has come before the Supreme Court and that it is therefore a proper case for the Court to impose a severe sentence, a sentence which will deter others. I think he is right. Currency racketeers should*

---

<sup>210</sup> Op 52 (reël 12 ev).

*be warned by my sentence that if they are caught and convicted they will go to prison for a very long time.*

*The 391 counts will be treated as one for purposes of sentence. The accused will go to prison for FIFTEEN (15) YEARS.<sup>211</sup>*

In sy uitspraak in *S v Ivor Derber*<sup>212</sup> het Regter van Heerden ook die faktore wat by vonnisoplegging oorweeg is, taamlik volledig uiteengesit. Die beskuldigde het in stryd met regulasies 2(1), 3(1)(a) en 6(5)(b) 'n bedrag van \$7 490.00 in die Republiek gekoop en dit per pos na 'n bank in New York gestuur. Die beskuldigde was 'n welvarende en gesiene mode-ontwerper, 44 jaar oud en 'n eerste oortreder. Hy het oor 'n klerefabriek waar werk vir ongeveer 400 mense verskaf is, beskik. Ter oorweging van die verskillende faktore stel Regter van Heerden dit soos volg:

*"Mr. Snitcher has urged upon me to treat the 19 counts as one for purposes of sentence and to impose a substantial fine on the accused, together with a suspended period of imprisonment. This, so it was contended, would also have a deterrent effect on other wouldbe offenders. It is true that in the present case the amount of foreign currency involved was not very large and that all of it has been repatriated. The offences have, however, been committed in a calculated and premediated way. The fact that they were committed to acquire a painting or paintings does not seem to me to be a good reason for breaking the law. The accused made no endeavour to obtain foreign currency legally. I have*

---

<sup>211</sup> Op 54 en 55 van die uitspraak. 'n Aansoek om verlof tot appèl teen die vonnis is aan die hof gerig, maar is van die hand gewys.

<sup>212</sup> Ongerapporteerde uitspraak op 30 September 1977 in die Kaapse Provinsiale Afdeling onder saaknommer KS 458/77.



*considered the imposition of a fine plus a suspended period of imprisonment, but to my mind such a sentence would not be adequate punishment for the accused, a man of ample means nor would it be a sufficient deterrent to others. Having regard to the personal circumstances of the accused, the serious nature of the offences and the interests of the community I find that the latter two outweigh the first and that an appropriate sentence in this case would be a fine together with a period of imprisonment of which latter a portion will be suspended.*<sup>213</sup>

'n Vonnis van R10 000.00 en gevangenisstraf vir 'n termyn van twee jaar, waarvan een jaar opgeskort is vir 'n periode van vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van die deviesebeheerregulasies nie, is opgelê.<sup>214</sup>

In *S v W Downie*<sup>215</sup> is die beskuldigde in die Streekhof in Johannesburg op grond van 'n skuldigpleit op 29 klagtes van oortredings van regulasie 14 A skuldig bevind en gevonnisd tot effektiewe gevangenisstraf van 7 en 'n kwart jaar. Dit blyk nie uit die aangehaalde feite hoe die oortredings begaan is nie, maar kom die volgende feite in die uitspraak van Regter MacArthur op appèl<sup>216</sup> voor:

---

<sup>213</sup> Op 95 en 96 van die uitspraak.

<sup>214</sup> 'n Aansoek om verlof tot appèl teen die vonnis is van die hand gewys, maar is die beskuldigde op borgtog van R10 000.00 vrygelaat hangende die petisionering van die hoofregter.

<sup>215</sup> Skrywer beskik slegs oor die appèluitspraak soos *infra* na verwys en beskik derhalwe nie oor meer besonderhede van die streekhofaksie nie.

<sup>216</sup> Ongerapporteerde uitspraak op 11 Desember 1987 in die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Witwatersrand Plaaslike Afdeling) onder saaknommer A708/87 van Regters MacArthur en Hartzenberg.

Die beskuldigde, 'n 28-jarige bankkamptenaar, het ene André Frank wat blykbaar die sogenaamde meesterbrein van die misdaad was, gehelp om vreemde valuta onwettig na die buiteland oor te plaas. 'n Totaal van ongeveer R770 000.00 se vreemde valuta het in die proses verlore geraak terwyl Frank meer as R480 000.00 se winste gemaak het. Dit laat die afleiding dat dit waarskynlik 'n finansiële rand "roundtrip" was. Die beskuldigde het sowat R20 000.00 vir sy hulp van Frank ontvang. Hy was 'n eerste oortreder en aldus die getuienis 'n bekwame en hulpvaardige werknemer. Dit was duidelik dat die beskuldigde berou gehad het en hy het sy volle samewerking aan die Suid-Afrikaanse Polisie gegee.

Wat die aard van die vonnis betref, het Regter MacArthur die volgende gesê:

*"I turn to a point which, I think, has more substance. The magistrate considered imposing a fine, but he rejected it. He said the following:*

*"To impose a fine bearing some relation to the offences, common sense dictates, it must be substantial. The court is of the opinion that a substantial fine will destroy you financially. The court also bears in mind that, apart from the fine, the court imposes, if it did impose a fine, the loss suffered by the treasury might also be recovered from you and Mr Frank."*

*In my view, counsel for the appellant is quite right when he says that sending the appellant to prison for seven and a quarter years will not only ruin him financially but will probably also ruin his life. The magistrate has apparently ignored the alternatives available to him such as a suspended sentence, or a fine, or both, and considered that*

*the only appropriate sentence was a term of imprisonment.*"<sup>217</sup>

Die vonnis is tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 'n boete van R20 000.00 of twee jaar gevangenisstraf, betaling om binne 'n maand te geskied.

Die laaste ongerapporteerde uitspraak waarna verwys word, is die uitspraak van Streeklanddros D S Jacobs gelewer in *S v James Michael Hart* op 17 Julie 1991 in die Johannesburgse Streekhof.<sup>218</sup> Die beskuldigde, 'n voormalige bankklerk, het 'n transaksie aangegaan waardeur R16 000 000.00 onregmatig na 'n rekening in Guernsey, Engeland oorgeplaas is. Drie verdere transaksies is aangegaan waardeur hy gepoog het om nog R48 000 000.00 na dieselfde rekening oor te plaas. Die transaksies het by wyse van SWIFT-oorplasings plaasgevind.<sup>219</sup>

Die beskuldigde het 'n verweer geopper, naamlik dat sy lewe bedreig was deur "ander persone" wat aan hom onbekend was namens wie hy die oorplasings na bewering sou gedoen het. Aangesien die beskuldigde skuldig bevind is, is sy verweer dus verwerp aangesien sy verweer òf wederregtelikheid òf skuld moes uitsluit. In sy uitspraak het die landdros gesê dat geen werklike skade gely is aangesien alle fondse terug gevind kon word, maar dat die potensiële skade baie groot was. Die beskuldigde is skuldig bevind aan bedrog en is tot vyf jaar gevangenisstraf, waarvan die hele termyn opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat 1 500 uur gemeenskapsdiens verrig word, gevonniss.

---

<sup>217</sup> Op 5 (reël 12 ev).

<sup>218</sup> Skrywer het persoonlik die uitspraak bygewoon en beskik nie oor besonderhede soos die saaknommer nie.

<sup>219</sup> Vgl by die bespreking van reg 3(1)(a) die werking van SWIFT oorplasings.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat die laasgemelde vonnis, in die lig van die gewysdes wat met vonnisoplegging handel, skokkend onvanpas is.

Die administratiefregtelike bevoegdheid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank om sekere fondse te blokkeer, op bates beslag te lê en om sodanige fondse en bates ten gunste van die Staat verbeurd te verklaar, dien ook in wese as 'n strafmaatreeël. Dit is duidelik dat hierdie faktor ook deur die howe by vonnisoplegging in ag geneem word.<sup>220</sup>

Dit is ook gepas om hier melding te maak van Die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek.<sup>221</sup> Ingevolge Artikel 44A van dié wet kan 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte of afkoms is nie en wat skuldig bevind is aan 'n deviesebeheeroortreding kragtens 'n lasbrief uit die Republiek verwyder word waar die Minister van Binnelandse Sake dit ag dat die persoon 'n ongewenste inwoner van of besoeker aan die Republiek is.<sup>222</sup>

#### 4.7.3 Skematiese vergelyking van vonnisoplegging by deviesebeheermisdrywe

Dit spreek vanself dat geen twee gevalle identies is nie en dat daar altyd faktore by vonnisoplegging ter sprake sal wees wat in sekere opsigte sal verskil, al is dit byvoorbeeld slegs ten aansien van die betrokke beskuldiges se persoonlike omstandighede. Juis in die lig hiervan is volkome gelykheid in strawwe onbereikbaar. Dit is egter belangrik dat daar

---

<sup>220</sup> Vgl reg 22A tot 22D. Vgl ook *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A en Oelofse 96.

<sup>221</sup> Wet 59 van 1972.

<sup>222</sup> Artikel 44A is ingevoeg deur Artikel 1 van Wet 42 van 1978 en vervang deur Artikel 33 van Wet 49 van 1984. Vgl ook Rabie LAWSA Supplement 1 par 843.

gestreef word om sover moontlik, sonder dat dit enigsins 'n verhoorhof se diskresie inperk, gelykmatig en sonder enige diskriminasie te straf. Alhoewel dit aanvaar word dat 'n vergelyking van verskillende vonnisse die inherente tekortkoming het dat dit nooit alle faktore wetenskaplik kan opmeet nie, is dit 'n belangrike hulpmiddel in die strewe om gelykmatig te straf.<sup>223 224 225</sup>

---

<sup>223</sup> Vgl in die algemeen Du Toit *Straf in Suid-Afrika* en Krugel en Terblanche *Praktiese Vonnisoplegging*.

<sup>224</sup> Die Tabela maak voorsiening vir 'n verskeidenheid van inligting en handel onder andere ook met die verlening van borgtog. Dit word opgedeel, bloot vir praktiese doeleindes, in 1) Gerapporteerde uitsprake en 2) Ongerapporteerde uitsprake. Onder Ongerapporteerde uitsprake volg 'n verdere indeling, synde (i) Algemeen - uitsprake waarvoor skrywer beskik; (ii) Uitsprake gedurende die tydperk November 1988 tot November 1991, welke inligting vanaf die SARB bekom is en (iii) Uitsprake waarvan die besonderhede in koerante en tydskrifartikels bekom is. Alhoewel die besonderhede sover moontlik nagegaan is, moet in gedagte gehou word dat veral die besonderhede in laasgemelde geval nie noodwendig tegnies heeltemal korrek is nie. Daar word byvoorbeeld verwys na **effektiewe gevangenisstraf** sonder dat die volledige termyn weergegee word bloot omdat dit die wyse is waarop dit in die koerante gerapporteer is. Dit moet ook in gedagte gehou word, wat ongelukkig nie uit die tabelle blyk nie, dat daar dikwels verskeie klagtes is en dat 'n skuldig pleit op mindere klagtes voorkom. Ook in die verband is veral die besonderhede wat uit die koerantartikels bekom is, soms ietwat onvolledig. Die besonderhede is egter belangrik aangesien dit help om 'n geheelbeeld te gee van die groot hoeveelheid van sodanige sake wat voorkom.

<sup>225</sup> Dit spreek vanself dat die persoonlike omstandighede van beskuldigdes verskil. In die opsig is besondere faktore wat vonnisoplegging beïnvloed nie gelys nie aangesien dit die tabelle te omvangryk sou maak en is dit derhalwe nodig om die besondere faktore, soos wat dit telkens toepassing vind, na te speur.

**4.7.3 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN VONNISOPLEGGING EN BORG BY DEVIESEBEHEERMISDRYWE**

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
<b>I GERAPPORTEERDE BESLISSINGS:</b>						
1.	<i>S v African Bank</i> (1) 1990 (2) SASV 585 W <i>S v M M J Maubane</i> (2) <i>S v Alan Young</i> (3) <i>S v Henry A Harper</i> (4) <i>S v Arthur E Ferreira</i> (5)	1) Bedrog 2) Reg 14A 3) Reg 2(2)(a) 4) Reg 10(1)(c)	[1-105] [106-210] [211-325] [316-420]	1) R252 miljoen 2) \$119 miljoen 3) 3de Besk) 4de Besk) <sup>± R25 milj</sup> 5de Besk ± R6 milj	1) Onkuldig 2) R20000.00 elk	Besk 3, 4 en 5 elk: Bedrog : 14 jaar Klagtes 2 & 4 : 1 jaar (samelopend met die bedrogklagte se vonnis)
2.	<i>S v Amoojee</i> 1971 (1) SA 795 D&K	1) Bedrog 2) Reg 2(4)(a) alt tot (2) 3) reg 3(1)(a) en 2(5)	[1-21] [22-42]	1) R34 636.20 2) £19 195.14 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Onbekend	1) R500,00 of 6 mnde, en 2) 3 jaar waarvan 18 mnde opgeskort is vir 3 jaar
3.	<i>S v Bedford</i> 1979 (3) SA 656 D&K	1) Reg 3(1)(d) alt 2(1) 2) Reg 6(2) 3) Reg 7(2)	[1] [2-3] [4]	1) Onbekend 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	Die beslissing bepaal bloot dat die eksepsie wat @ die klagstaat geopper is nl dat die betrokke regulasie <i>ultra vires</i> die magtigende wet is, van die hand gewys is.

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
4.	<i>S v Bergmann</i> 1977 (3) SA 589 A	1) Art 18(2)(a) om reg 3(1)(a) te oortree		1) R40 000 2) Geen 3) Besk het R17 000 verloor	1) Skuldig 2) Onbekend	R15 000.00 alt. 1 jaar
5.	<i>S v Christodoulou</i> 1979 (3) SA 523 A	1) Reg 2(1) 2) Reg 3(1)(a)		1) \$21 500 2) Onbekend 3) 10% vir 'n "broker"	1) Onskuldig 2) Onbekend	1) R18 000 en 2) 2 jaar waarvan 1 jaar opgeskort is vir 5 jaar
6.	<i>S v de Blom</i> 1977 (3) SA 513 A	1) Reg 3(1)(a) 2) Reg 10(1)(b)		1) Tov 3(1)(a) R40 500 2) Tov 10(1)(b) R14 000 3) Onbekend	1) Onskuldig 2) Onbekend	1) Tov reg 3(1)(a) - R2500 en 1 jaar waarvan 1 jaar opgeskort is vir 3 jaar (Lw - Hof neem in ag dat die geld en juwele in geheel verbeurd verklaar is) 2) Tov reg 10(1)(b) - R500 in die hof <i>a quo</i> , maar tersyde gestel en onskuldig bevind in die appèlhof

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
7.	<b>S v de Castro</b> 1979 (2) SA 1 A	1) Reg 3(1)(d) alt Reg 2(1) alt Reg 10(1)(c)		1) R87 176.35 2) Geen 3) Geen	1) Onskuldig 2) R10 000	<u>Hof a quo</u> : R50 000 of 12 mnde en 12 mnde  <u>Appèl</u> : R50 000 of 12 mnde en 12 mnde, maar die 12 mnde word opgeskort vir 5 jaar
8.	<b>S v Fiddian-Green</b> 1979 (2) SA 451 W	1) Reg 2(1)		1) R59 959.87 2) Geen 3) R5 000	1) Skuldig 2) Onbekend	R10 000 of 1 jaar
9.	<b>S v Gavenowitz</b> 1991 (1) SASV 487 W	1) Reg 2(4)(a)		1) \$14 miljoen 2) Geen 3) \$1 miljoen	1) Skuldig	<u>Hof a quo</u> : 5 jaar  <u>Appèl</u> : R20 000 of 2 jaar + 2 jaar, opgeskort vir 5 jaar
10.	<b>S v Guntenhoner</b> 1990 (1) SASV 642 W	1) Diefstal 2) Bedrog 3) Vervalsing		1) R47 miljoen 2) R33 miljoen 3) R30 000	1) Skuldig	14 jaar effektief



No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
11.	<i>S v Herbst</i> 1979 (1) SA 306 O	1) Diefstal 2) Reg 2(1) (Dit blyk uit die uitspraak dat die valuta verlore geraak het, maar geen klag onder reg 3(1)(a) of 10(1)(c) blyk uit die uitspraak nie)		1) R60 000 2) R60 000 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Onbekend	<u>Hof a quo</u> : 1) 3 jaar 2) 2 jaar  <u>Appèl</u> : Afgewys en vonnis bekragtig
12.	<i>S v Immelman</i> 1978 (3) SA 726 A	1) Bedrog 2) Reg 2(1) 3) Reg 3(1)(b)		1) \$745 615 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Onbekend	<u>Hof a quo</u> : R10 000 of 2 jaar en 4 jaar  <u>Appèl</u> : Tov klagte 1: 4 jaar Tov klagte 2: 3mnde same- lopend
13.	<i>S v Jadwat Bros</i> 1977 (4) SA 815 D&K	1) Reg 3(1)(c)		1) R14 718.02 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	Skuldigbevinding is op appèl tersyde gestel

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
14.	<b>S v Katsikaris</b> 1980 (3) SA 580 A	1) Reg 2(1) 2) Reg 3(1)(a)		1) R18 839.58 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Skuldig ('n deel van die pleit is later gewysig na onskuldig.) 2) Onbekend	Hof <i>a quo</i> : R18 839.58 of 1 jaar en 1 jaar opgeskort vir 5 jaar  Appèl: Skuldigbevinding ter syde gestel tov die klag mbt reg 3(1)(a), vonnis tov 1e klag: R9 000 of 6 mnde en 6 mnde opgeskort vir 5 jaar
15.	<b>S v Minnaar</b> 1981 (3) SA 767 D&K	1) Bedrog	[1-24]	1) Onbekend 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onskuldig 2) Onbekend	R3 000 of 3 jaar
16.	<b>S v Nichas</b> 1977 (1) SA 257 K				1) Onbekend 2) Geweier	
17.	<b>S v Nichas</b> 1977 (1) SA 257 K Vgl <i>S v Pillay</i> 1977 (4) SA 531 A op 537 F-G	1) Reg 3(1)(a)		1) R250 000 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Geweier	7 jaar waarvan 2 jaar opgeskort is op voorwaarde dat \$18 000 gerepatrieer word

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
18.	<b>S v Thomatos</b> - vgl ook <i>S v Pillay Supra</i>	1) Reg 3(1)(a)		1) R321 148 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Geweier	6 jaar
19.	<b>S v Pamensky</b> 1978 (3) SA 932 OK	1) Reg 2(1) 2) Reg 3(1)(a)		1) \$2 000 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onskuldig 2) Onbekend	<u>Hof a quo</u> : R2 000 of 9 mnde  <u>Appèl</u> : Skuldigbevindings en vonnis tersyde gestel
20.	<b>S v Pillay</b> 1977 (4) SA 531 A	1) a2 van Wet 6 van 1958 2) Bedrog 3) Reg 3(1)(a)		1) R30 000 2) R30 000 3) Onbekend	1) Onskuldig 2) Onbekend	Tov klagtes 1 en 3, 2 jaar en R30 000 of 30 maande Die vonnis is op appèl gehandhaaf
21.	<b>S v Placido</b> 1980 (2) SA 850 T	1) Reg 6(1) 2) Reg 6(9) 3) Reg 6(11)		1) R12 000 2) R12 000 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	R10 000 of 12 mnde waarvan R6 000 opgeskort is op voorwaarde dat die verlore valuta binne 60 dae na die Republiek gerepatrieer word
22.	<b>S v Runds</b> 1978 (4) SA 304 A	(1) Bedrog (2) Reg 10(1)(c)		1) \$25 000 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Onbekend	R10 000 plus 12 mnde Die vonnis is op appèl gehandhaaf

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
23.	<i>S v Savides</i> 1979 (3) SA 523 A	1) Reg 3(1)(a)		1) \$89 520 2) \$89 500 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	R73 000 of 1 jaar en 3 jaar waarvan 2 jaar vir 5 jaar opgeskort is op voorwaarde dat die R73 742.97 gerepatrieer word Die vonnis is op appèl gehandhaaf
24.	<i>S v Temple</i> 1978 (3) SA 185 W	1) Reg 3(1)(a)		1) R48 625.06 2) R48 625.06 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Onbekend	R10 000 of 1 jaar en 1 jaar
25.	<i>S v Temple</i> 1979 (3) SA 523 A	1) Reg 3(1)(a)		1) R48 625.06 2) R48 625.06 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Onbekend	R48 625.06 of 1 jaar en 1 jaar opgeskort vir 5 jaar
<b>II ONGERAPPORTEERDE UITSPRAKE:</b>						
1.	<i>S v I Derber</i> K5 458/77 (KPA) deur R v Heerden op 30 Sept 1977	1) Reg 2(1) Reg 3(1)(a) Reg 6(5)(b)	[1] [2-18] [19]	1) \$7 490 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Skuldig 2) R5 000	R10 000 en 2 jaar waarvan 1 jaar opgeskort is vir 5 jaar

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
2.	<b>S v Downie</b> A708/87 (WLD) deur R MacArthur en Hartzenberg op 11 Desember 1987	1) Bedrog, alt Reg 14 A (1)	[1-29]	1) R770 000 2) Onbekend 3) R20 000 wins	1) Onskuldig op bedrog, maar skuldig op reg 14A(1) en (2) 2) Onbekend	<u>Hof a quo</u> : 7 jaar en 6 mnde <u>Appèl</u> : R20 000 of 2 jaar
3.	<b>S v B Dzokovic</b> A 280/88 (WLD) deur R Heher en Smit op 14 Oktober 1988	1) Bedrog, alt tov 55 klagtes - Reg 14 A(1) alt tov 36 klagtes - Reg 2(1) en Reg 3	[1-166]	1) R1 440 000 (FR 2 208 000) 2) Onbekend 3) R70 000 wins	1) Skuldig op 63 klagtes van bedrog. 2) Borgtog geweier - weiering van borgtog op appèl gehandhaaf.	<u>Hof a quo</u> : 6 jaar effektief <u>Appèl</u> : R200 000 of 5 jaar
4.	<b>S v M Govender</b> 41/2494/1988 (Streekhof - Durban) deur Landdros M C Fourie op 14 Februarie 1987	1) Tov goud Reg 3(3)(a) alt Reg 3(1)(a)		1) 3 Goue armbande 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Eksepsie agv feit dat regs. <i>ultra vires</i> is	Eksepsie gehandhaaf dat reg 3(3)(a) en 3(1)(a) [tov die gedeelte wat met goud handel] <i>ultra vires</i> is weens vaagheid

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
5.	<b>S v R A Kets</b> KS 132/77 (KPA) deur R Diemont op 23 Maart 1977	1) Bedrog	[1-404]	1) R8 167 920 (\$9 800 000) 2) Onbekend 3) R289 212 wins	1) Skuldig pleit op 391 bedrogklagtes 2) Onbekend	15 jaar
6.	<b>S v I S Kruger</b> 14/3724/92 (Streekhof Pretoria) deur Landdros P J Johnson op 2 Desember 1993 (voorbehoue uitspraak)	1) Reg 19(1)		1) Onbekend 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onskuldig 2) Onbekend	R15 000 of 1 jaar en 1 jaar opgeskort vir 3 jaar
<b>III ONGERAPPORTEERDE UITSPRAKE: (SARB INLIGTING VIR DIE TYDPERK NOVEMBER 1988 - MAART 1991)</b>						
1.	<b>J H Mussa</b> November 1988 (Klerksdorp Ldh) <b>M I Kahn</b> <b>T S Mokoma</b> Desember 1988	1) Reg 3(1)(b) (bis)		1) R1 384 1) R1 865 1) R1 150		R200 boete en R1 384 verbeurd verklaar
2.	<b>National Skipehandlers (Pty) Ltd</b> Maart 1989 (Durban Ldh)	1) Reg 3(1)(a)		1) R20 250		R500 of 50 dae en die fondse is verbeurd verklaar
3.	<b>D D Bigara</b>	1) Reg 2(2)(a)		1) R20 000		R500 of 50 dae en die fondse is verbeurd verklaar

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
4.	<i>N Diedericks</i> April 1989 (Pretoria)	1) Reg 2(1)		1) Mosambiek Kwacha 60 000		R20 000 of 18 mnde en 18 mnde opgeskort vir 5 jaar - 60 000 MK verbeurd verklaar
5.	<i>S D Essop</i> Junie 1989 (Pta)	1) Reg 2(1)		1) \$40 000		R30 000 of 2 jaar en 2 jaar opgeskort vir 5 jaar \$40 000 verbeurd verklaar
6.	<i>S L Rolando</i>	1) Reg 2(1)		1) Angolese Kwazas 300 000		R10 000 of 2 jaar en 18 mnde opgeskort. Verbeurd verklaar AK 300 000
7.	<i>A Kahn</i> Januarie 1990 (Pta)	1) Reg 2(1)		1) \$107 000		R15 000 of 1 jaar \$30 000 verbeurd verklaar
8.	<i>R Govender</i> Februarie 1990 (Dbn)	1) Reg 3(1)		1) R60 155		R12 000 of 3 jaar
9.	<i>J M F Gebbhardt</i> Augustus 1990 (Dbn)	1) Bedrog alt Reg 10(1)(c)		1) R5 873 179		2 jaar (samelopend met 'n verdere vonnis vir 4 jaar waarvan 2 jaar opgeskort is) vir poging tot regsverydeling

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
10.	<b>A G Sharriff</b> Augustus 1990 (Jhb)	1) Reg 2		1) R900		R1 000 of 1 jaar
11.	<b>F J Rossouw</b> November 1990 (Pta)	1) Bedrog en 2) Reg 17		1) R146 628		R20 000 of 3 jaar en 2 jaar opgeskort vir 5 jaar
12.	<b>J B Wheeler</b> November 1990 (Pta)	1) Reg 2(1)		1) \$85 000		R30 000 of 2 jaar en 2 jaar opgeskort vir 5 jaar
13.	<b>L D J Ceuleman</b> November 1990 (Jhb)	1) Reg 2(1)		1) R14 000		R4 000 of 1 jaar
14.	<b>A J Fourie</b> Maart 1991 (Pta)	1) Reg 2(1)		1) \$70 000		R10 000 of 2 jaar en 2 jaar opgeskort vir 5 jaar
<b>IV ONGERAPPORTEERDE UITSPRAKE: (INLIGTING UIT KOERANTE EN TYDSKRIFARTIKELS BEKOM)</b>						
1.	<b>S v E Dutton</b> [Beeld 92.01.28] [Business Day 92.06.17][Finance Week 90.01.25][Finance Week 90.01.11] Hooggeregshof Jhb	1) Bedrog (verskeie klagtes) (Round-tripping)		1) ± R280 miljoen 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onskuldig 2) Aanvanklik R500 000 en later verminder na R400 000	Beskuldigde het die Republiek ontvlug voordat die verhoor voltooi is.



No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
2.	<b>S v F H Ferris</b> [Beeld 91.04] Streekhof Jhb Landdros T J la Grange	1) Bedrog 2) Reg 2(2)(a)		1) Onbekend 2) Onbekend 3) ± R500 000	1) Skuldig 2) R10 000	8 jaar waarvan 2 jaar vir 5 jaar opgeskort is
3.	<b>S v J M Hart</b> [Beeld 91.07.19] Streekhof Jhb Landdros C J van Heerden en D S Jacobs	1) Bedrog		1) R64 miljoen 2) Net R16 miljoen is oorgeplaas maar alles is terug gevind 3) Geen	1) Skuldig 2) Onbekend	5 jaar in geheel opgeskort op voorwaardes wat inhou dat 1500 uur gemeenskapsdiens verrig word
4.	<b>S v R O Hill</b> [Finance Week 87.09.24; 87.10.1; 89.05.18]	1) Bedrog 2) Reg 14A  (Roundtripping)		1) R170 miljoen 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	Beskuldigde het ontvlug voordat hofverrigtinge begin is
5.	<b>S v H H Holtzhausen</b> [Beeld 92.03.11] Streekhof Pretoria	1) Reg 2		1) R33 500 se onbewerkte goud 2) Geen 3) Geen	1) Skuldig 2) Onbekend	R4 000 of 20 mnde en 18 mnde wat vir 4 jaar opgeskort is
6.	<b>S v H Hooghakker</b> [Citizen 94.07.20] Streekhof Johannesburg	1) Bedrog		1) R12 miljoen 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) R1 miljoen	

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
7.	<b>S v M A Jacquesson</b> [Business Day 92.09.23] Hooggeregshof Durban Regter Diddcott	1) Bedrog		1) R103 miljoen 2) Onbekend 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	7 jaar
8.	<b>S v M Joannou</b> [Beeld 91.08.17] <b>S v Kelly</b> Streekhof Pretoria	1) Bedrog	[1-98]	1) R10 926 847 2) R10 926 847 3) Onbekend	1) Onbekend 2) Onbekend	
9.	<b>S v D Kofmansky</b> [Citizen 90.09.04; Beeld 90.09.06; 90.09.07; 90.09.01; Business Day 90.09.05; 90.09.07] Streekhof Johannesburg Landdros J J F Coetzer	1) Bedrog 2) Reg 10(1)(c)		1) R32 miljoen 2) R32 miljoen 3) Onbekend	1) Ontvlug 2) Borg is geweier in die Landdroshof. <u>Op appèl</u> is die Landdroshof uitspraak gehandhaaf. 'n <u>Verdere appèl</u> het geslaag. Borgebedrag onbekend	

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
10.	<b>S v L Margolis</b> [Finance Week 91.02.14] Hooggeregshof Kaapstad	1) Reg 10(1)(c)		1) R650 000	1) Onbekend 2) Onbekend	R250 000 boete en gelas om die R650 000 te repatrieer
11.	<b>S v P Miller</b> [Rapport 94.10.30; Finansies & Tegniek 94.11.04; Business Day 95.04.04] Hooggeregshof Johannesburg Regter B R Southwood  Ander persone betrokke is oa M A Mathias, N Michaelides (albei het ontvlug), N Durrant, D Friedman, K Sonie en K Stephen	1) Bedrog	[1-30]	1) R26.7 miljoen 2) R26.7 miljoen 3) Onbekend	1) Skuldig 2) Borg geweier	10 jaar en 'n boete van R350 000

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
12.	Die sogenaamde <u>Ou Mutual</u> ondersoek: (i) <b>S v M Celotti</b> (ii) <i>S v D Shapiro</i>  (iii) <i>S v K Fouche</i>  (iv) <i>S v A B Coetzee</i>  (v) <i>S v G Blank</i> Regter T C Cloete [Business Day 91.03.05; Finansies & Tegniek 92.10.23; 93.06.04; Beeld 92.10.15; 92.02.12; Insig Mei 1991 17]	1) Bedrog 1) Bedrog  1) Bedrog  1) Bedrog  1) Bedrog		1) R12 miljoen 2) R12 miljoen	Ontvlug Ontvlug  1) Skuldig 2) R500 000 1) Skuldig 2) R50 000 1) Skuldig 2) R500 000	8 jaar effektief
13.	<b>S v L G Porter</b> [Beeld 91.09.14] Streekhof Johannesburg Landdros C B S Erasmus	1) Reg 10(1)(c)		1) R2.7 miljoen 2) R2.7 miljoen 3) R38 000	1) Skuldig 2) Onbekend	3 jaar effektief

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
14.	<b>S v Rabbi A M Shelton</b> [Citizen 91.02.12; The Star 91.02.12; Citizen 91.02.08; Beeld 91.04.05; Citizen 91.04.05] Streekhof Johannesburg Landdros P J du Plessis	1) Bedrog 2) Reg 3(1) 3) Reg 10(1)(c)		1) R5 miljoen 2) R5 miljoen 3) Onbekend	1) Ontvlug 2) R50 000	

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
15.	Die sogenaamde <u>Trustbank</u> ondersoek: (i) <b><i>S v N Shefer</i></b> (ii) <i>S v S Pegg</i> (iii) <i>S v H K Welmans</i> Landdros R D Marais Hooggeregshof Johannesburg (iv) <i>S v J Marais</i> <i>S v Coetzee</i> <i>S v P de Bruin</i> (v) <i>S v G Güntenhoner</i>  (vi) <i>S v I Handel</i>  [Finance Week 91.08.08; Financial Mail 92.02.21 en 93.12.03; Beeld 92.01.28; 92.01.29; 92.02.22]	1) Bedrog  1) Bedrog 2) Diefstal 3) Vervalsing  1) Bedrog 2) Diefstal  1) Bedrog 2) Diefstal 3) Vervalsing 1) Bedrog		1) R47 miljoen 2) R33 miljoen	1) Ontvlug - uitgelewer 1) Ontvlug 1) Onskuldig, ontvlug - uitgelewer 2) R1000 borg  1) Skuldig	14 jaar effektief  12 jaar effektief  14 jaar effektief

No	Saak	Aard van Klagtes	Hoeveelheid Klagtes	1) Waarde Betrokke 2) Valuta Verlies 3) Beskuldigde se wins	1)Pleit 2)Borgtog	Vonnis
16.	<i>S v P H van Zyl</i> [Beeld 72.03.13] Streekhof Johannesburg	1) Bedrog		1) R24 miljoen	1) Onbekend 2) R40 000	Onbekend

## HOOFSTUK 5

# DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES 1961<sup>1</sup>

### 5.1 REGULASIE 1

#### WOORDBEPALING

Tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie regulasies -

**bevoegde amptenaar**, 'n doeane- of aksynsbeampte, 'n immigrasiebeampte, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawenspolisie of iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om as sodanig op te tree;

#### BESPREKING:

Die begrip **bevoegde amptenaar** is reeds met die uitvaardiging van die **Buitengewone Finansieregulasies** in 1939 in die regulasies opgeneem. Daar is toe verwys na die "geskikte amptenaar" wat gedefeniëer is as:

"'n doeane- of aksynsamptenaar, 'n immigrasieamptenaar, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of enige een wat deur die Tesourie gemagtig is om as sulks op te tree".<sup>2 3</sup>

---

<sup>1</sup> Soos uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R1111 van 1 Desember 1961, soos gewysig van tyd tot tyd. Die aanhef tot die regulasies lui as volg:

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident, kragtens artikel nege van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), die Deviesebeheerregulasies uitgevaardig het soos vervat in die Bylae van hierdie kennisgewing.

<sup>2</sup> Buitengewone Finansieregulasies GK R 1386 van 9 September 1939, regulasie 1.



Die begrip **bevoegde amptenaar** kom slegs in regulasie 3 voor. Bepaalde omstandighede word voorgeskryf waar sodanige persone geregtig is om mense te visenteer om vas te stel of hulle, by hul vertrek uit of aankoms in die Republiek oor Suid-Afrikaanse banknote bo die toegelate voorskrifte beskik, in welke geval die betrokke bevoegde amptenaar daarop beslag kan lê.<sup>4</sup> Daar word voorts voorsiening gemaak vir die ondersoek en visentering deur 'n bevoegde amptenaar van pakkies wat uit die Republiek na die buiteland gestuur word. Met voorgaande in gedagte is dit enersyds duidelik dat die aangewese beamptes, naamlik doeane- en aksynsbeamptes en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie, uit hoofde van hul diensbestek by uitstek geskik is om sodanige ondersoeke te doen en dat dit andersyds noodsaaklik is dat sodanige ondersoeke wel gedoen kan word. Die funksies en bevoegdhede van enige sodanige amptenare wat uit hoofde van die Wet en regulasies handel, word behoorlik in regulasie 3 omskryf.<sup>5</sup> Oelofse toon tereg aan dat daar sedert die inwerkingtreding van die Wet op die oorplasing van die Suid-Afrikaanse Spoorweg Polisiemag na die Suid-Afrikaanse Polisie, Wet 83 van 1986, nie meer tussen die twee magte onderskei word nie.<sup>6</sup>

"die Wet", Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet 9 van 1933);

## **BESPREKING:**

Die inhoud van die omskrywing is vanselfsprekend.

---

<sup>3</sup> Daar word sedert 1942 kragtens die Gekonsolideerde Buitengewone Finansie-regulasies, GK R 266 van 19 Oktober 1942 na die "bevoegde amptenaar" verwys.

<sup>4</sup> Vgl regulasie 3(3).

<sup>5</sup> Vgl regulasie 3(3), (4) en 3(6) en (7) onderskeidelik ten opsigte van persone wat die Republiek verlaat en persone wat die Republiek binnekom.

<sup>6</sup> Oelofse 13 en 14.

"eienaar", ten opsigte van geldwaardige papiere, ook iemand wat die reg besit om sulke geldwaardige papiere weg te doen of oor te dra, of wat hulle in bewaring hou, of wat dividende of rente daarop, hetsy vir eie rekening of namens iemand anders, ontvang of wat die reg daartoe het, of wat enige ander belang daarin het;

#### **BESPREKING:**

Die omskrywing van **eienaar** kom in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die **Buitengewone Finansieregulasies**, 1939 gepubliseer is. Dit is belangrik om daarop te let dat die omskrywing beperk is tot geldwaardige papiere en dat dit in die opsig hoofsaaklik op regulasies 14 en 15 van toepassing is. Die omskrywing is klaarblyklik bedoel om die gemeenregtelike begrip van "eienaar" substansiëel uit te brei sodat dit minstens ook die "eienaar" se agent en gevolmagtigde soos byvoorbeeld 'n makelaar sal insluit, in soverre as wat daar met geldwaardige papiere gehandel word.

"**finansiële bystand**", ook die uitleen van valuta, die verlening van krediet, die opneem van sekuriteite, die aangaan van 'n huurkoop of 'n verhuring, die finansiering van verkope of voorrade, 'n verdiskontering, 'n faktoring, die waarborg van aksepteringskrediete, die waarborg of aanvaarding van enige verpligting, 'n borgtog, 'n terugkoop en 'n terugverhuring maar met uitsluiting van -

- (a) die verlening van krediet deur 'n verkoper ten opsigte van enige handelstransaksie wat direk die oorgang van eiendomsreg op die verkoopte goed van verkoper na koper behels, en
- (b) die verlening van krediet alleen ten opsigte van die betaling van dienste gelewer;

#### **BESPREKING:**

Die terme **finansiële bystand** en **geaffekteerde persoon** hou direk verband met die beperkinge opgelê kragtens regulasies 3(1)(e) en 3(1)(f) en word beide terme *infra* by die bespreking van die betrokke regulasies

174

volledig toegelig.

"geaffekteerde persoon", 'n regs persoon, stigting, trust of vennootskap wat in die Republiek sake doen, of 'n boedel, ten opsigte waarvan -

- (i) 25 persent of meer van die kapitaal, bates of verdienstes daarvan gebruik mag word vir betaling aan, of vir die bevoordeling op enige wyse van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie; of
- (ii) 25 persent of meer van die stembedraende geldwaardige papiere, stembevoegdheid, mag van beheer, kapitaal, bates of verdienstes daarvan, regstreeks of onregstreeks gesetel is in, of beheer word deur of ten behoeve van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie;

#### **BESPREKING:**

Soos *supra* aangetoon, word die term volledig bespreek by die ontleding van regulasies 3(1)(e) en 3(1)(f).

"Gekonsolideerde Inkomstefonds", by die toepassing van hierdie regulasie op die Gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, die inkomstefonds van genoemde Gebied;

#### **BESPREKING:**

Die fonds se naam is intussen verander na die Staats-inkomstefonds. Aangesien die omskrywing bloot verwys na die betrokke inkomstefonds vir Namibië dien dit geen verdere doel sedert onafhanklikwording van Namibië.

"geld", ook vreemde valuta of 'n wissel of ander verhandelbare dokument;

#### **BESPREKING:**

Die omskrywing van **geld** is op 4 Mei 1987 deur GK R 957 tot regulasie 1 bygevoeg. Dit blyk uit die definisie dat die wetgewer 'n baie wye omskrywing beoog het, veral indien die regspraak van "...of ander verhandelbare dokument;" in ag geneem word. Die omskrywing is veral van toepassing op regulasies 4, 22A, 22B, 22C en 22D, maar is vanweë die insluiting van die begrip "vreemde valuta" daarby, uiteraard op alle regulasies van toepassing.

"**geldwaardige papiere**", aandele, effekte, verbande, skuldbriewe, obligasies, eenheidsertifikate, asook 'n brief of ander dokument wat enige bewys van regte ten aansien van 'n geldwaardige papier verleen of bevat;

### **BESPREKING:**

Die begrip **geldwaardige papiere** is in 1939 in die **Buitengewone Finansieregulasies** GK R 1386 van 9 September 1939, gedefinieer as :

"Geldwaardige papier, ook aandele, effekte, verbande, skuldbriewe, obligasies en skatkisbiljette, maar sluit nie in 'n wissel of 'n promesse nie".

Oelofse<sup>7</sup> wys daarop dat daar drie aspekte is wat by dié omskrywing in ag geneem moet word, naamlik:

- (1) dat 'n sertifikaat van ledebelang in 'n beslote korporasie nie 'n geldwaardige papier is nie;<sup>8</sup>
- (2) dat alhoewel 'n skuldbrief en obligasie wesenlik ooreenstem, laasgemelde gewoonlik beperk word vir skuldbriewe uitgereik deur

---

<sup>7</sup> Oelofse 14.

<sup>8</sup> Vgl Artikels 30 en 31 van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984.

die Staat of regspersone in die openbare sektor;<sup>9 10</sup>

- (3) dat eenheidsertifikate waarskynlik na onderaandeel-sertifikate in effektrusts verwys.

In die *Exchange Control Manual*<sup>11</sup> gee die Suid-Afrikaanse Reserwebank die volgende taamlik omvattende omskrywing vir geldwaardige papiere, as synde *securities* naamlik:

*"Securities includes not only quoted stocks, shares, debentures and rights, but also unquoted shares in public companies, shares in private companies, Government, Municipal and Public Utility stocks, non-resident owned mortgage bonds and/or participations in mortgage bonds. The terms "scrip" and "share certificates" include any temporary or substitute documents of title, such as Letters of Allotment, Option Certificates, Balance Receipts and any other Receipts for Scrip."*<sup>12</sup>

Die begrip **geldwaardige papiere** is veral van belang vir regulasies 3, 7, 10, 14, 15, 16 en 22A tot 22D, maar is uiteraard nie tot dié regulasies beperk nie, veral vanweë die uitgebreide betekenis daarvan.

---

<sup>9</sup> Oelofse 14 en Artikel 10(1)(i)-(iv) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962.

<sup>10</sup> Die afleiding word ook gestaaf deur die vroeëre definisie waar na "obligasies en skatkisbiljette," in dieselfde frase verwys word.

<sup>11</sup> Daar is reeds *supra* aangetoon dat die *Exchange Control Manual* geen regsrag het nie en dat dit bloot as verduidelikende handleiding, uitgegee deur die SARB aan gemagtigde handelaars en enige ander belanghebbende partye, dien. Dit is egter belangrik in die opsig dat die toepassing van die deviese-beheerstelsel uit die SARB se oogpunt duidelik daarin weerspieël word.

<sup>12</sup> *Exchange Control Manual* Oktober 1990 A2.

"**gemagtigde handelaar**", ten opsigte van enige transaksie wat in verband met goud staan, iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om in goud handel te drywe en, ten opsigte van enige transaksie wat in verband met deviese staan, iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om in deviese handel te drywe;

### **BESPREKING:**

Die Minister van Finansies stel uit hoofde van paragraaf 3(a) van die Bevele en Reëls, uitgevaardig kragtens artikel 9 van die Wet van tyd tot tyd sekere instansies aan as **gemagtigde handelaars**. Die **gemagtigde handelaars** is bykans almal bankinstellings wat as banke handel dryf. Die **gemagtigde handelaars** word aangestel ten einde die grootste gedeelte van vreemde valuta transaksies te hanteer welke aan die voorskrifte van die Wet, regulasies, Bevele en Reëls en die Deviesebeheervoorskrifte, soos van tyd tot tyd gewysig, moet voldoen. Daar word onderskei tussen:

- \* **gemagtigde handelaars;**
- \* beperk **gemagtigde handelaars;**
- \* gemagtigde banke.

Die beperk **gemagtigde handelaars** is gewoonlik reisagentskappe soos byvoorbeeld Thomas Cook, American Express handeldrywend as Ammexco en Rennie's Travel (Edms) Bpk, wie se bevoegdheid om met vreemde valuta te handel, beperk is tot die verskaffing van vreemde valuta vir reisdoeleindes.

Gemagtigde banke is **gemagtigde handelaars** wat spesifiek gemagtig is om in finansiële rand te handel. In die praktyk word 'n bank soos byvoorbeeld Standard Bank Beperk as 'n **gemagtigde handelaar** aangestel. 'n Spesifieke tak wat na 'n ondersoek blyk oor voldoende infrastruktuur, personeel en deskundigheid te beskik, word dan as 'n gemagtigde bank aangestel. Dit volg dus dat alle takke van 'n

**gemagtigde handelaar**, 'n **gemagtigde handelaar** is, maar dat slegs sekere aangewese takke gemagtigde banke is.

Dit is van wesenlike belang om daarop te let dat **gemagtigde handelaars** deur die Tesourie, en nie die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank nie, aangestel word. **Gemagtigde handelaars** beskik gevolglik oor oorspronklike bevoegdheid om in en met vreemde valuta te handel, en dit is gevolglik nie 'n gedelegeerde diskresionêre bevoegdheid soos wat so dikwels voor die howe geargumenteer word nie.<sup>13</sup> Die feit dat die **gemagtigde handelaars** se bevoegdhede onderworpe is aan die deviesebeheervoorskrifte van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, ontnem nie die feit dat hul aanstellings direk deur die Tesourie geskied nie.

Soos wat daar in die Republiek tussen **gemagtigde handelaars** en gemagtigde banke onderskei word, was daar vroeër ook in die Verenigde Koninkryk onderskei tussen *Authorised Banks* en *Authorised Depositories*. Voor die afskaffing van deviesebeheer in die Verenigde Koninkryk was daar 'n sogenaamde *investment currency*. Slegs die *Authorised Depositories* was geregtig en gemagtig om sogenaamde *investment currency* transaksies te hanteer terwyl *Authorised Banks* die meer algemene funksies, soos dié van 'n **gemagtigde handelaar** in die Republiek, vervul het.<sup>14</sup>

"goed", ook enige onroerende goed en enige geldwaardige papiere;

---

<sup>13</sup> Vgl bv *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A. Vgl ook die kommentaar ten aansien van die stelreël *delegatus delegare non potest* as verweer wat geopper is teen die regsgeldigheid van die toepassing van die deviesebeheerstelsel in Suid-Afrika in par 3.6 *supra*.

<sup>14</sup> Sien Parker 10 en 11.

**BESPREKING:**

Die omskrywing is in 1987 deur middel van GK R 957 van 4 Mei 1987 tot die woordskrywings toegevoeg.

"**goud**", goud in alle vorme, behalwe in Regulasies 2 en 5 waar "goud" ander goud as bewerkte goud beteken;

**BESPREKING:**

Die definisie toon onomwonde dat die begrip **goud** in regulasies 2 en 5 onbewerkte goud is, terwyl dit in die ander regulasies **goud** in enige vorm, dus bewerk of onbewerk, omvat. In *R v Rathanji*<sup>15</sup> is die beskuldigdes aangekla en skuldig bevind aan oortreding van regulasie 2(1) deurdat hulle onbewerkte **goud** gekoop het terwyl hulle nie gemagtigde handelaars was nie. Die volgende aanhaling toon die aanvaarding van die woordeboek-definisie van onbewerkte **goud** deur die geleerde regters, naamlik:

*"In my opinion, the gold spoke for itself and provided the best evidence of its state or condition. The Magistrate saw the gold and this is what he says about it:*

*"The gold bought by the appellants consisted of four crude lumps of no particular shape and of varying sizes. The analyst certified that the four pieces weighed in all 11,89 ounces, contained 89.8 per cent of fine gold and were worth £132 8 s.Od. (See exhibit "A"). The crown evidence (Det. Head Constable Nel) established that the gold came through police sources from the Chamber of Mines. It was obvious to anyone viewing the gold that it had not been "fashioned, formed, shaped, beaten out or shaped with.... tools".*

---

<sup>15</sup> *R v Rathanji* 1950 (4) SA 170 N.



*The Oxford English Dictionary gives the second meaning of unwrought as :*

*"not formed or fashioned by being worked on; especially of materials (as fabrics, stone or metal); still in a crude, raw, rude or natural state, not worked into a finished condition; undressed". "*

*That, in my opinion, is the ordinary meaning of the word in relation to gold, and when one applies it to the gold in the present case, the inevitable conclusion looking at the gold, as he must, through the eyes of the magistrate, is that it was not wrought gold."<sup>16</sup>*

"oordra", ook oordrag by wyse van lening of sekerheidstelling, en vir die toepassing van hierdie regulasies word iemand geag geldwaardige papiere aan iemand buite die Republiek oor te dra as hy geldwaardige papiere van 'n register binne die Republiek na 'n register buite die Republiek oordra;

#### **BESPREKING:**

Die inhoud van die omskrywing is vanselfsprekend.

"Republiek van Suid-Afrika", by die toepassing van hierdie regulasies op die Gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, ook genoemde Gebied en genoemde hawe en nedersetting;

#### **BESPREKING:**

Alhoewel Namibië uit hoofde van sy onafhanklikwording en die bepaling van artikel 2(2) van die Wet op die Erkenning van die Onafhanklikheid van Namibië, Wet 34 van 1990 nie meer aan die Wet en die deviesebeheer-

---

<sup>16</sup> Op 172 H tot 173 C van die uitspraak. Vgl ook Oelofse 16.

regulasies onderworpe is nie, vorm dit steeds deel van die Gemeenskaplike Monetêre Gebied.

"**Staatskoerant**", by die toepassing van hierdie regulasies op die Republiek, die Staatskoerant en, by die toepassing daarvan op die Gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, die Offisiële Koerant van genoemde Gebied;

**BESPREKING:**

Die inhoud van die omskrywing is vanselfsprekend.

"**sterlinggebied**", die Republiek van Suid-Afrika en die Gebied Suidwes-Afrika en sulke ander gebiede as wat die Tesourie by kennisgewing in die Staatskoerant verklaar in die sterlinggebied inbegrepe te wees;

**BESPREKING:**

'n Volledige omskrywing van alle lande wat deel van die **Sterlinggebied** vorm, word in paragraaf 1 van die Bevele en Reëls aangetref. Die omskrywing word volledig bespreek onder die kommentaar wat op regulasie 13 gegee word.

"**Tesourie**", met betrekking tot 'n aangeleentheid in hierdie regulasies beoog, die Minister van Finansies of 'n beamppte in die Departement van Finansies wat, uit hoofde van die indeling van die werk in daardie Departement, op gesag van die Minister van Finansies met daardie aangeleentheid handel;

**BESPREKING:**

Die inhoud van die omskrywing is vanselfsprekend.

"**verband**", ook 'n verbandakte of notariële verband wat in 'n registrasiekantoor in die Republiek geregistreer is of registreerbaar is;

**BESPREKING:**

Oelofse voer aan dat die omskrywing van **verband** moeilik is om te peil veral vanweë die gebruik van die woord **ook** wat impliseer dat die omskrywing nie uitputtend is nie. Daarenteen bestaan daar slegs twee soorte verbande, synde verbande oor onroerende goed en notariële verbande oor roerende goed. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit waarskynlik so omskryf is om dit duidelik te stel dat 'n verbandakte wat nog geregistreer moet word, ook as 'n **verband** beskou moet word.<sup>17</sup>

Die omskrywing van **verband** blyk egter nog meer eienaardig te wees indien daar op die vroeëre omskrywing daarvan gelet word. In die **Gekonsolideerde Buitengewone Finansieregulasies, 1942**<sup>18</sup> is **verband** beskryf as:

"**verband**, nie ook 'n verbandakte of notariële verband wat in registrasiekantoor in die Unie geregistreer is of registreerbaar is nie behalwe 'n obligasie;"

en in Engels as:

*"Bond does not include any mortgage bond or notarial bond registered or registrable in any registration office in the Union other than a debenture bond;"*

In dié omskrywing wil dit voorkom asof 'n verwysing na 'n **verband** nie 'n gewone **verband** of notariële **verband** is nie, maar slegs 'n obligasie! Die

---

<sup>17</sup> Oelofse 16.

<sup>18</sup> Gekonsolideerde Buitengewone Finansieregulasies, GK R 266 van 19 Oktober 1942.

laasgemelde omskrywing is ook opgeneem deur regulasies wat in 1948<sup>19</sup> en 1952<sup>20</sup> gepubliseer is, maar is in 1961 met die bestaande omskrywing vir **verband** vervang.

Dit word aan die hand gedoen dat die woord "ook" waar dit in die definisie voorkom, oorbodig is en geskrap behoort te word, aangesien dit die begrip onnodig onduidelik en vatbaar vir kritiek maak.

"**vreemde valuta**", enige valuta wat nie in die Republiek wettige betaalmiddel is nie, en ook enige kredietbrief, posorder, poswissel, promesse, reistjek, wissel of enige ander instrument vir die uitbetaling van valuta wat betaalbaar is in 'n valuta-eenheid wat nie in die Republiek wettige betaalmiddel is nie.

#### **BESPREKING:**

Die definisie van **vreemde geld** ingevolge die **Buitengewone Finansieregulasies** 1939<sup>21</sup> het soos volg gelui:

"**Vreemde geld** - enige geld behalwe geld wat in die Unie 'n wettige betaalmiddel is;"

Dit is daarna<sup>22</sup> verander om te lees:

"**Vreemde geld** - ander geld as dié geld wat in die Unie 'n wettige betaalmiddel is;"

Sedert 1948 is daar na **vreemde valuta** verwys en is die omskrywing

---

<sup>19</sup> GK R 163 van 23 Januarie 1948.

<sup>20</sup> GK R 2800 van 2 November 1951.

<sup>21</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

<sup>22</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

daarna telkens verander sonder dat dit 'n wesentliche invloed gehad het. In 1951<sup>23</sup> het die definisie spesifiek "banknote van Engeland" van die omskrywing van **vreemde valuta** uitgesluit. Dit is in 1961<sup>24</sup> weer gewysig en is laasgemelde uitsondering weggelaat.

Die appèluitspraak in *S v Katsikaris*<sup>25</sup> het aanleiding gegee tot 'n verdere wysiging van die omskrywing van **vreemde valuta** in 1981<sup>26</sup> welke omskrywing steeds van toepassing is. Die relevante feite van die saak kan kortliks soos volg saamgevat word:

Die beskuldigde het deur die medewerking van twee persone, K en V wat as tussengangers opgetree het, **vreemde valuta** aangekoop van ene Ketz, wat nie 'n gemagtigde handelaar was nie. Hy het reisigerstjeks ten bedrae van \$23 040.00 ontvang en het R18 839.58 daarvoor betaal. Daarna het hy die reisigerstjeks onderteken en vanaf Caledon in die Republiek na Griekeland gestuur waar dit by 'n bank in Athene aangebied is vir betaling en gehonoreer is. Die fondse is daar in 'n rekening vir die beskuldigde gehou.

Die beskuldigde is aangekla vir oortredings van regulasies 2(1) en 3(1)(a). Die hof, by monde van Appèlregter Trollip het bevind :

(1) dat **vreemde valuta**, soos wat dit toe gedefiniëer was, beteken het:

*"...any currency other than the currency which is legal tender in the Republic";*

---

<sup>23</sup> GK R 2800 van 2 November 1951.

<sup>24</sup> GK R 1111 van 1 Desember 1961.

<sup>25</sup> *S v Katsikaris* 1980 (3) SA 580 A.

<sup>26</sup> GK R 357 van 20 Februarie 1981.

- (2) dat die reisigerstjeks self nie **vreemde valuta** was nie, maar slegs die "voertuig" waardeur die **vreemde valuta** bekom is;
- (3) dat die reisigerstjeks nie wissels was nie aangesien dit nie onvoorwaardelik was nie en ook nie promesses was nie aangesien dit nie 'n betalingsbelofte ingehou het nie, soos wat in regulasie 3(9) bedoel word en dat die vermoede in regulasie 3(9) vervat, gevolglik nie van toepassing was nie;
- (4) dat die Staat gevolglik nie bewys het dat die beskuldigde vreemde valuta uit die Republiek gestuur het nie. Die beskuldigde is gevolglik vrygespreek op die tweede klagte ten opsigte van regulasie 3(1)(a).<sup>27</sup>

Soos reeds vermeld, en soos verwag kon word, is die regulasie kort daarna gewysig om die effek van die uitspraak teen te werk sodat reisigerstjeks en ook ander "betalingsinstrumente" uitdruklik by die begrip **vreemde valuta** ingesluit word.

Met verwysing na die uitspraak in *S v Zakana*<sup>28</sup> wys Oelofse tereg uit dat geld wat vroeër wettige betaalmiddel was, maar dit nie meer is nie, byvoorbeeld vanweë die inwerkingstelling van 'n nuwe note- of muntstelsel, nie binne die omskrywing van **vreemde valuta** val nie.<sup>29</sup>

Dit moet nie uit die oog verloor word dat die verskillende woordskrywings oor en weer op mekaar van toepassing is en hulle moet onderling saamgelees word ten einde 'n behoorlike geheelbeeld te verkry. Dit blyk byvoorbeeld met die eerste oogopslag of regulasie 10 nie

---

<sup>27</sup> Die meriete van die bevinding ten aansien van die eerste klagte, naamlik regulasie 2(1) word *infra* volledig behandel by die bespreking van regulasie 2(1). Vgl ook Oelofse 16 en 17, maar *contra* die bespreking van regulasie 2(1) *infra*.

<sup>28</sup> *S v Zakana* 1976 (2) SA 248 R.

<sup>29</sup> Oelofse 17.

186

met geldwaardige papiere handel nie. Uit hoofde van die definisie van "goed" word geldwaardige papiere egter uitdruklik by "goed" ingesluit en is die regulasie dus ook op geldwaardige papiere van toepassing. Verskeie sodanige voorbeelde kom voor. Veral die omskrywings van:

- \* Geldwaardige papiere;
- \* Goed;
- \* Oordra;
- \* Verband;
- \* Vreemde valuta;
- \* Eienaar;
- \* Finansiële bystand; en
- \* Geaffekteerde persoon

moet in dié sin in samehang met mekaar gelees word.

## 5.2 REGULASIE 2

### BEPERKING OP DIE AANKOOP, VERKOOP EN LEEN VAN VREEMDE VALUTA EN GOUD

- (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand, behalwe 'n gemagtigde handelaar, vreemde valuta of goud koop of leen van, vreemde valuta of goud verkoop of leen aan, iemand wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie.
- (2)
  - (a) Behalwe vir die doeleindes of op die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag 'n gemagtigde handelaar geen vreemde valuta of goud koop, leen of ontvang of verkoop, uitleen of lewer nie.
  - (b) Die Tesourie kan na goeddunke, by wyse van 'n bevel, alle gemagtigde handelaars of enigeen of meer van hulle verbied -
    - (i) om vreemde valuta of goud te verkoop, uit te leen of te lewer aan, of te koop, te leen of te ontvang van, enige bepaalde persoon, fonds of vreemde regering; of
    - (ii) om vreemde valuta of goud aldus te verkoop, uit te leen, te lewer, te koop, te leen of te ontvang vir enige bepaalde doel of behalwe vir die doeleindes of op die voorwaardes wat die Tesourie mag stel.
- (3) Enigeen wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie en wat vreemde valuta of goud wil koop of leen of verkoop of uitleen, moet by 'n gemagtigde handelaar aansoek doen en moet die inligting verstrek en die dokumente indien wat die gemagtigde handelaar mag verlang ten einde nakoming van die voorwaarde of voorwaardes gestel by sub-regulasie (2) van hierdie regulasie te verseker.
- (4) Niemand wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie, mag -
  - (a) vreemde valuta of goud wat hy van 'n gemagtigde handelaar verkry het vir 'n ander doel gebruik of aanwend as dié wat hy in sy aansoek vermeld het as die doel waarvoor hy dit wou hê nie; of



- (b) enigiets doen wat daarop bereken is om te lei tot die gebruik of aanwending van sodanige vreemde valuta of goud vir 'n ander doel as dié wat hy in voormelde aansoek vermeld het nie.
- (5) As iemand as gevolg van 'n aansoek ingevolge sub-regulasie (3) van hierdie regulasie van 'n gemagtigde handelaar goud of vreemde valuta verkry het en al, of enige deel van, sodanige goud of vreemde valuta nie meer vir die doel in sy aansoek vermeld, nodig het nie, moet hy onverwyld die goud of vreemde valuta, wat nie nodig is nie, aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar te koop aanbied; dit mag teruggekoop word teen die prys waarteen dit aan hom verkoop is of sodanige ander prys as wat die Tesourie mag bepaal.

### **BESPREKING:**

Soos regulasie 3 vorm **regulasie 2** een van die hoekstene van die deviesebeheerstelsel. Dit is duidelik dat, indien die Tesourie kan verseker dat gemagtigde handelaars die voorskrifte van die Tesourie stiptelik nakom, onmiddellike en effektiewe beheer oor vreemde valuta en goud uitgeoefen kan word waar vereis word dat alle vreemde valuta, goud en verbandhoudende transaksies deur middel van 'n gemagtigde handelaar moet geskied. Die regulasie is gevolglik baie belangrik aangesien dit die basis van die vreemde valuta- en goudmark vorm.

**Regulasie 2** het aanvanklik toe dit in 1939 in die *Buitengewone Finansieregulasies*<sup>30</sup> gepubliseer is, kort en kernagtig soos volg daar na uitgesien:

- "2. Sonder vergunning deur die Tesourie toegestaan, mag niemand, behalwe 'n gemagtigde handelaar, in die Unie vreemde geld of goud van enigiemand, behalwe 'n gemagtigde handelaar, koop of leen nie, of vreemde geld of goud aan enigiemand, behalwe 'n

---

<sup>30</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

gemagtigde handelaar, verkoop of leen nie."

Wanneer die inhoud van regulasie 2 histories vergelyk word met die vroeëre weergawes blyk dit dat die volgende elemente wat vandag ook in die regulasie aangetref word, reeds so vroeg as 1942 voorgekom het:<sup>31</sup>

- (1) Vreemde valuta en goud kan slegs deur middel van 'n gemagtigde handelaar verkoop, gekoop of geleen word;
- (2) Die gemagtigde handelaars se bevoegdheid word beheer deurdat hulle slegs op die Tesourie se voorgeskrewe voorwaardes en doeleindes met vreemde valuta en goud mag handel;
- (3) Indien enige persoon vreemde valuta of goud wil koop, verkoop, leen of uitleen, word hy verplig om dit deur middel van 'n gemagtigde handelaar te doen;
- (4) 'n Persoon wat vreemde valuta en goud van 'n gemagtigde handelaar gekoop of geleen het, mag dit nie vir 'n ander doel aanwend as die doel waarvoor hy dit aanvanklik verkry het nie.

Die enigste wesenlike toevoeging tot die voorgaande vier elemente sedert 1942 word vandag in regulasie 2(5) aangetref wat voorskryf dat 'n persoon enige vreemde valuta en goud wat hy van 'n gemagtigde handelaar verkry het en wat hy nie verder vir die voorgeskrewe doel benodig nie, onverwyld sodanige vreemde valuta en goud aan 'n gemagtigde handelaar te koop moet aanbied.

'n Vraag wat onmiddellik opduik indien Regulasie 2 bestudeer word, is of daar werklik sprake van 'n koop- en verkoopsooreenkoms is indien een soort geld vir 'n ander *verruil* word en of dit nie in werklikheid 'n ruil-

---

<sup>31</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942. Regulasie 2.

ooreenkoms is nie.<sup>32</sup> Die vraag word in die Engelse reg, wat soos reeds vroeër aangetoon is, die hoofbron van die Suid-Afrikaanse deviesebeheerstelsel is, beantwoord met die toets of die ooreenkoms inhou dat die vreemde valuta *geld* is, en of dit 'n *kommoditeit* is. *Mann* stel dit soos volg:<sup>33</sup>

*"On the contrary the problem whether foreign money is money or a commodity is everywhere a subject of discussion. (FN: The comparative material and the arguments on each side are collected and discussed by Neumeyer, pp. 128 sqq. The commodity theory is widely accepted in France: ...;*

*In the United States of America foreign money has in innumerable cases been described as a commodity, mostly as an argument for the view that in case of legal proceedings instituted to recover a sum of foreign money, the conversion into dollars must be effected at the rate of exchange at the date of breach. But there are also cases where the commodity theory was rejected: ...)*

*This problem does not admit of a rigid solution. In the same way as the meaning of money may vary, and as a chattel which usually is money may sometimes be a commodity, so the question whether foreign money is to be treated as a*

---

<sup>32</sup> Indien 'n persoon bv op buitelandse reis gaan en hy met sy rand VSA \$ aankoop, kan gevra word of dit nie 'n blote ruilkontrak van geld is nie. Die ooreenkoms ontstaan immers bloot sodat die reisiger deur middel van sy VSA \$ sy daaglikse uitgawes in die VSA kan betaal, net soos wat hy dit in die Republiek met rand sou gedoen het. Die vraag wat verder opkom, is of die voorgaande onderskei moet word van 'n persoon wat goedere invoer en VSA \$ moet bekom ten einde vir die invoere te betaal?

<sup>33</sup> *Mann* op 184 en 185. (Voetnota's in soverre dit relevant is, word in hakies aangedui met 'n FN wat die voetnoot voorafgaan).

*commodity or money depends on the circumstances of the case, on the import of the words of a statute or an agreement, or on the legal nature of the individual transaction. Foreign money may be money, but it is not always money. Commodity is not a legal, but an economic concept; a commodity is that which is an object of commercial intercourse. But the conception of a commodity has a relative character; it cannot be attributed to any particular thing as such. Thus foreign money is dealt in and quoted on the foreign exchange market, and is there a commodity. ... This view that no hard- and fast-rule exists and that foreign money is a commodity where it is, or is referred to as, an object of commercial intercourse, and that it is money where it serves monetary functions, makes it necessary to examine each individual case and to refrain from overrating the importance of statements made or conclusion arrived at in the one or the other connection. (FN: Thus it was held in France that foreign money, namely Russian roubles, was covered by a statute prohibiting the importation of foreign "goods": ...);*

en

*"If a Londoner exchanges a pound sterling note against 10 French francs at Cook's in London, or if he requests his banker to convert a sum of pounds sterling into 1,000 U.S.A. dollars or to pay dollars to his American creditor, nobody will hesitate to draw the inference that this customer buys francs and dollars as a commodity and that the delivery of the foreign money is the subject-matter of a sale. The "money market" which exists in financial centres rests on the fact that the participants, usually bankers, discount or finance houses,*

*"buy" or "sell" large sums of foreign money from each other, although in most cases they buy or sell credits at a bank.*

*... Nor does it matter whether the foreign money is payable here or abroad, whether the creditor is a resident or a non-resident, or whether the money is due under an English or a foreign contract. The legal nature of the transaction is always to be tested by the question: does the currency function as money, that is to say, as a medium of exchange, or is it the object of commercial intercourse?"<sup>34</sup>*

Dit word aan die hand gedoen dat in die lig van die feit dat vreemde valuta in 'n beheerde en geregleerde mark<sup>35</sup> val waar vreemde valuta as 'n kommoditeit beskou word, die algemene uitgangspunt in die Republiek is, soos ook in Engeland, die V.S.A., Frankryk en Duitsland, dat vreemde valuta gekoop en verkoop word, onderworpe aan die kwalifikasie dat omstandighede wel kan voorkom waar dit nie 'n koopoooreenkoms is nie, maar 'n ruiltransaksie.<sup>36</sup>

In soverre as wat dit vreemde valuta betref, beweer Oelofse,<sup>37</sup> met

---

<sup>34</sup> Mann op 190 en 191.

<sup>35</sup> Vgl Mann op 185 soos *supra* aangehaal waar dit gestel word dat:  
*"Thus foreign money is dealt in and quoted on the foreign exchange market, and is there a commodity."* (My beklemtoning.)

<sup>36</sup> Uit hoofde hiervan is die gevolgtrekking dat die antwoord op die vrae *supra* inhou dat daar nie van 'n ruilkontrak sprake is nie, maar dat beide gevalle 'n koopoooreenkoms daarstel. Dit word aan die hand gedoen dat die regulasies in dié opsig tekort skiet deurdat daar geen verbod geplaas word op die verruil van vreemde valuta, alhoewel daar dikwels in sulke omstandighede met 'n oortreding van regulasie 6 te doen gekry sal word.

<sup>37</sup> Oelofse 16 en 19.

verwysing na die uitspraak van Appèlregter Trollip in *S v Katsikaris*<sup>38</sup> dat die hof vir doeleindes van **regulasie 2(1)** die reisigerstjeks as vreemde valuta beskou het. Alhoewel dit mag voorkom, in die lig van die wysiging van die woordskrywing van vreemde valuta om uitdruklik reisigerstjeks en ander betalingsinstrumente in te sluit, sedert die uitspraak,<sup>39</sup> of dit tans irrelevant is of die voorgaande stelling van Oelofse korrek is al dan nie, is dit noodsaaklik om die stelling deeglik te ondersoek aangesien dit wesenlik is ter onderskeiding van die verskillende elemente wat by 'n oortreding van regulasie 2(1) ter sprake is. Die relevante feite van die uitspraak kan soos volg opgesom word, naamlik:<sup>40</sup>

Die beskuldigde het met behulp van twee tussengangers, K en V ooreengekom om vreemde valuta van ene mnr Kets aan te koop. Dit was gemeensaak dat Kets nie 'n gemagtigde handelaar was nie. Die beskuldigde het reisigerstjeks ten bedrae van \$23 040.00 ontvang en het R18 839.58 daarvoor betaal. Die reisigerstjeks is daarna deur hom onderteken en vanaf Caledon, in die Republiek na Athene, Griekeland versend waar dit by 'n bank vir betaling aangebied en gehonoreer is. Die beskuldigde is aangekla dat hy in stryd met regulasie 2(1) vreemde valuta van 'n persoon anders as 'n gemagtigde handelaar aangekoop het en dat die vreemde valuta daarna in stryd met regulasie 3(1)(a) uit die Republiek na Griekeland versend is.

Op appèl na 'n skuldigbevinding in die Landdroshof op grond van 'n skuldig pleit is namens die beskuldigde aangevoer dat hy nie vreemde valuta gekoop het nie, maar wel reisigerstjeks, aangesien die omskrywing

---

<sup>38</sup> *S v Katsikaris* 1980 (3) SA 580 A.

<sup>39</sup> Vgl die bespreking van die omskrywing van vreemde valuta in par 5.1 *supra*.

<sup>40</sup> Die feite is reeds kernagtig in par 5.1 *supra* bespreek, maar word hier herhaal en *infra* in meer besonderhede verskaf in die lig van die belang wat dit op 'n oortreding van regulasie 2(1), en nie net die definisie van vreemde valuta nie, het.

van vreemde valuta ten tye van die verhoor bepaal het dat vreemde valuta bloot:

*"...any currency other than currency which is legal tender in the Republic;"<sup>41</sup>*

was.

In die ontleding van die vereistes waaraan voldoen moet word om regulasie 2(1) te oortree, bevind Appèlregter Trollip dat die wesenlike element daarvan geleë is in 'n ooreenkoms met 'n persoon wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie, om vreemde valuta sonder die nodige Tesourie goedkeuring te koop, verkoop of te leen. Die regter bevind dan op die feite dat, alhoewel die reisigerstjeks nie vreemde valuta vir doeleindes van die regulasies was nie, dit nie die beskuldigde bevoordeel nie aangesien die ooreenkoms om vreemde valuta in stryd met die regulasie te koop, bewys is. Hy stel dit soos volg:<sup>42</sup>

*"For reasons given later when dealing with count two I do not think that the traveller's cheques did constitute or were proved to constitute "foreign currency" within the meaning of the expression as used in reg 2(1) or as defined in reg 1. But, as will now appear, that conclusion does not assist the appellant on count 1. What reg 2(1) forbids is that a person should, without the necessary permission etc, "buy" or "sell" any foreign currency. That pre-supposes the entering into of an **agreement** to buy or sell foreign currency. The provision hits at the **entering into of such an agreement with someone who is not an authorised dealer** without Treasury*

---

<sup>41</sup> Op 582 E tot G, 583 D, 583 H, 584 A en 589 D ev van die uitspraak.

<sup>42</sup> Op 589 H tot 590 A van die uitspraak.

*permission."*

Daar kan gevolglik nie met Oelofse saamgestem word dat die hof vir regulasie 2(1) se doeleindes die reisigerstjeks as vreemde valuta beskou het nie.

'n Vraag wat dan voorkom is of die beskuldigde skuldig bevind kan word aan 'n oortreding van regulasie 2(1) indien die hof bevind dat dit nie vreemde valuta is, soos toe omskryf, wat gekoop is nie. Daar kan gevra word of die feite nie moontlik eerder aantoon dat die beskuldigde skuldig is aan 'n ondeugdelike poging om regulasie 2(1) te oortree. Alhoewel hy klaarblyklik oor die nodige misdadige oogmerk om die regulasie te oortree beskik het, het die hof immers bevind dat dit nie vreemde valuta is wat gekoop is nie en dat die omstandighede gevolglik ontoereikend was om die voltooide misdaad te pleeg. In dié opsig dien gelet te word op die uitspraak in *R v Davies*<sup>43</sup> waar dit gestel word dat:

*"If what the accused was aiming to achieve was not a crime an endeavour to achieve it could not, because by a mistake of law he thought that his act was criminal, constitute an attempt to commit a crime.*

*Again, statutory crimes may require special consideration, for the language of statutes may convey a wide variety of legislative intentions. In general there is no reason why endeavours to commit statutory crimes should not amount to criminal attempts though such endeavours are fundamentally or absolute unable to succeed."*

Die voorgaande vraag moet egter in die lig van Appèlregter Trollip se

---

<sup>43</sup> *R v Davies* 1956 (3) SA 52 A op 64.



uitspraak ontkennend beantwoord word. Die hof bevind dat dit irrelevant is waar en wanneer die vreemde valuta, as *merx* van die transaksie gelewer sal word en dat die feit dat die reisigerstjeks *in casu* slegs die reg om betaling in vreemde valuta te vorder aantoon, en nie op sigself vreemde valuta is nie, geensins afbreuk doen aan:

- (1) die ooreenkoms om;
- (2) vreemde valuta (op die einde van die dag en ongeag hoe of deur middel waarvan dit gelewer word);
- (3) te koop, by 'n persoon wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie.<sup>44</sup>

Dit word aan die hand gedoen dat indien dit in 'n analoë feitestel sou blyk dat byvoorbeeld vervalste dollarnote in stede van vreemde valuta gelewer sou word, die korrekte bevinding sou wees dat die beskuldigde skuldig is aan 'n ondeugdelike poging om die regulasie te oortree.<sup>45</sup>

Met voorgaande in gedagte is dit duidelik dat die wysiging van die woordomskrywing van vreemde valuta nie die uitspraak in *S v Katsikaris* oorbodig gemaak het nie en is dit steeds van besondere belang as presedent vir die toepassing van 'n oortreding kragtens regulasie 2(1).<sup>46 47</sup>

---

<sup>44</sup> Vgl veral 590 A tot C van die uitspraak.

<sup>45</sup> Vgl ook die geval in *R v Kantor* 1969 (1) SA 457 RAD waar die beskuldigde skuldig bevind is aan 'n poging om die destydse Rhodesiese deviesebeheerregulasies te oortree waar hy geglo het dat hy goedere ter waarde van meer as £25 wederregtelik uitvoer, terwyl dit geblyk het dat die goed minder as £25 werd was en dus nie binne die raamwerk van die regulasies geval het nie.

<sup>46</sup> Vgl ook die bespreking van *S v Amoojee* 1971 (1) SA 795 D *infra* by die kommentaar op regulasie 2(4) met betrekking tot die begrip vreemde valuta vir die doeleindes van regulasie 2.

<sup>47</sup> Verskeie ander gerapporteerde beslissings kom voor waaruit dit blyk dat daar groot onsekerheid bestaan het of reisigerstjeks, wissels ens wel vreemde valuta is of nie. In *S v Amoojee* 1971 (1) SA 795 D is bankwissels aangekoop en bevind Regter President James dat die wissels "*the key that opened the door to the sale of foreign currency*" (op 797 A) was en dat die beskuldigde wel

Die uitspraak van Regter-President Hathorne in *R v Rathanji*<sup>48</sup> is waarskynlik die toonaangewende uitspraak met betrekking tot 'n oortreding van regulasie 2(1) waar die beskuldigde sonder Tesourie goedkeuring onbewerkte goud van 'n persoon anders as 'n gemagtigde handelaar aangekoop het. Soos reeds *supra* aangetoon, het die hof die volgende definisie van onbewerkte goud aanvaar, naamlik:<sup>49</sup>

*"...not formed or fashioned by being worked on; especially of materials (as fabrics, stone or metals); still in a crude, raw, rude or natural state; not worked into a finished condition; undressed."*

Alhoewel sulke oortredings taamlik gereeld voorkom, ontstaan daar selde ingewikkelde regsrae in sodanige verhore en word die uitsprake gewoonlik tot 'n feitebevinding beperk.

Wat **regulasie 2(2)(a)** betref, is dit duidelik dat dit slegs deur 'n gemagtigde handelaar oortree kan word waar die gemagtigde handelaar versuim<sup>50</sup> om ooreenkomstig die Tesourie se voorgeskrewe vereistes met

---

vreemde valuta gekoop het. Daarenteen is in *S v Pamensky* 1978 (3) SA 932 OK beslis dat 'n wissel nie vreemde valuta is nie en is die uitspraak van *Amoojee* uitdruklik verwerp. Dit is te betwyfel of die hof se redenasie in die Pamensky saak korrek is, maar dit is nou irrelevant in die lig van die bestaande definisie van vreemde valuta. Ander uitsprake wat handel met oortredings van regulasie 2(1) is *Abreu v Campos* 1975 (3) SA 73 RAD, *S v Shraga* 1976 (1) SA 555 R, *S v Greenstein* 1977 (3) SA 220 RAD, *S v Immelmann* 1978 (3) SA 726 AD, *S v Herbst* 1979 (1) SA 306 O, *S v Fiddian-Green* 1979 (2) SA 451 W, *S v Sambo* 1979 (2) SA 1046 RAD en *S v Christodoulou* 1979 (3) SA 523 AD. Daar sal *infra* vollediger met van die uitsprake gehandel word waar vonnis-oplegging by oortredings van regulasie 2(1) bespreek word.

<sup>48</sup> *R v Rathanji* 1950 (4) SA 170 NPD.

<sup>49</sup> Op 173 D van die uitspraak.

<sup>50</sup> Dit kan aanvaar word dat sodanige oortredings gewoonlik sal plaasvind weens 'n gemagtigde handelaar se *versuim*, synde 'n *omissio* om die

vreemde valuta te handel. Die voorwaardes verwys natuurlik na die deviesebeheervoorskrifte soos aangevul deur die effektebeheerkennisgewings wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan gemagtigde handelaars gegee word en waarin die omstandighede waarin gemagtigde handelaars met vreemde valuta kan en mag handel, uitgestip word.

Sover vasgestel kon word, is daar slegs twee uitsprake waar gemagtigde handelaars vir oortredings van regulasie 2(2)(a) tereg gestaan het, synde *S v African Bank of South Africa Ltd & Other*<sup>51</sup> en *S v Moringer, Leitich & Allied Bank Beperk*.<sup>52</sup> In *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* is African Bank, die eerste beskuldigde saam met vier ander beskuldigdes wat aldus die klagstaat werknemers van eerste beskuldigde was, onder andere aangekla vir oortredings van regulasie 2(2)(a), saamgelees met artikel 332 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1970, soos gewysig, deurdat vreemde valuta aangekoop is vir ander doeleindes as wat deur die Tesourie bepaal is.<sup>53</sup> Op die feite het die hof bevind dat die Staat nie daarin kon slaag om te bewys dat die bepalings van artikel 332 van die Strafproseswet, soos voormeld, van toepassing was nie aangesien die Hof tot die gevolgtrekking gekom het dat die ander beskuldigdes nie werknemers van eerste beskuldigde was nie. Die hof het bevind dat dit eerder 'n geval was waar:<sup>54</sup>

---

deviesebeheervoorskrifte na te kom. Die bewoording spreek egter vanself en kan daar geen twyfel wees dat die oortreding ook by wyse van 'n *comissio* kan plaasvind.

<sup>51</sup> *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W.

<sup>52</sup> *S v Moringer, Leitich & Allied Bank Beperk* 1993 (2) SASV 268 W.

<sup>53</sup> 'n Volledige besreking van die African Bank saak kom *infra* by die bespreking van regulasie 14A voor. Al die relevante feite word aldaar weergegee en word die feite *in casu* beperk tot dit wat relevant is vir die klagtes met betrekking tot regulasie 2. Vgl ook Oelofse 19.

<sup>54</sup> Op 650 U tot 651 B van die uitspraak.

*"In a passage he (die ouditeur) refers to the joint venture and generally deals with their contract as one of a joint venture.*

*The agreement in this case appears to me to be sui generis. I can hardly envisage a bank entering into this kind of agreement, which resembles a partnership on an almost equal share basis. Having established themselves as partners, and taken control, they ran the foreign division as if it were their own business - but using the bank's valuable licence for their own purposes. The profits made by the bank were incidental to their own profits. Hence the enormous amounts involved, and their failure to disclose to the board and to Olding and Prinsloo. On all the facts I have come to the conclusion that the evidence falls short of proof beyond reasonable doubt that accused Nos 3, 4 and 5 were **servants** in the conventional sense. This view accords, in my view, with fairness and justice on the overall facts. This is clearly a case where a fledgling bank, inexperienced, in seeking expertise in the handling of their foreign exchange department, takes precautions to regulate the duties of these persons, and the bank's exposure to their actions."*

Eerste beskuldigde, die gemagtigde handelaar is gevolglik onskuldig bevind en ontslaan.

In *S v Moringer, Leitich en Allied Bank Beperk*<sup>55</sup> het al drie beskuldigdes tereg gestaan op aanklagtes van bedrog, alternatiewelik oortreding van

---

<sup>55</sup> *S v Moringer, Leitich en Allied Bank Beperk* 1993 (2) SASV 268 W.

regulasie 14A en 'n oortreding van regulasie 2(2)(a).<sup>56</sup> Ten einde die rasionaal vir die klagte vir die oortreding van regulasie 2(2)(a) te begryp, dien die volgende relevante feite kortliks uiteengesit te word:

Eerste beskuldigde, hierna na verwys as Morringer, het op 10 September 1986 deur middel van Hill Samuel Merchant Bank, hierna na verwys as Hill Samuel, aansoek gedoen om deur middel van finansiële rand 'n belegging van R5,5 miljoen in 'n plaaslike maatskappy, *Ciskei Air Transport Investment Corporation (Pty) Limited, CATIC* te belê. Die buitelandse belegger sou 'n Oostenrykse maatskappy *Agroprojekte Planungs- und Beratungs GmbH*, hierna *Agroprojekte GmbH*, wees. Voordat die aansoek vir die finansiële rand belegging in die maatskappy deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gefinaliseer is, het Morringer Hill Samuel, wat op hul beurt op 16 Junie 1987 die Suid-Afrikaanse Reserwebank ingelig het, skriftelik verwittig dat die belegging, bloot weens politiese oorwegings, so gestruktureer sou word dat die maatskappy waarin die finansiële rand belê sou word, *CATIC* sou wees. *CATIC* sou egter op sy beurt alle finansiële rand fondse gebruik om in 'n maatskappy, *Ciskei Aircraft Industries (Pty) Limited* hierna na verwys as *CAI*, te belê wat uiteindelik die produksie maatskappy sou wees. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het op 23 Julie 1987 die aansoek goedgekeur.

Nadat die aansoek goedgekeur is, het Morringer gepoog om geld by Hill Samuel te leen om die belegging te finansier, maar dit is deur Hill Samuel afgekeur. Morringer het daarna die tweede beskuldigde, Leitich, 'n bestuurder by Eerste Nasionale Bank ontmoet en die posisie aan hom verduidelik. Kort daarna het Leitich bedank by Eerste Nasionale Bank en is hy as streekshoofbestuurder by Allied Bank, internasionale afdeling aangestel. Morringer het Leitich versoek om die transaksie te hanteer en

---

<sup>56</sup> Slegs tweede en derde beskuldigdes is aangekla vir die beweerde oortreding van regulasie 2(2)(a).

was Allied Bank gevolglik as gevolg daarvan vanaf die begin September 1987 tot Februarie 1988 betrokke by die implementering van die aansoek wat goedgekeur is.

Aangesien nòg Moringier, nòg *Agroprojekte GmbH* oor fondse beskik het om die belegging te doen, is daar met Allied Bank ooreengekom dat Allied Bank die fondse in die vorm van 'n lening sou voorskiet. Allied Bank het gevolglik VSA \$ 1.6 miljoen aan 'n buitelandse maatskappy, Holton Holdings Limited, wat geregistreer was in Jersey, *Agroprojekte GmbH* se genomineerde geleen. Aangesien Allied Bank op daardie stadium slegs gemagtig was om VSA \$ 1 miljoen in *nostro*-rekening in die buiteland te hou, het hulle VSA \$ 2,2 miljoen van Volkskas Bank Beperk gekoop ten einde voldoende fondse te hê om die leningskapitaal uit te betaal. Holton Holdings Limited se leningskapitaal van VSA \$ 1.6 miljoen is daarop gebruik om finansiële rand in 'n bedrag van R5,5 miljoen te koop, welke bedrag in *CATIC* en *CAI* belê is.

Die Staat het aangevoer dat Allied regulasie 2(2)(a) oortree het aangesien hulle die vreemde valuta fondse in hulle *nostro* rekening wat in New York gehou is, aangewend het as 'n lening aan Holton Holdings Limited om die finansiële rand te koop. Daar is voorts beweer dat Allied Bank bewus was dat Holton Holdings Limited nie die werklike buitelandse belegger was nie, maar slegs 'n tussenganger wat spesifiek vir die doel bekom is wat tot gevolg gehad het dat Allied Bank in der waarheid die *de facto* belegger was. In paragraaf 5.A van die aanhef tot die klagstaat is beweer dat dit 'n geïmpliseerde voorwaarde was dat derde beskuldigde se *nostro* rekening in New York slegs vir sulke doeleindes of op sulke voorwaardes as wat deur die Tesourie voorgeskryf is, gebruik kon word.

Al drie beskuldigdes het aan die einde van die Staat se saak in terme van

artikel 174 van die Strafproseswet,<sup>57</sup> soos gewysig, aansoek gedoen om hul ontslag op al die klagtes.<sup>58</sup> Die *ratio* vir regter Zulman se uitspraak, waarin hy bevind dat die beskuldigdes geregtig is op ontslag wat die regulasie 2(2)(a) beweerde oortreding betref, is geleë in die volgende aanhaling, naamlik:<sup>59</sup>

*"It seems to me that it is plain from a reading of section 2(2)(a) that the buying, borrowing or receiving or selling or lending or delivering any foreign currency or gold cannot take place except for purposes as the Treasury may determine or, alternatively, on conditions that the Treasury may determine. What the State, in essence, alleges in support of this charge is that it was an implied condition, obviously of the authority granted, that Allied's foreign bank account held in New York was not to be used for such purpose or on such conditions as determined by the Treasury. This was what was referred to in the evidence as the use of the "nostro balance". Put in more colloquial terms the case, the way I understand this part of the case, what is commonly referred to as a "round trip" took place. Of course, not all "round trips" are illegal round trips. Round trips that are undertaken with legitimate documentation and validly issued tickets, as it were, are perfectly permissible. The question in this case is whether Allied had the requisite ticket or permission to embark upon the "round trip". In my view it did. I say this because of the evidence of the*

---

<sup>57</sup> Wet 51 van 1977.

<sup>58</sup> Daar sal op hierdie stadium slegs met die klagte kragtens regulasie 2(2)(a) wat op beskuldigdes 2 en 3 van toepassing was gehandel word.

<sup>59</sup> Die aanhaling word aangetref op p 43, reël 10 tot p 45, reël 20, van die uitspraak.

*approval which was granted, which I have dealt with fully above. Mr Postmus testified in regard to the first leg of the transaction or "trip" that there was nothing wrong with or unauthorised or impermissible in the purchase of US\$ 2,2 million by Allied from Volkskas Bank Limited. He addressed himself in theoretical terms only, to the remaining question, namely whether the sale of US\$ 1,6 million to buy financial rand of R5,5 million on behalf of Holton Holdings was either for such purposes as the Treasury determined or on such conditions as the Treasury determined. With regard to the conditions which the Treasury determined, Mr Postmus's evidence was to the effect that Allied was entitled at the relevant time to hold an amount of US\$ 1 million as "nostro balances" for its own account with non-residents. This fact emerges from a letter signed, on the face of it, by a Mr J H Cross who describes himself as the General Manager of the Gold and Foreign Exchange Department of the Reserve Bank, indicating, as I have previously mentioned, that aspects of the "nostro account" are matters properly within the province of the Gold and Foreign Exchange Department of the Reserve Bank and not the department which is headed by Mr Postmus. The material part of the letter reads as follows:-*

*"With regard to your recent request for a cash limit I advise that the total foreign currency which your institution may hold as nostro balances and for own account with non-residents is US\$ 1 000 000 (United States dollars one million)."*

*Allied was accordingly entitled to hold the balance for its*



*own account and the Reserve Bank did not lay down any criteria as to who Allied could lend such balance to. Mr Postmus in his evidence conceded as much.*

*The rulings of the exchange control authorities, which are apparently not made public and which were not even placed before this court, apparently do not provide for foreign currency to be utilised as an advance to a non-resident. However, as indicated by Mr Postmus, the Reserve Bank could, in particular cases, give approval for such an advance within the parameters of its own policy decisions. I agree with Mr Pretorius's (wat namens Allied Bank Beperk opgetree het) contention that if it was an implied condition of the authority granted, that Allied could use its foreign bank account for the transaction as the State has alleged, the question to be answered is for what purposes the foreign account could be used. I agree that it is clear that those purposes must be sought in the authority granted and nowhere else. A proper interpretation of that authority, requires an interpretation of the document I have repeatedly referred to in this judgment (exhibit O at page 263). An interpretation of that document in the manner in which I have interpreted, it seems to me to totally destroy any suggestion of there being a contravention of the regulation in question. The use of "nostro balance" was simply the mechanics whereby the investment took place in the manner approved and on the conditions set forth by the Reserve Bank in its approval."*

Die essensie van regter Zulman se argument kom daarop neer dat derde beskuldigde, Allied Bank, nie regulasie 2(2)(a) oortree het nie aangesien hulle wel oor die nodige magtiging beskik het om hul *nostro*-rekening aan

te wend as leningskapitaal aan 'n nie-inwoner om finansiële rand te koop.

Regter Zulman se regverdiging vir die voorgaande gevolgtrekking blyk op die volgende gefundeer te wees, naamlik:

- (1) Die Regulasie word geïnterpreteer dat die koop, leen, ontvangs, verkoop, uitleen of lewering van vreemde valuta of goud deur 'n gemagtigde handelaar, slegs kan plaasvind vir sodanige **doeleindes** as wat die Tesourie mag bepaal, **of** alternatiewelik op die **voorwaardes** wat die Tesourie mag bepaal. Dié interpretasie blyk korrek te wees alhoewel aan die hand gedoen word dat die woord **of** eerder **en** behoort te lees, aangesien dit absurd sou wees indien die Tesourie nie voorwaardes kan neerlê indien 'n bepaalde doel voorgeskryf is en eweneens nie 'n bepaalde doel kan voorskryf indien sekere voorwaardes neergelê is nie. Die regulasie blyk in die opsig gebrekkig te wees en behoort daarom reggestel te word;<sup>60</sup>
- (2) Aangesien die "*authority*", verwysend na die goedkeuring deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank van die finansiële rand aansoek van *Agroprojekte GmbH*, geen beperking op die gebruik van die *nostro*-rekening deur Allied Bank geplaas het nie, bevind regter Zulman dat Allied Bank by implikasie geregtig was om die *nostro*-rekening aan te wend soos hulle dit goedvind.
- (3) Dan bevind die geleerde regter dat, indien dit vasstaan dat dit 'n geïmpliseerde voorwaarde (*implied condition*) van die "*authority*" is dat Allied Bank se *nostro*-rekening wel gebruik kan word, vasgestel moet word vir welke doeleindes (*purposes*) dit aangewend kan word, welke bepaal moet word met verwysing na die betrokke

---

<sup>60</sup> Vgl die analogie met regulasie 14A waar verwys word na:  
"Behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel, mag niemand finansiële rand koop, ontvang, verkry of verkoop, lewer of wegdoen of andersins daarmee handel nie."

"*authority*". Hy bevind dan dat die fondse juis aangewend is soos wat dit in die aansoek en goedkeuring gestipuleer is, synde die oprigting en vestiging van avionika en die lugvaartbedryf in Ciskei.

Dit word met eerbied aan die hand gedoen dat die uitspraak in verskeie opsigte vir kritiek vatbaar is. Eerstens dien daarop gelet te word dat die gemagtigde handelaars toegelaat word om *nostro*-rekening te hou ten einde:

- (1) Vreemde valuta beskikbaar te hê vir die aankoop deur kliënte;
- (2) Effektiewe betalingsmetodes en vereffening van vreemde valuta verpligtinge te handhaaf.

Die magtiging wat aan 'n gemagtigde handelaar gegee word om 'n *nostro*-rekening aan te hou geskied saam met die toekenning van 'n lisensie om as gemagtigde handelaar te handel. Die regter se stelling dat die Staat se saak in wese daarop neerkom dat dit 'n geïmpliseerde voorwaarde<sup>61</sup> "*obviously of the **authority** granted*" dat Allied Bank se *nostro*-rekening in New York nie vir die betrokke doel aangewend behoort te gewees het nie, is met eerbied gekunsteld. Die magtiging wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank aan 'n gemagtigde handelaar verleen om 'n *nostro*-rekening te hou, is 'n aangeleentheid wat geheel en al geskei staan van enige aansoek wat namens 'n kliënt gerig word. Dit word aan die hand gedoen dat daar wel vasgestel moet word presies welke voorwaardes die Suid-Afrikaanse Reserwebank neerlê waarvoor die *nostro*- rekening aangewend kan word, maar kan dit ongetwyfeld nie bepaal word met verwysing na 'n aansoek wat aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank gerig word deur 'n gemagtigde handelaar namens 'n kliënt.

---

<sup>61</sup> Op 43, reël 17 van die uitspraak.

Tweedens maak die regter die stelling dat.<sup>62</sup>

*"Of course, not all, "round trips" are **illegal** round trips. Round trips that are undertaken with legitimate documentation and validly issued tickets, as it were, are perfectly permissible."*

Die stelling wat *infra* by regulasie 14A bespreek word, blyk geheel en al verkeerd te wees aangesien die term "*round trip*" verwys na die onwettige aanwending van kommersiële rand deur die omskepping daarvan in vreemde valuta en die verdere omskakeling na finansiële rand welke die gevolg het dat 'n onregmatige uitvloeï van kapitaal voorkom. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank sal onder geen omstandighede sodanige proses goedkeur nie aangesien dit lynreg in stryd is met die doel van deviesebeheer.

In die derde plek dien daarop gelet te word dat regter Zulman dit stel dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank geen kriteria neergelê het aan wie Allied Bank die vreemde valuta fondse in hul *nostro*-rekening mag leen nie. Wat hierdie bewering van regter Zulman se uitspraak betref, is dit klaarblyklik dat hy die bepalings van regulasies 3(1)(c), 3(1)(f) en 10(1)(c), uit die oog verloor het. Dit is duidelik dat gemagtigde handelaars ook aan al drie voormelde bepalings onderworpe is en dat die feite klaarblyklik daarop toon dat 'n aanwending van die *nostro*- rekening deur 'n gemagtigde handelaar as 'n lening aan 'n nie-inwoner klaarblyklik deur al drie gemelde bepalings verbied word. Wat regulasie 3(1)(f) betref, dien daarop gelet te word dat die finansiële bystand aan 'n nie-inwoner verleen is, en het dit inderdaad **in die Republiek** geskied aangesien die vreemde valuta fondse wat in die *nostro*-rekening gehou is, 'n deel van die vreemde valuta reserwes vorm wat aan die deviesebeheer regulasies onderworpe is. Die

---

<sup>62</sup> Op 43, reël 24 van die uitspraak.

stelling dat mnr Postmus, die hoof van die Departement Deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank toegegee het dat daar nie enige kriteria wat die lening verbied het, neergelê is nie, is klaarblyklik verkeerd. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die getuie 'n bankier is en dat die toegewing foutiewelik gemaak is.

Die vierde aspek wat kommentaar verdien, is geleë in regter Zulman se stelling dat:<sup>63</sup>

*"If it was an implied condition of the authority granted, that Allied could use its foreign bank account for the transaction as the State has alleged, the question to be answered is for what purposes the foreign account could be used. I agree that it is clear that those purposes must be sought in the authority granted and nowhere else."*

Dit word aan die hand gedoen dat die stelling in twee opsigte foutief is deurdat daar nooit, selfs nie by implikasie, verlof aan Allied Bank verleen is om die *nostro*-rekening aan te wend soos wat dit geskied het nie, en dat die doeleindes waarvoor dit aangewend kan word klaarblyklik nie in die "*authority*" gesoek kan word nie. Laasgemelde sluit aan by die eerste punt van kritiek wat *supra* geopper is.

Dit kan, met eerbied, tereg gevra word of die regter werklik die implikasie van die aanwending van die *nostro*-rekening, soos wat dit geskied het, begryp het. Dit word aan die hand gedoen dat die feite minstens *prima facie* aangetoon het dat 'n oortreding van regulasie 2(2)(a) voorgekom het en is die uitspraak ingevolge waarvan ontslag aan die einde van die Staat se saak gelas is, met eerbied onjuis.

---

<sup>63</sup> Op 45, reël 7 tot 12 van die uitspraak.

Dit word dikwels in die praktyk ondervind dat gemagtigde handelaars nie streng by die voorskrifte hou nie wanneer hulle kliënte van vreemde valuta en goud voorsien. Die rede hiervoor is waarskynlik tweeledig, naamlik:

- \* 'n Gebrek aan die nodige kundige personeel, en
- \* Die feit dat die gemagtigde handelaars onderling kompeteer om dienste aan kliënte te verskaf.

In 'n artikel "*Forrex Officials are Intimidated*" toon 'n persoon wat as 'n vreemde valuta klerk by 'n gemagtigde handelaar werksaam is, die volgende probleme.<sup>64</sup>

*"Management at branches have very little or no knowledge at all of the exchange control rulings, which results in promises being made to customers which are, in fact in contravention of the rulings. It would appear that customerservice has been taken to the extreme in that the exchange control official would rather authorise a payment than have a show down with management who consider the exchange control rulings a hinderance to their providing service."*

'n Verdere aspek wat die persoon beklemtoon, is dat kliënte soms meer kundig is in die vakgebied as die bankklerk self en dat dit dikwels tot intimidasie van die bankklerk aanleiding gee. Wanneer 'n gemagtigde handelaar nie die voorskrifte streng gesproke nakom nie en derhalwe 'n misdryf ingevolge regulasie 2(2)(a) pleeg, berus die vervolging vir so 'n misdryf steeds by die betrokke Prokureur-Generaal. Dit is ongelukkig so dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank slegs in uitsonderlike gevalle 'n formele klagte teen 'n gemagtigde handelaar vir so 'n oortreding aanhangig maak. Dit word aan die hand gedoen dat strenger optrede teen

---

<sup>64</sup> The Star (1989.04.26) 6.

gemagtigde handelaars wat nie die voorskrifte nakom nie, veel kan bydra om die bestaande stelsel meer effektief toe te pas. In die verband kan daar moontlik met vrag van regulasie 18 gebruik gemaak word ingevolge waarvan die Suid-Afrikaanse Reserwebank die gemagtigde handelaars kan beveel om sekerheid te stel ten einde te verseker dat die bepalinge van die regulasie nagekom word.<sup>65</sup>

Die inhoud van regulasie 2(2)(b)(i) en (ii) is eintlik vanselfsprekend. Uitdruklike magtiging word in die sub-regulasies aangetref waardeur die Tesourie 'n gemagtigde handelaar, of gemagtigde handelaars kan verbied om vreemde valuta

- \* aan 'n bepaalde persoon, of
- \* vir 'n bepaalde doel beskikbaar te stel.

Alhoewel die bevoegdheid van die Tesourie om 'n gemagtigde handelaar of gemagtigde handelaars te verbied om vreemde valuta aan 'n bepaalde persoon beskikbaar te stel reeds in 1942 in regulasie 2 omvat is, is die tweede gedeelte soos vervat in sub-artikel (ii) van regulasie 2(2)(b) eers op 3 Junie 1966 by wyse van GK R 872 van die gemelde datum tot die regulasies toegevoeg. Alhoewel daar nie geskrewe gesag tot die effek bekom kon word nie, is vasgestel dat die onderliggende rede waarom daar vir die wysiging voorsiening gemaak is, daarin geleë was om die Tesourie in 'n posisie te plaas om gemagtigde handelaars te verbied om vreemde valuta namens sekere politiese groepe, wat op daardie stadium op buitelandse steun aangewese was, te ontvang.

**Regulasie 2(3)** wat bepaal dat enige persoon anders as 'n gemagtigde handelaar wat vreemde valuta wil bekom dit deur middel van 'n

---

<sup>65</sup> Vgl egter die bespreking van regulasie 18 in Hfst 5 *infra*, waarin aangevoer word dat dié regulasie waarskynlik in geheel nietig is.

gemagtigde handelaar moet bekom en wat 'n statutêre plig op sodanige persoon plaas om sekere inligting en dokumente aan die gemagtigde handelaar te verstrek, moet met paragraaf 10 van die Bevele en Reëls<sup>66</sup> saamgelees word. In die mate wat 'n gemagtigde handelaar van 'n kliënt inligting en ondersteunende dokumente mag verlang, moet voorts gelet word op die bepalings van paragraaf 3(b) van die voormelde Bevele en Reëls waardeur die Minister van Finansies kragtens regulasie 19 ook die gemagtigde handelaars aangewys het as gevolgmagtigdes om inligting kragtens regulasie 19 te bekom. Dit word aan die hand gedoen dat, in die lig van die kwalifikasie dat 'n gemagtigde handelaar 'n persoon kan gelas om inligting te verskaf wat die gemagtigde handelaar vir die doeleindes van en *in verband met sy funksies kragtens die regulasies benodig*, die bevoegdhede van gemagtigde handelaars in die opsig heelwat meer beperk is as byvoorbeeld die gevolgmagtigde lede van die afdeling ondersoek, Departement Deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank wanneer inligting benodig word vir strafregtelike ondersoek by oortredings van die regulasies. Daar dien ook verwys te word na die uitspraak in *S v Chibutse*<sup>67</sup> waarin bevind is dat waar 'n gemagtigde handelaar besonderhede van 'n kliënt vereis sodanige besonderhede ingevolge die bepalings van die Wet en die regulasies gegee word. Die effek is dat enige besonderhede wat verlang word, gegee moet word in die lig van die bepalings van regulasies 19 en 22 wat inhou dat, indien sodanige besonderhede verkeerd sou wees, dit 'n strafregtelike oortreding daarstel.

In *S v Amoojee*<sup>68</sup> word 'n tipiese voorbeeld van 'n oortreding van **regulasie 2(4)** aangetref. Die beskuldigde wat onder andere op 21 klagtes van bedrog en 21 klagtes met betrekking tot oortredings van

---

<sup>66</sup> GK R 1112 van 1 Desember 1961.

<sup>67</sup> *S v Chibutse* 1977 (1) SA 381 RAD.

<sup>68</sup> *S v Amoojee* 1971 (1) SA 795 D.



regulasie 2(4)(a) tereg gestaan het, het ingevolge aansoeke om vreemde valuta aan te koop, voorgegee dat die vreemde valuta vir reisdoeleindes nodig is. Die vreemde valuta is aangekoop en by wyse van wissels buite die Republiek vir ander doeleindes gehou. Dit was gemeensaak dat die vreemde valuta nie vir reisdoeleindes, soos wat in die aansoeke om verkryging van vreemde valuta gemeld is, aangewend is nie. Wat die spesifieke regulasie betref, moet daar myns insiens, minstens wat vonnisoplegging betref, twee gevalle onderskei word wat by sodanige oortredings voorkom, naamlik:

- (1) Dié waar die beskuldigde vreemde valuta bekom het en dit vir 'n ander doel as waarvoor dit voorsien is, aanwend en dit daardeur 'n verlies van vreemde valuta teweeg bring, en
- (2) Dié waar die beskuldigde vreemde valuta bekom het en dit vir 'n ander doel as waarvoor dit voorsien is, aanwend, maar dit nie 'n verlies van vreemde valuta teweeg bring nie.

Daar moet gevolglik op die effek wat die wanaanwending van vreemde valuta het, gelet word. Indien dit 'n vermindering van die vreemde valuta reserwes meebring, behoort die daad meer strafwaardig te wees as wanneer dit nie die geval is nie. As voorbeeld kan die feite van die Amoojee beslissing opgeweeg word teen die geval waar 'n persoon vreemde valuta vir reisdoeleindes aankoop, maar 'n gedeelte daarvan aanwend om, terwyl hy in die buiteland reis, 'n muntversameling aan te koop. Dit word aan die hand gedoen dat, uit 'n vonnisopleggingoogpunt, dit 'n faktor is wat die hof in gedagte behoort te hou.

Wat **regulasie 2(5)** betref, dien daarop gelet te word dat, anders as in regulasies 5 en 6 waar tydperke van dertig en sewe dae respektiewelik voorgeskryf word, vereis word dat die oorblywende vreemde valuta of goud *onverwyld* aan 'n gemagtigde handelaar te koop aangebied moet word wanneer die vreemde valuta, of enige gedeelte daarvan, nie meer

benodig word vir die doel waarvoor daar aansoek gedoen is nie. In die lig van die versuim van die wetgewer om 'n spesifieke tydperk voor te skryf, moet aanvaar word dat dit binne 'n redelike tyd moet geskied, maar wel so spoedig moontlik. Wat so spoedig moontlik sal wees, sal afhang van die feite van die geval en sal dit aan die hand van die algemene redelikeheidsmaatstaf getoets word. In Zimbabwe is in *S v Fusaro*<sup>69</sup> 'n eksepsie teen die geldigheid van die relevante regulasie geopper op grond van die vaagheid daarvan, aangesien versuim is om 'n tydstip waarbinne die gebiedende handeling moet geskied, voor te skryf. In die uitspraak is die eksepsie afgewys en is beslis dat:

*"The necessary implication is that such person need only surrender the currency to an authorised dealer within a reasonable time, which would vary from case to case according to the circumstances of possession and the opportunity for surrender. The correct test of whether subsidiary legislation of this kind is void for vagueness is whether it indicates with "reasonable certainty" the obligation of the person bound by it."*<sup>70</sup>

Botsende uitsprake kom voor oor die benadering tot vonnisoplegging by oortredings van regulasie 2. Aan die een kant is die benadering van Appèlregter Trollip in *S v Katsikaris*<sup>71</sup> dat oortredings van regulasie 2(1) en 3(1)(a) "equally serious" is. In skrilte kontras is die benadering van Regter Preiss in *S v Fiddian-Green*<sup>72</sup> waar aangetoon word dat 'n duidelike onderskeid tussen oortredings van die twee regulasies getref kan

---

<sup>69</sup> *S v Fusaro* 1972 (3) SA 218 RAD.

<sup>70</sup> Op 218 E van die verslag.

<sup>71</sup> *S v Katsikaris* 1980 (3) SA 580 A tot 599 E en Oelofse op 20.

<sup>72</sup> *S v Fiddian-Green* 1979 (2) SA 451 W op 454 D.

word. Die Regter het na 'n ontleding van die uitspraak van Appèlregter Corbett in *S v Immelmann*,<sup>73</sup> wat ook met vonnisoplegging by oortredings van regulasie 2(1) handel, beslis dat:

*"The difference lies in the effect of the unlawful conduct upon a country's stock of currency, either local or foreign. A contravention of reg 3(1) causes an immediate drain upon, or depletion of, such stock. In the case of a contravention of reg 2(1) such depletion is neither immediate nor inevitable."*

In *S v Herbst*<sup>74</sup> is die beskuldigde aangekla van diefstal en 'n oortreding van regulasie 2(1). Interessant genoeg neem die hof klaarblyklik as 'n verswarende faktor in ag dat die vreemde valuta op die einde van die dag uit die land uitgevoer is, alhoewel die beskuldigde nie self op 'n oortreding van regulasies 3 of 10 tereg gestaan het nie. Dit wil dus voorkom asof die algemene benadering is dat daar gelet word op die nadeel alvorens 'n klage van 'n oortreding van regulasie 2 bloot as 'n "tegniese oortreding" beskou word.

---

<sup>73</sup> *S v Immelmann* 1978 (3) SA 726 A.

<sup>74</sup> *S v Herbst* 1979 (1) SA 306 OVS.

### 5.3 REGULASIE 3

#### BEPERKING OP DIE UITVOER VAN GELD, GOUD, GELDWAARDIGE PAPIERE, ENS. EN DIE INVOER VAN SUID-AFRIKAANSE BANKNOTE

- (1) Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, verleen mag word, mag niemand, behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel -
- (a) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek neem of stuur nie, of enige geldwaardige papiere aan iemand buite die Republiek oordra nie; of
  - (b) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta aan iemand anders stuur, versend of oordra met die doel om sodanige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek te neem, te stuur of te verwyder nie; of
  - (b) *bis* enige Suid-Afrikaanse banknote in die Republiek inbring of na die Republiek stuur of versend nie; of
  - (c) enige betaling aan of ten gunste of ten behoeve van iemand wat buite die Republiek woonagtig is, doen of so iemand met enige bedrag krediteer nie; of
  - (d) 'n wissel of promesse trek of verhandel, geldwaardige papiere oordra of 'n skuld erken nie wat tot gevolg sal hê dat daar 'n reg (hetsy werklik of voorwaardelik) aan die kant van so iemand of enige ander persoon geskep of oorgedra word om 'n betaling binne die Republiek te ontvang as teenprestasie -
    - (i) vir die ontvangs deur so iemand of enige ander persoon van 'n betaling of die verkryging deur so iemand of enige ander persoon van eiendom buite die Republiek; of
    - (ii) vir die reg (hetsy werklik of voorwaardelik) aan die kant van so

iemand of enige ander persoon om buite die Republiek 'n betaling te ontvang of eiendom te verkry;  
of 'n betaling vir sodanige teenprestasie doen of ontvang nie; of

(e) enige finansiële bystand aan iemand in die Republiek verleen nie, waar as sekuriteit vir sodanige finansiële bystand, die persoon wat die finansiële bystand verleen op sy beurt staatmaak op enige sekuriteit, waarborg, onderneming of finansiële bystand, regstreeks of onregstreeks, voorsien deur -

(i) iemand wat buite die Republiek woonagtig is; of

(ii) 'n geaffekteerde persoon; of

(f) enige finansiële bystand aan iemand in die Republiek verleen nie, waar so iemand -

(i) nie in die Republiek woonagtig is nie; of

(ii) 'n geaffekteerde persoon is.

(2) Sub-regulasie (1) verbied niemand wat deur die Tesourie daartoe gemagtig is om binne die bestek van sy magtiging te handel nie.

(3) Iedereen wat op die punt staan om die Republiek te verlaat en iedereen in enige hawe of ander erkende plek van vertrek uit die Republiek van wie die bevoegde amptenaar dit verlang, moet -

(a) verklaar of hy enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta by hom het of nie; en

(b) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat hy by hom het, te voorskyn bring;

en die bevoegde amptenaar, sowel as enigeen wat in opdrag van hom handel, kan so iemand visenteer en enige artikel wat hy by hom het, ondersoek om vas te stel of hy banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta by hom het

en hy kan beslag lê op enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat te voorskyn gebring of wat na so 'n ondersoek of visentering gevind is, tensy òf -

- (i) die bevoegde amptenaar daarvan oortuig is dat so iemand ten opsigte van enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat hy by hom het, vrygestel is van die verbod vervat in sub-regulasie (1); òf
- (ii) so iemand aan die bevoegde amptenaar 'n sertifikaat toon wat deur die Tesourie uitgereik is en waaruit blyk dat die uitvoer van enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta, wat hy by hom het, nie 'n oortreding van daardie sub-regulasie is nie.

Geen vrouspersoon mag ingevolge hierdie sub-regulasie deur iemand anders as 'n vrouspersoon gevisenteer word nie.

- (4) Die bevoegde amptenaar en enigeen wat in opdrag van hom handel, kan goedere versend of briewe of pakkies gestuur uit die Republiek na 'n plek buite die Republiek ondersoek of visenteer om vas te stel of enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta daarin aanwesig is en hy kan beslag lê op enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat as gevolg van so 'n ondersoek of visentering gevind word tensy die bevoegde amptenaar oortuig is dat die Tesourie 'n sertifikaat uitgereik het waaruit blyk dat sodanige versending van banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta nie 'n oortreding van sub-regulasie (1) is nie en dat so 'n sertifikaat nie op grond van 'n onjuiste verklaring uitgereik is nie.
- (5) Alle banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta waarop kragtens sub-regulasie (3) of (4) beslag gelê is, word tot voordeel van die Gekonsolideerde Inkomstefonds verbeur; met dien verstande dat die Tesourie, na goeddunke, kan beveel dat die banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta waarop aldus beslag gelê is, aan die persoon van wie hulle geneem is of wat ten tyde van die beslaglegging geregtig was om hulle in sy bewaring of besit te hê, geheel of gedeeltelik terugbetaal of teruggegee moet word.
- (6) Iedereen wat op die punt staan om die Republiek binne te kom en iedereen in enige hawe of ander erkende plek van aankoms in die Republiek van wie die

bevoegde amptenaar dit verlang, moet -

- (a) verklaar of hy enige Suid-Afrikaanse banknote by hom het of nie; en
- (b) enige sodanige banknote wat hy by hom het, te voorskyn bring;

en die bevoegde amptenaar, sowel as enigeen wat in opdrag van hom handel, kan so iemand visenteer en enige artikel wat hy by hom het, ondersoek om vas te stel of hy Suid-Afrikaanse banknote by hom het en hy kan beslag lê op enige sodanige banknote wat te voorskyn gebring of wat na so 'n ondersoek of visentering gevind is, tensy òf

- (i) die bevoegde amptenaar daarvan oortuig is dat so iemand ten opsigte van enige Suid-Afrikaanse banknote wat hy by hom het, vrygestel is van die verbod vervat in sub-regulasie (1)(b) *bis*; òf
- (ii) so iemand aan die bevoegde amptenaar 'n sertifikaat toon wat deur die Tesourie uitgereik is en waaruit blyk dat die invoer deur sodanige persoon van enige Suid-Afrikaanse banknote wat hy by hom het, nie 'n oortreding van daardie sub-regulasie is nie.

Geen vrouspersoon mag ingevolge hierdie sub-regulasie deur iemand anders as 'n vrouspersoon gevisenteer word nie.

- (7) Die bevoegde amptenaar en enigeen wat in opdrag van hom handel, kan goedere versend of briewe of pakkies gestuur na die Republiek vanaf 'n plek buite die Republiek ondersoek of visenteer om vas te stel of enige Suid-Afrikaanse banknote daarin aanwesig is en hy kan beslag lê op enige sodanige banknote wat as gevolg van so 'n ondersoek of visentering gevind word tensy die bevoegde amptenaar oortuig is dat die Tesourie 'n sertifikaat uitgereik het waarin blyk dat sodanige versending van sodanige banknote nie 'n oortreding van sub-regulasie (1)(b) *bis* is nie en dat sodanige sertifikaat nie op grond van 'n onjuiste verklaring uitgereik is nie.
- (8) Alle Suid-Afrikaanse banknote waarop kragtens sub-regulasie (6) en (7) beslag gelê is, word tot voordeel van die Gekonsolideerde Inkomstefonds verbeur: Met dien verstande dat die Tesourie, na goeddunke, kan beveel dat die note waarop

aldus beslag gelê is, aan die persoon van wie hulle geneem is of wat ten tyde van die beslaglegging geregtig was om hulle in sy bewaring of besit te hê, geheel of gedeeltelik terugbetaal of teruggegee moet word.

- (9) Vir die toepassing van sub-regulasie (1)(a) word eiendomsbewyse wat betrekking het op geldwaardige papiere as geldwaardige papiere beskou, en enige verwysing in sub-regulasies (3), (4) en (5) na geldwaardige papiere word geag verwysings na sodanige eiendomsbewyse in te sluit.

### **BESPREKING:**

**Regulasie 3** het aanvanklik met die uitvaardiging daarvan in 1939 uit die volgende elemente bestaan, naamlik:

- (1) 'n Bepaling analoog aan die bestaande regulasie 3(1)(a) waardeur die uitneem of stuur van banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde geld verbied is;
- (2) 'n Bepaling analoog aan die bestaande regulasie 3(1)(d);
- (3) Sub-artikels 3 en 4 wat in wese dieselfde was as die bestaande sub-artikels 3 en 4 waardeur persone wat op die punt staan om die Republiek te verlaat, verplig word om 'n verklaring te maak ingevolge waarvan verklaar word welke banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta in hul besit is en waardeur briewe, goedere en pakkies wat uit die Republiek versend word deur die bevoegde amptenare ondersoek kan word;
- (4) 'n Vermoede in sub-artikel 5 dat wissels en promesses vir die doeleindes van regulasie 3 as vreemde valuta beskou is.<sup>75</sup>

Interessant genoeg is voorsiening gemaak vir 'n beslagleggingsbevoegdheid sonder om vir die verbeurdverklaring van die banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta waarop beslag gelê is, te

---

<sup>75</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.



voorsien! Die fatale gebrek is in 1942 reggestel met die toevoeging van sub-artikel 5 wat analoog was aan die bestaande verbeurdverklaringsbevoegdheid soos wat tans in regulasie 3(5) voorsien word.<sup>76</sup>

Die beperkings opgelê kragtens sub-artikel 1 van regulasie 3 is aansienlik getemper deur sub-artikel 2 wat soos volg daarna uitgesien het:

- "(2) Paragraaf (1) van hierdie regulasie verbied nie die verrigting van enige handeling (binne die bestek van sy opdrag) deur iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om in vreemde valuta te handel nie, en verbied nie die verrigting van enige handeling nie waar omtrent die Tesourie getuig dat dit nodig is vir die doel -
- (a) om aan die redelike vereistes van 'n bedryf of besigheid wat binne die Unie beoefen of gedryf word, te voldoen; of
  - (b) om 'n kontrak wat voor die 6de dag van September 1939 aangegaan was, na te kom; of
  - (c) om redelike reiskoste of ander persoonlike onkoste te bestry."

Die sub-artikel is ook in 1942 vervang en het sedertdien bykans identies gebly.<sup>77</sup>

---

<sup>76</sup> Vgl GK R 266 van 19 Oktober 1942, regulasie 3(5).

<sup>77</sup> *Ibid.*

Belangrike wysigings aan regulasie 3 sedert 1942 was onder andere:

- (1) November 1951 - Die toevoeging van sub-artikel (1)(e);
- (2) Oktober 1966 - Die toevoeging van sub-artikels 1(b)(*bis*), 7, 8 en 9 asook die wysiging van sub-artikel 6;
- (3) April 1968 - Die toevoeging van sub-artikel (1)(f);
- (4) Februarie 1981 - Die wysiging van sub-artikels (1)(e) en (f) en die toevoeging van die omskrywings van finansiële bystand en geaffekteerde persoon.<sup>78</sup>

Ingevolge **Regulasie 3(1)(a)** mag niemand, benewens enige Tesourie vrystelling, enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek neem of stuur nie, of enige geldwaardige papiere aan 'n persoon buite die Republiek oordra nie. Appèlregter Trollip het in die uitspraak in *S v Katsikaris*<sup>79</sup> bevind dat die beskuldigde se appèl teen die skuldigbevinding op die tweede klag weens 'n oortreding van regulasie 3(1)(a) moes slaag aangesien:

- (1) Die reisigerstjeks wat ter sprake was nie vreemde valuta, soos in die regulasies omskryf, was nie; en
- (2) Die beskuldigde nie fisies vreemde valuta uit die Republiek gestuur het nie, aangesien die reisigerstjeks gehonoreer word deur betaling

---

<sup>78</sup> Die datums wat weergegee word, is dié datums waarop hersiene weergawes van die regulasies uitgevaardig is. Gevalle kom voor waar wysigings van die regulasies plaasgevind het tussen die uitvaardiging van die onderskeie hersiene weergawes en moet die betrokke regulasies wat met die herroeping van vorige Goewermentskennisgewings handel telkens geraadpleeg word om die spesifieke wysigings te bekom.

<sup>79</sup> *S v Katsikaris* 1980 (3) SA 580 A. Waarnemende Appèlregters van Winsen en Botha het die uitspraak bevestig.

daarvan deur 'n kredietoordrag van een bank aan 'n ander van vreemde valutafondse wat reeds in die buiteland gehou is.<sup>80</sup>

Daar kan nie fout gevind word met die eersgemelde bevinding nie, maar dit is nou vanweë die wysiging van die woordomskrywing van vreemde valuta wat op die uitspraak onder bespreking gevolg het, nie meer gesaghebbend nie. Wat die tweede argument betref, het die geleerde regter dit soos volg gestel:<sup>81</sup>

*"It remains to deal with the reasoning of the Court a quo that appellant, by sending the travellers' cheques overseas, sent the foreign currency represented thereby out of the Republic in contravention of reg 3(1)(a). I emphasize that the offence under the regulation is committed if a person should:*

*"take or send out of the Republic any banknotes, gold, securities or foreign currency".*

*That connotes clearly a physical taking or sending of foreign currency out of the Republic.<sup>82</sup>*

*Van Akker testified that the normal procedure is that, when travellers' cheques are acquired from Amexco in the Republic, the foreign currency represented thereby is, usually within 24 hours, "transferred overseas through normal banking channels" to the foreign country concerned (here the USA) in order to be available for Amexco to honour the cheques when they are ultimately presented to it for payment there. Dr Hamblin, head of the Inspection Division of the Exchange Control Department of the Reserve Bank, explained how the "transfer overseas" is effected. In answer*

---

<sup>80</sup> Op 598 C tot D en H van die uitspraak.

<sup>81</sup> *Ibid.*

<sup>82</sup> My beklemtoning.

*to the question as to where such foreign currency emanated from, he said (my italics for emphasis):*

*"Our foreign currency reserves as such consist of all of the credit bank balances which are held by the South African Reserve Bank and authorised dealers with correspondent banks around the world, together with our gold reserves held physically and any banknotes of foreign nations held by authorised dealers, so that the funds that are transferred to, for example, American Express, to cover payment of travellers' cheques is simply a transfer from one bank balance overseas to another... The moment the account of the authorised dealer is debited in a foreign nation there has been a decrease in the amount of foreign currency reserves of South Africa."*

*From all that evidence it appears that no physical sending out of the Republic of the foreign currency concerned occurred here in consequence of the acquisition and despatch of the travellers' cheques; It was transferred merely by book entry out of our foreign currency reserves already held abroad. The reasoning of the Court a quo on this aspect was therefore erroneous."*

Alhoewel Oelofse<sup>83</sup> die uitspraak ondersteun, is dit te betwyfel of die eng interpretasie dat regulasie 3(1)(a) slegs die *fisiese uitvoer* van banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta beperk, korrek is. Dit word trouens aan die hand gedoen dat, vir die redes wat *infra* volledig bespreek word, dit nooit die bedoeling van die wetgewer kon gewees het om die verbiedende bepaling tot die *fisiese uitneem en stuur* van banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta en die oordrag van geldwaardige papiere te beperk nie.

---

<sup>83</sup> Oelofse 23.

Eerstens blyk dit dat die enigste gevolgtrekking waartoe geraak kan word indien daar gelet word op die geleerde regter se woordkeuse, naamlik:

*"A physical taking or sending of foreign currency out of the Republic."*

is dat die oortreding begaan word:

- (1) sodra die vreemde valuta fisies oor die grens van die Republiek geneem word, of
- (2) soos in die geval van *S v De Blom*,<sup>84</sup> sodra geag kan word dat die vreemde valuta uit die Republiek uitgeneem is.

Die vreemde valuta reserwes van die Republiek wat deur die deviesebeheerstelsel beskerm word, bestaan uit alle vreemde valuta, gehou deur:

- (1) die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- (2) die gemagtigde handelaars, en
- (3) enige Suid-Afrikaanse individue, persone en regspersone.

Daar moet egter gelet word op die feit dat alle vreemde valuta nie fisies in die Republiek gehou word nie. Die gemagtigde handelaars word toegelaat om by banke en finansiële instellings buite die Republiek vreemde valuta in sogenaamde *nostro*-rekening te hou sodat betalings, soos wat dit in die alledaagse handel mag voorkom, gerieflik en vinnig kan geskied. Die rekening word voorts in die buiteland gehou aangesien dit aldaar inkomste, soos rente kan verdien, wat nie die geval sou wees indien dit fisies in die Republiek gehou word nie. Die *nostro*-rekening is :

---

<sup>84</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

- (1) onderworpe aan spesifieke voorskrifte en voorwaardes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank; en
- (2) vorm deel van die Suid-Afrikaanse vreemde valuta reserwes.

Indien 'n vreemde valuta wissel (*draft*) aan 'n kliënt in Suid-Afrika verskaf word, word sodanige wissel getrek op 'n rekening gehou deur 'n gemagtigde handelaar by 'n korrespondentebank in sentra soos London of New York. Standard Bank gebruik byvoorbeeld as korrespondentebank *Standard Chartered Bank New York*. Die betrokke *nostro*-rekening van Standard Bank by die bank sal bekend staan as Nommer 1 VSA dollar *nostro*-rekening, *Standard Chartered Bank New York*. Wanneer die wissel in New York vir betaling aangebied word, vind verrekening van die wissel plaas deur die normale bankproses tussen die persoon wat die wissel vir betaling aanbied se bank, en die Suid-Afrikaanse gemagtigde handelaar se korrespondentebank, in die buiteland. Die grootste deel van Suid-Afrika se vreemde valuta reserwes wat deur gemagtigde handelaars gehou word, word as sulks in buitelandse *nostro*-rekening by korrespondentebanke gehou. Sodra 'n wissel wat vir betaling aangebied is, gehonoreer word, word sodanige vreemde valuta uit die vreemde valuta reserwes onttrek en word die vreemde valuta reserwes derhalwe verminder.

Na analogie van die interpretasie van regulasie 3(1)(a) deur Hoofregter Rumpff in *S v De Blom*,<sup>85</sup> dat dit geag moet word dat vreemde valuta vir die doeleindes van regulasie (3)(1)(a) uit die Republiek geneem is voordat die grens fisies oorgesteek is, kan geargumenteer word dat, in die lig daarvan dat:

- (1) die grootste gedeelte van Suid-Afrika se vreemde valuta reserwes weens praktiese oorwegings in die buiteland gehou word; en
- (2) sodanige vreemde valuta steeds deel van die amptelike Suid-

---

<sup>85</sup> *Ibid.*

- Afrikaanse vreemde valuta reserwes vorm; en
- (3) die vreemde valuta aldaar steeds aan bepaalde voorskrifte, voorwaardes en beheer onderworpe is, dit vir die doeleindes van regulasie 3(1)(a) geag moet word dat sodanige vreemde valuta wat in sogenaamde *nostro*-rekeninge gehou word nog in die Republiek is.

Tweedens moet in gedagte gehou word dat verskillende betalings-metodes bestaan. Vreemde valuta kan op verskeie wyses beskikbaar gestel word, soos byvoorbeeld deur middel van:

- (1) Kontant in munte en note;
- (2) Betalings by wyse van tjeks, reisigerstjeks, wissels, promesses, *letters of credit* en soortgelyke betalingsinstrumente;
- (3) Telegrafiese en elektroniese oordragte tussen verskillende banke en finansiële instellings soos byvoorbeeld SWIFT oorplasings.<sup>86</sup>

---

<sup>86</sup> Die indeling word bloot ter wille van sistematiek gedoen en gee nie voor om uit 'n kommersiële benadering volledig te wees nie. Sekere van die betalings-instrumente in sub-paragraaf 2 gemeld, kan ook met elektroniese oordragte verband hou. SWIFT is 'n akroniem vir *Society for Worldwide International Financial Telecommunications*, 'n nie-winsbejag Belgiese ko-operatiewe maatskappy. Die lede is hoofsaaklik finansiële instellings wat betrokke is in die internasionale finansiële mark en die voorsiening van internasionale finansiële boodskappe. 'n Tipiese voorbeeld van 'n SWIFT transaksie kan as volg gegee word: Gestel A, 'n RSA inwoner, wil 'n invoerbetaling aan XYZ maatskappy in die VSA maak nadat die voorgeskrewe dokumente aan sy gemagtigde handelaar gelewer is. Die gemagtigde handelaar stuur 'n SWIFT boodskap vanuit Suid-Afrika na die gemagtigde handelaar se korrespondentebank in die VSA om byvoorbeeld die gemagtigde handelaar se *nostro*-rekening te debiteer (betaling te maak) en die uitvoerder, XYZ maatskappy, se rekening te krediteer. Die gemagtigde handelaar beskik intussen oor die randwaarde van die vreemde valuta wat vanaf A se rekening na die gemagtigde handelaar se eie rekening oorgeplaas word. Betalings word gevolglik deur middel van elektroniese boodskap en bloot by wyse van krediet- en debietoorplasings uit verskillende rekeninge

In bykans alle gevalle waar vreemde valuta anders as in kontant uitbetaal word, geskied dit deur middel van bankoordragte tussen banke in die buiteland. Indien die interpretasie van appèlregter Trollip korrek is, sal dit noodwendig beteken dat slegs vreemde valuta in die vorm van munte en note in stryd met regulasie 3(1)(a) uit die Republiek geneem of gestuur kan word, welke uit die aard van die internasionale handel die spreekwoordelike druppel in die emmer sal verteenwoordig.

Oelofse toon tereg aan dat regulasie 3(1)(a) een van die hoekstene van die regulasies is.<sup>87</sup> Myns insiens kan die sisteem wat deur die Wet en regulasies geskep word soos volg saamgevat word:

---

bewerkstellig. Daar is gevolglik nie sprake daarvan dat geld fisies uit die Republiek geneem word nie maar vind 'n vermindering in die Suid-Afrikaanse vreemde valuta reserwes plaas sodra die oordrag ten gunste van die uitvoerder in die buiteland geskied. Vgl Horn *The Law of International Trade Finance, Volume 6* 162 en veral 167 tot 168.

<sup>87</sup> Oelofse 23.



FIGUUR 5.1

**DIE DOELSTELLINGS:**

- (1) Om die in en/of uitvloei van kapitaal in en uit die Republiek te beheer;
- (2) Om beheer uit te oefen oor die vreemde valuta en goud reserwes;
- (3) Om *bona fide* lopende handelstransaksies onbeperk toe te laat.

**DIE PRIMêRE BEHEERMAATREëLS**

1	Beperk die handel in vreemde valuta, goud en geldwaardige papiere tot 'n beheerbare gereguleerde mark waar slegs gemagtigde handelaars onder bepaalde voorwaardes daarmee kan handel;	D.m.v. Reg 2
2	Beperk die uitvoer/uitneem of stuur van vreemde valuta, goud en geldwaardige papiere deur: (1) Die uitvoer daarvan te verbied; (2) Transaksies wat verpligtinge skep wat die uitvoer daarvan noodsaak te verbied;	D.m.v. Reg 3  Reg 3(1)(a) en (b), 14 en 15 Reg 3(1)(c), (d), (e), (f) en 4(2)
3	Verseker dat die Tesourie alle goud en vreemde valuta bekom;	D.m.v. Reg 5, 6 en 7
4	Beperk die uitvoer van kapitaal.	D.m.v. Reg 10

Soos wat *infra* meer volledig bespreek sal word, blyk dit dat:

- (1) Regulasie 3(1)(c) slegs betalings aan *nie-inwoners* beperk;
- (2) Regulasie 3(1)(d) slegs toepassing vind waar 'n *quid pro quo* by 'n transaksie betrokke is;
- (3) Regulasie 10 klaarblyklik op *kapitaal* van toepassing is.

Indien Appèlregter Trollip se interpretasie korrek is, kan daar tereg gevra word welke bepaling dan 'n inwoner verhoed om vreemde valuta, byvoorbeeld in die vorm van 'n wissel, uit te voer. Daar word aan die hand gedoen dat dit nooit die bedoeling van die wetgewer kon gewees het om:

- (1) Tussen verskillende betalingsmiddele te onderskei en as sulks slegs die fisiese uitvoer van munte en note deur middel van regulasie 3(1)(a) te beperk nie;<sup>88</sup>
- (2) Dat regulasie 3(1)(a), wat tereg as een van die hoekstene van die regulasies bestempel word, hoofsaaklik op reisigers wat vreemde valuta aanskaf van toepassing moet wees, terwyl 'n groot volume van vreemde valuta transaksies nie effektief ingeperk word nie.<sup>89</sup>

In die derde plek kom verskeie gevalle in die regspraak voor waar persone skuldig bevind is aan oortredings van regulasie 3(1)(a) waar vreemde valuta in die vorm van reisigerstjeks en wissels sonder die nodige Tesourie goedkeuring uit die Republiek geneem en gestuur is. So kan daar verwys word na onder andere die volgende gevalle:

- (1) *S v Bergmann*<sup>90</sup> waar die beskuldigde skuldig bevind is aan sameswering om vreemde valuta deur middel van reisigerstjeks en wissels uit die Republiek te stuur;

---

<sup>88</sup> Wat effektief gebeur indien die interpretasie van Appèlregter Trollip korrek is.

<sup>89</sup> Die sisteem, soos *supra* uiteengesit, moet hier in gedagte gehou word waar (1) die regulasies in geheel van verbiedende aard is; (2) deur middel van die deviesebeheervoorskrifte sekere algemene beperkte vrystellings van die regulasies gegee word; (3) aansoeke aan die SARB gerig kan word vir besondere gevalle waar addisionele vreemde valuta benodig word.

<sup>90</sup> *S v Bergmann* 1977 (3) SA 589 A.

- (2) *S v Christodoulou*<sup>91</sup> waar \$21 500.00 in die vorm van American Express Reiserstjeks deur die beskuldigde per pos na 'n bank in Athene gestuur is;
- (3) *S v Savides*<sup>92</sup> waar die beskuldigde \$89 520.00 in die vorm van American Express reiserstjeks in 'n bankrekening in Griekeland gedeponeer het, nadat dit in stryd met regulasie 3(1)(a) deur hom na Griekeland geneem is;
- (4) *S v Temple*<sup>93</sup> waar R54 028.62 telegrafies oorgeplaas is as fiktiewe invoerbetalings vanaf Suid-Afrika na 'n firma in London, in stryd met regulasie 3(1)(a).
- (5) *S v Zwyszig*<sup>94</sup> waar Switserse Frank 287 050.00 (ongeveer R100 000.00) op dieselfde wyse as in *Temple supra* se geval uit die land uitgestuur is.

Dit is inderdaad korrek, soos deur Oelofse uitgewys, dat in sekere van die gevalle daar op appèl slegs met die vonnisse gehandel is en nie die meriete van die skuldigbevindings nie. Dit moet uitgewys word dat daar in die sake van *Christodoulou*, *Savides*, en *Temple* nie minder nie as vier senior advokate en drie junior advokate vir die beskuldigdes gesamentlik opgetree het. In geen van die gevalle is daar enigsins sprake gewees dat die skuldigbevindings nie kon staan nie vanweë die feit dat wissels, reiserstjeks of selfs telegrafiese oorplasinge betrokke was en die vreemde valuta gevolglik reeds in die buiteland gehou was. Ook in die uitspraak in *S v Pamensky*<sup>95</sup> is toegegee dat 'n reiserstjek in stryd met regulasie 3(1)(a) deur die beskuldigde uit die land geneem is. In laasgemelde

---

<sup>91</sup> *S v Christodoulou* 1979 (3) SA 523 A op 537 ev.

<sup>92</sup> *S v Savides* 1979 (3) SA 523 A op 539 D ev.

<sup>93</sup> *S v Temple* 1979 (3) SA 523 A op 541 E ev.

<sup>94</sup> *S v Zwyszig* 1979 (3) SA 523 A op 544 C ev.

<sup>95</sup> *S v Pamensky* 1978 (3) SA 923 OK.

gewysde het die hof op appèl bevind dat die Staat nie die beskuldigde se skuld, bo enige redelike twyfel bewys het nie en die appèl het op dié basis alleen geslaag.<sup>96</sup>

Daar moet laastens daarop gelet word dat die interpretasie van Appèlregter Trollip, soos *supra* na verwys, bloot as *obiter dictum* beskou kan word aangesien die ratio van die uitspraak daarin geleë is dat die reisigerstjeks, tereg, nie vreemde valuta vir doeleindes van regulasies 3(1)(a) was soos wat dit op daardie stadium gedefinieer was nie.

Dit word gevolglik aan die hand gedoen dat Appèlregter Trollip se eng interpretasie dat regulasie 3(1)(a) slegs oortree word indien vreemde valuta fisies, sonder die nodige Tesourie goedkeuring, uit die Republiek verwyder word, onjuis is en dat dit ook ander gevalle kan dek waar vreemde valuta by wyse van byvoorbeeld elektroniese oordragte, sonder die nodige Tesourie goedkeuring voorkom.

Die beperking om goud uit die Republiek te neem of te stuur wat in regulasie 3(1)(a) voorkom, is van toepassing op goud in enige vorm, hetsy dit bewerkte goud is, al dan nie.<sup>97</sup> In 'n ongerapporteerde uitspraak, *S v M Govender*<sup>98</sup> het 'n Streekhoflanddros bevind dat regulasies 3(1)(a) en 3(3)(a) in soverre as wat dit op goud van toepassing is, gedeeltelik nietig is weens die vaagheid daarvan. Die beskuldigde is daarvan aangekla dat sy regulasie 3(3)(a) oortree het weens haar versuim om aan

---

<sup>96</sup> Dit moet hier in gedagte gehou word dat wanneer 'n persoon bv 'n wissel vanaf die Republiek pos vir versending na die buiteland, dit op sigself nie die uitvoer van vreemde valuta teweeg bring nie. Die uitvoer van die vreemde valuta hou verband met die bankoordragte uit die verskillende *nostro*-rekening, soos *supra* uiteengesit.

<sup>97</sup> Vgl die omskrywing van goud in regulasie 1 *supra*.

<sup>98</sup> *S v M Govender*, saaknommer 41/2494/88 op 14 Februarie 1989 in die Streekhof, Durban voor Landdros M C Fourie.

die bevoegde amptenaar te verklaar dat sy oor drie goue armbande ter waarde van sowat R3 708.00 beskik het toe sy op die punt was om die Republiek te verlaat. As alternatief is 'n klagte ingevolge regulasie 3(1)(a) geformuleer naamlik dat sy gepoog het om drie goue armbande in stryd met regulasie 3(1)(a) en sonder die nodige Tesourie goedkeuring uit die Republiek te neem. 'n Eksepsie is teen die klagstaat geopper op grond daarvan dat :

- (1) Beide regulasies 3(3)(a) en 3(1)(a) *ultra vires* en dus nietig is, eerstens weens die feit dat :

*"The regulations concerned involves such an oppressive or gratuitous interference with the rights of those subject to them as could find no justification in the minds of reasonable men. See Kruse v Johnson 1898 2 QB at 100. This argument really amounts to saying that the effect of the Regulations is so unreasonable that Parliament when passing the enabling legislation, could never have intended to give the State President authority to make such regulations",<sup>99</sup>*

en

- (2) Tweedens, in die alternatief weens die vaagheid daarvan.

Met betrekking tot die eersgemelde argument het die verdediging aangevoer, met verwysing na voorbeelde soos onder andere goudstopsels in 'n persoon se tande, 'n met goud oorgeblaasde brilraam, goue mansjietknope en penne, welke voorbeelde deur die verbod in regulasie 3 getref word, dit:

---

<sup>99</sup> Op 1 reël 31 en 2 reëls 1 - 7 van die getikte uitspraak.

*"...in pursuit of the legitimate purpose of preventing assets leaving the country the regulations provide a gross and unwarrantable interference with people's rights totally unrelated to questions of removal of assets and depriving the Republic of intrinsic wealth."*<sup>100</sup>

Wat die alternatiewe argument betref, is namens die beskuldigde geargumenteer dat dit klaarblyklik nie die bedoeling van die wetgewer kon gewees het om die voorgaande voorbeelde deur die verbod te tref nie, alhoewel dit tog uit die bewoording van die regulasie blyk die geval te wees en dat dit gevolglik nie uit die wetgewing blyk waar die spreekwoordelike lyn getrek moet word nie.

Namens die Staat is aangevoer dat die hof die interpretasie van die regulasie in samehang met die doel, strekking en trefwydte van die regulasies, naamlik om te verhoed dat waardevolle bates uit die Republiek uitgevoer word, moet beskou. In die lig van die konteks waarin die woord gebruik is, is geargumenteer dat dit geïnterpreteer moes word as:

*"a negotiable asset or intended for use as a negotiable asset. The word "gold" in regulation 3(3)(A)[sic] and 3(1)(A)[sic] must then not be literally construed but must be construed as meaning gold as a negotiable asset or intended to be used as a negotiable asset, in any form."*<sup>101</sup>

Die hof het, met verwysing na die uitspraak in *R v Jopp & Another*<sup>102</sup> waar bevind is dat die regulasie met redelike sekerheid moet aantoon welke handeling verbied of gebied word, beslis dat dit nie uit die

---

<sup>100</sup> Op bladsy 3, reël 3 - 8 van die getikte uitspraak.

<sup>101</sup> Op 4 reël 23 - 27 van die getikte uitspraak.

<sup>102</sup> *R v Jopp & Another* 1949 (4) SA 11 N.

regulasies blyk waar die lyn getrek moet word nie, selfs nie as die regulasies beperkend uitgelê word nie. In die lig daarvan dat die woordkeuse en taalgebruik in ieder geval duidelik en ondubbelsinnig is, het die hof bevind dat daar nie daarvan afgewyk kon word nie en dat regulasies 3(1)(a) en 3(3)(a) gevolglik gedeeltelik nietig is weens die vaagheid daarvan.

Soos Oelofse<sup>103</sup> is skrywer dit eens dat die Landdros te ver gegaan het om te bevind dat die regulasies weens voorgaande rede gedeeltelik nietig is. Die Landdros het sy bevinding soos volg gemotifeer:<sup>104</sup>

*"Clearly all three these examples fall within the definition of gold and within the literal meaning of Regulation 3(3)(a) and 3(1)(a) of the Exchange Control Regulations. Now if it is said that a person does not have to declare these items in terms of Regulation 3(3)(a) or a person does not need permission to take items like these out of the country then the question arises when does one then require permission to take something out of the country. I have looked at the Regulations very carefully and I am unable to answer this question. I do not know, from a study of the Regulations when it would be an offence to take something which falls within the definition of gold out of the country without permission by the Treasury, when this would be an offence and the same difficulty arises in respect of Regulation 3(3)(a). I have therefore come to the conclusion that mr Tobias' alternative argument should be upheld and I should hold that the Regulations are void and ultra vires because of*

---

<sup>103</sup> Oelofse 41 en 43.

<sup>104</sup> Op 7 reëls 20 - 31 en 8 reëls 1 - 4 van die getikte uitspraak.

*vagueness.*"<sup>105</sup>

Wat die Landdros met eerbied uit die oog verloor, is dat regulasie 10(1)(b) spesifiek op die feite van toepassing is deurdat dit 'n persoon verbied om enige goedere, insluitend klerasie, huishoudelike benodigdhede en juweliersware wat R600.00 in waarde te bowe gaan uit die Republiek te neem.

Oelofse beweer dat die Landdros, sonder om die punt te beslis ook van oordeel was dat die regulasies gedeeltelik nietig is weens die onredelikheid daarvan.<sup>106</sup> Dit word met eerbied aan die hand gedoen dat die stelling moontlik te sterk gestel is aangesien die hof bloot as 'n sydelingse aanmerking gesê het dat:

*"...there is certainly a lot to be said for the view that they would also be ultra vires because of unreasonableness."* <sup>107</sup>

Alhoewel die Landdros se uitspraak in enkele opsigte vir kritiek vatbaar is, lê die probleem daarin dat die volle besonderhede van die algemene vrystellings wat in die deviesebeheervoorskrifte voorkom, nie tot die Landdros se beskikking was nie. Indien die algemene vrystellings wat voorkom in ag geneem word, spreek die inhoud van die regulasies vanself. In afdeling B7, sub-paragraaf E van die Deviesebeheervoorskrifte word die voorwaardes en omstandighede waar inwoners van die Republiek wat op buitelandse reise gaan, tydelik persoonlike ware en juwele uit die Republiek kan uitvoer, uiteengesit. Daar word voorgeskryf dat sodanige persone 'n

---

<sup>105</sup> Die items waarna die Landdros verwys, is dieselfde items wat *supra* in die teks as voorbeelde aangehaal is.

<sup>106</sup> Oelofse op 26.

<sup>107</sup> Op bladsy 8, reëls 20 - 22 van die getikte uitspraak.



vorm N E P (*No Exchange Proceeds*) voor hul vertrek moet voltooi. Die vorm is 'n verklaring deur die reisiger en moet voltooi word indien:

- (1) items saamgeneem word waarvan die individuele waarde meer as R500.00 is; en/of
- (2) die totale waarde van goedere in sy of haar besit R20 000.00 te bowe gaan.

Indien die totale waarde van die goedere wat met die reisiger saamgeneem word, R40 000.00 oorskry, moet die spesifieke vooraf goedkeuring deur middel van 'n aansoek na die Suid-Afrikaanse Reserwebank bekom word alvorens die vorm N E P geattesteer en aan die reisiger oorhandig word. Onder sodanige omstandighede sal 'n verwysing na die goedkeuring deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank op die betrokke vorm aangebring word. Die vorm N E P word in duplikaat voltooi deur die eienaar van die goedere, wat een in sy besit hou en een aan die betrokke gemagtigde handelaar moet oorhandig wie dit vir minstens ses maande vir inspeksiedoeleindes moet hou. Daarna kan die vorm vernietig word.

Ingevolge **regulasie 3(1)(b)** is dit 'n oortreding indien 'n persoon enige banknote, goud, geld, geldwaardige papiere of vreemde valuta aan 'n ander persoon stuur sodat die banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek verwyder kan word. 'n Voorbeeld wat onder die sub-regulasie toepassing sal vind, sal wees wanneer 'n persoon byvoorbeeld 'n vriend wat na die buiteland gaan reis, versoek om vreemde valuta waarvoor eersvermelde beskik, vir hom na die buiteland saam te neem. Terwyl die persoon wat die vreemde valuta met hom saamneem regulasie 3(1)(a) sal oortree, sal die ander persoon aan 'n oortreding van regulasie 3(1)(b) skuldig wees.

**Regulasie 3(1)(b) bis** plaas 'n verbod op enige persoon om, benewens enige Tesourie goedkeuring, enige Suid-Afrikaanse banknote in die

Republiek in te bring of om Suid-Afrikaanse banknote na die Republiek te stuur of te versend.

Spandau<sup>108</sup> voer aan dat die uitvoer van Suid-Afrikaanse geld nie die Suid-Afrikaanse ekonomie kan benadeel nie, aangesien 'n persoon in die buiteland immers nie veel daarmee kan doen nie en dit bloot aan 'n persoon wat weer na Suid-Afrika toe sal kom, sal verkoop. Wat Spandau egter uit die oog verloor, is dat daar in die buurlande soos byvoorbeeld Mosambiek, Zimbabwe, Angola en in 'n mindere mate Botswana, 'n groot aanvraag na Suid-Afrikaanse rand is. Dit is naïef om te glo dat die rand wat aldaar versamel word slegs as 'n betaalmiddel in Suid-Afrika gebruik sal word en daar bestaan 'n beduidende "swart mark" vir Suid-Afrikaanse rand in die betrokke lande. Die doel van die regulasie is om die ongereguleerde handel van Suid-Afrikaanse rand wat hoofsaaklik in die naburige lande voorkom, te beperk.

**Regulasie 3(1)(c)** verbied enige persoon om sonder die Tesourie se vrystelling enige betaling aan of ten gunste van 'n persoon wat buite die Republiek woonagtig is, te doen.<sup>109</sup> Die sub-regulasie is veral uit 'n siviele en kontraktuele benadering van besondere belang.<sup>110</sup> Wat uit 'n strafregtelike oogpunt belangrik is, is die feit dat tientalle vrystellings op die regulasie in die deviesebeheervorskrifte voorkom. As 'n eenvoudige voorbeeld kan daar byvoorbeeld na die hantering van invoerbetalings verwys word. In afdeling B 4 van die deviesebeheervorskrifte word bepaalde voorwaardes neergelê waarvolgens gemagtigde handelaars invoerbetalings namens kliënte kan maak, mits aan bepaalde vereistes

---

<sup>108</sup> Spandau *Severity of Punishment for Foreign Exchange Offences* 1978 SALJ 394 op 396.

<sup>109</sup> Vgl die bespreking van inwonerskap in Hfst 4 *supra*.

<sup>110</sup> Vgl Oelofse 26 - 34 vir 'n volledige en goed beredeneerde bespreking van die sub-regulasie, asook die gesag daarop van toepassing.

voldoen word welke in wese daarop ingestel is om te verseker dat die goedere en/of dienste waarvoor betaal word wel in die Republiek ontvang is, of ontvang sal word. Ander voorbeelde van vrystellings waar sodanige betalings algemeen voorkom, sluit onder andere in:

- \* Dividende en rentebetalinge;
- \* Reisuittgawes;
- \* Persoonlike en onderhoudsbetalings;
- \* Skenkings;
- \* Betalings aan liefdadigheids-, opvoedkundige en geloofsinstellings;
- \* Vrag, verskepings en versekeringskoste;
- \* Kommissiebetalinge;
- \* Mediese en regs-koste.

In *Terblanche v Archdeacon*<sup>111</sup> is tereg beslis dat betaling, soos daar in die regulasie na verwys word, slegs slaan op 'n prestasie in geldwaarde en dat dit nie 'n geval soos transport van 'n eiendom insluit nie.

Die afleiding wat Oelofse maak dat die verwysing in die sub-regulasie na, "of so iemand met enige bedrag krediteer nie" waarskynlik op 'n kredietoorplasing uit een bankrekening na 'n ander betrekking het, blyk korrek te wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat die verbod nie net met 'n betaling in die buiteland handel nie, maar dat dit ook binnelandse betalings deur 'n persoon aan 'n nie-inwoner beperk. In *S v De Montille*<sup>112</sup> is die skuldigbevinding van die beskuldigde op hersiening bevestig, alhoewel die vonnis tersyde gestel en na die Landdros terug verwys is, waar die beskuldigde tereg gestaan het op 'n aanklag dat hy in stryd met die analoë

---

<sup>111</sup> *Terblanche v Archdeacon* 1979 (3) SA 201 T.

<sup>112</sup> *S v De Montille* 1979 (2) SA 1057 R.

bepaling in Rhodesië, Rh\$ 800,00 in Rhodesië, aan 'n Suid-Afrikaanse inwoner betaal het.

In *S v Jadwat Brothers & Another*<sup>113</sup> het Regter Leon bevind dat die bewoording van regulasie 3(1)(c) wyd genoeg is om ook 'n geval van verteenwoordiging in te sluit. Die feitestel kan as volg saamgevat word:

Die beskuldigdes, 'n maatskappy bekend as Jadwat Brothers (Edms) Beperk en 'n direkteur en werknemer van die maatskappy is daarvan aangekla dat hulle in stryd met regulasie 3(1)(c) betalings in Durban aan nie-inwoners gemaak het.

Die maatskappy, wat die eerste beskuldigde was, het goedere ingevoer vanaf London in die Verenigde Koninkryk. 'n Maatskappy, C Phillips Jones & Co Limited (hierna na verwys as C Phillips) in London is as klaringshuis gebruik. C Phillips het die fature voorberei en dit aan die eerste beskuldigde gestuur. Hulle het ook telkens toegesien dat 'n wissel, in Pond Sterling getrek word welke binne 120 dae na sig betaalbaar was. Die wissels is daarop aan Barclays Bank Internasionaal Beperk (London) (hierna Barclays Bank) verdiskonteer. Teen verdiskontering is C Phillips betaal wat op sy beurt die uitvoermaatskappy in London betaal het. Barclays Bank, wat die houer van die wissel geword het, het dit daarop aan Barclays Nasionale Bank Beperk (Suid-Afrika) (hierna na verwys as Barclays Nasionale Bank), verhandel. Die wissels is daarop deur die betrokke tak, Barclays Nasionale Bank Bpk, Queenstraat, Durban, vir akseptasie aan die eerste beskuldigde aangebied, wat dit geaksepteer het. Teen betaling aan Barclays Bank is die eerste beskuldigde se rekening gedebiteer. Dit is belangrik om daarop te let dat die betrokke banke telkens, by wyse van endossement, houer in eie naam van die wissel geword het en nie slegs as agent vir invordering opgetree het nie.

---

<sup>113</sup> *S v Jadwat Brothers & Another* 1977 (4) SA 815 D.

240

Addisioneel tot die betalings van uitvoerders het C Phillips ook die volgende betalings in Pond Sterling gemaak, naamlik:

Aan M Jadwat	R 7 243,33
Aan A Jadwat	R 6 888,22
Aan mev Ansari	R 586,47
	<hr/>
TOTAAL	R14 718,02


Die eerste twee gemelde betalings was ten gunste van twee seuns van twee van die direkteure van eerste beskuldigde wat by 'n kollege in London studeer het. Die fondse is vir hul onderhoud en studiedoeleindes aangewend. Die betalings aan mev Ansari was skenkings, wat 'n vroulike afhanklike familielid van die twee direkteure was. Die betalings wat gemaak is, is as 'n addisionele debiet, met verwysing na die onderskeie persone se name, op die fakture aangebring. Die kriminele klagtes het bloot verband gehou met die betalings aan die drie afhanklikes wat in London woonagtig was.

Geriefshalwe kan die feite skematies soos volg uitgebeeld word:<sup>114</sup>

---

<sup>114</sup> Die stappe word kronologies van 1 tot 5 genommer.

FIGUR 5.2



Die Staat se saak was gebaseer op die feit dat die betalings in Durban aan Barclays Nasionale Bank, uiteindelik, betalings aan die drie nie-inwoners bewerkstellig het en dat dit gevolglik in die afwesigheid van Tesourie goedkeuring in stryd met regulasie 3(1)(c) gemaak is. Die Staatsadvokaat het geargumenteer dat die handeling van die eerste beskuldigde, die sogenaamde sleutel was wat die deur vir die onwettige uitvoer van fondse aan nie-inwoners geopen het.<sup>115</sup> Regter Leon het op die feite bevind dat:<sup>116</sup>

*"The evidence shows that there were two payments made in Durban. The one was by accused no. 1. When it accepted the bill it made a payment to its bankers, i.e. the Queen Street branch of Barclays Bank in Durban. On the evidence, that was a payment to a South African company acting as principal on its own behalf and cannot be said to be a payment to a person outside the Republic. The other payment in Durban was a payment by Barclays National Bank, Queen Street branch to Barclays International Bank Limited. That was a payment to a person outside the Republic but on the evidence it was a payment made by Barclays National Bank, Queen Street branch as principal and not as agent for accused no. 1. It follows that so far as any payment made in Durban is concerned, the evidence shows that no such payment was made either by or on behalf of accused no. 1 to a person outside the Republic."*

Soos dit die geval in *S v Katsikaris*<sup>117</sup> was, is die *ratio* waarom die

---

<sup>115</sup> Vgl 825 H van die uitspraak.

<sup>116</sup> Op 827 F - H van die uitspraak.

<sup>117</sup> *S v Katsikaris* 1980 (3) SA 580 A. Vgl in besonder die kommentaar op die beslissing van Appèlregter Trollip *supra*.

beskuldigde op die spesifieke punt van die uitspraak onskuldig bevind behoort te word, geleë in die aard van die betalingsmetode wat gebruik is. Die uitsprake is egter onderskeibaar deurdat die reëls van die wisselreg 'n groter effek in die uitspraak *in casu*, as in die *Katsikaris* beslissing gehad het. Wanneer hierdie twee uitsprake gelees word, kan tereg gevra word of geregtigheid werklik gehandhaaf is. Dit herinner ook aan die woorde van regter Zulman in *S v Morringer, Leitich en Allied Bank*<sup>118</sup> waarin hy dit treffend stel dat:

*"In exercising that discretion, I should hasten to state that I am very much alive to the proposition that a criminal trial is not a game and that any wish to be "fair" to the accused before me should not defeat "obvious indications" that may lead to a guilty accused being convicted rather than set free."*

Regter Leon het egter voorts bevind dat die voorgaande nie deurslaggewend vir die uitspraak was nie. Hy stel dit dat hy, nadat uitspraak voorbehou is, besef het dat die werklike kwessie in die saak daarin geleë is dat C Phillips betalings in Engeland aan nie-inwoners, buite die Republiek, as **gevolmagtigde agent** van eerste beskuldigde, gemaak het. Hy het gevolglik bevind dat:<sup>119</sup>

*"...the true position in this case is that Phillips, Jones & Co. had made payments in England to the persons named in the indictment, that is, to persons outside the Republic, and had done so as the duly authorised agent of accused no. 1. What happened thereafter involved a process of payments including reimbursement in which accused no. 1, at the end of the line accepted the bills and made payment to its*

---

<sup>118</sup> *S v Morringer, Leitich en Allied Bank Beperk* 1993 (2) SASV 268 W.

<sup>119</sup> OP 827 H - 828 D van die uitspraak.



*bankers in Durban. This approach raised the following further questions:*

- (1) whether the offence must be committed by an accused personally or whether it can be committed through its agent, and, if so,*
- (2) whether the lawgiver contemplated that the offence could be committed outside the jurisdiction of the Court, but that the Court would have jurisdiction, and*
- (3) whether it would be proper for me, acting under sec. 86 of Act 51 of 1977, to amend the indictment so that it would reflect the true position. ...*

*I am of the opinion that the language of the regulation is wide enough to cover the case of agency, and that, despite Mr. Friedman's argument to the contrary [sic], having regard to the nature, the object and the intent of the legislation, it can necessarily be implied that extra-territorial jurisdiction is contemplated. At any rate, I am prepared to assume in favour of the State that this is what the regulation does contemplate. It is clear from the evidence that Phillips, Jones & Co. Ltd. did make payments to persons outside the Republic and that the evidence, taken with the admissions, suggests that it did so as the duly authorised agent of accused no. 1."*

Die regter het beslis dat die beskuldigde wel benadeel sou word indien die aansoek om wysiging van die klagstaat wel toegestaan sou word. Die aansoek is gevolglik afgewys en die beskuldigde is vrygespreek in die lig daarvan dat die klagstaat en nadere besonderhede wesenlik verskil het van die getuienis wat aangebied is.

Twee laaste aspekte wat uit die uitspraak blyk en wat verdere kommentaar verdien, is:

- (1) Indien die Hof die wysiging van die klagstaat sou gelas het, ontstaan die vraag steeds of die misdryf bewys is. Dit word aan die hand gedoen dat die betalings aan die seuns, D en E, nie deur die sub-regulasie getref behoort te word nie aangesien die seuns vir die doeleindes van die regulasies waarskynlik nie in London woonagtig was nie. Hulle was waarskynlik bloot tydelik vir studiedoeleindes daar en behoort dus nie as nie-inwoners beskou te word nie;
- (2) 'n Soorgelyke feitestel kom voor in *S v Pamensky*<sup>120</sup> waar die beskuldigde ook op 'n ander as die toelaatbare wyse betalings wou maak om vir sy seun se studiekoste in die buiteland te betaal. In die *Jadwat Brothers-saak* het die hof myns insiens tereg bevind dat, indien dit nodig sou wees om die punt te beslis, op die feite die beskuldigdes wel nalatig was aangesien hulle met groter omsigtigheid moes gehandel het. Daarenteen is in die *Pamensky-saak* beslis dat, op die relevante feite die beskuldigde nie nalatig was nie. Die redes wat in laasgemelde gewysde aangevoer word waarom die bevinding ten aansien van die afwesigheid van nalatigheid gemaak is, is met eerbied gekunsteld. Daar behoort myns insiens ook in die *Pamensky-saak* bevind te gewees het dat die beskuldigde wel nalatig was. Ook in die geval was die beskuldigde 'n invoerder wat op 'n gereelde grondslag met die deviesebeheerregulasies gekonfronteer moes gewees het uit hoofde van sy besigheid.

Oelofse<sup>121</sup> wys tereg daarop dat **regulasie 3(1)(d)** een van die moeilikste bepalings is om te ontsyfer en dat daar in die regspraak al

---

<sup>120</sup> *S v Pamensky* 1978 (3) SA 932 E.

<sup>121</sup> Oelofse 34.

daarna verwys is as:

*"...this obscure and clumsily drafted piece of legislation..."*<sup>122</sup>

en

*"The full scope and effect of reg. 3(1)(d) is by no means readily unravelled."*<sup>123</sup>

Regulasie 3(1)(d) het aanvanklik met die uitvaardiging van die regulasies in 1939<sup>124</sup> as regulasie 3(1)(b) bekend gestaan en het soos volg daar uitgesien:

- "3(1) Onderhewig aan vrysteling wat deur die Tesourie toegestaan mag word, mag niemand, sonder vergunning deur die Tesourie toegestaan -
- (a) ...
  - (b) 'n wissel of promesse trek of verhandel, geldwaardige papier oordra of 'n skuld erken, op so 'n wyse dat 'n reg (hetsy weselik of voorwaardelik) om in die Unie 'n betaling te ontvang geskep of oorgedra word as 'n teenprestasie -
    - (i) vir die ontvangs van betaling van 'n bedrag, of die verkryging van goed, buite die Unie: of

---

<sup>122</sup> *S v Bedford* 1979 (3) SA 656 D op 660 F.

<sup>123</sup> *Nestle v National & Grindlays Bank Ltd* 1962 (2) SA 390 A op 396 G.

<sup>124</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

- (ii) vir 'n reg (hetsy weselik of voorwaardelik) om buite die Unie betaling van 'n bedrag te ontvang of goed te verkry,  
of enige betaling doen as so 'n teenprestasie."


Die Engelse teks van dieselfde sub-regulasie wat ietwat makliker lees het soos volg gelui:

- "3(1) Subject to any exemption which may be granted by the Treasury, no person shall, except with permission granted by the Treasury, -*
- (a) ...*
  - (b) draw or negotiate any bill of exchange or promissory note, transfer any security or acknowledge any debt, so that a right (whether actual or contingent) to receive a payment in the Union is created or transferred as consideration -*
    - (i) for receiving a payment, or acquiring property, outside the Union, or*
    - (ii) for a right (whether actual or contingent) to receive a payment or acquire property, outside the Union,*  
*or make any payment as such consideration."*

Indien die 1939 teks noukeurig bestudeer word, wil dit voorkom of die wetgewer by wyse van die bepaling wou verhoed dat 'n persoon in die Republiek 'n betaling aan 'n ander persoon in die Republiek maak, as teenprestasie vir die ontvangs deur eersgemelde van òf geld òf goedere in die buiteland. Die volgende voorbeeld kan ter illustrasie gebruik word:

Veronderstel A is 'n Suid-Afrikaanse inwoner wat graag, vir welke rede ookal, van sy fondse of bates buite die Republiek wil hou. Hy nader vir B, 'n Britse immigrant wat 'n huis in London het met die versoek dat A die huis in London van B koop en dat A vir B in Suid-Afrika met rand daarvoor betaal.<sup>125</sup> Op die wyse kan A, selfs al is dit op 'n onwettige wyse, bates buite die Republiek bekom. A trek dan 'n tjek by sy bank en betaal dit aan B wat dit in sy bankrekening, in die Republiek deponeer, terwyl transport van die eiendom in London aan A bewerkstellig word. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 5.3**



In 1942<sup>126</sup> is die bewoording van die sub-regulasie ietwat gewysig om soos volg te lees:

"3(1) Onderworpe aan vrystellings wat die Tesourie

<sup>125</sup> Die gebruik van 'n huis in London dien bloot as voorbeeld en kan dit uiteraard selfs vreemde valuta (soos Britse Pond) of enige ander goedere soos roerende bates of immateriële goedere soos aandele wees.

<sup>126</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

van die Tesourie-

- (a) ...
- (b) ...
- (c) ...
- (d) 'n Wissel of promesse trek of verhandel, geldwaardige papiere oordra of 'n skuld erken op so 'n wyse dat 'n reg (hetsy wesenlik of voorwaardelik) **van so iemand of iemand anders** om in die Unie betaling te ontvang geskep of oorgedra word as 'n teenprestasie-
  - (i) vir die ontvangs **deur so iemand of iemand anders** van 'n betaling of die verkryging **deur so iemand of iemand anders** van eiendom buite die Unie; of
  - (ii) vir 'n reg (hetsy wesenlik of voorwaardelik) **van so iemand of iemand anders** om buite die Unie 'n betaling te ontvang of eiendom te verkry;of om 'n betaling as so 'n teenprestasie te doen of te ontvang nie.<sup>127</sup>

Dit blyk met die eerste oogopslag dat die toevoeging van die woorde "van so iemand of iemand anders" die sub-regulasie heelwat meer onduidelik gemaak het, aangesien dit wil voorkom asof die betrokke frase terugverwys na die eersgemelde persoon (A in die voorbeeld), wat tog nie sin maak nie aangesien dit die wederkerigheid van die transaksie sal ontnem. Dit word aan die hand gedoen dat die werklike rede vir die toevoeging van die voormelde frase daarin geleë is om ook vir 'n "indirekte

---

<sup>127</sup> Die woorde wat in dikskrif gedruk is, is my beklemtoning welke woorde ingevoeg is in die 1942 regulasie soos hierbo na verwys.

oortreding" van die sub-regulasie voorsiening te maak. Die volgende kan as voorbeeld dien, naamlik:

Gestel C is 'n bedrag van R100 000.00 aan A verskuldig. Indien A byvoorbeeld 'n wissel sou verhandel of geldwaardige papiere oordra op so 'n wyse dat die reg waaroor hy beskik om die R100 000.00 van C te vorder, oorgedra word aan B, kan A as teenprestasie vir die oordra van die reg B se huis in London, die Verenigde Koninkryk ontvang. Indien voormelde die korrekte afleiding is, kan die verbod teen die indirekte transaksie soos volg saamgevat word, naamlik:

"3(1) Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, verleen mag word, mag niemand, ...

(d) 'n wissel of promesse trek of verhandel, geldwaardige papiere oordra of 'n skuld erken nie wat tot gevolg sal hê dat sodanige persoon wat oor 'n reg om 'n betaling binne die Republiek te ontvang (hetsy die reg werklik of voorwaardelik is), oorgedra word as teenprestasie-

(i) vir die ontvangs deur so iemand of enige ander persoon van 'n betaling of die verkryging deur so iemand of enige ander persoon van eiendom buite die Republiek..."

Dit word aan die hand gedoen dat twee gevalle onderskei kan word, naamlik:

(1) Die direkte geval waar A deur middel van die trekking of verhandeling van 'n wissel of promesse 'n reg vir B skep, op grond

waarvan B betaling binne die Republiek kan vorder as teenprestasie vir die lewering van fondse of bates aan A, of 'n ander persoon in die buiteland; en

- (2) Die indirekte geval waar A, 'n reg waaroor hy beskik om betaling van iemand anders in die Republiek te vorder, oordra aan B, as teenprestasie vir die ontvangs deur A of 'n ander persoon van betaling of die verkryging van eiendom buite die Republiek.

Indien die bestaande teks van die sub-regulasie met die vorige weergawes daarvan vergelyk word, blyk dit dat die ware betekenis nou nog moeiliker te bepaal is, as vroeër.<sup>128</sup> Dit word egter aan die hand gedoen dat die doel van die regulasie daarin geleë is om transaksies, soos *supra* in die voorbeelde uitgewys, te verbied. Die *ratio* daarvoor spreek natuurlik vanself, aangesien sodanige transaksies eerstens sou meebring dat 'n inwoner maklik so bates in die buiteland kan bekom welke kapitaal nie tot die voordeel van die Republiek aangewend kan word nie, en dit tweedens sal beteken dat immigrante hul vreemde bates kan vervreem, maar dit nie in die vorm van vreemde valuta na die Republiek oordra nie. Laasgemelde handeling word juis aangemoedig aangesien vreemde valuta investering hoogs wenslik is en dit kom voor waar immigrante na die Republiek immigrer. Immigrante word gevolglik aangemoedig om alle bates waaroor hulle beskik na die Republiek oor te dra. Hulle is voorts genoodsaak om 'n verklaring, as deel van die immigrasieformaliteite, te onderteken uit hoofde waarvan hulle onderneem om nie enige vreemde bates aan inwoners van die Republiek beskikbaar te stel nie.

Die vernaamste strafsak wat met regulasie 3(1)(d) handel, is *S v De*

---

<sup>128</sup> In 1948 is die woorde, "aan die kant" na die hakies en voor "so iemand..." ingevoeg. Die teks is sedertdien bykans identies.



*Castro*,<sup>129</sup> waarvan die relevante feite soos volg saamgevat kan word:<sup>130</sup>

Tweede beskuldigde, Christos is deur derde beskuldigde, Swemmer aan 'n polisielokvink, R voorgestel. Dit is aan C voorgehou dat R 'n bankbestuurder was wat bereid was om teen kommissie op 'n onwettige wyse bystand te verleen om geld uit die Republiek na die buiteland oor te plaas. Tweede beskuldigde is op sy beurt deur ene Mannie e'Silva aan eerste beskuldigde, De Castro, die Appellant voorgestel. Die Staat se saak was daarop gebasseer dat De Castro R87 176,35 uit die Republiek na Switserland wou oordra en dat hy dit, welwetend dat dit onwettig was, met behulp van tweede beskuldigde en R wou bewerkstellig. Die Staat het beweer dat hy daardeur regulasie 3(1)(d) oortree het.

Appellant se weergawe was dat hy in 1975 na die Republiek geïmmigreer het en dat hy op 'n stadium daarna telefonies deur 'n vriend wat in Mosambiek woonagtig was, genader is met 'n versoek om ongeveer R100 000.00 wat aan hom gelewer sou word, namens ongeopenbaarde prinsipale wat voornemens was om hulself vanuit Mosambiek na Portugal te vestig, te belê. Hy het die geld ontvang en het dit in 'n rentedraende rekening in sy eie naam gehou. Appellant het beweer dat hy besluit het om die geld na Switserland oor te plaas toe hy van e'Silva verneem het dat dié oor 'n kontak beskik het om die geld deur middel van 'n bank na die buiteland oor te plaas. Appellant het daarop 'n banktjek in sy eie guns laat trek, welke tjek 'n bedrag van R87 176.35 beloop het. Nadat appellant

---

<sup>129</sup> *S v De Castro* 1979 (2) SA 1 A.

<sup>130</sup> Die feite word volledig in die uitspraak weergegee en is die onderhawige niks meer as 'n samevatting daarvan nie. Dit is egter belangrik om te let dat sekere van die getuienis wat appellant aangebied het deur die Hof verwerp is, soos byvoorbeeld dat hy na bewering nie besef het dat die transaksie onwettig sou gewees het nie, welke aspek uiteraard op appellant se skuld betrekking gehad het.

deur e'Silva aan tweede beskuldigde voorgestel is, het tweede beskuldigde hom in die bank ingeneem en hom aan R voorgestel. Die tjek is aan R oorhandig om die transaksie te finaliseer waarop die Suid-Afrikaanse Polisie toegeslaan het en al drie gearrester het.

Appellant is in die hof *a quo* skuldig bevind op die eerste klag, naamlik 'n oortreding van regulasie 3(1)(d). Die alternatiewe klagtes was oortredings van artikel 18(2)(a) van Wet 17 van 1956,<sup>131</sup> soos saamgelees met:

- (1) Regulasie 3(1)(d);
- (2) Regulasie 2(1);
- (3) Regulasie 10(1)(c).

Op appèl is die skuldigbevinding op die eerste klagte tereg tersyde gestel.<sup>132</sup> Waarnemende Appèlregter Viljoen<sup>133</sup> het bevind dat daar twee wesenslike vereistes was waaraan voldoen moet word alvorens die regulasie oortree word, te wete:

- (1) 'n **Reg** om betaling in die Republiek te ontvang (welke reg werklik of voorwaardelik kan wees), wat geskep of oorgedra moet word as gevolg van die trek of verhandeling van 'n wissel (of promesse of geldwaardige papier); en
- (2) Welke reg as **teenprestasie** dien om vreemde valuta of eiendom buite die Republiek te bekom.

---

<sup>131</sup> Die Wet op Oproerige Byeenkomste, Wet 17 van 1956, soos gewysig.

<sup>132</sup> Op 19 H van die uitspraak.

<sup>133</sup> Met wie Hoofregter Rumpff en waarnemende Appèlregter Trengrove saamgestem het.

Die regter het dit treffend soos volg gestel:<sup>134</sup>

*"The regulation concerend requires a right (whether actual or contingent) to be created or transferred by the drawing or negotiation of the bill of exchange or promissory note as consideration for something. No right was created or transferred by the drawing of the cheque. The appellant had the right to receive payment at any stage, whether by issuing his own cheque or using a bank cheque. There was no need for a right to be created. Nor did he by drawing the cheque or causing it to be drawn, transfer any right. He might have transferred the right to receive payment by negotiating the cheque but he would then transfer the right to somebody else and there is no suggestion that this was going to be done, save negotiating it to the bank for collection purposes. I do not think that this was ever contemplated because no substantial right to the money would thereby be transferred. Another requirement is that the right to receive payment in the Republic must be a consideration for the receiving of the payment or the acquisition of property outside the Republic or a right (whether actual or contingent) to receive a payment or acquire property outside the Republic. Consideration must in my view be understood to mean a **quid pro quo**. The words "on the part of such person" are confusing. They are capable of being construed as involving the same person both in the Republic and outside the Republic, but the words "as consideration for" clearly imply mutuality and reciprocity. It is conceivable that one party may be involved but then in*

---

<sup>134</sup> Op 19 B - F van die uitspraak.

*different capacities.*"<sup>135</sup>

In *S v Bedford*<sup>136</sup> is 'n eksepsie teen die klagstaat geopper op sterkte daarvan dat regulasie 3(1)(d) *ultra vires* die magtigende wetgewing synde artikel 9 van Wet 9 van 1933 is aangesien:<sup>137</sup>

*"(It) do not in any way relate to or affect or have a bearing either on currency or on banking or on exchange."*

Regter Hefer het die argument tereg verwerp en dit gestel dat:

*"I repeat that the prohibited acts are the creation or transfer of a right to receive payment in any of the ways described in the regulation, and the actual making or receipt of payment. Both of these matters clearly relate to currency. Counsel laid great stress on the fact that the regulation does not relate to the physical transfer of currency, either from or to the Republic, but that does not change the situation at all. A regulation such as reg.3(1)(d) which does not deal with the export of currency from the country, but which nevertheless prohibits certain payments and certain acts in respect of a right to payment, is obviously one which relates to currency even though it may only affect what may conveniently be called the internal or local side of currency. It follows that reg.3(1)(d) is, in my view, also covered by s 9."*

---

<sup>135</sup> Die kwessie rondom die wederkerigheid wat by die regulasie vereis word, is ook bevestig in die uitspraak in *Johnsey v Skjoldhammer* 1981 (4) SA 88 D. Vgl ook Oelofse 36.

<sup>136</sup> *S v Bedford* 1979 (3) SA 656 D.

<sup>137</sup> Op 656 G van die uitspraak.

**Regulasie 3(1)(e)** is in 1951 tot die regulasies toegevoeg en het aanvanklik soos volg daarna uitgesien:<sup>138</sup>

"3(1) Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie...verleen mag word, mag niemand, behalwe met die toestemming van die Tesourie...en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie... mag stel -

- (a) ...
- (b) ...
- (c) ...
- (d) ...
- (e) 'n Lening maak of krediet toestaan nie aan enigeen binne die Republiek, of so 'n lening of krediet waarborg nie, waar die lener of borg op enige sekerheid of waarborg wat gegee is of verbintenisse wat aangegaan is, uitdruklik of stilswyend, deur 'n persoon of persone wat buite die Republiek woonagtig is, as sekerheidstelling vir terugbetaling van die lening of krediet, staatmaak."

Die teks van die sub-regulasie is in 1961<sup>139</sup> effens gewysig alhoewel dit nie die doel en effek daarvan beïnvloed het nie. Die sub-regulasie is daarna weer in 1981<sup>140</sup> gewysig op welke tydstip die woordomsrywings van finansiële bystand en geaffekteerde persoon, wat sedertdien 'n integrale deel van die sub-regulasie vorm, ook tot die regulasies toegevoeg

---

<sup>138</sup> GK R 2800 van 2 November 1951.

<sup>139</sup> GK R 1111 van 1 Desember 1961.

<sup>140</sup> GK R 357 van 20 Februarie 1981.

is. Dit is sedertdien nog nie weer gewysig nie.

Oelofse<sup>141</sup> kom tot die korrekte gevolgtrekking dat die doel van die regulasie daarin geleë is om te verhoed dat 'n nie-inwoner of 'n geaffekteerde persoon 'n regresreg teen 'n inwoner bekom uit hoofde van die verlening van 'n waarborg ten gunste van die inwoner sodat laasgemelde finansiële bystand, hetsy vanaf 'n inwoner of 'n nie-inwoner, kan bekom.<sup>142</sup>

'n Algemene vrystelling van regulasie 3(1)(e) kom in afdeling B 20 L van die deviesebeheervoorskrifte voor waarin bepaal word dat gemagtigde handelaars voorskotte, beperk tot 'n bedrag van R10 000.00 aan inwoners kan verleen ter nakoming van verpligtinge op grond van 'n nie-inwonerwaarborg wat ten gunste van 'n inwoner verleen is vir "*domestic, farming and business purposes*".

**Regulasie 3(1)(f)** is in 1968<sup>143</sup> tot die regulasies toegevoeg. In 1981<sup>144</sup> is beide regulasies 3(1)(e) en 3(1)(f) gewysig om te lees soos wat die teks tans daarna uitsien. Soos reeds vermeld, is die woordomsrywings van finansiële bystand en geaffekteerde persoon ook

---

<sup>141</sup> Oelofse 37.

<sup>142</sup> Sover vasgestel kon word, is daar slegs 2 gerapporteerde uitsprake wat met regulasie 3(1)(e) handel, te wete *Sagit Property Holdings Limited v Union Bank of Switzerland* 1977 (3) SA 897 W en *Barclays National Bank Limited v Brownlee* 1981 (3) SA 579 D. Die wese van beide uitsprake handel met die toepassing van die bepalings van die kontraktereg en meer spesifiek die vraag of kontrakte wat in stryd met die statutêre verbod aangegaan word, nietig, vernietigbaar of geldig is. Beide uitsprake hou ongelukkig min waarde in vir die strafregtelike implikasies wat by 'n oortreding van die sub-regulasie voorkom en sal gevolglik nie hier bespreek word nie.

<sup>143</sup> GK R 650 van 19 April 1968.

<sup>144</sup> GK R 357 van 20 Februarie 1981.

op daardie stadium tot die regulasies toegevoeg. Soos wat *infra* vollediger blyk, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank die twee sub-regulasies sedert die wysiging daarvan in 1981 in samehang met mekaar toegepas.<sup>145</sup>

Alvorens die effek van die twee sub-regulasies bespreek word, moet daar gelet word op die woordskrywings van **geaffekteerde persoon** en **finansiële bystand**. 'n **Geaffekteerde persoon** word in regulasie 1 omskryf as:

"**Geaffekteerde persoon** - 'n regspersoon, stigting, trust of vennootskap wat in die Republiek sake doen, of 'n boedel ten opsigte waarvan -

- (i) 25% of meer van die kapitaal, bates of verdienstes daarvan gebruik mag word vir betaling aan, of vir die bevoordeling op enige wyse van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie; of
- (ii) 25% of meer van die stendraende geldwaardige papiere, stembevoegdheid, mag van beheer, kapitaal, bates of verdienstes daarvan, regstreeks of onregstreeks gesetel is in, of beheer word deur of ten behoeve van, iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie;"

Die wesenlike kenmerke van 'n geaffekteerde persoon kan soos volg saamgevat word, naamlik:

- \* dit is 'n entiteit, hetsy 'n regspersoon, stigting, trust, vennootskap of boedel;

---

<sup>145</sup> Hierdeur word nie te kenne gegee dat die twee sub-regulasies nie steeds onafhanklik van mekaar staan nie, maar bloot dat dit gewoonlik weens die aard van multi-nasionale maatskappye en korporasies gesamentlik toegepas word.

- \* wat in die Republiek sake doen;
- \* en waarvan minstens 25% van die
  - belang; of
  - bestuursbevoegdheid; of
  - reg op inkomste;
- \* in nie-inwoners setel.<sup>146 147</sup>

Dit is van wesenlike belang om te besef dat die drie verskillende klasse synde die:

- \* belang in;
- \* bestuursbevoegdheid oor; of
- \* reg op inkomste in;

elk onafhanklik kan veroorsaak dat 'n entiteit as 'n geaffekteerde persoon geklasifiseer word. Die volgende voorbeeld kan ter illustrasie gebruik word, naamlik:


---

<sup>146</sup> Vgl ook Oelofse 37.

<sup>147</sup> Vgl Lautenberg 40 ev vir 'n volledige uiteensetting van die werking van Regulasies 3(1)(e) en (f). Hy voer aan dat die ledebelang in 'n beslote korporasie deel vorm van die verwysing na "kapitaal" in (i) van die woordskrywing van geaffekteerde persoon.



**FIGUUR 5.4**



Alhoewel C (Edms) Bpk uit hoofde van die 20% nie-inwoner aandeelhouding nie 'n geaffekteerde persoon is nie, is 30% van die direkteure nie-inwoners wat dus tot gevolg het dat die bestuursbevoegdheid veroorsaak dat die maatskappy wel 'n geaffekteerde persoon is.<sup>148</sup>

**Finansiële bystand** word in regulasie 1 omskryf as:

"**Finansiële bystand** - ook die uitleen van valuta, die verlening van krediet, die opneem van sekuriteite, die aangaan van 'n huurkoop of 'n verhuring, die finansiering van verkope of voorrade, 'n verdiskontering, 'n faktoring, die waarborg van aksepteringskrediete, die waarborg of aanvaarding van enige verpligting, 'n borgtog, 'n terugkoop en 'n terugverhuring, maar met uitsluiting van -

<sup>148</sup> Vgl ook Lautenberg op 46 ev.

- (a) die verlening van krediet deur 'n verkoper ten opsigte van enige handelstransaksie wat direk die oorgang van eiendomsreg op die verkoopte goed van verkoper na koper behels, en
- (b) die verlening van krediet alleen ten opsigte van betaling van dienste gelewer;"

Met die uitvaardiging van regulasie 3(1)(f) in 1968 is daar 'n blote verbod geplaas op "'n lening maak of krediet toestaan".<sup>149</sup> Uiteraard hou die bestaande omskrywing van finansiële bystand veel meer in as die toestaan van 'n lening of krediet en wys Oelofse<sup>150</sup> tereg daarop dat die omskrywing bowendien nie uitputtend is nie as gevolg van die gebruik van die woord "ook" daarin. Daar dien gelet te word op die uitsonderings wat voorkom waar finansiële bystand verleen kan word sonder dat dit in stryd met die sub-regulasie geskied. Twee uitsonderings word in die woordskrywing self weergegee, te wete:

- (1) waar 'n verkoper krediet verleen ten opsigte van 'n handelstransaksie waardeur eiendomsreg op die betrokke bates nie voorbehou word nie, maar die oorgang van eiendomsreg onmiddellik plaasvind;
- (2) waar krediet verleen word vir die betaling van dienste gelewer.

Benewens die voormelde algemene vrystellings het die Suid-Afrikaanse Reserwebank ook by wyse van deviesebeheersirkulêre C21 op 8 Augustus 1978 'n vrystelling ten opsigte van sekere verhuringskontrakte (*leases*) gegee. Ingevolge die gemelde sirkulêre word bepaal dat die volgende sogenaamde *non-productive leases* nie as finansiële bystand beskou word nie en dat dit uitdruklik van regulasie 3(1)(f) vrygestel word, naamlik onder andere:

---

<sup>149</sup> GK R 650 van 19 April 1968.

<sup>150</sup> Oelofse 14.

*"Executive cars, airconditioners, secretarial aids (typewriters, dictaphones, etc.), computers used for administrative purposes, microfilming equipment, bookkeeping equipment, vending machines, pabx systems, furniture and fittings, sound recording and distribution equipment, copiers, mailing machines, adding machines, addressing machines, calculators, data processing machines, intercom units, aircraft used by a company's management, fire detection and prevention systems, two-way radio's, medical equipment, closed circuit TV, safes and office printing equipment".<sup>151</sup>*

Die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die implementering van Regulasie 3(1)(f) word soos volg deur Lautenberg opgesom:<sup>152</sup>

*"... (it) goes back to Exchange Control Circular B.49 of 10 May 1966 which stated that as a result of the tightness of the main foreign money and capital markets, non-resident owned or controlled South African companies could experience difficulties in continuing to obtain the bulk of their finances from traditional sources, namely overseas parent companies, and might therefore endeavour to lean more heavily on local*

---

<sup>151</sup> Interessant genoeg word regulasies 3(1)(e) en (f), of enige uitsonderings daarop, nie in detail in die deviesebeheerskryfte bespreek nie. Die beleid ten opsigte van die toepassing van die betrokke sub-regulasies word bykans uitsluitlik in sekere deviesebeheer-sirkulêres aangetref, soos onder andere: B49 van 10 Mei 1966, B75 van 25 April 1968, C5 van 14 Mei 1968, C21 van 8 Augustus 1978, C29 van 21 Mei 1979, C46 van 10 Desember 1979, C52 van 29 Januarie 1980, C67 van 17 Februarie 1981 en C69 van 2 Maart 1981. Alhoewel die SARB die beleid enige tyd kan verander, word dit sedert 1981 bykans sonder enige wesenlike veranderinge toegepas.

<sup>152</sup> Lautenberg 55. Vgl ook Oelofse 39 en die De Kok-verslag (Finale Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, RP 70/1984).

*credit facilities than in the past. It was further stated that except in deserving instances, such increased borrowing would be highly undesirable from both the credit and exchange control point of view and authorised dealers were requested to exercise great care in granting new and increased facilities. Besides the strain on credit available on the local market, authorised dealers were asked "to scrutinise closely the capital structure of foreign controlled subsidiaries in this country, with a view to avoiding any excessive reliance on domestic sources of credit".*

*As the situation grew more serious, thereafter Exchange Control Circular B.75 of 25 April 1968 was issued which drew the attention of authorised dealers to Government Notice No. R.650 published in Government Gazette Extraordinary, No.2048 of 19 April 1968 wherein exchange control regulation 3(1)(f)(i) and (ii) was published."*

Die wese van regulasie 3(1)(f) is dat dit enige persoon verbied om aan

- \* 'n geaffekteerde persoon, of
- \* 'n nie-inwoner,

finansiële bystand (soos omskryf) in die Republiek te verskaf.

Ten einde multi-nasionale maatskappye toe te laat om, veral onder die destydse sanksietoestande, steeds toegang tot leningskapitaal te bekom waardeur die maatskappye gefinansier kon word, sonder om die binnelandse finansiële markte te veel aan multi-nasionale maatskappye bloot te stel, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank 'n leningsformule vir sodanige maatskappye uitgewerk en 'n algemene beperkte vrystelling van die sub-regulasie verleen.

Nie-inwoners en geaffekteerde persone wat in Suid-Afrika besigheid doen, word kragtens deviesebeheersirkulêre C67 van 17 Februarie 1981 toegelaat om in Suid-Afrika finansiële bystand, byvoorbeeld by wyse van plaaslike lenings, te bekom. Die waarde van die finansiële bystand wat verleen kan word, word ooreenkomstig die volgende formule bereken, naamlik:

X% van die Effektiewe Kapitaal van die betrokke maatskappy, waar X soos volg bereken word, naamlik:

$$X = 50\% + \left( \frac{\text{SA \% belang}}{\text{(Nie-inwoner \% belang)}} \times 50\% \right) \text{ van die effektiewe kapitaal}$$

Die **effektiewe kapitaal** word deur Lautenberg<sup>153</sup> beskryf as:

*"The effective capital of an affected person may be described as the realised contribution by the shareholders to the liability side (or the capital employed side) of the balance sheet. This is made up as follows:*

*Share capital, share premium, realised reserves, deferred tax, shareholders' loan funds, hard-core trade credit, preference shares and debentures, outside shareholders' interest, accumulated losses (deducted)."*

Indien die formule geanaliseer word, blyk dit dat:

- (1) 'n Geaffekteerde persoon met 'n 25% nie-inwonerbelang kan tot 200% van sy effektiewe kapitaal plaaslik by wyse van finansiële bystand bekom;
- (2) 'n Geaffekteerde persoon met 'n 50% nie-inwonerbelang kan tot 100% van sy effektiewe kapitaal plaaslik by wyse van finansiële bystand bekom;

---

<sup>153</sup> Lautenberg 57.

- (3) 'n Geaffekteerde persoon met 'n 100% nie-inwonerbelang kan tot 50% van sy effektiewe kapitaal plaaslik by wyse van finansiële bystand bekom.


Daar dien op gelet te word dat die verbod op die **verlener** van finansiële bystand geplaas word. In deviesebeheersirkulêre C5 van 14 Mei 1968 is dit soos volg gestel:

*"It is emphasized that it is incumbent on the lender to obtain exemption from regulations 3(1)(e) and (f) whether for the continuation of facilities already granted to the borrower or for new facilities to be granted. The onus, therefore, rests on the lender to ascertain from each of his debtors, excluding debtors to whom trade credit only is granted, whether 25% or more of such debtors voting securities is non-resident owned or not."*

Enige nie-inwoner of geaffekteerde persoon wat van die vrystelling van die sub-regulasie gebruik wil maak, is verplig om 'n vorm MP79 te voltooi wat deur die betrokke se gemagtigde handelaar aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank versend moet word. Soos in die geval van die ander regulasies is die Suid-Afrikaanse Reserwebank bevoeg om verdere vrystellings van die sub-regulasie te verleen.


Die bepaling kragtens regulasie 3(1)(e) kan eenvoudigheidshalwe skematies soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 5.5**



Die bepalings kragtens regulasie 3(1)(f) kan eenvoudigheidshalwe soos volg skematies voorgestel word:

**FIGUUR 5.6**



- LW: (1) Die verbod tref die **Bank** en;  
 (2) Beperk die verlening van finansiële bystand **in** die Republiek.

Daar word dikwels gevind dat 'n multi-nasionale maatskappy wat in die Republiek besigheid doen, deel vorm van 'n groep van maatskappye wat uit nie-geaffekteerde persone en geaffekteerde persone bestaan. Juis as gevolg hiervan word **regulasie 3(1)(e) en (f)** gesamentlik toegepas aangesien dit soms vir sodanige maatskappye nodig is om binne die

hierdie oogpunt waarop die Suid-Afrikaanse Reserwebank die twee sub-regulasies toepas.

**Regulasie 3(2)** bepaal bloot dat regulasie 3(1) nie enige persoon verbied om binne die bestek van 'n vrystelling deur die Tesourie kragtens sub-regulasie (1) verleen, te handel nie. Dit word aan die hand gedoen dat die sub-regulasie oorbodig is aangesien die inhoud daarvan klaarblyklik deur sub-regulasie 1 gedek word.

**Sub-regulasies 3(3) en (4)** handel met die visenterings- en beslagleggingsbevoegdheids van die bevoegde amptenare waar persone op die punt is om die Republiek uit 'n erkende plek van vertrek, soos byvoorbeeld 'n lughawe of grenspos, te verlaat.

Ingevolge **sub-regulasie 3** is 'n bevoegde amptenaar geregtig om beslag te lê op enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat 'n persoon by hom het, tensy

- (1) hy oortuig is dat die persoon vrygestel is van die verbod in sub-regulasie 1; of
- (2) die betrokke 'n sertifikaat van vrystelling deur die Tesourie aan die bevoegde amptenaar wys waaruit dit blyk dat die handeling nie in stryd met die verbod in sub-regulasie 1 is nie.

Oelofse<sup>154</sup> toon tereg aan dat verskeie gebreke in sub-regulasies 3 tot 8 van regulasie 3 voorkom. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat regulasies 22A tot D juis uitgevaardig is ten einde die probleme en gebreke wat in die opsig by regulasie 3 voorkom, rondom beslaglegging, verbeurdverklaring en die hersiening daarvan, uit die weg te ruim. Wanneer die Suid-Afrikaanse Reserwebank by sodanige optrede betrokke

---

<sup>154</sup> Oelofse 40 en 41.



is, sal die beslagleggingsbevoegdheid in regulasie 22, eerder as in regulasie 3 of 10, gebruik word. Die leemte wat egter voorkom, is dat die departement wat met die doeanemaatreëls gemoeid is slegs uit hoofde van sub-regulasies 3, 4, 6 en 7 kan handel en nie, soos die gevolmagtigdes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, uit hoofde van regulasie 22A tot D nie. Oelofse moet onomwonde ondersteun word in sy stelling dat dit noodsaaklik is dat die Hof oor 'n bevoegdheid moet beskik om die beslagleggings- en verbeurdverklaringsbevele uit hoofde van regulasie 3 tersyde te kan stel. Oelofse toon aan dat dit teoreties moontlik is dat 'n beslaglegging en verbeurdverklaring uit hoofde van die betrokke sub-regulasies regmatig kan geskied, sonder dat dit aan hersiening blootstaan en daar gevolglik geen manier sal bestaan waarop 'n tersydestelling daarvan **afgedwing** kan word nie. In dié opsig kan daar byvoorbeeld verwys word na die uitspraak in *S v De Blom*.<sup>155</sup> In die geval blyk dit uit die feite dat die Hof as 'n versaggende faktor met betrekking tot vonnisoplegging oorweeg het, dat die vreemde valuta waarop beslag gelê is, deur die Tesourie verbeurd verklaar is. Die Hof het egter bevind dat die beskuldigde geregtig was op vryspraak wat die tweede klagte betref en ontstaan die vraag, wat nie uit die feite blyk nie, of die Tesourie na die tersydestelling van die skuldigbevinding op die klagtes met betrekking tot die juwele, die juwele aan die beskuldigde terugbesorg het. Dit spreek dus vanself dat dit wel nodig is dat 'n Hof oor 'n hersieningsbevoegdheid in die opsig moet beskik.

Ingevolge **regulasie 3(4)** kan die bevoegde amptenaar goedere, briewe en pakkies wat na 'n plek buite die Republiek versend word, ondersoek om vas te stel of daar nie banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta in is en wat in stryd met die regulasies uit die Republiek gestuur word nie, in welke geval daar op beslag gelê kan word.

---

<sup>155</sup> *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 A.

Die verbeurdverklaringsbevoegdheids in **sub-regulasie 5 en 8** van regulasie 3 is beperk tot die tesourie en beskik die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie oor die bevoegdheids nie.<sup>156</sup> **Regulasies 3(6), (7) en (8)** is soortgelyk aan 3(3), (4) en (5) maar handel met die invoer van Suid-Afrikaanse banknote waar laasgemelde met die uitvoer van banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta te make het. Die sub-regulasies is egter *mutatis mutandis* van toepassing.

Daar dien laastens op gelet te word dat sub-regulasies (3), (4) en (5) ook spesifiek op regulasie 10(1)(b) van toepassing gemaak word.<sup>157</sup>

---

<sup>156</sup> Vgl die delegasiebrief van die Minister van Finansies aan die SARB gedateer 19 Mei 1987.

<sup>157</sup> Vgl Regulasie 10(2)

#### 5.4 REGULASIES 3A EN 3B

##### VERBOD OP DIE VERNIETIGING, SMELT, OPLOS, OPBREEK OF BESKADIGING VAN MUNTE WAT INGEVOLGE ARTIKEL 11 VAN DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE MUNT EN MUNTE, 1964 (WET 78 VAN 1964), UITGEREIK IS

- 3A Enige persoon wat, sonder die skriftelike goedkeuring van die Tesourie, opsetlik 'n munt wat uitgereik is ingevolge Artikel 11 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), vernietig, smelt, oplos in enige oplosmiddel, opbreek of beskadig, of so 'n munt uit die Republiek verwyder of laat verwyder of toelaat dat dit verwyder word met die doel om buite die Republiek aldus daarmee te handel of mee te laat handel, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000.00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.
- 3B Enige persoon wat enige munt wat uitgereik is ingevolge Artikel 11 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), verkoop of vervreem met die wete dat of met die vermoede dat so 'n munt bestem is om in stryd met regulasie 3A gebruik te word, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000.00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

#### BESPREKING:

Regulasies 3A en 3B is op 18 Julie 1988<sup>158</sup> tot die regulasies toegevoeg. Oelofse<sup>159</sup> stel dit dat die doel van die regulasies waarskynlik geleë is in die feit dat:

"die waarde van die metaalinhoud van sommige van die munte wat ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en

---

<sup>158</sup> Vgl GK R 1472 van 18 Julie 1988.

<sup>159</sup> Oelofse 44.

Munte in omloop geplaas is, in so 'n mate teenoor die sigwaarde daarvan gestyg het dat eersgenoemde waarde op 'n hoër vlak as die laasgenoemde waarde te staan gekom het. So 'n toestand dien natuurlik as aansporing daarvoor om munte nie bloot as geld te gebruik nie, maar om in die metaal waaruit dit bestaan handel te dryf."

Hy stel dit voorts tereg dat daar sedert die inwerkingtreding van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank,<sup>160</sup> geen verdere bestaansreg vir regulasies 3A en 3B is nie, aangesien dit feitlik woordeliks ooreenstem met die bepalings van artikels 34(1)(k) en 34(1)(l) en 34(1)(vi) en 34(1)(vi) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank.<sup>161</sup>

---

<sup>160</sup> Wet 90 van 1989.

<sup>161</sup> Daar kan voorts hier melding gemaak word van die Wet op Voorkoming van Vervalsing van Betaalmiddele, Wet 16 van 1965, soos gewysig. Ingevolge die wet word verskeie handeling tot misdade verklaar. Die misdade het betrekking op beide munte asook banknote, wat vir doeleindes van die wet nie na Suid-Afrikaanse Reserwebanknote verwys nie. Vgl Oelofse 44 ev vir 'n volledige bespreking van die relevante bepalings wat buite die bestek van hierdie werk val. Sien ook in die verband *S v Nkosi* 1994 (2) SASV 429 N en *S v Van der Westhuizen* 1995 (1) SASV 601 A. In laasgemelde is 'n vonnis van twee jaar gevangenisstraf ingevolge artikel 267(1)(i) van die Strafproseswet ten aansien van R20 000 se vervalste note, op appèl gehandhaaf.

## 5.5 REGULASIE 4

### GEBLOKKEERDE REKENINGS

- (1) In hierdie regulasie beteken 'n "geblokkeerde rekening" 'n rekening wat by 'n gemagtigde handelaar geopen is vir die doeleindes vermeld in die navolgende sub-regulasies.
- (2) Wanneer iemand in die Republiek wetlik verplig is om 'n betaling aan iemand buite die Republiek te doen, maar hy verhinder word om so 'n betaling te doen vanweë beperkings wat by of ingevolge hierdie regulasie opgelê is, kan die Tesourie so iemand beveel om die betrokke bedrag in 'n geblokkeerde rekening te betaal.
- (3) Ten opsigte van -
  - (a) persone wat in 'n bepaalde land woonagtig is, of
  - (b) enige bepaalde persoon wat deur die Tesourie op redelike gronde verdink word van 'n oortreding van enige bepaling van hierdie regulasies betreffende vreemde valuta,  
  
kan die Tesourie by kennisgewing in die Staatskoerant beveel dat alle bedrae verskuldig deur enige ander persoon aan persone wat in (a) en (b) genoem word (hieronder 'n "krediteur" genoem) in 'n geblokkeerde rekening betaal word.
- (4) Sodra so 'n bevel uitgereik is -
  - (a) moet enigeen wat geld ten behoeve van 'n krediteur (soos in sub-regulasie (3) omskryf), hou of in die toekoms mag hou of wat so 'n krediteur in die skuld staan of in die toekoms mag staan, onverwyld of op die dag wanneer sodanige geld verskuldig of sodanige skuld betaalbaar word, na gelang van die geval, die gemelde bedrae of die bedrag wat sodanige skuld verteenwoordig in voormelde geblokkeerde rekening betaal;
  - (b) mag niemand sonder vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die

voorwaardes wat die Tesourie mag stel enige betaling ten behoeve van enige krediteur, soos in sub-regulasie (3) omskryf, doen nie;

- (c) moet enigeen wat geld aan so 'n krediteur skuld maar nie wetlik verplig is om dit te betaal nie, tensy hy deur sy krediteur aangesê is om dit te doen, onverwyld die Tesourie skriftelik in kennis stel van die bedrag wat hy aan genoemde krediteur verskuldig is en die voorwaardes waarop die bedrag betaalbaar sal word. Die Tesourie kan hom vervolgens beveel, mits die bedrag onmiddellik betaalbaar is, om sonder versuim die bedrag in 'n geblokkeerde rekening te betaal, of indien die bedrag binne 'n bepaalde tydperk na kennisgewing betaalbaar is, beveel om die bedrag binne sodanige tydperk in 'n geblokkeerde rekening te betaal;
- (d) mag niemand, behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, enige transaksie aangaan ten opsigte van eiendom en bate wat aan enige krediteur, soos omskryf in sub-regulasie (3), behoort of wat regstreeks of onregstreeks deur hom beheer word, of enige stappe doen wat tot gevolg sal hê dat geld wat andersins so 'n krediteur sou toekom nie meer aan hom verskuldig sal wees nie, of dat enige verpligting wat op soadanige persoon rus om geld wat aan sodanige krediteur verskuldig of betaalbaar is in 'n geblokkeerde rekening te betaal andersins ontduik sal word.
- (5) Enige inbetaling in 'n geblokkeerde rekening kragtens hierdie regulasie is vir die betaler daarvan 'n regsgeldige kwyting tot die bedrag van sodanige inbetaling.
- (6) Waar die aanspreeklikheid om 'n betaling te doen 'n aanspreeklikheid is om in ander geld as Republiekgeld te betaal, word die bedrag van die aanspreeklikheid in terme van Republiekgeld en die mate van kwyting, bereken deur die bedrag in Republiekgeld om te sit volgens 'n koers wat deur die Tesourie vasgestel word.
- (7) Behalwe met die vergunning van die Tesourie of iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of so iemand mag stel, mag daar op generlei wyse met enige bedrag waarmee die geblokkeerde rekening gekrediteer is, gehandel word nie.
- (8) Die Tesourie kan vrystelling toestaan van die bepalinge van hierdie regulasie en

kan magtiging verleen vir die terugbetaling aan die persoon van gelde wat hy in die geblokkeerde rekening betaal het. Tot die bedrag van sodanige terugbetaling word beskou dat geen betaling vir die toepassing van sub-regulasie (5) gedoen is nie.

### **BESPREKING:**

Ten einde die werklike doel van regulasie 4 te bepaal, is dit nodig om nie alleen die regulasie te ontleed nie, maar om ook op die geskiedkundige ontwikkeling daarvan ag te slaan. Die regulasie is in 1942<sup>162</sup> tydens die Tweede Wêreldoorlog tot die regulasies toegevoeg en het sedertdien slegs enkele wysigings in woordkeuse en sintaksis ondergaan, sonder dat die doel en effek daarvan beïnvloed is.

Dit is duidelik dat die oogmerke van die regulasie in sub-regulasies 2 en 3 aangetref word welke inhou dat:

- (1) Voorsiening gemaak word dat skuldenaars (in die Republiek) ter nakoming van bestaande kontraktuele verpligtinge deur die Tesourie gelas kan word om sodanige fondse as wat verskuldig mag wees in 'n rekening in die Republiek in te betaal, welke rekening geblokkeer is sodat die fondse daarin nie vrylik na die buitelandse (nie-inwoner) skuldeiser oorbetal kan word nie;<sup>163</sup> en
- (2) Om voorsiening te maak vir die blokkering van enige fondse wat deur 'n skuldenaar aan 'n skuldeiser verskuldig en betaalbaar mag wees, waar die Tesourie op redelike gronde vermoed dat die skuldeiser betrokke is by oortredings van die regulasies.<sup>164</sup>

---

<sup>162</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

<sup>163</sup> Vgl sub-regulasie 2 saamgelees met sub-regulasie 3 en veral 3(a).

<sup>164</sup> Vgl veral sub-regulasie 3(b).

Wat eersvermelde betref, is dit duidelik dat ondermeer die volgende voorwaardes van toepassing is, naamlik:

- (1) Slegs die Tesourie kan so 'n bevel uitvaardig;
- (2) Die bevel moet as 'n Kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer word;
- (3) 'n Wetlike verpligting, welke waarskynlik hoofsaaklik kontraktuele verpligtinge is alhoewel dit nie noodwendig daartoe beperk is nie, moet tussen die inwoner skuldenaar en die nie-inwoner skuldeiser bestaan. Die korrekte interpretasie is waarskynlik eerder "regtens verplig" as wetlik verplig. In die verband dui die Engelse teks op 'n "*legal obligation*", welke verskil van 'n wetlike verpligting;
- (4) 'n Rekening moet as sulks by 'n gemagtigde handelaar geopen word sodat inbetaling van die verskuldigde fondse direk daarin kan geskied.

Wat die tweede vermelde geval betref, spreek die inhoud van regulasie 4(3)(b) vanself en blyk dit dat die volgende voorwaardes daarop betrekking het, naamlik:

- (1) redelike gronde, dus 'n objektief vasstelbare jurisdiksionele feit, moet bestaan;
- (2) op sterkte waarvan die Tesourie;
- (3) vermoed dat die skuldeiser by oortredings van die regulasies betrokke is;
- (4) Slegs fondse wat verskuldig en betaalbaar is deur 'n skuldenaar kan geblokkeer word en daar kan nie ingevolge dié regulasie op die skuldeiser se eie rekeninge beslag gelê en geblokkeer word nie;
- (5) Die Tesourie moet 'n bevel tot dien effek in die *Staatskoerant* by wyse van Kennisgewing publiseer.

Ter staving van die voormelde dien daar gelet te word op die



**Kennisgewings kragtens die Buitengewone Finansieregulasies.**<sup>165</sup>

In paragraaf 5(a) van die voormelde Kennisgewings word 'n lasgewing aangetref waardeur bepaal is dat persone wat fondse namens iemand hou of aan iemand verskuldig is en so 'n iemand in die deel van Frankryk woonagtig is wat nie deur die vyand (dus Duitsland) beset word nie, sodanige fondse in 'n geblokkeerde rekening inbetaal moet word by sekere gemagtigde handelaars waar rekeninge spesifiek vir die doel geopen is. Dit was dus klaarblyklik 'n oorlogsmaatreël wat getref is.<sup>166</sup>

'n Verdere lasgewing word aangetref in paragraaf 6 van die voormelde Kennisgewings waardeur bepaal is dat fondse wat aan ene Morris Green verskuldig is, of verskuldig mag word, wie die Tesourie vermoed het by oortredings van die regulasies betrokke was, ook in 'n geblokkeerde rekening inbetaal moes word.<sup>167</sup>

Sub-regulasie 4 handel bloot met die verpligtinge van 'n inwoner skuldenaar sodra 'n bevel deur die Tesourie ingevolge sub-regulasies 2 of 3 uitgevaardig is en spreek as sulks vir sigself.

Daar dien op gelet te word dat alle funksies kragtens regulasie 4, met die uitsondering van sub-regulasie 7, beperk is tot die Tesourie. Ingevolge sub-regulasie 7 kan die Tesourie of iemand deur die Tesourie daartoe gemagtig, die voorwaardes stel op sterkte waarvan daar met sodanige geblokkeerde rekeninge gehandel mag word.

Beide Du Plessis<sup>168</sup> en Oelofse<sup>169</sup> voer verkeerdelik aan dat emigrante

---

<sup>165</sup> GK R 2144 gedateer 23 Oktober 1942.

<sup>166</sup> *Ibid.*

<sup>167</sup> *Ibid.*

<sup>168</sup> Du Plessis 1982 MB 68 op 75.

geblokkeerde rekeninge uit hoofde van regulasie 4 gehou word. Dit wil voorkom asof die verkeerde afleiding moontlik voortspruit uit die beginsel dat 'n emigrant se rekeninge geblokkeer word in soverre as wat sy bates die toegelate inburgeringstoelae wat uit die Republiek geneem kan word, oorskry.

Indien die inhoud van regulasie 4 noukeurig bestudeer word, spreek dit duidelik dat die aanwendingsmoontlikhede daarvan uitermatig beperk is. Sedert die wysiging van die regulasies deur die toevoeging van regulasies 22A tot D in 1987<sup>170</sup> word regulasie 4 baie selde, indien ooit, in die praktyk gebruik.

Doelmatigheidshalwe dien daar gelet te word op die verskillende rekeninge wat in die praktyk voorkom. Dit word soos volg in die deviesebeheervoorskrifte geklassifiseer:<sup>171</sup>

*"RAND ACCOUNTS are defined for Exchange Control purposes as follows -*

- (i) Resident Accounts are the accounts of persons resident, domiciled or registered in the Common Monetary Area.*
- (ii) Non-Resident Accounts are the accounts of persons resident, domiciled or registered outside the Common Monetary Area.*
- (iii) Financial Rand Accounts are the accounts of non-residents to which Exchange Control restrictions have been applied.*

---

<sup>169</sup> Oelofse 49, 50 en 51.

<sup>170</sup> GK R 957 van 4 Mei 1987.

<sup>171</sup> Deviesebeheervoorskrifte A1(G)(I-V).

- (iv) *Emigrant Blocked Accounts are the accounts of emigrants of the Common Monetary Area to which Exchange Control restrictions have been applied.*
- (v) *Blocked Accounts are accounts to which Exchange Control restrictions have been applied in terms of the Exchange Control Regulations."*

Dit word aan die hand gedoen dat onderskei moet word tussen die voormelde rekeninge aangesien die vereistes wat betrekking het op geblokkeerde rekeninge ingevolge regulasie 4, nie op emigrante geblokkeerde rekeninge van toepassing is nie. Laasgemelde is 'n noodwendige uitvloeisel van die deviesebeheerstelsel wat beheer word uit hoofde van die bepalinge van die deviesebeheervoorskrifte en wat nie kragtens 'n spesifieke regulasie voorgeskryf word nie.

## 5.6 REGULASIE 5

### VERKRYGING VAN GOUD DEUR DIE TESOURIE

- (1) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en die reg verkry om goud te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, moet binne dertig dae nadat hy sodanige reg verkry het, daardie goud aan die Tesourie, of aan iemand wat die Tesourie gemagtig het om kragtens hierdie regulasie te handel, te koop aanbied of laat aanbied; en die Tesourie of iemand wat daartoe gemagtig is, kan die goud aankoop teen 'n prys wat die Tesourie mag bepaal en wat volgens die oordeel van die Tesourie nie laer is as die markwaarde van die goud op die dag aankoop nie.
  
- (2)
  - (a) Die bepalings van sub-regulasie (1) van hierdie regulasie verplig niemand om goud te koop, aan te bied of te laat aanbied nie as hy ten opsigte van daardie goud van die bepalings van hierdie regulasie deur die Tesourie of iemand wat daartoe gemagtig is, vrygestel is.
  
  - (b) Die Tesourie, of iemand wat daartoe gemagtig is, mag enige vrystelling wat kragtens paragraaf (a) van hierdie sub-regulasie verleen is, intrek.
  
- (3) As daar in 'n strafregtelike proses teen iemand wat versuim het om aan sub-regulasie (1) te voldoen -
  - (a) aan die hof 'n dokument voorgelê word waarvan so iemand, volgens bewys of eie erkenning, die outeur is en wat 'n verklaring van so iemand bevat waarvan redelik afgelei kan word dat goud deur hom of ten behoeve van hom of op sy naam gehou word, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat so iemand die reg het om die betrokke goud te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig;
  
  - (b) bewys word dat so iemand die reg het om goud te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke goud nie binne die tydperk by sub-regulasie (1) bepaal, aan die Tesourie of aan iemand wat die Tesourie gemagtig het, te koop aangebied is nie.

**BESPREKING:**

Soos regulasie 3 vorm regulasie 5 ook een van die hoekstene van die regulasies deurdat die handel en besit van onbewerkte goud daardeur effektief onder die beheer van die Tesourie se gevolmagtigde, synde die Suid-Afrikaanse Reserwebank geplaas word.<sup>172</sup> **Regulasie 5(1)** het aanvanklik met die uitvaardiging van die regulasies in 1939<sup>173</sup> as regulasie 4(1) bekend gestaan en stem steeds wesenlik ooreen met die aanvanklike teks.

Ingevolge regulasie 5(1) moet:

- (1) iedereen wat in die Republiek woonagtig is;
- (2) en die reg verkry om goud te verkoop;
- (3) dit binne dertig (30) dae daarna;
- (4) aan die Tesourie of sy gevolmagtigde te koop aanbied;
- (5) wat dit kan aankoop teen 'n prys wat volgens die Tesourie se oordeel nie laer is as die markwaarde van die goud op die dag van aankoop nie.

Die vraag wat uit voorgaande ontstaan is:

Wanneer verkry 'n persoon die reg om goud te verkoop?

Oelofse<sup>174</sup> voer aan dat die vraag problematies is, maar kom tot die

---

<sup>172</sup> Vgl die definisie van goud in regulasie 1 wat bepaal dat "goud" in die regulasies verwys na goud in alle vorme, dus bewerk en onbewerk, behalwe in regulasies 2 en 5 waar "goud" verwys na: "ander goud as bewerkte goud." Die definisie is in 1951 tot die regulasies toegevoeg by die uitvaardiging van GK R 2800 van 2 November 1951.

<sup>173</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

<sup>174</sup> Oelofse 54.

gevolgtrekking dat:

- (1) Regulasie 5 primêr betrekking het op persone wat as gevolg van mynboubedrywighele op goud geregtig word; en
- (2) "Wat waarskynlik deur reg. 5(1) bedoel word, is dat iemand wat 'n *reg* op 'n sekere hoeveelheid goud het, en daarom in 'n posisie is om sodanige hoeveelheid goud te verkoop en te lewer, dit aan die Reserwebank moet aanbied."<sup>175</sup>

Dit word aan die hand gedoen dat die vraag beantwoord kan word in die lig van die bepalings van die Wet op Mynregte, Wet 20 van 1967, soos gewysig.<sup>176</sup> Ingevolge artikel 143(3) van die Wet op Mynregte, soos voormeld, mag niemand in besit van onbewerkte edelmetaal wees nie tensy hy 'n vrygestelde persoon is. Die vrystellings word aangetref in artikel 143(3)(a) tot (d) van die voormelde wet. Geen van die vrystellings verleen egter aan 'n persoon die reg om goud te verkoop of om dit buite sy bevoegdheid te besit nie. Dit word gevolglik aan die hand gedoen dat regulasie 5(1) toepassing vind sodra 'n persoon op wettige wyse in besit van goud is, waarna die persoon dit binne dertig (30) dae aan die Tesourie, of sy gevolgmagtigde, te koop moet aanbied. Dit word voorts aan die hand gedoen dat die woord "reg" verwys na 'n reg in die juridiese sin wat by noodwendige implikasie beteken dat die goud op 'n wettige wyse bekom moet word. Indien die goud dus op 'n onwettige wyse bekom is en die besit derhalwe onwettig is, is regulasie 5(1) nie op die betrokke persoon van toepassing nie alhoewel dit natuurlik 'n oortreding van artikel 143(1) van die Wet op Mynregte, soos voormeld, sal wees.<sup>177</sup>

---

<sup>175</sup> *Ibid.*

<sup>176</sup> Vgl Wet 20 van 1967, soos gewysig.

<sup>177</sup> *Ibid.*

Oelofse<sup>178</sup>toon tereg aan dat die eerste komma wat in **regulasie 5(2)(a)** voorkom, klaarblyklik 'n fout is en dat dit as sodanig "uitgelees" moet word. Die stelling word ondersteun deur die feit dat die komma in die 1951 regulasies<sup>179</sup> voorkom, en daarna telkens by verdere uitvaardiging van die regulasies behou is, maar dat dit nie in die 1948 regulasies<sup>180</sup> voorkom nie, sedert wanneer die bewoording van die betrokke sub-regulasie identies is.

**Regulasie 5(3)** bestaan uit twee vermoedens wat by strafregtelike verrigtinge teen 'n persoon wat versuim het om aan die bepalings van regulasie 5(1) te voldoen, dus om binne dertig dae nadat hy 'n reg verkry het om goud te verkoop, versuim het om dit aan die Tesourie of sy gevolmagtigde te koop aan te bied, toegepas kan word.

Ten einde op die eerste vermoede te steun, moet die Staat die volgende bewys, naamlik:

- (1) 'n Dokument moet aan die hof voorgelê word;
- (2) waarvan die beskuldigde volgens bewys of eie erkenning die outeur is; en wat
- (3) 'n verklaring bevat waarvan redelikerwys afgelei kan word dat goud deur of ten behoeve van die beskuldigde gehou is.

Sodra die Staat bogemelde bewys het, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde die reg gehad het om die goud te verkoop.

---

<sup>178</sup> Oelofse 54.

<sup>179</sup> GK R 2800 van 2 November 1951.

<sup>180</sup> GK R 163 van 23 Januarie 1948.

Alhoewel Oelofse<sup>181</sup> beweer dat die vermoedens 'n bewyslas op die beskuldigde plaas en nie slegs 'n weerleggingslas nie, is dit te betwyfel of die stelling korrek is en dit word trouens aan die hand gedoen dat daar, by inwerkingtreding van enige of albei die vermoedens, slegs 'n weerleggingslas op die beskuldigde rus, naamlik om die teendeel op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys. Met betrekking tot die eerste vermoede sal die beskuldigde op 'n oorwig van waarskynlikhede moet bewys:

- (1) dat hy die goud regmatiglik besit het; of
- (2) dat hy nie die reg verkry het om goud te verkoop nie.

Wanneer bewys word dat die beskuldigde die reg het om goud te verkoop, word ingevolge die tweede vermoede wat in regulasie 5(3)(b) voorkom, vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die goud nie binne dertig dae aan die Tesourie of sy gevolmagtigde te koop aangebied is nie. Die vraag wat nou ontstaan, is of die Staat hom op die eerste vermoede kan beroep ten einde op die tweede vermoede te steun. Ten einde die vraag te beantwoord, moet vasgestel word of die woord "bewys" soos wat dit in regulasie 5(3)(b) voorkom, bewys deur middel van 'n vermoede insluit, en of dit bewys deur middel van reële getuienis vereis. Dit word aan die hand gedoen dat die volgende moontlike oplossings toepassing kan vind:

**EERSTENS** is dit moontlik dat aangevoer kan word dat die Staat nie op beide vermoedens kan steun nie aangesien dit té 'n swaar las op die beskuldigde sal plaas, welke teenstrydig is met die algemene beginsels van die strafreg asook die uitleg van wette. Daar kan in die verband verwys word na die analogie wat in die Wet op Afhanklikheidsvormende Medisyne, Wet 41 van 1971, soos gewysig, gevind word. In die gerapporteerde

---

<sup>181</sup> Oelofse 54.



uitspraak in *S v Moosa*,<sup>182</sup> het die Staat eerstens gesteun op die vermoede van besit van dagga en tweedens, nadat die beskuldigdes nie daarin kon slaag om die vermoede te weerlê nie, dat aangesien die dagga swaarder was as die voorgeskrewe gewig, die vermoede van handeldryf in dagga ook van toepassing was.

Die hof het bevind dat die versuim van die beskuldigdes om die eerste vermoede van besit te weerlê, nie daarom die vervolging in staat stel om ook op die tweede vermoede van handeldryf te steun nie. Daar is in hoofsaak twee redes aangevoer te wete:

*"There is unquestionably a difference in being in possession and being found in possession. ...paras. (c) and (iii) enable the Crown on the facts of this case to rely upon a presumption that the Appellants were each of them, in possession of the parcel of dagga, but not on a presumption that each was found in possession of it."*<sup>183</sup>

en

*"...the finding in possession mentioned in para. (a) must be proved as a fact and cannot be presumed as a matter of law from the mere existence of circumstances giving rise to the presumption..."*<sup>184</sup>

Die tweede rede wat die hof aangevoer het waarom die Staat nie op die tweede vermoede van handeldryf kan steun nie, is daarin geleë dat die eerste vermoede te doen het met besit van dagga en die tweede met

---

<sup>182</sup> *S v Moosa* 1960 (3) SA 517 A.

<sup>183</sup> Op 530 C van die uitspraak.

<sup>184</sup> Op 530 E van die uitspraak.

handeldryf in dagga, synde dat die twee te ver verwyderd van mekaar (*too distinct*) is.

In *S v Majola*,<sup>185</sup> waar Appèlregter Schreiner *S v Moosa supra*, met goedkeuring aangehaal het, stel Appèlregter Trollip dit dat:

*"In that context it is proved ordinarily means proof by adducing the necessary evidence in the usual way. ...I think that actual and not presumptive proof that the accused was found in possession of dagga was intended."*<sup>186</sup>

Uit hoofde van voorgaande kan dit gestel word dat "bewys" in regulasie 5(3)(b) verwys na "werklike of feitlike bewys" en nie bewys deur middel van vermoede nie. As dit die geval is, sal die Staat nie op die eerste vermoede kan steun om die tweede te bewys nie.

**TWEEDENS** kan die Staat deur middel van getuienis bewys dat die beskuldigde die reg verkry het om goud te verkoop en dan bloot op die tweede vermoede steun, sonder om hul op die eerste vermoede te beroep. Sou die Staat hierdie prosedure volg, sal die basis van die tweede vermoede gelê wees en sal die beskuldigde die teendeel op 'n oorwig van waarskynlikhede moet bewys.

**DERDENS** kan die Staat steun op die eerste vermoede en daarna getuienis aanbied om te bewys dat die beskuldigde nie die goud aan die Tesourie, of sy gevolmagtigde te koop aangebied het nie. In so 'n geval sal daar eweneens 'n weerleggingslas, om die teendeel op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys, op die beskuldigde rus.

---

<sup>185</sup> *S v Majola* 1975 (2) SA 727 A.

<sup>186</sup> Op 735 A van die uitspraak.

Die **VIERDE** moontlike oplossing is dat die Staat wel op beide vermoedens kan steun. Die volgende redes ter ondersteuning van die stelling kan aangevoer word, naamlik:

- (1) Die twee vermoedens is nie, soos die vermoedens na verwys in die Wet op Afhanklikheidsvormende Medisyne, Wet 41 van 1971, soos gewysig, van mekaar verwyder nie, maar bestaan daar inderdaad 'n noue verwantskap daartussen. Dit blyk eenvoudig by die deurlees van regulasie 5(3).
- (2) Die kernvraag is wat die bedoeling van die wetgewer was. Alhoewel dit duidelik is dat gevalle kan voorkom waar die tweede vermoede onafhanklik van die eerste vermoede kan staan, wil dit tog voorkom, uit die geheel van die betrokke sub-regulasie, dat die tweede vermoede aanvullend tot die eerste vermoede is. Dit blyk ook uit die feit dat 'n kommapunt tussen die twee vermoedens gebruik word en dit nie by wyse van die woord "of" geskei word nie.
- (3) Geen kwalifikasie van die woord "bewys" soos wat dit voorkom in die inleidende gedeelte van sub-regulasie 3(b) kom voor nie, en dit moet gevolglik aanvaar word dat bewys in die opsig sy normale betekenis moet hê, synde bewys deur middel van getuienis of by wyse van vermoedens.<sup>187 188</sup>

---

<sup>187</sup> Vgl bv *Ex Parte Minister of Justice: in re Bolon* 1941 A 345.

<sup>188</sup> Vgl in die algemeen ook die vermoedens wat voorkom by regulasie 6(11), (12) en (13), wat wesenlik ooreenstem met die vermoedens wat in regulasie 5 voorkom.

## 5.7 REGULASIE 6

### VERKRYGING VAN VREEMDE VALUTA DEUR DIE TESOURIE

- (1) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en die reg verkry om vreemde valuta te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, moet binne sewe dae nadat hy sodanige reg verkry het aan die Tesourie of aan 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike opgawe van sodanige vreemde valuta verstrek of laat verstrek.
- (2) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en geregtig word om, ten opsigte van enige krediet of balans in 'n bank 'n oordrag te maak of te bewerkstellig van 'n reg op betaling in vreemde valuta buite die Republiek, moet binne sewe dae nadat hy aldus geregtig geword het, aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike verklaring van sodanige reg maak of laat maak.
- (3) As iemand aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike verklaring ingevolge sub-regulasie (1) of (2) gemaak het, word dit beskou dat hy sodanige vreemde valuta of sodanige reg, na gelang van die geval, aan die Tesourie of aan sodanige gemagtigde handelaar te koop aangebied het en die Tesourie of sodanige gemagtigde handelaar kan daardie vreemde valuta of reg aankoop teen 'n prys wat, in die geval van die vreemde valuta, nie minder mag wees as die markwaarde van daardie valuta op die dag van aankoop nie en, in die geval van 'n reg, sodanig is as wat die Tesourie mag bepaal.
- (4) Enigeen van wie die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar vreemde valuta of 'n reg ingevolge hierdie regulasie koop, moet alle stappe doen wat nodig is ten einde daardie vreemde valuta of daardie reg aan die Tesourie of aan sodanige gemagtigde handelaar oor te dra.
- (5) Niemand wat geregtig is (hetsy werklik of voorwaardelik) om betaling in vreemde valuta te ontvang mag, behalwe met vergunning van of namens die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of iemand namens die Tesourie mag stel, enigiets doen of versuim om te doen met die bedoeling om die volgende te bereik:-
  - (a) dat sy ontvangs van die volle of slegs 'n deel van die betaling in sodanige valuta vertraag word;

- (b) dat sy ontvangs van betaling, of van betaling in daardie valuta, geheel of gedeeltelik gestaak word;
  - (c) dat die gebeurtenis waarop die reg berus om voormelde betaling te ontvang (met inbegrip van die verklaring van 'n dividend of wins deur 'n maatskappy waarin so iemand 'n belang het) nie voorval nie.
- (6) Enige vreemde valuta of enige reg in verband waarmee 'n verklaring ingevolge sub-regulasie (1) of (2) gemaak is, maar wat die Tesourie of iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om kragtens hierdie regulasie te handel, nog nie aangekoop het nie, mag nie sonder die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, verkoop, oorgedra of andersins weggedoen word nie.
- (7) Die bepalings van sub-regulasies (3), (4) en (6) lê niemand 'n verpligting ten opsigte van enige vreemde valuta of enige reg op nie as hy, ten opsigte van daardie valuta of daardie reg, na gelang van die geval, van die bepalings van hierdie regulasie deur die Tesourie vrygestel is.
- (8) Die Tesourie mag enige vrystelling wat kragtens sub-regulasie (7) verleen is, intrek.
- (9) Vir die toepassing van hierdie regulasie word daar beskou, totdat die teendeel bewys word, dat enigeen wat te eniger tyd sedert die inwerkingtreding van hierdie regulasie in die Republiek was, in die Republiek woonagtig was en nog woonagtig is.
- (10) (a) Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie verleen mag word, mag niemand goedere vanuit die Republiek uitvoer nie wat twintig rand in waarde te bowe gaan of sodanige groter bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, tensy die betrokke inklarings-brief-uitvoer ten opsigte van gemelde goedere vergesel gaan van 'n verklaring, in 'n vorm wat die Tesourie mag voorskryf, wat behoorlik deur die afsender, of 'n persoon wat deur hom daartoe gemagtig is, ingevul en onderteken en deur 'n gemagtigde handelaar geattesteer is; met dien verstande dat -
- (i) waar goedere oor die pos gestuur word, 'n verklaring, in voormelde vorm ingevul, onderteken en geattesteer, aan die

posmeester verstrek moet word wanneer die pakkie by die poskantoor ingelewer word; en

- (ii) waar goedere uitgevoer word na lande buite die Republiek vanaf stasies waar daar geen doeanebeamptes is nie, 'n afskrif van die betrokke verklaring aan die attesterende gemagtigde handelaar vir voorlegging aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank oorhandig moet word.
- (b) Die Tesourie kan gelas dat voormelde verklaring ingevul moet word ten opsigte van enige handels- of ander artikel, afgesien van die waarde daarvan.
- (c) Vir die toepassing van hierdie sub-regulasie beteken "waarde" -
  - (i) vir doeanedoeleindes, die waarde soos omskryf in artikel honderd-en-agt van die Doeanewet, 1955 (No. 55 van 1955); en
  - (ii) vir die doeleindes van 'n gemagtigde handelaar, die volle opbrengs van die goedere uitgevoer.
- (11) As daar in 'n strafregtelike proses teen iemand wat sub-regulasie (1) van hierdie regulasie oortree het, aan die hof 'n dokument voorgelê word waarvan so iemand, volgens bewys of eie erkenning, die outeur is en wat 'n verklaring van so iemand bevat waarvan redelik afgelei kan word dat vreemde valuta deur hom of op sy naam of ten behoeve van hom gehou word, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat so iemand die reg het om die betrokke vreemde valuta te verkoop, of die verkoop daarvan te bewerkstellig.
- (12) As daar in 'n strafregtelike proses teen iemand wat sub-regulasie (2) van hierdie regulasie oortree het aan die hof 'n dokument voorgelê word waarvan so iemand volgens bewys of eie erkenning die outeur is en wat 'n verklaring van so iemand bevat waarvan redelik afgelei kan word dat hy met 'n bedrag buite die Republiek gekrediteer staan of dat hy 'n bankbalans buite die Republiek het, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat so iemand geregtig is om so 'n reg as wat in voornoemde sub-regulasie (2) vermeld word, oor te dra of die oordrag daarvan te bewerkstellig.

- (13) As daar in 'n strafregtelike proses teen iemand wat sub-regulasie (1) of (2) van hierdie regulasie oortree het, bewys word dat so iemand die reg het om enige vreemde valuta te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, dit oor te dra of die oordrag daarvan te bewerkstellig, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat 'n skriftelike verklaring nie aan die Tesourie of aan 'n gemagtigde handelaar binne die tydperk by sub-regulasie (1) of (2), na gelang van die geval, bepaal, gedoen is nie.

### **BESPREKING:**

Terwyl regulasie 5 handel met die verkryging van goud deur die Tesourie, handel **regulasie 6** met die verkryging van vreemde valuta deur die Tesourie. Die twee regulasies stem gevolglik in sekere wesenlike opsigte ooreen. Die tydperke waarbinne 'n inwoner moet optree verskil egter deurdat regulasie 6 'n veel korter tydperk, naamlik sewe dae voorskryf. Die tydperk was aanvanklik met die uitvaardiging van die regulasies in 1939<sup>189</sup> ook dertig dae, soos in regulasie 5, maar is in 1976<sup>190</sup> na sewe dae gewysig.

Oelofse stel dit dat:

"Dieselfde aanmelding moet ingevolge reg. 6(2) gedoen word indien iemand die reg verkry om oor 'n bankkrediet of bankbalans in buitelandse valuta in die buiteland te beskik. Sien par. 6 van die Bevele en Reëls (hoofstuk 3 hieronder) vir die voorgeskrewe vorm. Indien 'n mens aanvaar dat die blote ontstaan van 'n vorderingsreg gerig op die betaling van 'n bedrag in vreemde valuta reeds die vorderingsreghebbende "*die reg gee om oor vreemde valuta te beskik*", dan skyn reg. 6(2) oorbodig te wees. Dit wil dus

---

<sup>189</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

<sup>190</sup> GK R 355 van 5 Maart 1976.

voorkom of reg. 6(1) en (2) 'n onderskeid maak tussen die geval waar iemand reeds fisies buitelandse valuta ontvang het, en die geval waar hy nog net die reg het om dit van iemand te eis. So gesien, is dit egter eienaardig dat reg. 6(2) slegs met die geval handel waar die reg op betaling teenoor 'n bank bestaan. In *S v Bedford* 1979 (3) SA 656 (D) 658D het Hefer R dit ook eienaardig gevind, sonder om 'n verduideliking daarvoor aan te bied. Presies hoe die twee subregulasies met mekaar versoen moet word, bly dus onduidelik."<sup>191</sup>

Oelofse skyn inderdaad korrek te wees in sy afleiding dat regulasie 6(2) oorbodig is aangesien aanvaar kan word dat die blote ontstaan van 'n vorderingsreg gerig op die betaling van 'n bedrag in vreemde valuta reeds die reg verleen om oor vreemde valuta te beskik. Die vraag ontstaan gevolglik waarom die onderskeid tussen sub-regulasies 1 en 2 getref word.

Dit word aan die hand gedoen dat die onderskeid geskiedkundig verduidelik kan word en sal *infra* aangetoon word dat dit eenvoudig 'n fout is en dat regulasie 6(2) in der waarheid geen bestaansreg het nie.

By die aanvanklike uitvaardiging van die regulasies in 1939<sup>192</sup> het die ooreenstemmende regulasie aanvanklik soos volg daarna uitgesien, naamlik:

"VERKRYGING DEUR DIE TESOURIE VAN SEKERE VREEMDE GELD; ENS.

5(1) Elke inwoner van die Unie wat by die inwerking-

---

<sup>191</sup> Oelofse 57.

<sup>192</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.



treding van hierdie regulasies geregtig is om vreemde geld wat **binne** die Unie is, te verkoop..., moet binne dertig (30) dae na bedoelde inwerkingtreding..., aan die Tesourie of aan iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om kragtens hierdie regulasie op te tree, daardie geld te koop aanbied of laat aanbied; ...

- 5(2) Elke inwoner van die Unie wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies geregtig is om 'n reg om, ten opsigte van 'n krediet of balans in 'n bank, **buite** die Unie betaling van 'n bedrag in vreemde geld te ontvang, oor te dra, of om die oordrag daarvan te bewerkstellig, moet binne dertig (30) dae na bedoelde inwerkingtreding, ... alles doen wat nodig is om daardie reg aan die Tesourie of aan iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om kragtens hierdie regulasie op te tree, oor te dra. ..."

Dit word aan die hand gedoen dat dit uit die voormelde aanhalings blyk dat voorsiening gemaak is vir twee gevalle, naamlik:

- (1) Die geval waar 'n inwoner geregtig geword het op vreemde valuta **binne** die Republiek; en
- (2) Die geval waar 'n inwoner geregtig geword het op vreemde valuta **buite** die Republiek.<sup>193</sup>

---

<sup>193</sup> Dit moet hier in gedagte gehou word dat daar nie voor die aanvang van hierdie regulasies enige deviesebeheer toegepas is nie en was dit klaarblyklik nodig om voorsiening te maak vir die gevalle waar persone oor vreemde valuta beskik het, binne die Republiek, voor die inwerkingtrede van die regulasies.

Wanneer regulasie 6, soos wat dit in die 1942 regulasies<sup>194</sup> voorgekom het, bestudeer word blyk dit dat dit sedertdien wesenlik ooreenstem met die twee sub-regulasies soos wat dit vandag daarna uitsien. Alhoewel die regulasie telkemale in verskeie opsigte gewysig is, het die wysigings as sulks nie die inhoud van sub-regulasies 1 en 2 beïnvloed nie. Dit word gevolglik aan die hand gedoen dat sub-regulasie 2 reeds sedert 1942, soos voormeld, geen doel dien nie.

In *S v Bedford*<sup>195</sup> is namens die beskuldigde geargumenteer dat regulasies 6(2) en 6(3) *ultra vires* die bepalings van artikel 9 van die Wet is. Die hof het die argument tereg verwerp in soverre dit regulasie 6(2) betref aangesien:

*"...it is clear that both reg 6(1) and reg 6(2) serve an extremely useful purpose in enabling the Treasury to exercise control over foreign currency transactions involving South African residents by giving it, as it were, advance notice of the possibility of such transactions. For that reason already it appears to me that it cannot be said that reg 6(2) is not related to, or has no bearing upon currency. Moreover, once it is realised that the assignment by a South African resident or the procuring by him of the assignment of the type of right described in reg 6(2) may well be done in respect of or in pursuance of a transaction involving South African currency which might otherwise pass undetected, the relevance of the declaration of the right becomes even more apparent."*<sup>196</sup>

Ingevolge regulasie 6(3) dien die skriftelike verklaring uit hoofde van sub-

---

<sup>194</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

<sup>195</sup> *S v Bedford* 1979 (3) SA 656 D.

<sup>196</sup> Op 658 D tot F van die uitspraak.

regulasie 1 of 2 van regulasie 6 as 'n aanbod aan die Tesourie of die gemagtigde handelaar om die betrokke vreemde valuta of reg, na gelang van die geval, te verkoop. Die Tesourie of gemagtigde handelaar, na gelang van die geval, kan die vreemde valuta aankoop teen 'n prys wat, in die geval van vreemde valuta nie minder mag wees as die markwaarde daarvan op die dag van aankoop nie. Indien die Tesourie of gemagtigde handelaar sou besluit om nie die vreemde valuta aan te koop nie, mag die inwoner nie op enige wyse daarmee wegdoen sonder die toestemming van die Tesourie nie.

Dit is duidelik dat daar deur middel van sub-regulasies 4 en 5 gepoog word om te verseker dat 'n inwoner se reg om vreemde valuta te bekom nie op enige wyse verlaag of gestaak word nie.

Oelofse<sup>197</sup> toon tereg aan dat regulasie 6(10) uit sy plek is en dat dit eerder onder regulasie 10 tuis hoort.<sup>198</sup>

Soos reeds na verwys in regulasie 5 *supra*, kom drie vermoedens in regulasie 6 voor wat wesenlik ooreenstem met die vermoedens na verwys by regulasie 5. Dit word aan die hand gedoen dat die vermoedens bloot 'n weerleggingslas op die beskuldigde plaas, anders as wat Oelofse beweer die geval is.

---

<sup>197</sup> Oelofse 59.

<sup>198</sup> Vanweë die belang van regulasie 6(10)(a) by regulasie 10, word dit volledig onder regulasie 10 bespreek. Vgl ook die bespreking van onderfakturering van uitvoere en die oorfakturering van invoere by regulasie 10.

## 5.8 REGULASIE 7

### VERKLARING VAN VREEMDE BATES EN LASTE

7. (1) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en geregtig is of geregtig word om enige vreemde bate te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, moet binne dertig dae nadat hy aldus geregtig geword het aan die Tesourie of aan 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike verklaring van sodanige vreemde bate verstrek of laat verstrek op die wyse voorgeskryf deur die Tesourie. Dié verklaring moet meld wanneer en op welke wyse dié vreemde bate verkry is, waar dit gehou word en of, en in watter mate, dit gehou word as dekking vir of ten opsigte van enige vreemde verpligting.
- (2) Enige vreemde bate in verband waarmee 'n verklaring ingevolge sub-regulasie (1) van hierdie regulasie verstrek is, mag nie sonder vergunning van die Tesourie, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, verkoop, oorgedra of andersins weggedoen word nie.
- (3) Die bepalings van sub-regulasie (2) van hierdie regulasie lê niemand 'n verpligting ten opsigte van enige vreemde bate op nie as hy, ten opsigte van daardie vreemde bate, van die bepalings van hierdie regulasie deur die Tesourie vrygestel is.
- (4) Die Tesourie mag enige vrystelling wat kragtens sub-regulasie (3) van hierdie regulasie verleen is, intrek.
- (5) Vir die toepassing van hierdie regulasie word, totdat die teendeel bewys word, geag dat enigeen wat te eniger tyd sedert die datum van publikasie van hierdie regulasie in die Republiek was, in die Republiek woonagtig was en nog woonagtig is.

**BESPREKING:**

**Regulasie 7** is eers in 1961<sup>199</sup> tot die regulasies toegevoeg en het toe bekend gestaan as regulasie 6 *bis*. Die inhoud van die regulasie het sedertdien bykans identies gebly. Dit is daarna in Desember 1961 gewysig om regulasie 7 te wees en daar is ook toe 'n formele vorm in paragraaf 6 van die Bevele en Reëls uitgevaardig wat die formaat van die verklaring van vreemde bates en laste bepaal het.

In *S v Bedford*<sup>200</sup> is betoog dat regulasie 7(1) *ultra vires* artikel 9 van die Wet is. Soos wat die geval was by die betoog ten aansien van regulasie 6(2), is dit tereg deur die hof verwerp. Regter Hefer het bevind dat:

*"Like reg 6(2), reg 7(1) requires something to be declared to the Treasury. In this case it is a foreign asset which a South African resident has become entitled to sell or to procure to sell. Again counsel argued that such a declaration has no bearing on currency or exchange rates but, again, I am unable to agree. ...*

*...Such a declaration, particularly in view of the measure of detail with which it is required to be made, obviously serves the purpose of advising the Treasury of a transaction in regard to a foreign asset in which a South African resident has been concerned and of which it might otherwise have been unaware. This may lead to further enquiries and eventually to the disclosure of matters which directly effect our currency, or of a prohibited dealing in foreign currency. Moreover, the declarant has to state in the declaration to what extent the asset is held in cover for or in respect of a*

---

<sup>199</sup> GK R 84 van 16 Junie 1961.

<sup>200</sup> *S v Bedford* 1979 (3) SA 656 D.

*foreign liability. ...The second consideration is that once the foreign asset is sold, its proceeds constitute foreign currency to which reg 6(1) applies. The Treasury will thus, as in the case of reg 6(2), have advance notice of the possibility of foreign currency coming into the hands of a South African resident which may enable it to ensure that reg 6(2) be complied with.*"<sup>201</sup>

In sub-regulasie 5 word 'n vermoede aangetref uit hoofde waarvan vermoed word, totdat die teendeel bewys word, dat enige persoon wat sedert die publikasie van die regulasie in die Republiek was, in die Republiek woonagtig was.

Die formaat van die verklaring waarna in regulasie 7 verwys word, word aangetref in paragraaf 6 van die Bevele en Reëls wat *infra* in Hoofstuk 6 bespreek word.

---

<sup>201</sup> Op 659 C tot D en G tot H asook 660 A van die uitspraak.

## 5.9 REGULASIE 8

### BEVOEGDHEID OM BETAALMIDDELS TEN OPSIGTE VAN SEKERE TRANSAKSIES VOOR TE SKRYF

8. (1) Die Tesourie kan, wat betref in- en uitvoer of ander transaksies wat betaling tussen persone in die Republiek en persone buite die Republiek meebring, van tyd tot tyd deur middel van kennisgewings in die Staatskoerant of by wyse van instruksies aan gemagtigde handelaars, voorskryf in watter betaalmiddel of betaalmiddels of op watter wyse betaling gedoen of nie gedoen moet word nie, en niemand mag, behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, betaling in 'n ander betaalmiddel of betaalmiddels of op 'n ander wyse as dié wat aldus voorgeskryf is, doen of ontvang nie.
- (2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van die bepalings van sub-regulasie (1) kan 'n kennisgewing en instruksies kragtens genoemde sub-regulasie betrekking hê op betalings (insluitende enige besondere betaling) -
- (a) in verband met die invoer of uitvoer van 'n handelsartikel in die kennisgewing of instruksies gespesifiseer -
- (i) uit of na alle lande; of
- (ii) uit of na alle lande uitgesonderd 'n land in die kennisgewing of instruksies gespesifiseer; of
- (iii) uit of na 'n land aldus gespesifiseer; of
- (b) in verband met enige besondere transaksie.
- (3) Die bepalings van sub-regulasie (10) van regulasie 6 is *mutatis mutandis* van toepassing op die uitvoer vanuit die Republiek van 'n handelsartikel na 'n land in verband met die uitvoer waarvan na daardie land die Tesourie kragtens sub-regulasie (2) hierbo die betaalmiddel of

betaalmiddels of die wyse waarop betaling gedoen of nie gedoen moet word nie, voorgeskryf het.

### **BESPREKING:**

Ingevolge **Regulasie 8** is die Tesourie by magte om:

- (1) Met betrekking tot enige transaksies uit hoofde waarvan betalings tussen inwoners en nie-inwoners kan geskied;
- (2) Voor te skryf in watter betaalmiddel en op welke wyse betaling gedoen moet word.

Die Tesourie is by magte om sodanige voorskrifte te gee deur middel van publikasie in die *Staatskoerant* of bloot by wyse van instruksies aan gemagtigde handelaars. Regulasie 8 moet saamgelees word met paragraaf 8 van die Bevele en Reëls<sup>202</sup> ingevolge waarvan bepaal word dat niemand wat goedere uit die Republiek uitgevoer het, betaling daarvoor mag ontvang in Republiekgeld nie. Indien regulasie 8 saam met die voormelde paragraaf 8 gelees word, spreek dit vanself dat dit ten doel het dat uitvoerkontrakte by wyse van vreemde valuta vereffen moet word aangesien dit juis die grootste verdieners van vreemde valuta is. Indien 'n uitvoerder toegelaat sou word om betaling van die uitvoere by wyse van Republiekgeld te ontvang, sal dit uiteraard meebring dat minder vreemde valuta verdien word. Die volgende kan as voorbeeld dien: gestel XYZ maatskappy (die inwoner) voer goedere ter waarde van R50 000.00 uit na ABC maatskappy (die nie-inwoner) in die Verenigde State van Amerika. Indien ABC maatskappy toegelaat word om deur middel van 'n filiaalmaatskappy, KLM (Edms) Beperk, wat in Suid-Afrika sake doen, betaling aan XYZ maatskappy te bewerkstellig, sal betaling in Rand geskied. Op die wyse sal goedere uitgevoer word, maar word geen vreemde valuta as teenwaarde daarvoor ontvang nie aangesien dit

---

<sup>202</sup> GK R 1112 van 1 Desember 1961.



binnelands vereffen word by wyse van betaling in Republiekgeld. Uit hoofde van voorgaande sal daar klaarblyklik, in reële terme, 'n vermindering in Republiekbates bestaan, welke juis deur middel van die deviesebeheerbepalings teengewerk word.

Regulasie 8 is vir die eerste maal uitgevaardig in 1942<sup>203</sup> en het as regulasie 7 bekend gestaan ingevolge waarvan bepaal is dat:

"BEVOEGDHEID OM BETAALMIDDELE TEN OPSIGTE VAN  
SEKERE TRANSAKSIES VOOR TE SKRYF

7. Die Tesourie kan van tyd tot tyd, by kennisgewing in die *Staatskoerant* of by wyse van instruksies aan gemagtigde handelaars, voorskryf in watter betaalmiddel of betaalmiddele of op watter wyse betaling al dan nie mag geskied in verband met invoer of uitvoer of ander transaksies waarby betalings tussen persone in die Unie en persone buite die Unie betrokke is, en sonder die vergunning van die Tesourie of van 'n gemagtigde handelaar mag niemand 'n betaling doen of ontvang in 'n ander betaalmiddel of in ander betaalmiddele as dié wat aldus voorgeskryf is nie."<sup>204</sup>

Reeds in die kennisgewings kragtens die 1942 regulasies<sup>205</sup> is 'n bepaling in ooreenstemming met paragraaf 8 van die Bevele en Reëls, soos voormeld, uitgevaardig ingevolge waarvan voorgeskryf is dat betaling vir uitvoere na lande buite die Sterlinggebied slegs by wyse van betaling

---

<sup>203</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

<sup>204</sup> *Ibid.*

<sup>205</sup> GK R 2144 van 23 Oktober 1942.

in ander geld as Uniegeld mag geskied.

Ingevolge afdeling C7 van die deviesebeheervoorskrifte word 'n uitsondering op die voormelde toegelaat deurdat bepaal word dat:

*"Payments from the non-resident area may only be received in foreign currency or in Rand from a Non-Resident Account."*<sup>206</sup>

Uit hoofde van voorgaande blyk dit dat 'n nie-inwoner wel geregtig is op betaling in rand, in stede van in vreemde valuta, te maak vir goedere wat vanaf die Republiek uitgevoer word, mits sodanige betaling geskied uit 'n nie-inwonerrekening. Die rede skyn te wees dat dit verhoed word dat te veel fondse in die bankstelsel geblokkeer word in nie-inwonerrekening. Deur betaling in rand uit 'n nie-inwoner rekening toe te laat, word die voormelde verhoed en kan die rand dan effektief in die monetêre stelsel van hande verwickel daardeur verhoed word om effektief in die monetêre stelsel van hande te verwissel.

Oelofse<sup>207</sup> toon tereg aan dat betalings deur 'n nie-inwoner aan 'n inwoner in enige buitelandse valuta kan geskied maar dat 'n "inherente kontrole meganisme" in die praktyk verhoed dat betaling in geldeenhede geskied wat nie maklik omruilbaar is nie. Hy stel dit soos volg:

"Soos blyk uit reg. 6, moet die ontstaan van 'n reg op buitelandse valuta by die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar aangemeld word, wat dan terselfdertyd aan die Tesourie of gemagtigde handelaar die reg gee om die valuta te koop. As dit nou gaan oor 'n geldeenheid wat te "sag" is,

---

<sup>206</sup> Afdeling C7 van die deviesebeheervoorskrifte. (My beklemtoning).

<sup>207</sup> Oelofse 62.

bestaan die wesenlike moontlikheid dat die Tesourie of gemagtigde handelaar dit nie sal wil aankoop nie, met die gevolg dat die uitvoerder daarmee bly sit. Die bank waardeur die uitvoertransaksie geloods word, sal sy kliënt ook daarop wys dat hy nie bereid gaan wees om die beoogde betaalmiddel oor te neem nie. Die resultaat is dat betaling in die praktyk in "harde" geldeenhede beding word."<sup>208</sup>

Oelofse moet gelyk gegee word dat regulasie 8(3) geheel en al onsinnig is, aangesien regulasie 6(10) in ieder geval van toepassing is op enige uitvoere.

## 5.10 REGULASIE 9

### BEPERKING VAN ALTERNATIEWE BESTEMMINGHAWENS

9. (1) Behalwe met die toestemming van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand goedere na enige ander bestemming versend as dié vermeld in die Verklaring insake Vreemde Valuta- opbrengs van Uitvoere, voorgeskryf ingevolge sub-regulasie (10)(a) van regulasie 6 nie, tensy die ander bestemming in dieselfde monetêre gebied is; of nadat die goedere versend is, opdrag gee of aanvaar vir die verandering van die bestemming daarvan nie tensy sodanige bestemming in dieselfde monetêre gebied is.
- (2) As daar in enige strafregtelike proses ingevolge hierdie regulasie bewys word dat goedere gestuur is na 'n ander land as dié aangegee as die bestemming van sodanige goedere op die voorgeskrewe dokumente wat ingedien en deur die Republiek-owerhede aanvaar is ter dekking van die uitstuur van sodanige goedere, dan word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die goedere versend is na en ontvang is in sodanige ander land en nie die land wat op die dokumente aangegee word nie.

### BESPREKING:

**Regulasie 9(1)** bestaan in wese uit twee gedeeltes. Ingevolge die eerste gedeelte word 'n beperkte vrystelling verleen deurdat goedere uitgevoer kan word na 'n ander bestemming as dié wat vermeld is in die verklaring in sake vreemde valuta opbrengs van uitvoere,<sup>209</sup> mits sodanige bestemming steeds binne dieselfde monetêre gebied is as die eersgemelde bestemming. Daar kan met respek nie met Oelofse saamgestem word dat die persoon wat so 'n verklaring maak steeds skuldig sal wees aan 'n oortreding van regulasie 6(10) saamgelees met regulasie 22 nie. Alhoewel

---

<sup>209</sup> Die vorm waarna verwys word, is die vorm F178 wat in paragraaf 5 van die Bevele en Reëls voorkom.

daar begrip is vir die feit dat die betrokke vorm F178 valse inligting sal bevat, welke strafbaar sal wees uit hoofde van die bepalings van regulasie 22, word aan die hand gedoen dat die beperkte vrystelling wat in regulasie 9(1) voorkom, sal verhoed dat so 'n persoon wat 'n verklaring maak steeds skuldig sal wees aan die oortreding, soos voormeld. In geval van enige twyfel behoort die voordeel in ieder geval die beskuldigde toe te kom.

Die tweede gedeelte van regulasie 9(1) het betrekking op die gevalle waar die betrokke goedere reeds uitgevoer is na 'n bepaalde bestemming en daarna besluit word dat die bestemming gewysig moet word. In so 'n geval kan die bestemming gewysig word sonder die Tesourie se vooraf goedkeuring mits sodanige bestemming steeds binne dieselfde monetêre gebied is as die eersgemelde bestemming.

'n Vermoede word in regulasie 9(2) aangetref wat toepassing vind by strafregtelike verrigtinge waar 'n beskuldigde tereg staan op 'n oortreding van regulasie 9(1). Die vermoede spreek vir sigself en verdien nie as sodanig verdere kommentaar nie.

## 5.11 REGULASIE 10

### BEPERKING OP DIE UITVOER VAN KAPITAAL

10. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand -
- (a) gedurende enige tydperk van twaalf maande goedere, wat in geheel twintig rand in waarde te bowe gaan of sodanige groter bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, vanuit die Republiek uitvoer nie, as -
    - (i) daar nie in die Republiek betaling vir sodanige goedere van 'n persoon buite die Republiek ontvang is of sal word nie; of
    - (ii) sodanige goedere uitgevoer word teen 'n prys wat laer is as die waarde daarvan; of
    - (iii) die tydperk waarin betaling vir sodanige goedere moet geskied meer as ses maande is, gereken vanaf die datum van verskeping vanuit die Republiek, of so 'n korter tydperk as wat 'n gemagtigde handelaar ten opsigte van sodanige goedere mag bepaal;
  - (b) goedere, insluitende klerasie, huishoudelike benodighede en juweliersware wat seshonderd rand in waarde te bowe gaan of sodanige groter bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, uit die Republiek neem nie;
  - (c) enige transaksie aangaan wat tot gevolg sal hê dat kapitaal of enige reg op kapitaal regstreeks of onregstreeks vanuit die Republiek uitgevoer word nie.
- (2) Die bepalings van sub-regulasies (3), (4) en (5) van regulasie 3 is *mutatis mutandis* van toepassing op goedere genoem in sub-regulasie (1)(b) van hierdie regulasie.

- (3) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken "waarde" die waarde vir doeanedoeleindes soos omskryf in artikel honderd-en-agt van die Doeanewet, 1955 (No. 55 van 1955).

### **BESPREKING:**

Met die aanvanklike uitvaardiging van die deviesebeheerregulasies in 1939<sup>210</sup> het geen regulasie bestaan waarin die uitvoer van kapitaal, soortgelyk aan die bestaande regulasie 10, beperk is nie. Die leemte is egter in 1942<sup>211</sup> reggestel met die toevoeging van regulasie 8, wat soos volg gelui het:

#### **"BEPERKING OP UITVOER VAN KAPITAAL**

- 8(1) Behalwe met vergunning van die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar, mag niemand -
- (a) gedurende 'n tydperk van twaalf (12) maande vanaf die datum waarop hierdie regulasies in werking tree, 'n totale hoeveelheid goedere waarvan die waarde meer as tien Pond is, uit die Unie na 'n land buite die Sterlinggebied uitvoer nie, as -
    - (i) geen betaling vir sulke goedere van iemand buite die Sterlinggebied in die Unie ontvang is of ontvang sal word nie; of
    - (ii) sulke goedere teen 'n laer prys as die waarde daarvan uitgevoer

---

<sup>210</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

<sup>211</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

- word; of
- (iii) die tydperk waarin betaling vir sulke goedere moet geskied, ses (6) maande oorskry, gereken vanaf die datum van verskeping uit die Unie, of so 'n korter tydperk as wat 'n gemagtigde handelaar ten opsigte van sulke goedere bepaal;
- (b) Goedere, met inbegrip van persoonlike kleding en huishoudelike benodigdhede, tot 'n waarde van meer as driehonderd Pond uit die Unie na 'n land buite die Sterlinggebied neem nie;
- (c) Enige ander transaksie aangaan waarby kapitaal regstreeks of onregstreeks uit die Unie na 'n land buite die Sterlinggebied uitgevoer word nie.
- (2) Die bepalings van sub-regulasies 3(4) en (5) van regulasie 3 is *mutatis mutandis* van toepassing op goedere waarna in sub-regulasie (1)(b) van hierdie regulasie verwys word.
- (3) Vir doeleindes van hierdie regulasie beteken "waarde" die waarde vir doeanedoeleindes soos in artikel 41 van Wet no. 36 van 1925 omskrywe."

Soos uit voorgaande aanhaling blyk, het die wese van die regulasie sedert 1942 onveranderd gebly, met die uitsondering dat die regulasie op daardie stadium tot die voordeel van die Sterlinggebied toegepas is, maar sedert



6 Junie 1958,<sup>212</sup> tot die voordeel van die Unie toegepas is.

Daar is reeds hierbo by die bespreking van regulasie 6 melding gemaak dat regulasie 6(10) eerder by regulasie 10 tuishoort.<sup>213</sup> Ingevolge regulasie 6(10)(a) is enige persoon wat goedere vanuit die Republiek uitvoer, welke meer as R20.00 werd is, verplig om die sogenaamde inklaringsbrief-uitvoer ten aansien van die betrokke goedere te voltooi. In die praktyk word daar na die inklaringsbrief-uitvoer verwys as 'n vorm F178.<sup>214</sup> Afdeling C3 van die deviesebeheervoorskrifte gee spesifieke instruksies aan gemagtigde handelaars wat betrekking het op die voltooiing van vorms F178 met betrekking tot uitvoer van goedere wat geormerk is vir verkoping in die buiteland. Daarenteen word van vorms N.E.P. gebruik gemaak vir goedere wat uitgevoer word, maar wat nie in die buiteland verkoop sal word nie, soos goedere wat tydelik deur 'n reisiger met hom saamgeneem word. Met betrekking tot die verpligtinge wat op uitvoerders rus ingevolge die deviesebeheerregulasies, bepaal afdeling C3(B) van die deviesebeheervoorskrifte dat:

*"REGULATIONS IN RESPECT OF GOODS EXPORTED FOR  
SALE ABROAD*

*With reference to Exchange Control Regulations 6, 10 and  
11, Authorised Dealers must ensure that all exporters are*

---

<sup>212</sup> Vgl GK R 797 gedateer 6 Junie 1958 en veral die verklarende opmerking wat soos volg daarna uitsien:  
"VERKLARENDE OPMERKING - Die uitwerking van bostaande wysigings is dat die deviesebeheermaatreëls wat tot dusver op transaksies tussen die Unie en lande buite die Sterlinggebied van toepassing was, ook van toepassing gemaak word op transaksies tussen die Unie en lande binne die Sterlinggebied."

<sup>213</sup> Vgl ook Oelofse 59 en 64.

<sup>214</sup> Vgl ook par 5 van die Bevele en Reëls, GK R 1112 van 1 Desember 1961.

*aware of their legal obligation to:*

- (i) sell goods exported within a reasonable time but not later than six (6) months from the date of shipment;*
- (ii) receive the full foreign currency proceeds not later than six (6) months from the date of shipment. Authorised Dealers may, however, without reference to the Exchange Control, authorise South African exporters to grant credit up to a total of twelve (12) months to foreign importers, provided the Authorised Dealer granting the authority is satisfied that the credit is necessary in the particular trade or it is needed to protect an existing export market or to capture a new export market. In this regard Authorised Dealers are requested to specifically draw the attention of exporters to the requirements of Exchange Control Regulation 6(1) and (5);*
- (iii) Receive payment in foreign currency or in Rand from a non-resident account;*
- (iv) Offer for sale to an authorised dealer the full foreign currency proceeds within seven (7) days of accrual; and*
- (v) Report in writing to the attesting bank the non-receipt of the full foreign currency proceeds within the period stated under form F178 as well as the failure to sell the goods exported within six (6) months from the date of shipment."*

Die vorms F178 moet noukeurig voltooi word aangesien dit ingevolge afdeling C3(D) van die deviesebeheervorskrifte, deur die gemagtigde handelaar gedagboek moet word sodat opgevolg kan word dat die opbrengs van die verkoop van die goedere in die buiteland binne die voorgeskrewe tydperk in die Republiek ontvang word. Ingevolge afdeling

C1 van die deviesebeheervoorskrifte is persone wat vreemde valuta aan 'n gemagtigde handelaar verkoop verplig om 'n vorm E te voltooi. Die Reserwebank sien daarna toe dat die vorms F178 geskakel word met die ooreenstemmende vorm E wat op die transaksie van toepassing is wanneer die uitvoeropbrengs in die Republiek ontvang word en die valuta dan aan 'n gemagtigde handelaar verkoop word. Op die wyse word effektiewe beheer bewerkstellig om te verseker dat alle uitvoeropbrengste in die Republiek ontvang word. In die opsig loop regulasie 6(10) hand aan hand met regulasie 10(1)(a).

Wat sub-paragraaf (ii) van regulasie 10(1)(a) betref, word sogenaamde onderfakturering van uitvoere daardeur verbied. Indien 'n inwoner goedere sou uitvoer teen 'n prys wat laer is as die waarde daarvan sal hy uiteraard in 'n posisie wees, alhoewel onwettig, om 'n gedeelte van die waarde wat hy daarvoor ontvang in die buiteland op te gaar. Dit is juis die tipe transaksie wat deur die betrokke sub-paragraaf verbied word.<sup>215</sup>

Ten einde die onderskeid tussen regulasie 10(1)(a) en 10(1)(b) uit te wys, stel Oelofse<sup>216</sup> dit dat:

"Regulasie 10(1)(a) praat van die "uitvoer" van goedere, terwyl reg. 10(1)(b) met die "uitneem" van goedere te make het. Dit behoort duidelik te wees dat die wetgewer hier twee verskillende situasies op die oog het, aangesien reg. 10(1)(b) die "uitneem" van goedere tot die omvang van seshonderd rand sonder toestemming toelaat, terwyl die perk op "uitvoer" heelwat laer is indien daar nie aan die hierbogemelde drie vereistes in reg. 10(1)(a) voldoen word nie. Indien gelet

---

<sup>215</sup> Twee van die mees effektiewe wyses om vreemde valuta onwettig in die buiteland op te gaar, is juis deur middel van onder-fakturering van uitvoere en oorfakturering van invoere.

<sup>216</sup> Oelofse 66.

word op die goedere wat spesifiek in reg.10(1)(b) genoem word, is dit duidelik dat dit die bedoeling was om 'n Suid-Afrikaanse reisiger toe te laat om goedere tot 'n maksimum waarde van seshonderd rand (daar was tot dusver nog geen verhoging van hierdie bedrag nie) sonder spesifieke toestemming as deel van sy persoonlike bagasie uit die land te neem."

Oelofse se voormelde gevolgtrekking spreek vir sigself en is met eerbied korrek. Dit is inderdaad die geval dat sub-regulasie 1(b) hoofsaaklik op reisigers toepassing vind.<sup>217</sup>

Regulasie 10(1)(c) verbied die aangaan van enige transaksie, behoudens die Tesourie se goedkeuring, wat tot gevolg sal hê dat kapitaal of enige reg op kapitaal regstreeks of onregstreeks vanuit die Republiek uitgevoer word. Op die oog af blyk dit soos die spreekwoordelike vangnetbepaling wat enige denkbare transaksie verbied wat nie reeds elders spesifiek deur die regulasies verbied word nie. Dit blyk ook uit die praktyk dat die sub-regulasie (c) inderdaad so in die praktyk toegepas word. Ten einde regulasie 10(1)(c) volledig te ontleed, is dit noodsaaklik om op twee aspekte te let, naamlik om die betekenis vas te stel van:

- (1) Kapitaal; en
- (2) Enige transaksie aangaan.

Oelofse wys tereg daarop dat die betekenis van kapitaal nêrens in die Wet of regulasies omskryf word nie en dat die regspraak ook nie veel hulp in die verband verleen nie, maar dat daar reeds uitdruklik beslis is dat geld

---

<sup>217</sup> Vgl ook par 5.3 hierbo vir 'n bespreking van die vereistes by die voltooiing van vorms NEP ten aansien van goedere wat reisigers byvoorbeeld tydelik uit die Republiek uitneem.

wel kapitaal is.<sup>218</sup>

In *S v De Castro*,<sup>219</sup> is die beskuldigde, hierna na verwys as die appellant, skuldig bevind aan 'n oortreding van regulasie (3)(1)(d), welke skuldigbevinding op appèl tersyde gestel is. Dit is vervang met 'n skuldigbevinding op die derde alternatiewe klag synde 'n oortreding van regulasie 10(1)(c). Waarnemende Appèlregter Viljoen<sup>220</sup> het bevind dat:<sup>221</sup>

*"As appears from the charge sheet quoted above, it alleges that the appellant wrongfully and unlawfully contravened reg 10(1)(c) in that he wrongfully and unlawfully entered into a transaction whereby capital or any right to capital was, without authorisation, to be exported from the Republic, or that he in attempting to do so in contravention of s 18(1) of Act 17 of 1956. ... Reg 10(1)(c) referred to in the third alternative charge provides:*

*"No person shall, except with the permission granted by the Treasury or by an authorised dealer and in accordance with such conditions as the Treasury or the authorised dealer may impose - enter into any transaction whereby capital or any right to capital is directly or indirectly exported from the Republic."*

*The State made it perfectly clear that it intended the charge*

---

<sup>218</sup> Vgl Oelofse 66 en 67 asook die twee appèlhofuitsprake in *S v De Castro* 1979 (2) SA 1 A (veral op 21A) en *S v Runds* 1978 (4) SA 304 A.

<sup>219</sup> *S v De Castro* 1979 (2) SA 1 A. Vgl ook die volledige bespreking van *S v De Castro supra* by die bespreking van regulasie 3(1)(d).

<sup>220</sup> Met wie Hoofregter Rumpff en waarnemende Appèlregter Trengrove saamgestem het.

<sup>221</sup> Op 20 B tot C, H en 21 H van die gerapporteerde uitspraak.

*to include an attempt to contravene reg 10(1)(c), which is, in my view, regard being had to the facts, the proper section to invoke."*

en

*"The further enquiry is whether, on the facts proved by the State, the appellant should be convicted of a contravention of reg 10(1)(c). It was pointed out on behalf of the appellant that the regulation only prohibits a person, except with the permission granted by the Treasury or by an authorised dealer, from entering into a transaction whereby capital or any right to capital is exported from the Republic. It was contended that the **money (capital)** was never exported from the Republic because, before this could be done, Bosman and Esterhuizen clamped down on the little group in the bank."<sup>222</sup>*

Soos uit die voorgaande aanhaling blyk, was daar geen sprake dat die hof oorweeg het of geld wel kapitaal is, al dan nie en het die hof inderdaad op die feite aanvaar dat geld wel kapitaal was, soos in regulasie 10(1)(c) na verwys, sonder dat dit enigsins bespreek is. Dit word met eerbied aan die hand gedoen dat die feite inderdaad daarop dui dat die geld 'n kapitaalbedrag was, maar dat hierdie beslissing nie gesag daarvoor is dat enige geld kapitaal is nie. In die opsig dien gelet te word op Oelofse se benadering dat:

"In hierdie beslissings word nie onderskei tussen geld wat van 'n kapitale aard of nie van 'n kapitale aard is nie, soos

---

<sup>222</sup> Die beklemtoning van *money (capital)* is skrywer se eie beklemtoning.

bedoel in die omskrywing van "bruto-inkomste" in die Inkomstebelastingwet 58 van 1962. Die welbekende betekenis van die woord "kapitaal" vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet help 'n mens dus nie by die uitleg van reg. 10(1)(c) nie. Beskou teen die agtergrond van die algemene doel van die valutabeheerregulasies lyk dit dus of "kapitaal" op enige iets met 'n geldelike waarde betrekking het."

Die verdere beslissing waarna verwys word ten einde vas te stel wat met kapitaal bedoel word, is *S v Runds*.<sup>223</sup> Wat die beslissing betref, dien daarop gelet te word dat:

- (1) Die gerapporteerde uitspraak 'n appèl is teen vonnis alleen en dat daar in die verband nie op die meriete van die skuldigbevinding ingegaan is nie.
- (2) Die beskuldigde na die sluit van die Staat se saak sy pleit van onskuldig verander het na skuldig ten aansien van die tweede klagte met betrekking tot 'n oortreding van regulasie 10(1)(c).

Uit hoofde van voorgaande word dit aan die hand gedoen dat ook hierdie uitspraak nie as gesaghebbend beskou kan word met betrekking tot die stelling dat geld wel kapitaal is nie.

Skrywer doen trouens aan die hand dat dit juis die wetgewer se bedoeling was dat kapitaal, soos na verwys in regulasie 10(1)(c), 'n ooreenstemmende betekenis het as die welbekende omskrywing van kapitaal vir doeleindes van die Inkomstebelastingwet, soos hierbo na verwys. Die volgende aspekte word ter ondersteuning van hierdie argument aangevoer, naamlik:

---

<sup>223</sup> *S v Runds* 1978 (4) SA 204 A.

- (1) Die deviesebeheerregulasies is by uitstek 'n maatreël wat 'n ekonomiese ondertoon het en dien algemene ekonomiese beginsels gevolglik as die *ratio* vir die regulasies;
- (2) Dit is 'n welbekende feit dat die hoofdoelstelling van die toepassing van deviesebeheer in Suid-Afrika daarin geleë is om te verhoed dat kapitaal vir die Republiek verlore gaan, sonder dat 'n onnodige inperking van normale lopende handelstransaksies plaasvind;<sup>224</sup>
- (3) Dit kan klaarblyklik nie gestel word dat die regsprekende gesag besondere oorweging aan die beginsel gegee het wat presies die wetgewer met kapitaal soos na verwys in regulasie 10(1)(c) verwys, bedoel het nie;
- (4) Uit 'n ekonomiese perspektief word die ekonomiese prestasie van die Republiek gemeet aan die ekonomiese rekeninge waarin uitdruklik onderskei word tussen die lopende rekening waarin normale invoer en uitvoere van goedere en dienste gewoonlik saam gegroepeer word, in teenstelling met die tweede belangrike subrekening in die Republiek se betalingsbalans synde die kapitaal rekening, waarin voorsiening gemaak word vir alle transaksies wat die internasionale beweging van kapitaalfondse tot gevolg het;<sup>225</sup>
- (5) Die onderskeid tussen geld wat van 'n kapitale aard is en geld wat nie van 'n kapitale aard is nie, soos na verwys in die Inkomstebelastingwet, is 'n welbekende beginsel wat lank reeds voor die inwerkingtreeding van regulasie 10(1)(c) toepassing gevind het;<sup>226</sup>

---

<sup>224</sup> Vgl veral figuur 5.1 hierbo vir 'n volledige uiteensetting van die betrokke doelstellings van deviesebeheer in die Republiek.

<sup>225</sup> Vgl Lombard J A, Stadler J J en Haasbroek P J *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika 1985* op 149 ev.

<sup>226</sup> Vgl die voorgangers van die huidige Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962, soos gewysig asook *Commissioner of Taxes v Booyens Estates Ltd* 1918 AD, *Stephen v Commissioner for Inland Revenue* 1919 WLD, *Commissioner for Inland Revenue v Stott* 1928 AD 252, *Commissioner for Inland Revenue v Lydenburg Platinum*



- (6) Die verbod om geld, hetsy valuta of vreemde valuta uit te voer, word spesifiek verbied deur regulasie 3;
- (7) Die wetgewer kon immers nie deur die gebruik van die woord kapitaal, iets anders bedoel het nie en behoort die gewone betekenis daarvan daaraan toegeskryf te word.

Daar dien op gelet te word dat onderskei moet word tussen gevalle waar gewone produksiegoedere en dienste ingevoer of uitgevoer word, teenoor gevalle waar 'n inwoner bloot kapitaal wil uitvoer om dit in die buiteland te belê. In eersgemelde geval word 'n teenprestasie in die Republiek ontvang en word geen vermindering in kapitaal, hetsy dit vlottende kapitaal is<sup>227</sup> al dan nie, soos in laasgemelde geval, aangetref nie.

Die tweede aspek wat ondersoek moet word, is die betekenis van "aangaan van 'n transaksie". Oelofse<sup>228</sup> wys tereg daarop dat die misdaad reeds voltooi is, al het die betrokke gevolge nog nie ingetree nie. In *S v De Castro*<sup>229</sup> is bevind dat die woord transaksie verskeie betekenisse het en dat een daarvan:

*"An arrangement, agreement, covenant"*

is.<sup>230</sup> Die hof bevind gevolglik dat die bedoeling van die wetgewer soos volg is, naamlik:

---

*Ltd* 1929 AD 1373 en *Commissioner for Inland Revenue v Visser* 1936 TPD.

<sup>227</sup> Vgl Smuts en Smuts Woordeboek van Regs- en Handelsterme 1992 78.

<sup>228</sup> Oelofse 67.

<sup>229</sup> *S v De Castro* 1979 (2) SA 1 A.

<sup>230</sup> Op 22 C van die gerapporteerde uitspraak.

*"The words "transaction whereby" may therefore mean "an arrangement or agreement in consequence whereof". That this is the meaning which the legislator intended appears from the Afrikaans wording of the regulation which reads "... enige transaksie aangaan wat tot gevolg sal hê dat kapitaal... vanuit die Republiek uitgevoer word".*<sup>231 232</sup>

Ingevolge regulasie 10(2) word die bepalings van sub-regulasies 3, 4 en 5 van regulasie 3 *mutatis mutandis* van toepassing gemaak op goedere soos na verwys in sub-regulasie 1(b) van regulasie 10.<sup>233</sup> Oelofse wys daarop dat die gevolge van regulasie 3, soos op regulasie 10 van toepassing gemaak deur middel van regulasie 10(2), onbillik kan werk aangesien 'n beslaglegging en gevolglik 'n verbeurdverklaring regmatig gemaak kan wees, maar nie tersyde gestel kan word nie aangesien sodanige bevoegdheid nie by 'n hof berus nie. In die verband stel hy dit dat:<sup>234</sup>

"Dit lyk of dit presies is wat in *S v De Blom* 1977 (3) SA 513 (A) gebeur het. Daar is onder andere beslag gelê op juwele wat die beskuldigde in stryd met reg. 10(1)(b) uit die land geneem het. Dit is gevolglik tot voordeel van die staatsinkomstefonds verbeur. In die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof is sy skuldig bevind aan 'n oortreding van reg. 10(1)(b), maar op appèl is sy onskuldig bevind weens afwesigheid van skuld. Hoewel die appèlhof die skuldigbevinding tersyde gestel het, is die verbeuring nie

---

<sup>231</sup> Op 22 C tot D van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>232</sup> Vgl verder Oelofse 68 en 69.

<sup>233</sup> Vgl in die verband die bespreking daarvan by regulasie 3 hierbo.

<sup>234</sup> Oelofse 69.

ook tersyde gestel nie. Soos reeds geblyk het, het die hof inderdaad ook nie die bevoegdheid gehad om die verbeuring tersyde te stel nie. 'n Mens kan darem seker aanvaar dat die Reserwebank in so 'n geval sy diskresie ingevolge reg. 3(5) sal uitoefen en teruggawe van die verbeurde goed sal gelas."

Oelofse se gevolgtrekking in die verband is vir kritiek vatbaar aangesien daarop gelet moet word dat streng onderskei moet word tussen gevalle waar op goedere beslag gelê word, of fondse geblokkeer word, teenoor 'n verbeurdverklaring van sodanige goedere en/of fondse. Die diskresie van die Tesourie om teruggawe van sodanige inbeslaggenome goedere te gelas, is beperk tot goedere waarop beslag gelê is. Indien die goedere reeds verbeur is, sal die Tesourie *functus officio* wees aangesien die diskresie beperk is tot die beslaglegging en nie die verbeurdverklaring nie. In die verband dien daar ook op gelet te word dat die verwysing na die Reserwebank onjuis is aangesien die bevoegdhede na verwys in regulasie 3(5) en (8) nie ten gunste van die Reserwebank gedelegeer is nie en die Tesourie alleen oor sodanige bevoegdhede beskik.

## 5.12 REGULASIE 11

### OORDRAG AAN TESOURIE VAN REG OP UITGEVOERDE GOEDERE

11. (1) Wanneer iemand goedere vanuit die Republiek uitgevoer en in gebreke gebly het om daardie goedere te verkoop binne ses maande vanaf datum van verskeping uit die Republiek of binne sodanige korter tydperk as wat by sub-regulasie (1)(a)(iii) van regulasie 10 vasgestel mag word, en hy nie kragtens sub-regulasie (1) van voormelde regulasie 10 vergun is om sulke goedere uit te voer sonder om hulle te verkoop of sonder om betaling daarvoor binne die tydperk vermeld in voornoemde sub-regulasie (1)(a)(iii) te ontvang nie, dan in so 'n geval, moet hy binne veertien dae na verstryking van voormelde tydperk die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar skriftelik in kennis stel dat sulke goedere nie verkoop is nie, en die Tesourie kan dan so iemand beveel om sy reg op sodanige goedere aan die Tesourie, of aan iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het, oor te dra.

Die bedrag betaalbaar as teenprestasie vir 'n oordrag kragtens hierdie regulasie moet so 'n bedrag wees as wat deur of namens die Tesourie vasgestel mag word, maar dit mag nie minder wees as die bedrag deur die Tesourie gerealiseer nadat die realiseringskoste afgetrek is.

- (2) Na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie mag niemand goedere uitvoer op voorwaardes wat dit vir hom onmoontlik sal maak om uitvoering te gee aan 'n bevel wat ingevolge sub-regulasie (1) uitgereik word nie.

### BESPREKING:

**Regulasie 11** is reeds so lank gelede as 1942<sup>235</sup> as regulasie 9 tot die regulasies toegevoeg. Die onderliggende doel van regulasie 11 is om te verhoed dat 'n inwoner goedere uit die Republiek uitvoer, vir verkoping in die buiteland, en hom dan daarop beroep dat hy nie die verkoping daarvan

---

<sup>235</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942.

kon bewerkstellig nie en gevolglik nie die vreemde valuta opbrengs in die Republiek kan ontvang nie. Indien 'n inwoner dus goedere uit die Republiek uitvoer, maar dit nog nie binne ses maande na verskeping daarvan kon verkoop nie, is hy verplig om dien-ooreenkomstig 'n skriftelike verklaring aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar te maak waarin verklaar word dat die goedere wat uitgevoer is, nog nie verkoop is nie. Die Tesourie beskik dan oor 'n diskresie om sodanige uitvoerder te gelas om die reg op die betrokke goedere aan die Tesourie oor te dra waarna die Tesourie daarmee sal kan handel. In die praktyk word die regulasie uiters selde, indien ooit aangewend, maar dien dit wel as belangrike kontrolemiddel om te verseker dat goedere wat uitgevoer word en wat nie verkoop kan word nie, òf na die Republiek teruggebring word, òf 'n verlenging van tyd om vir die verkoping daarvan voorsiening te maak, toegestaan word.

Dit blyk duidelik uit hoofde van regulasie 11(1) dat die Tesourie verplig is om, waar die Tesourie 'n uitvoerder beveel het om sy reg op die betrokke goedere aan die Tesourie oor te dra, die uitvoerder te vergoed, welke vergoeding nie minder mag wees as die bedrag wat deur die Tesourie daarvoor gerealiseer is nie, nadat die koste verbonde aan die realisering van die goedere verhaal is.

Ingevolge afdeling C4 van die deviesebeheervoorskrifte word spesifieke voorsiening gemaak vir die prosedure by die voltooiing van vorms F178 wat betrekking het op die uitvoere van goedere vanuit die Republiek. Ingevolge die betrokke bepaling word 'n onus op die gemagtigde handelaar wat die vorm F178 attesteer geplaas om toe te sien dat die vreemde valuta opbrengs van die goedere wat uitgevoer word, binne die voorgeskrewe tydperk ontvang word. In die opsig vul die prosedure wat daargestel word deur die voltooiing van die vorm F178 die bepaling van regulasie 11 aan, maar is dit belangrik om daarop te let dat die onus aan die einde van die dag ingevolge regulasie 11 op die inwoner bly om na

verstryking van die ses maande tydperk die Tesourie, of gemagtigde handelaar, na gelang van die geval, in te lig dat die goedere nog nie verkoop is nie.<sup>236</sup>

---

<sup>236</sup> Vgl die bespreking van regulasie 10 *supra* met betrekking tot die vorm F178 en vorm E prosedure.

## 5.13 REGULASIE 12

### GOEDERE WAT BUITE DIE REPUBLIEK AANGEKOOP IS

12. (1) Wanneer iemand in die Republiek goedere in 'n land buite die Republiek aangekoop het en geheel of gedeeltelik daarvoor betaal het, maar vermelde goedere nie binne vier maande na die datum van sodanige betaling na die Republiek versend word nie, dan moet so iemand binne veertien dae na verstrykingsdatum van voormelde tydperk van vier maande die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar skriftelik in kennis stel dat die goedere nie na die Republiek versend is nie, en die Tesourie kan dan so iemand beveel om sy reg op sulke goedere aan die Tesourie of aan iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het, oor te dra.
- (2) Na die datum van inwerkingtreeding van hierdie regulasie mag niemand goedere aankoop op voorwaardes wat hom sal belet om uitvoering te gee aan 'n bevel wat ingevolge sub-regulasie (1) uitgereik word nie.
- (3) As daar in enige strafregtelike proses teen iemand wat versuim het om volgens voorskrif van sub-regulasie (1) die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar in kennis te stel, bewys word dat so iemand, na die verstryking van ses maande gereken vanaf die datum waarop hy enige betaling genoem in voormelde sub-regulasie gedoen het, nie in staat was om 'n inklaringsbrief-invoer ten opsigte van die betrokke goedere voor te lê nie nadat die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar hom aangesê het om dit te doen, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke goedere nie na die Republiek binne vier maande vanaf voormelde datum versend is nie.
- (4) Behalwe met die toestemming van die Tesourie en onderworpe aan die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand in die Republiek wat enige vervoermiddel buite die Republiek aangekoop het, toelaat dat sodanige vervoermiddel, nadat dit na die Republiek versend en gebring is, uit die Republiek geneem of gestuur word vir vervoer teen beloning buite die Republiek van enigeen of enige goedere nie.

Vir die toepassing van hierdie sub-regulasie sluit "vervoermiddel" enige

skip, lugvaartuig, motorvoertuig, trekker of roller in.

### BESPREKING:

Oelofse<sup>237</sup> toon tereg aan dat **regulasies 12(1) en (2)** die logiese teenkant van regulasie 11 is. Hy stel dit voorts dat:

"Volgens die Reserwebank se voorskrifte aan gemagtigde handelaars mag vreemde valuta ter betaling vir invoere slegs vrygelaat word indien bewys van versending van die goedere gelewer is. Dit lyk dus of reg. 12(1) in die praktyk slegs ter sprake sal kom indien betaling (hetsy ten volle of gedeeltelik) by wyse van spesiale vergunning toegelaat is sonder dat die goedere reeds versend is."<sup>238</sup>

Die verwysing na die Reserwebank se voorskrifte is 'n verwysing na afdeling B4 van die deviesebeheervoorskrifte waardeur voorskrifte aan die gemagtigde handelaars gegee word met betrekking tot die "*time and method of payment for imports*". Ingevolge afdeling B4(C)(i) van die deviesebeheervoorskrifte word bepaal dat:

*"With the exception mentioned in sub-paragraphs (iii) and (iv) below the transfer of funds **in anticipation of purchases** in countries outside the Republic should be refused since, in general, the Exchange Control Department of the South African Reserve Bank is not prepared to provide foreign exchange in payment of imports prior to the date of shipment or dispatch of the relative goods to South Africa."*

---

<sup>237</sup> Oelofse 71.

<sup>238</sup> *Ibid.*



In afdeling B4(C)(ii) skryf die Reserwebank voor teen welke dokumentasie, synde dokumente soos :

- "(a) received for Shipment Bills of Lading;*
- (b) on-board Bills of Lading;*
- (c) airway Bills of Lading;*
- (d) Parcel Post Receipts;*
- (e) Carrier's Receipts; or Railroad Bills of Lading giving title to the goods and evidencing despatch to a port for shipment to the Republic; or*
- (f) Arrival Notifications issued by Ellerman and Bucknall (Pty) Ltd, Safmarine Ltd and the Transatlantic Shipping Agency (Pty) Ltd",*

vreemde valuta ter betaling van invoere verskaf kan word. Uit hoofde van voorgaande is dit duidelik dat regulasie 12 nie as 'n reël op gewone invoere betrekking sou hê nie. Dit is egter belangrik om te let op die bepaling van afdeling B4(C)(iii) van die deviesebeheervoorskrifte wat bepaal dat:

*"Foreign exchange may be provided for **advance payments** not exceeding 33,3% of the ex-factory cost of **capital goods** to be imported provided the Authorised Dealer is satisfied from the production of documentary evidence supplied by the overseas manufacturer that the order would otherwise be refused and that such payment is normal in the trade concerned."*

Dit spreek vanself dat dit by laasgemelde gevalle moontlik mag wees dat so 'n voorskot betaal word en dat die nie-inwoner uitvoerder versuim om sy verpligtinge stiptelik na te kom en die goedere nie na die Republiek versend word nie. Dit is hoofsaaklik onder sodanige omstandighede wat

regulasie 12 toepassing sal vind.

Die vermoede wat in regulasie 12(3) voorkom is vanselfsprekend.

Daar moet onomwonde met Oelofse<sup>239</sup> saamgestem word dat regulasie 12(4) heeltemal onnodig voorkom aangesien dit klaarblyklik ten volle deur regulasie 10(1) gedek word.

---

<sup>239</sup> Oelofse 71.

## 5.14 REGULASIE 13

### VERBOD OP UITVOER VAN GOEDERE INGEVOER VAN LANDE BUIE DIE STERLINGGEBIED

13. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand enige artikel uitvoer vanuit die Republiek wat ingevoer is van enige land buite die sterlinggebied nie.
- (2) Vir die toepassing van hierdie regulasie word 'n artikel wat geheel of gedeeltelik in die Republiek van ingevoerde produkte, stowwe of onderdele vervaardig is, beskou as van Suid-Afrikaanse oorsprong en nie ingevoer van 'n land buite die sterlinggebied te wees nie.
- (3) In hierdie regulasie sluit "vervaardig" bewerk of saamgestel in.

### BESPREKING:

**Regulasie 13** is in 1948<sup>240</sup> tot die regulasies toegevoeg, toe bekend as regulasie 11. Ter verduideliking vir die uitvaardiging van regulasie 13 kom die volgende verklaring voor in die Verduidelikende Verklaring oor die Deviesebeheerregulasies soos vervat in die Kennisegwings kragtens die Deviesebeheerregulasies uitgevaardig onder Goewerments-kennisgewing 163 van 23 Januarie 1948. Die verduidelikende verklaring met betrekking tot regulasie 11 lui soos volg:

"Daarenteen het dit nodig geword om 'n nuwe regulasie (regulasie 11) in te voeg ten einde invoerders in sommige lande, wat 'n tekort aan Verenigde State-dollars en sekere betaalmiddels het, belet om uit die Unie, teen betaling in Sterling, goedere te verkry wat hulle nie in staat is om

---

<sup>240</sup> GK R 2800 van 2 November 1951.

regstreeks van die betrokke lande aan te koop nie.

Die Unie moet sy ongunstige handelsbalanse met ander lande in goud vereffen en die land se goudreserwes mag ernstig verminder word indien ander lande toegelaat word om die Unie in Sterling te betaal vir goedere wat die Unie in werklikheid met goud verkry het. Regulasie 11 verbied dus die heruitvoer uit die Unie, behalwe met die Tesourie-toestemming van goedere wat uit lande buite die Sterlinggebied ingevoer is.

Die verbod is ook van toepassing op die heruitvoer van goedere wat in die Unie vervaardig is indien 50% of meer van die fabriekskoste van die goedere verteenwoordig word deur materiaal of onderdele wat uit lande buite die Sterlinggebied ingevoer is."<sup>241</sup>

Soos reeds vroeër aangedui, was die uitvaardiging van die deviesebeheerregulasies in samehang met die res van die destydse Britse Ryk gedoen. Op daardie stadium, kort voor die Tweede Wêreldoorlog, is deviesebeheer toegepas tot die voordeel van die Britse Ryk. Oelofse<sup>242</sup> stel dit tereg dat:

"Die rede waarom goedere afkomstig uit die "Sterlinggebied" van die beperking uitgesluit is, sou dan die feit wees dat Suid-Afrika ook voorheen deel van die Britse Ryk was, met 'n gevolglike meer toegeefflike houding ten opsigte van goedere uit hierdie gebiede afkomstig."

---

<sup>241</sup> *Ibid.*

<sup>242</sup> Oelofse 72.

328

Die posisie het egter dramaties verander op 6 Junie 1958 met die uitvaardiging van Goewermentskennisgewing 797, sedert welke datum deviesebeheer tot die voordeel van die Republiek (of toe nog die Unie tot en met 1961) toegepas is.

Alhoewel regulasie 13 steeds behou is, speel dit in die praktyk geen verdere rol nie en het dit reeds in onbruik verval.

## 5.15 REGULASIE 14

### BEPERKING OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE PAPIERE WAT AAN NIE-INWONERS BEHOORT

14. (1) Behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel, mag niemand -
- (a) enige beheerde geldwaardige papier verkry of op enige manier wegdoen nie;
  - (b) as genomineerde namens 'n nie-inwoner optree of 'n nie-inwoner as genomineerde aanstel ten opsigte van enige transaksies in geldwaardige papiere nie;
  - (c) enige inskrywing in 'n register van geldwaardige papiere maak wat die oordrag van 'n geldwaardige papier op naam van 'n nie-inwoner of van hom af ten gevolge het nie;
  - (d) 'n adres van 'n nie-inwoner in 'n register van geldwaardige papiere verander nie, behalwe 'n verandering in 'n adres in dieselfde monetêre gebied as dié wat in die register aangeteken is;
  - (e) 'n adres in die Republiek in 'n register van geldwaardige papiere inskryf of enigiets doen met die bedoeling om inskrywing in so 'n register te bewerkstellig nie, indien hy weet of rede het om aan te neem dat die koper van die geldwaardige papier 'n nie-inwoner is of dat 'n nie-inwoner belang by die geldwaardige papier het;
  - (f) 'n geldwaardige papier wat aan 'n nie-inwoner behoort of waarby 'n nie-inwoner belang het, oordra van 'n Verenigde Koninkryk-register of van die Londense afdeling van 'n register na 'n Suid-Afrikaanse register of na 'n afdeling van 'n Suid-Afrikaanse register nie.

- (2) (a) Iedereen wat beheerde geldwaardige papiere hou, besit of in sy bewaring het, moet dié geldwaardige papiere aan 'n gemagtigde handelaar stuur binne dertig dae na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie, of binne dertig dae na die datum waarop hy die houer van dié geldwaardige papiere geword het of waarop sodanige geldwaardige papiere in sy besit gekom het of in sy bewaring geplaas is, naamlik die laaste datum.
- (b) Die geldwaardige papiere wat ingevolge paragraaf (a) gestuur word, moet vergesel gaan van 'n lys wat die volgende besonderhede verstrek : -
- (i) Die volle naam en die land van verblyf van die eienaar of persoon wat by die geldwaardige papiere belang het, saam met 'n ondertekende verklaring deur die houer dat die eienaar of belanghebbende persoon na sy beste wete werklik in genoemde land woonagtig is.
  - (ii) Die naam van die maatskappy of die liggaam wat die geldwaardige papiere uitgereik het.
  - (iii) Die totale getal geldwaardige papiere.
  - (iv) Die volle naam en die woonadres van die persoon in wie se besit of bewaring die geldwaardige papiere is.

Ten einde uitkenning van beheerde geldwaardige papiere te vergemaklik, kan die Tesourie gemagtigde handelaars gelas om op die geldwaardige papiere wat aldus aan hulle gestuur word, hul stempel af te druk en om enige aantekening wat die Tesourie mag bepaal, daarop aan te bring.

- (3) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken -
- (a) "beheerde geldwaardige papiere" -
    - (i) enige geldwaardige papier wat op naam van 'n

nie-inwoner geregistreer is, of waarvan 'n nie-inwoner die eienaar is, of waarby 'n nie-inwoner belang het;

(ii) enige geldwaardige papiere wat van 'n nie-inwoner of wat buite die Republiek deur enige persoon verkry is, afgesien van die woonplek van sodanige persoon;

(b) "nie-inwoner", 'n persoon wat buite die Republiek woonagtig is;

(c) "genomineerde", 'n persoon deur wie se bemiddeling alle of enige regte van die eienaar van die geldwaardige papier uitgeoefen word.

### **BESPREKING:**

In regulasie 1 word geldwaardige papiere omskryf as onder andere aandele, effekte, verbande, skuldbriewe en obligasies. In regulasie 14(3) word die omskrywing van beheerde geldwaardige papiere aangetref wat in wese daarop neerkom dat dit 'n geldwaardige papier is, geregistreer in die naam van 'n nie-inwoner of waarvan 'n nie-inwoner die eienaar is of 'n belang by het. Die doel van regulasie 14 is om beheer uit te oefen oor sodanige geldwaardige papiere waarin nie-inwoners 'n belang het. Ingevolge regulasie 14(1) sal 'n gemagtigde handelaar altyd betrokke wees by 'n transaksie waar 'n nie-inwoner enige belang in 'n geldwaardige papiere het, hetsy sodanige belang bekom of oorgedra word. Die prosedure wat in werking gestel is ten einde effektiewe beheer oor geldwaardige papiere wat aan nie-inwoners behoort, te verseker, is vervat in die sogenaamde effektebeheerkennisgewings wat op 2 September 1985 deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank uitgereik is waardeur spesifieke instruksies met betrekking tot die hantering van geldwaardige papiere gegee is aan gemagtigde banke, aandelemakelaars en



oordragsekretarisse.<sup>243</sup> Ingevolge regulasie 14(2) beheer gemagtigde handelaars beheerde geldwaardige papiere deur middel van die endossering daarvan. Die endossement wat op sodanige geldwaardige papiere aangebring word, moet lees "*non-resident*". Volledige instruksies word in die verband in die effektebeheerkennisgewings aangetref.

Die doel van die regulasie, soos saamgelees met die voormelde effektebeheerkennisgewings is om:

*"The principal object in controlling non-resident owned securities are to ensure:*

- (i) that residents requiring funds outside the rand monetary area do not obtain them by purchasing securities in the rand monetary area and selling them outside the rand monetary area without accounting for the proceeds in an approved manner;*
- (ii) that, since dividends are freely transferrable to their owner, a non-resident does not purchase securities from a resident, other than through approved channels, and*
- (iii) that residents do not draw on the exchange resources of the country to acquire non-resident owned securities."*<sup>244</sup>

Sover vasgestel kon word, is die enigste gerapporteerde beslissing wat

---

<sup>243</sup> Die kennisgewings sal nie in volledige besonderhede hierin bespreek word nie aangesien dit hoofsaaklik van 'n siviele aard is.

<sup>244</sup> Vgl paragraaf 4 van die eerste effektebeheerkennisgewing gedateer 2 September 1985.

met regulasie 14 handel die uitspraak van Regter King in *Standard Bank of South Africa Ltd & Another v Ocean Commodities Inc & Others*<sup>245</sup> asook die Appèlhofuitspraak in dieselfde saak in *Standard Bank of South Africa Ltd & Another v Ocean Commodities Inc & Another*.<sup>246</sup>

---

<sup>245</sup> *Standard Bank of South Africa Ltd & Another v Ocean Commodities Inc & Another* 1980 (2) SA 175 T.

<sup>246</sup> *Standard Bank of South Africa Ltd & Another v Ocean Commodities Inc & Another* 1983 (1) SA 276 A. Die saak is van besondere belang vir die beginsels rondom sessie en is hoofsaaklik van 'n siviele aard en 'n volledige bespreking daarvan val gevolglik buite die bestek van hierdie werk.

## 5.16 REGULASIE 14A

### BEPERKING OP DIE KOOP EN VERKOOP VAN FINANSIËLE RAND

- 14A (1) Behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel, mag niemand finansiële rand koop, ontvang, verkry of verkoop, lewer of wegdoen of andersins daarmee handel nie.
- (2) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken "finansiële rand":
- (a) die plaaslike verkoopopbrengs van Suid-Afrikaanse bates wat aan persone wat buite die Republiek woonagtig is, behoort het;
  - (b) fondse wat as sodanig deur die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie gemagtig aangewys is.

### BESPREKING:<sup>247</sup>

Die oorsprong van finansiële rand was geleë in die implementering van geblokkeerde rand op 16 Junie 1961. Lautenberg<sup>248</sup> beskryf die ontstaan van die geblokkeerde rand sisteem doeltreffend soos volg:

*"In the early 1960's political instability became prevalent;*

---

<sup>247</sup> In die lig daarvan dat die finansiële rand stelsel gedurende 1995 afgeskaf is, is regulasie 14A streng gesproke nie meer deel van die regulasies nie - vgl GK R 5475 van 12 Maart 1995. Die stelsel sal egter volledigheidshalwe kortliks bespreek word. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die herimplementering daarvan natuurlik moontlik, alhoewel uiters onwaarskynlik is, soos wat die geval was toe dit op 7 Februarie 1983 afgeskaf is en weer op 1 September 1985 heringestel is. Vanweë die afskaffing van die finansiële rand stelsel word die bespreking egter tot die belangrikste aspekte daarvan beperk.

<sup>248</sup> Lautenberg 91.

*South Africa was to become a Republic and on 21 March 1960 the Sharpville riots occurred. Up to this stage South African shares with a dual stock exchange quotation had stood virtually at par on the overseas markets with the South African price at the ruling rates of exchange. Political instability gave rise to a greater loss of confidence overseas than in South Africa. Accordingly price differences arose in shares quoted on the dual stock exchanges. Because non-residents were now keen to dispose of shares, prices overseas fell at a far greater rate than prices in South Africa. Non-residents were therefore in a position to buy cheaply abroad, send the scrip to South Africa for sale at the higher prices quoted on the Johannesburg Stock Exchange and then export the proceeds at the expense of the country's reserves. Stricter control had now become imperative and on 16 June 1961 Exchange Control Circular no. 37 was published, which drastically redefined the procedure governing the trading of securities quoted on dual stock exchanges. Coupled with this circular, the Securities Control Notices were issued, which replaced the notices issued on 2 September 1950.*

#### **EXISTING SHARES**

*All existing shares held by a non-resident (now defined as any resident outside the Republic of South Africa) or by a nominee on behalf of a non-resident had to be presented to an authorised bank; such shares would be endorsed "Non-Resident" ...*

#### **SALE PROCEEDS**

*The local sale proceeds of non-resident owned shares could only be deposited in a BLOCKED RAND ACCOUNT with an*

*authorised bank. This is the origin of the blocked rand and the starting point of the securities rand and financial rand. All funds credited to such an account were strictly controlled...*<sup>249</sup>

Die aanwendingsmoontlikhede van geblokkeerde rand was uiters beperk aangesien dit nie vrylik oordraagbaar was tussen nie-inwoners en dit kon slegs herbelê word in effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer was.

Verskeie veranderinge is aan die geblokkeerde rand stelsel aangebring en dit het met ingang van 30 Januarie 1976 bekend gestaan as effekte rand (*securities rand*).<sup>250</sup> Verskeie verdere veranderinge is aan die tweeledige wisselkoerstelsel aangebring en die effekte rand stelsel is op 25 Januarie 1979 vervang met die finansiële rand stelsel.<sup>251</sup> Die finansiële rand sisteem is op 7 Februarie 1983<sup>252</sup> afgeskaf wat tot gevolg gehad het dat die plaaslike verkoopopbrengs van nie-inwoner effekte nie langer aangewys is as finansiële rand nie en dus vrylik oordraagbaar was, deur

---

<sup>249</sup> Vgl ook Joubert 3 ev.

<sup>250</sup> Vgl deviesebeheersirkulêre C9 van 30 Januarie 1976.

<sup>251</sup> Vgl deviesebeheersirkulêre C24 van 25 Januarie 1979. Die omskepping van effekte rand na finansiële rand het plaasgevind in ooreenstemming met die Tussentydse Verslag van die De Kok kommissie wat op 24 Januarie 1979 vrygestel is. Alhoewel die kommissie aanvaar het dat die uiteindelijke mikpunt 'n unitêre wisselkoers is, was dit nie moontlik om dit onmiddellik in te stel nie en is voorgestel dat die tweeledige wisselkoerssisteem op daardie stadium uitgebrei moes word met 'n beheerde maar markbepaalde koers vir 'n onafhanklike kommersiële rand, met 'n vrye koers vir finansiële rand, as 'n tussentydse en oorgangs-maatreël. Die finansiële rand koers is, ingevolge die aanbeveling, uitsluitlik deur aanbod en vraag deur nie-inwoners bepaal terwyl die kommersiële rand koers bepaal is deur vraag en aanbod, maar onderworpe aan Reserwebank inmenging.

<sup>252</sup> Vgl deviesebeheersirkulêre C89 van 7 Februarie 1983.

normale bankkanale (dus teen die kommersiële rand wisselkoers), na die buiteland. Die verslapping van die deviese-beheermaatreëls wat op nie-inwoners van toepassing was deur die afskaffing van die finansiële rand stelsel was egter van korte duur aangesien dit op 2 September 1985 heringestel is.<sup>253</sup> Dit het veroorsaak dat die verkoopopbrengs van plaaslike bates deur nie-inwoners nie meer in vreemde valuta na die buiteland oorgedra kon word nie, maar dat dit gekrediteer moes word tot 'n finansiële rand rekening by 'n gemagtigde bank. Alhoewel die fondse vrylik oordraagbaar is tussen nie-inwoners, en dit ook herbelê kon word in Suid-Afrikaanse genoteerde effekte en ander aandelebeleggings soos deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank voorgeskryf, was die effek van die herimplementering van finansiële rand dat geen kapitaal uit die Republiek onttrek kon word nie en is die Suid-Afrikaanse vreemde valuta en goud reserwes gevolglik beskerm aangesien disinvestering deur internasionale maatskappye slegs kon plaasvind, in soverre as wat ander bereid was om fondse in die Republiek te investeer.

Duidelikheidshalwe word die volgende feitstel gegee ten einde die werking van die finansiële rand stelsel op 'n vereenvoudigde wyse uiteen te sit, naamlik:

Gestel A Beperk, 'n nie-inwoner maatskappy het \$1 000 000.00 in die Republiek belê, deur die fondse deur normale bankkanale, oftewel deur kommersiële rand, in die Republiek te belê teen R2.50 per Dollar. A Beperk het dus R2 500 000.00 wat plaaslik belê word in XYZ (Edms) Beperk. As gevolg van die disinvestering waardeur 'n groot persentasie vreemde valuta verloor word, stel die Republiek die finansiële rand stelsel in werking. Weens politieke druk en finansiële oorwegings word A Beperk verplig om sy belegging uit die Republiek te onttrek, maar moet hy as gevolg van die finansiële rand stelsel die verkoopopbrengs van sy

---

<sup>253</sup> Vgl deviesebeheersirkulêre C121 van 2 September 1985.

338

belegging tot 'n finansiële rand rekening by 'n gemagtigde bank krediteer.


B Beperk, 'n ander nie-inwoner maatskappy is begerig om in die Republiek te belê en word toegelaat om sodanige belegging deur middel van die finansiële rand medium te maak. B Beperk koop die finansiële rand balans van A Beperk teen finansiële R3.25 per \$. A Beperk ontvang \$769 231.00 in die buiteland terwyl B Beperk die ekwivalente finansiële rand waarde in byvoorbeeld 'n ongenoteerde maatskappy se aandelekapitaal, FG (Edms) Bpk in die skematiese voorstelling belê. Die aanwendingsveld van finansiële rand, wat redelik streng gereguleer word, is beperk tot:

- (1) beleggings op die Johannesburgse Effektebeurs;
- (2) beleggings in die aandelekapitaal van ongenoteerde maatskappye;
- (3) finansiële rand 500 000 per emigrerende gesin.

Dit kan skematies soos volg uitgebeeld word:

SIEN FIGUUR 5.7 OP BLADSY 339.

FIGUUR 5.7



Uit voorgaande voorstelling behoort dit duidelik te wees dat:

- (1) alhoewel A Bpk se belegging uit die land onttrek is, kan dit slegs plaasvind in soverre as wat 'n ander nie-inwoner bereid is om in Suid-Afrika te belê;
- (2) A Bpk se onttrekking van sy belegging in die Republiek het geen invloed op die Republiek se vreemde valuta reserwes nie, want geen uitvloei of invloei van vreemde valuta vind plaas nie;
- (3) die stelsel is primêr daarop ingestel om te verhoed dat beleggings uit die Republiek onttrek kan word, met die gepaardgaande verlies aan kapitaal;
- (4) 'n Suid-Afrikaanse inwoner mag nooit in finansiële rand handel nie, tensy hy emigreer, in welke geval dit tot sy nadeel is om sy geld teen die finansiële rand koers uit die Republiek te neem.
- (5) Die handel in finansiële rand beïnvloed nie die Suid-Afrikaanse vreemde valuta reserwes nie.



Die balans van fondse wat tot finansiële rand rekeninge gekrediteer staan, staan bekend as die "finansiële rand poel". Die rede vir die bestaan van die finansiële rand poel is natuurlik omdat buitelandse beleggers meer kapitaal uit die Republiek wil onttrek, derhalwe 'n krediet tot die finansiële rand poel, as wat hulle bereid is om in die Republiek te belê, wat 'n debiet tot die finansiële rand poel is. Die koers waarteen finansiële rand verhandel word, word suiwer op grond van vraag en aanbod bepaal en kan dus as 'n maatstaf beskou word waarteen buitelandse beleggers se vertroue in die Republiek gemeet kan word.

Die vernaamste misbruike van finansiële rand kom voor by sogenaamde "round tripping" of finansiële rand rondritsery, welke hieronder by wyse van 'n voorbeeld toegelig word. Gestel E, 'n inwoner van die Republiek voer goedere in ter waarde van \$40 000 vanaf F in New York. Teen R2.50 per \$ behoort E 'n invoerbetalings van R100 000 te maak. F oorfaktureer E, op E se versoek, met \$40 000 en op sterkte van die vals invoerdokumente maak E 'n invoerbetalings van \$80 000 (R200 000) aan F. F hou \$40 000 as betaling, en betaal die ander \$40 000 in E se buitelandse bankrekening in. Onder die voorwendsel dat 'n ander nie-inwoner, G, vir wie E as agent optree, 'n belegging in 'n ongenoteerde maatskappy wil maak, kanaliseer E die \$40 000 terug na die Republiek deur middel van die finansiële rand medium. Teen 'n koers van finansiële R3,25 per \$ word E se \$40 000 finansiële R130 000.<sup>254</sup> Deur R100 000 (kommersiële rand) onwettig in die buiteland te akkumuleer en dit dan deur middel van die finansiële rand medium na die Republiek te repatriëer maak E dus 'n wins van R30 000. Dit is onvermydelik dat verskeie bedrieglike wanvoorstellings gedurende die proses gemaak word en kan die beskuldigde E dus van bedrog aangekla


---

<sup>254</sup> Deur die proses te herhaal kan astronomiese onwettige winste gemaak word. Die nadeel is daarin geleë dat vreemde valuta uitgevoer word, sonder dat enige teenwaarde daarvoor ontvang word. Die wins wat gemaak word verteenwoordig min of meer die verskil tussen die finansiële rand en die kommersiële rand koers.

word. Die Staat gaan egter in sulke sake onder baie ernstige bewysregtelike probleme gebuk, wat veral voortspruit uit die feit dat 'n duidelike vloei van fondse deur buitelandse bankrekeninge moeilik bewysbaar is waar verskeie maatskappye, trusts en ander persone se rekeninge gebruik word, asook die feit dat sekere buitelandse bankiers weier om die nodige inligting beskikbaar te stel vanweë hul geheimhoudingsplig.

Skematies kan die feitstel soos volg opgesom word:

**FIGUUR 5.8**



Alhoewel verskeie vervolgings al plaasgevind het vir oortredings van regulasie 14A is die enigste gerapporteerde beslissing, waaroor skrywer

beskik, die uitsprake van Regter Gordon in *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* en Regter Zulman in *S v Morringer, Leitich & Allied Bank Bpk.*<sup>255</sup>

Die oortredings van regulasie 14A is vergemaklik weens die misbruik van die status van African Bank van Suid-Afrika Bpk, as 'n gemagtigde handelaar, deur sekere individue wat die bank se internasionale afdeling hanteer het. Kortliks saamgevat kan die feite soos volg gestel word:

African Bank van Suid-Afrika Bpk, wat 'n gemagtigde handelaar was en as sulks gemagtig om in vreemde valuta handel te dryf, maar wat nie 'n gemagtigde bank was nie en derhalwe nie in finansiële rand kon handel dryf nie, het finansiële rand aangekoop vanaf 'n makelaarsfirma in Londen bekend as *Smith Newcourt*. Ten einde te betaal vir die finansiële rand het African Bank van Suid-Afrika Bpk die ooreenstemmende \$ waarde via Santam Bank aangekoop. Laasgemelde as synde 'n gemagtigde handelaar het hul vreemde valuta rekening by *Manufacturers Hanover Trust*, New York gehad, terwyl African Bank van Suid-Afrika Bpk oor 'n vreemde valuta rekening by *First Wisconsin International Bank*, New York beskik het. Die \$ wat vanaf Santam Bank aangekoop is, is gevolglik op African Bank van Suid-Afrika Bpk se instruksie via *Manufacturers Hanover Trust*, New York oorgeplaas na *First Wisconsin International Bank*, New York ten gunste van African Bank van Suid-Afrika Bpk wat dit op hul beurt oorbetaal het aan *Barclays Bank*, New York met *Smit Newcourt* as begunstigde. *Barclays Bank*, New York het die \$ daarop oorbetaal aan *Barclays Bank*, London waar *Smith Newcourt* hul rekening gehad het. Op


---

<sup>255</sup> *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W en *S v Morringer, Leitich and Allied Bank Beperk*, 1993 (2) SASV 268 W. Sien ook *S v Ismail* 1993 (1) SASV 33 D. Laasgemelde uitspraak handel bloot met 'n eksepsie teen die klagstaat. Van besondere belang is egter die gedeelte van Regter Galgut se uitspraak waarin hy bevind dat nòg regulasie 14A *ultra vires* die Wet is, nòg 'n ongemagtigde delegasie plaasgevind het.

die wyse is betaling vir die finansiële rand deur African Bank van Suid-Afrika Bpk via die korrespondentebanke bewerkstellig. Teen betaling het die tweede been gevolg waardeur die finansiële rand aan African Bank van Suid-Afrika Bpk beskikbaar gestel is. Op die instruksies van Barclays Bank, London is finansiële rand deur Barclays Bank Stock Exchange tak Johannesburg oorbetaal aan Trustbank, Eloffstraat en daarna aan Trustbank Commissionerstraat, by welke instansie African Bank van Suid-Afrika Bpk ook rekeninge gehou het. Die finansiële rand wat deur Barclays Bank Stock Exchange Johannesburg oorbetaal is aan Trustbank, vir die rekening van African Bank van Suid-Afrika Bpk was betalings by wyse van tjeks, direk uitgemaak met African Bank van Suid-Afrika Bpk se rekeningnommer by Trustbank as begunstigde. Alhoewel daar op die betrokke tjeks aangedui is dat dit finansiële rand was, het dit deur die inbetaling daarvan in African Bank van Suid-Afrika Bpk se rekeninge by Trustbank hul designasie as finansiële rand verloor en is dit van daar as gewone kommersiële rand aangewend. Die feite word skematies soos volg voorgestel:

SIEN FIGUUR 5.9 OP BLADSY 344.

FIGUUR 5.9



Sowat 105 transaksies het voorgekom gedurende die tydperk vanaf ongeveer 12 November 1985 tot 3 Junie 1986. Die totale kapitaal wat African Bank van Suid-Afrika Bpk aangewend het, het 'n bedrag van R252 658 835.00 beloop vir die aankoop van \$119 457 081. Die finansiële rand wat op hul beurt met die \$ aangekoop is, het 'n bedrag van finansiële R353 313 516.00 beloop. Die wins wat African Bank van Suid-Afrika Bpk in die proses gemaak het, het 'n bedrag van R100 654 681.00 beloop. Uiteraard is die \$ waarde permanent vir die Republiek verloor en dit het op daardie stadium ongeveer 4,9% van die totale goud en vreemde valutareserwes van die Republiek verteenwoordig.

Op die feite het die hof bevind dat die eerste beskuldigde, African Bank van Suid-Afrika Bpk, nie uit hoofde van die bepalings van artikel 332 van die Strafproseswet,<sup>256</sup> aanspreeklik was nie as gevolg van die feit dat:<sup>257</sup>

*"As to the position of the bank, s 332 of the Criminal Procedure Act 51 of 1977 provides that a corporate body is liable for an offence committed by a director or servant when the acts are done in the exercise of his powers or in the performance of his duties, or in furthering or endeavouring to further the interests of the corporate body. The State alleged that the offences had been committed by the third, fourth and fifth accused as servants of the bank and in furthering or endeavouring to further the interests of the bank. It was argued for the bank that the third, fourth and fifth accused had not been servants of the bank, and that the following factors and/or circumstances supported that conclusion: The joint venture agreement, in terms of which*

---

<sup>256</sup> Wet 51 van 1977 soos gewysig.

<sup>257</sup> Op 594 G tot J van die uitspraak.

*AFSEK CC (and its predecessors in title) bore the costs of employing them; of financing the infrastructural and capital costs of establishing the corporate division; bore its running expenses and bore all losses incurred by the division: It was only profits which were to be shared between the Bank and AFSEK CC. The only contribution by the bank to the corporate division was the use of its licence and its name. The element of control necessary to the relationship between master and servant or between employer and employee had thus been lacking."*

Wat die derde, vierde en vyfde beskuldigdes betref, is hul almal skuldig bevind op die eerste klagte van bedrog asook die klagtes met betrekking tot oortreding van regulasies 14A and regulasie 10(1)(c). Die beskuldigdes is gevonnissen tot 14 jaar gevangenisstraf.

Ter afsluiting dien daar op die volgende treffende omskrywing van finansiële rand, en die gebruike daarvan deur Spitz & Harrison<sup>258</sup> gelet te word, naamlik:

*"Distinct from the commercial rand, which is used for current transactions, financial rand constitutes a separate pool of currency created from the sale proceeds of non-resident owned South African assets which may be used for certain approved capital investments. That flows of currency in and out of the pool of financial rand do not effect the South African gold and foreign exchange reserves is the essential goal of the financial rand system. While commercial rand transactions either increase or decrease the foreign reserves in line with the monetary flows, financial*

---

<sup>258</sup> Spitz & Harrison Afdeling 3 17.

*rand transactions, on the other hand, generally represent a transfer of title of South African assets between non-residents and as such have no impact on the country's reserves.*

*The supply of financial rand (from the sale of South African assets) has usually exceeded the demand (for the acquisition of South African assets), thus historically the financial rand has always traded at a discount compared with the commercial rand.*

*The financial rand mechanism was primarily designed to protect the country's foreign reserves from the potential harmful effects of negative capital flows. However, the financial rand also provides a significant incentive for investment by non-residents in the Republic since South African assets can be acquired at a discount compared to their acquisition through the commercial rand. The fact that South Africa is not using its foreign currency reserves held with foreign banks to pay a "disinvestor" abroad in foreign exchange for his financial rand balance held in South Africa explains why this unit serves as a hedge or protection mechanism to prevent the country's reserves from being used to finance disinvestments from the Republic."*

Wat die omskrywing van die gebruike van finansiële rand betref, wys Spitz & Harison op die volgende:<sup>259</sup>

**"OUTWARD CAPITAL INVESTMENT**

*Financial Rand is generally used for foreign direct investments (equity capital) by residents; participation by*

---

<sup>259</sup> *Ibid.*



*residents in share incentive schemes of foreign companies;  
transferring the settling in allowances granted to emigrants;  
inheritances by non-residents; and disinvestments proceeds.*

**INWARD CAPITAL INVESTMENT**

*The financial rand may be used for acquiring quoted securities, without the approval of the exchange control, through authorised banks; and (with exchange control approval):*

- (a) Unquoted securities;*
- (b) Industrial and commercial property;*
- (c) The introduction of capital funds by immigrants."*

## 5.17 REGULASIE 15

### VERBOD OP TRANSAKSIES IN GELDWAARDIGE TOONDERPAPIERE EN TOONDEROPSIES

15. (1) Niemand mag 'n dividend- of rentekoepon wat ten opsigte van 'n geldwaardige toonderpapier uitgereik is, betaal nie, ongeag of sodanige koepon betaalbaar geword het voor of betaalbaar word na die inwerkingtreding van hierdie regulasie.
- (2) Niemand mag 'n toonderopsie uitreik of die looptyd van 'n bestaande toonderopsie verleng nie.
- (3) Niemand mag -
- (a) 'n geldwaardige toonderpapier;
  - (b) 'n toonderopsie uitgereik na die datum van afkondiging van hierdie Proklamasie in die Staatskoerant wegdoen, verkry of op 'n ander wyse daarin handel nie.
- (4) Die eienaar van 'n geldwaardige toonderpapier kan met vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, die geldwaardige papier in 'n geregistreerde geldwaardige papier omsit.
- (5) Aansoek om vergunning om 'n geldwaardige toonderpapier in 'n geregistreerde geldwaardige papier om te sit moet vergesel gaan van 'n beëdigde verklaring, in die vorm wat die Tesourie bepaal, wat behoorlik deur die eienaar van die geldwaardige papier of sy gemagtigde agent voltooi moet wees.
- (6) (a) Die Tesourie of iemand deur die Tesourie gemagtig, kan vrystelling verleen van die bepalings van sub-regulasies (1), (2) en (3).
- (b) Die bepalings van sub-regulasie (5) is *mutatis mutandis* van

toepassing ten opsigte van aansoeke om vrystelling kragtens paragraaf (a) van hierdie sub-regulasie wat betrekking het op geldwaardige toonderpapiere of op dividend- of rentekoepons uitgereik in verband met sodanige geldwaardige toonderpapiere.

- (7) Die bepalings van hierdie regulasie is van toepassing op alle geldwaardige toonderpapiere en toonderopsies, ongeag of die geldwaardige papiere of opsies binne of buite die Republiek uitgereik is of word.
- (8) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken "opsie", die reg om in te skryf op 'n hele kapitaaluitgifte of op 'n gedeelte daarvan.

### **BESPREKING:**

Ingevolge Regulasie 15 word 'n verbod geplaas op transaksies in geldwaardige toonderpapiere en toonderopsies. Dit is duidelik dat regulasie 15 in 'n mate in samehang met regulasies 14 en 16 gesien moet word. Soos reeds in regulasie 14 aangetoon, word die begrip geldwaardige papiere in regulasie 1 omskryf as:

"aandele, effekte, verbande, skuldbriewe, obligasies, eenheidsertifikate asook 'n brief of ander dokument wat enige bewys van regte ten aansien van 'n geldwaardige papier verleen of bevat."

Waar daar in regulasie 15 verwys word na **toonderpapiere** en **toonderopsies** is dit duidelik dat die bedoeling daarmee is dat die toonder van die dokumente die reghebbende daarvan is. In gevalle waar geldwaardige papiere nie toonderdokumente is nie, sal die reghebbende uiteraard 'n spesifieke aangeduide persoon wees. Dit spreek vanself dat toonder geldwaardige papiere deur blote lewering van die dokument oorgedra word en Oelofse wys tereg daarop dat dit as sodanig as

verhandelbare dokumente erken word.<sup>260</sup> Eintlik spreek die verbiedinge van regulasie 15, soos vervat in regulasie 15(1), (2) en (3) vir sigself. Ingevolge regulasie 15(4) en (5) word die moontlikheid geskep dat 'n eienaar van 'n geldwaardige toonderpapier, met die Tesourie se goedkeuring, verlof kan verkry om die geldwaardige papier om te skakel na 'n geregistreerde geldwaardige papier. Alhoewel daar in die regulasie melding gemaak word dat die aansoek vergesel moet gaan van 'n beëdigde verklaring wat die vorm moet wees wat deur die Tesourie bepaal word, word geen spesifieke vorm tans in die regulasies aangetref nie. In die regulasies wat in 1951 uitgevaardig is<sup>261</sup> word in paragraaf 7 van die kennisgewings kragtens die Deviesebeheerregulasies 'n spesifieke voorgeskrewe vorm aangetref.<sup>262</sup>

---

<sup>260</sup> Oelofse 82.

<sup>261</sup> GK R 2800 van 2 November 1951.

<sup>262</sup> Die vorm word ook aangetref in die 1942 asook in die 1948 regulasies, maar kom reeds sedert 1951 nie meer in die regulasies, kennisgewings of Bevel en Reëls voor nie. Die weglating daarvan dui waarskynlik daarop dat dit in onbruik verval het.

## 5.18 REGULASIE 16

### BEHEER OOR KAPITAALUITGIFTES

16. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand gedurende enige tydperk van twaalf maande -

(a) 'n uitgifte of uitgiftes van kapitaal binne die Republiek doen wat altesaam op meer as tienduisend rand te staan kom nie; of

(b) die aflosdatum van geldwaardige papiere wat binne die Republiek by verstryking van hul looptyd aflosbaar word en in geheel op meer as tienduisend rand te staan kom, hernu of verleng nie.

(2) Die Tesourie kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die Staatskoerant -

(a) besondere klasse uitgewers van kapitaal, of in die algemeen, of met betrekking tot bepaalde soorte uitgiftes van kapitaal, vrystel van die bepalings van sub-regulasie (1); of

(b) die vrystellingsperk van tienduisend rand wat in sub-regulasie (1) voorgeskryf is of in die algemeen of met betrekking tot bepaalde klasse uitgiftes of uitgewers van kapitaal, verhoog;

en kan by soortgelyke kennisgewing enige kennisgewing van voormelde aard herroep of enige vrystellingsperk wat in so 'n kennisgewing voorgeskryf is, verminder tot 'n bedrag van nie minder as tienduisend rand nie, al na die geval.

(3) Vir die toepassing van hierdie regulasie -

(a) word iemand geag 'n uitgifte van kapitaal te doen as hy -

(i) deur die uitgifte, binne of buite die Republiek, van geldwaardige papiere, kapitaal binne die Republiek opneem of as hy geldwaardige papiere, hetsy vir kontant

al dan nie, uitgee; of

- (ii) 'n geldlening ontvang op voorwaarde of in die verwagting dat die volle of 'n gedeelte van die lening terugbetaal sal of kan word deur die uitgifte van geldwaardige papiere of deur die oordrag van geldwaardige papiere wat na die sluiting van die lening uitgegee is;
  - (b) word die kapitaalbedrag wat uitgereik is of sal word, geag die bedrag te wees wat verkry sal word deur die uitgifte of die totale nominale waarde van die geldwaardige papiere, naamlik die grootste bedrag.
- (4) Die sluiting van enige lening deur enige plaaslike bestuur sal as 'n uitgifte van kapitaal beskou word, ongeag of geldwaardige papiere ten opsigte van die lening uitgereik of oorgedra word, al dan nie.
- (5) Geen plaaslike bestuur mag sonder die skriftelike vergunning van die Tesourie 'n lening buite die Republiek sluit nie.
- (6) As 'n advertensie, prospektus of ander dokument waarin enige geldwaardige papiere vir inskrywing aangebied word, 'n verklaring bevat wat te kenne gee of, na dit wil voorkom, te kenne gee dat die Tesourie die uitgifte goedgekeur het, of daarin toegestem het, dan mag so 'n verklaring slegs as 'n aanhef of aan die begin van die advertensie, prospektus of ander dokument verskyn en moet dit in die volgende bewoording opgestel en gekwalifiseer wees : -

"Kragtens Deviesebeheerregulasie 16 het die Tesourie toestemming verleen tot die uitgifte van die geldwaardige papiere waarvan hieronder melding gemaak word, maar sodanige toestemming beteken nie dat die Tesourie ondersoek ingestel het na of op enigerlei wyse verantwoordelik is vir die betroubaarheid van die voorstelle wat gedoen word of vir die juistheid van verklarings, opinies of skattings wat in verband met die voorstelle gemaak of gegee is nie."

**BESPREKING:**

Regulasie 16 is een van die regulasies waarvan die uitvoering uitsluitlik by die Tesourie berus en wat nie ten gunste van die Suid-Afrikaanse Reserwebank gedelegeer is nie.

Daar dien op gelet te word dat 'n vrystelling van regulasie 16 in paragraaf 9 van die Bevele en Reëls aangetref word ingevolge waarvan:

- "(a) Alle maatskappye en persone, behalwe munisipaliteite of ander plaaslike besture vrygestel (is) van die bepalings van regulasie 16(1); en
- (b) In geval van lenings wat deur enige plaaslike bestuur gesluit word, die totale vrystellingsperke wat in regulasie 16(1) voorgeskryf word, tot R1 000 000.00 verhoog (is).<sup>263 264</sup>

Oelofse<sup>265</sup> stel dit dat regulasie 16(5) na sy mening *ultra vires* is aangesien dit nie op betaalmiddels, die bankwese of wisselkoerse betrekking het nie. Ingevolge regulasie 16(5) word plaaslike besture verbied om sonder die skriftelike vergunning van die Tesourie, 'n lening buite die Republiek te sluit. Sodanige handeling word egter in ieder geval ingevolge regulasie 2 verbied word. 'n Lening wat in die buiteland gesluit

---

<sup>263</sup> Vgl paragraaf 9 van die Bevele en Reëls, GK R 1112 van 1 Desember 1961.

<sup>264</sup> In die lig van die algemene vrystelling van regulasie 16, soos hierbo na verwys, welke reeds sedert 1961 voorkom (en in 'n beperkte mate reeds sedert 1948 in werking is) spreek dit vanself dat ook hierdie regulasie, soos regulasie 13, nie meer enigsins in die praktyk toepassing vind nie, met die uitsondering van kapitaal-uitgiftes by plaaslike besture wat meer as R1 000 000 beloop. Vgl in die algemeen Oelofse 85 en 86.

<sup>265</sup> Oelofse 85.

word, kan immers slegs op vreemde valuta betrekking hê en word sodanige handeling ingevolge regulasie 2 verbied.



## 5.19 REGULASIE 17

### BESIGHEDE WAT DEUR PERSONE BUITE DIE REPUBLIEK BEHEER WORD

17. Waar 'n besigheid vanaf 'n plek buite die Republiek beheer word, word alle transaksies met 'n tak of ondergeskikte maatskappy van sodanige besigheid in die Republiek behandel asof so 'n tak of ondergeskikte maatskappy 'n afsonderlike persoon is. Die bestuurder of kontroleur van so 'n tak of ondergeskikte maatskappy in die Republiek moet dieselfde verpligtings ingevolge hierdie regulasie aanvaar as hy sou moes aanvaar het as voorgenoemde tak of ondergeskikte maatskappy onafhanklik was van beheer van 'n plek buite die Republiek.

### BESPREKING:

Daar is reeds hierbo<sup>266</sup> gewys op die onderskeid tussen inwoners en nie-inwoners en die effek wat dit op die regulasies het. In die opsig is regulasie 17 spesifiek van toepassing op besighede in die Republiek wat beheer word deur persone buite die Republiek. Regulasie 17 bestaan in wese uit die volgende element, naamlik:

- (1) Wanneer 'n besigheid in die Republiek;
- (2) beheer word vanaf 'n plek buite die Republiek;
- (3) moet alle transaksies met die besigheid in die Republiek hanteer word asof dit twee afsonderlike persone is;
- (4) Die plaaslike bestuurder van so 'n besigheid is in alle opsigte gebonde aan die deviesebeheerregulasies asof hy 'n gewone inwoner is.

Dit is klaarblyk die doel van die regulasie om te verhoed dat 'n nie-inwoner wat oor besigheidsbelange in die Republiek beskik, hom daarop kan beroep dat die regulasies, of dan minstens sekere regulasies, nie op hom

---

<sup>266</sup> Vgl par 3.5.2 *supra*.

van toepassing is nie aangesien hy nie 'n inwoner van die Republiek is nie.<sup>267</sup> Dit word gevolglik aan die hand gedoen dat dit die bedoeling met regulasie 17 is om alle besighede wat in die Republiek handel dryf, binne die trefwydte van die regulasies te plaas. Die betekenis van regulasie 17 het spesifiek ter sprake gekom in die uitspraak van Regter Margo in *Sagit Property Holdings Ltd v Union Bank of Switzerland*.<sup>268</sup> In sy ontleding van die bepalings van regulasie 17 het Regter Margo die volgende opmerkings gemaak:<sup>269</sup>

*"Reg. 17 is not clear in all respects. What is a "subsidiary" of a business? The Afrikaans text of the regulation refers to: "’n tak of ’n ondergeskikte maatskappy van sodanige besigheid".*

*The concept of a subsidiary company of a business is scarcely apt. Then, the requirement in reg. 17 that any transaction whether a South African branch or subsidiary shall be treated as if such branch or subsidiary were a separate person does not necessarily mean that such separate person is to be regarded as a resident in the Republic. The central control and management of a separate juristic persona, carrying on business exclusively in the Republic, might yet be located in a foreign country, so that it would not be resident in the Republic. In any event, a subsidiary company is already a persona separate from its parent.*

*On the other hand, the regulation applies "where the*

---

<sup>267</sup> Vgl veral regulasies 5 en 6 waar daar telkens verwys word na "iedereen wat in die Republiek woonagtig is".

<sup>268</sup> *Sagit Property Holdings Ltd v Union Bank of Switzerland* 1977 (3) SA 897 W.

<sup>269</sup> Op 900 C tot H en 901 A van die gerapporteerde uitspraak.

*control... is established outside the Republic", and what purpose could there be in this provision other than to deny to the local branch or subsidiary the qualification of a person resident outside the Republic? If that be the correct construction, then the second part of reg. 17 would be the logical complement, for its purpose could only be to impose on the management and control of the South African branch or subsidiary the same obligations under the Exchange Control Regulations as if the branch or subsidiary were a resident of the Republic. A further indication that that was the construction intended in reg. 17 appears from the Orders and Rules under the Exchange Control Regulations, issued under Government Notice R1112 of 1 December 1961, in terms of sec. 9(5) of Act 9 of 1933. Para. 6 of the Orders and Rules includes instructions for furnishing the information prescribed by regs. 6 and 7 of the Exchange Control Regulations, and sub-para. (4) of those instructions, in so far as relevant, reads as follows:*

*"(4) South African branches and subsidiaries of foreign companies are "residents" of South Africa for Exchange Control purposes..."...*

*In my opinion, therefore, the meaning of reg.17 is that, inter alia, any transaction with the South African branch of a foreign business or the South African subsidiary of a foreign company is to be treated as if such branch or subsidiary were a separate person controlled in the Republic. If the effect of so regarding the branch or business is that it is resident in the Republic, then the transaction is to be treated accordingly, even if the actual control of such branch or subsidiary from outside would otherwise make it resident outside the Republic."*

Dit word aan die hand gedoen dat Regter Margo se uiteensetting van die doel en trefwydte van regulasie 17 inderdaad korrek is.

Oelofse<sup>270</sup> wys tereg daarop dat die regulasie se bewoording vir kritiek vatbaar is, veral aangesien daar verwys word na "besigheid", terwyl die klaarblyklike bedoeling van "ondergeskikte maatskappy" 'n filiaal-maatskappy is, wat inhou dat die "houer" nie noodwendig 'n regs persoon hoef te wees nie. Hy stel dit dan voorts dat aanvaar kan word dat 'n kantoor wat bloot 'n waarnemers- en inligtingsrol vir die "hoofbesigheid" vervul, nie as 'n "tak" beskou moet word nie.

---

<sup>270</sup> Oelofse 27.

## 5.20 REGULASIE 18

### SEKERHEIDSTELLING

18. (1) Die Tesourie of iemand wat die Tesourie gemagtig het, kan enigeen beveel om in 'n vorm en tot 'n bedrag wat die Tesourie bepaal, sekerheid te stel dat hy, òf in die algemeen òf met betrekking tot 'n bepaalde transaksie, sal voldoen aan die bepalings van enigeen van hierdie regulasies wat deur die Tesourie of deur iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het, voorgeskryf mag word.
- (2) Waar iemand wat ingevolge hierdie regulasie sekerheid gestel het, in gebreke gebly het om aan die bepalings van hierdie regulasies ten aansien waarvan sekerheid gestel is, te voldoen, kan die Tesourie beveel dat die betrokke sekerheid tot voordeel van die Gekonsolideerde Inkomstefonds verbeur word.

Die verbeurdverklaring van voormelde sekerheid stuit nie die instelling van enige ander aksie teen die betrokke persoon weens sy versuim om aan die bepalings van hierdie regulasie te voldoen nie.

### BESPREKING:

Oelofse<sup>271</sup> spreek fel kritiek teen die geldigheid van regulasie 18 uit en kom inderdaad tot die gevolgtrekking dat dit in geheel, vanweë die onredelikheid daarvan, nietig is. Sy gevolgtrekking is daarop gebaseer dat:

- (1) Ingevolge die bepalings van regulasie 18 die Tesourie teoreties die hele bevolking kan beveel om in die algemeen sekerheid te stel vir die nakoming van die regulasies;
- (2) Voormelde inhou dat persone daardeur geraak kan word wat moontlik nie eens oorweeg om ooit enige iets met die regulasies te

---

<sup>271</sup> Oelofse 87.

doen te hê nie;

- (3) Geen aanduiding gegee word van hoe lank die sekerheidstelling van krag sal bly nie, en of dit op een of ander stadium opgehef kan word, al dan nie.

Dit word aan die hand gedoen dat Oelofse se kritiek teen die regulasie inderdaad geldig is. Verdere probleme wat uit die regulasie blyk en wat dit beide oneffektief en onprakties maak, is:

- (1) Geen voorsiening word daarin gemaak vir die verbeurdverklaring ten gunste van die Staat van 'n **gedeelte** van die sekuriteit wat gegee is nie;
- (2) Geen voorsiening word daarin gemaak om enige betrokke persoon in kennis te stel van die Tesourie se voornemens om 'n gedeelte, of alle sekuriteit wat gestel is, verbeurd te verklaar nie.
- (3) Geen voorsiening word gemaak vir die toepassing van die *audi alteram partem* beginsel alvorens die sekuriteit, of enige gedeelte daarvan, ten gunste van die Staat verbeurd verklaar word;
- (4) Geen voorsiening word gemaak vir die verkryging van addisionele sekuriteit indien die sekuriteit wat reeds voorsien is, verbeurd verklaar is.

Uit hoofde van voorgaande word dit aan die hand gedoen dat dit noodsaaklik is om die regulasie te wysig ten einde die regsgeldigheid daarvan te verseker. Regulasie 18 kan besonder effektief ingespan word om die stiptelike afdwinging van die regulasies, veral deur gemagtigde handelaars, te verseker. Indien 'n gemagtigde handelaar gelas sou word om sekuriteit te stel met die wete dat sodanige sekuriteit verbeur sal word wanneer oortredings van die regulasies deur die gemagtigde handelaar sou plaasvind, sou daar ongetwyfeld groter omsigtigheid aan die dag gelê word deur gemagtigde handelaars.

## 5.21 REGULASIE 19

### VERSTREKKING VAN INLIGTING

19. (1) Die Tesourie of enige persoon wat die Tesourie daartoe gemagtig het, kan enigeen beveel om inligting waaroor hy beskik en wat volgens die oordeel van die Tesourie of voornoemde gemagtigde persoon nodig is vir die toepassing van hierdie regulasies, te verstrek en enigeen wat in die algemeen of in die besonder deur die Tesourie vir dié doel aangestel is, kan die woon- of besigheidspersone van die persoon aan wie so 'n bevel uitgereik is, betree en enige boek of dokument wat aan so 'n persoon behoort of onder sy beheer is, ondersoek.
- (2) As iemand by die verstrekking van inligting ooreenkomstig so 'n bevel 'n verklaring doen wat strydig is met 'n verklaring wat hy tevore gedoen het toe hy inligting wat in verband met die onderwerp van sodanige bevel nodig was, verstrek het, word hy geag 'n onjuiste verklaring ingevolge regulasie 22 te gedoen het en op 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of aanklag waarin beweer word dat hy twee strydige verklarings gemaak het, kan hy skuldig bevind word aan die doen van 'n onjuiste verklaring in stryd met voormelde regulasie 22 by bewys dat die twee betrokke verklarings gedoen is en sonder bewys van watter een van die twee verklarings onjuis was, tensy hy bewys dat toe hy die verklarings gedoen het, hy in die juistheid van elkeen geglo het.

### BESPREKING:

Alhoewel geen regulasie soortgelyk aan regulasie 19 by die uitvaardiging van die regulasies in 1939<sup>272</sup> voorgekom het nie, is 'n regulasie in 1942<sup>273</sup> toegevoeg welke soos volg daarna uitgesien het, naamlik:

"21(1) Die Tesourie of iemand wat deur die Tesourie

---

<sup>272</sup> GK R 1386 van 9 September 1939.

<sup>273</sup> GK R 266 van 19 Oktober 1942. Regulasie 21.

gemagtig is, kan enigeen beveel om inligting te verstrek wat tot so iemand se beskikking is en wat die Tesourie of so 'n gemagtigde persoon as nodig beskou ten einde te verseker dat aan enige een van die bepalings van hierdie regulasies voldoen word, en enige een wat die Tesourie oor die algemeen of bepaaldelik vir die doel aangestel het, kan die perseel van iemand wat aldus beveel is, betree en kan enige boeke of dokumente wat aan so iemand behoort of wat onder die beheer van so iemand is, ondersoek.

- (2) Indien iemand by die verstrekking van inligting ooreenkomstig so 'n bevel 'n verklaring doen wat strydig is met 'n ander verklaring wat hy tevore gedoen het by die verstrekking van inligting in verband met die onderwerp van so 'n bevel, word hy geag 'n onjuiste bewering volgens regulasie 24 te maak het en kan hy op 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of aanklag dat hy die tweestrydige bewerings maak het, skuldig bevind word daaraan dat hy in stryd met genoemde regulasie 24 'n onjuiste bewering maak het nadat bewys van die bestaan van die twee betrokke bewerings gelewer is en sonder dat bewys is watter een van die genoemde bewerings onjuis is, tensy hy bewys dat hy, toe hy die bewerings maak het, elkeen daarvan as juis beskou het."

Uit voorgaande blyk dit duidelik dat die regulasie sedert 1942 bykans identies gebly het en dat wysigings van die teks sedertdien nie werklik die doel, betekenis en strekking daarvan beïnvloed het nie.

In wese bestaan regulasie 19(1) uit twee elemente, naamlik:



- (1) Die Tesourie, of sy gevolmagtigde kan enige persoon beveel, en as sulks verplig om inligting waaroor hy beskik en wat volgens die Tesourie of sy gevolmagtigde benodig word, te verstrek; en
- (2) Die Tesourie of sy gevolmagtigde kan die woon- of besigheidspersone van so 'n persoon betree en enige boek of dokument aldaar ondersoek.

Wat die eersgemelde element betref, is dit duidelik dat die bepaling statutêre dwang om inligting te verskaf daarstel. Die vraag wat dan ontstaan, is of die statutêre dwang die privilegie teen selfinkriminasie opskort en as sulks inhou dat inligting wat uit hoofde van so 'n bevel verskaf word en wat op 'n erkenning of 'n bekentenis neerkom, as getuieis toelaatbaar sal wees in strafregtelike verrigtinge teen so 'n persoon.

Die privilegie teen selfinkriminasie het 'n historiese grondslag wat sover teruggaan as die 16de eeu.<sup>274</sup>

Ter ondersteuning van die teoretiese grondslag van die privilegie teen selfinkriminasie stel Van Niekerk en Van der Merwe<sup>275</sup> dit dat die privilegie verteenwoordigend is van die gemeenskapswaardes soos uitgelig deur Regter Goldberg in *Murphy v Waterfront Commission*,<sup>276</sup> waar die Regter dit treffend gestel het dat :

---

<sup>274</sup> Vgl veral Van Niekerk en Van der Merwe 128 ev. Die privilegie teen selfinkriminasie spruit voort uit die Romeinse spreuk: *Nemo tenetur prodere se ipsum*. Vgl Hiemstra en Gonin 239 waar die volgende 4 spreuke aangehaal word met verwysing na die reg teen selfinkriminasie, naamlik: (1) *Nemo tenetur prodere contra se* (2) *Nemo tenetur iurare un suam turputubinem* (3) *Nemo tenetur prodere se ipsum* (4) *Nemo tenetur se ipsum accusare*.

<sup>275</sup> Van Niekerk en Van der Merwe 136.

<sup>276</sup> *Murphy v Waterfront Commission* 378 US 52 (1964)

*"...our fear that self-incriminating statements will be elicited by inhumane treatment and abusers; our sense of fair play which dictates a fair state-individual balance by requiring the Government to leave the individual alone until good cause is shown for disturbing him and by requiring the Government in its contest with the individual to shoulder the entire load... Our respect for the inviolability of the human personality and of the right of each individual to a private enclave where he may lead a private life... Our distrust of self deprecatory statements; and our realisation that the privilege, while sometimes a shelter to the guilty, is often a protection to the innocent."*

Die vraag wat voorts voorkom, is of die statutêre inbreukmaking op die privilegie teen selfinkriminasie geregverdig kan word, en indien wel, in welke mate. Inligting wat sodanig bekom word in strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar sal wees. Oelofse<sup>277</sup> toon tereg aan dat daar in die opsig onderskei moet word tussen inligting wat sal neerkom op 'n erkenning teenoor inligting wat op 'n bekentenis sal neerkom. Uit artikels 217 en 219 A van die Strafproseswet<sup>278</sup> blyk die primêre toelaatbaarheidsvereiste te wees dat sodanige erkenning of bekentenis **vrywillig en ongedwonge** gemaak moet wees. In *R v Moiloa*<sup>279</sup> het Appèlregter Fagan<sup>280</sup> bevind dat statutêre dwang inderdaad die gemeenregtelike privilegie teen selfinkriminasie opskort en dat inligting wat as sulks bekom word, steeds in strafregtelike verrigtinge toelaatbaar sal

---

<sup>277</sup> Oelofse 88.

<sup>278</sup> Wet 51 van 1977 soos gewysig. Art 217 handel met bekentenisse en art 219 A handel met erkennings.

<sup>279</sup> *R v Moiloa* 1956 (4) SA 824 A.

<sup>280</sup> Met wie Appèlregters Steyn, Reynolds, Brink en waarnemende Appèlregter Hall saamgestem het.

wees.<sup>281</sup> Regter Fagan het dit soos volg gestel:<sup>282</sup>

*"The fact then, that admissions are contained in replies to questions which have to be answered under legal compulsion would not, in English law as set forth in the authorities I have mentioned, render them inadmissible in evidence against the person who made them when the latter is being tried on a criminal charge. The effect of the statutory compulsion is merely to remove the protection embodied in the maxim nemo tenetur se ipsum accusare, leaving the question of admissibility in other proceedings to be decided by the principals applicable to that branch of the law; and these have been so construed as not to make the statutory compulsion a ground for ruling the statements to be inadmissible.*

*As the admissions in the case before us have to be dealt with according to English law, they must be held to have been properly admitted by the trial judge."*<sup>283</sup>

In 'n volbank uitspraak in die Oos-Kaap in *S v Hlekani*<sup>284</sup> is beslis dat die beginsels soos neergelê in *R v Moiloa* ook op bekentnisse toepassing vind en dat 'n bekentenis wat onder statutêre dwang bekom is ook as

---

<sup>281</sup> Die hof het in besonder op die beginsels in die Engelse reg gelet en as sulks die Engelse reg nagevolg.

<sup>282</sup> Op 833 H en 834 B van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>283</sup> Die hof het uitdruklik bevind dat die uitspraak slegs van toepassing is op inligting wat in die vorm van 'n erkenning gegee is en nie ten aansien van 'n bekentenis nie.

<sup>284</sup> *S v Hlekani* 1964 (4) SA 429 OK.

getuienis toelaatbaar is in verdere strafregtelike verrigtinge. Regter Wynne<sup>285</sup> het bevind dat die Appèlhof reeds in die uitspraak in *R v Carson*<sup>286</sup> bevind het dat 'n bekentenis wat by wyse van statutêre dwang bekom is wel in strafregtelike verrigtinge teen die beskuldigde toelaatbaar is. Beide Schmidt<sup>287</sup> asook Hoffmann en Zeffertt<sup>288</sup> is van mening dat 'n bekentenis wat as gevolg van statutêre dwang afgelê word as ontoelaatbaar beskou moet word.

Oelofse<sup>289</sup> stel dit dat die toelaatbaarheid van erkennings en bekentnisse wat gemaak word uit hoofde van die toepassing van regulasie 19 ter sprake gekom het in *S v African Bank of South Africa Ltd & Others*<sup>290</sup> en dat Regter Gordon met 'n beroep op *R v Carson*,<sup>291</sup> *S v Moiloo*<sup>292</sup> en *S v Hlekani*<sup>293</sup> bevind het dat sodanige erkennings en bekentnisse wel toelaatbaar is. Hy stel dit dat:<sup>294</sup>

"Benewens die feit dat die *Carson* beslissing myns insiens nie ter sake was nie (omdat die wetsbepaling wat die plig om vrae te beantwoord opgelê het, self voorsiening gemaak het vir die toelaatbaarheid van getuienis oor die antwoorde in

---

<sup>285</sup> Met wie Regters van der Riet en O'Hagan saamgestem het.

<sup>286</sup> *R v Carson* 1926 AD 419.

<sup>287</sup> Schmidt 507.

<sup>288</sup> Hoffmann en Zeffertt 220.

<sup>289</sup> Oelofse 88.

<sup>290</sup> *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W.

<sup>291</sup> *R v Carson* 1926 AD 419.

<sup>292</sup> *S v Moiloo* 1956 (4) SA 824 A.

<sup>293</sup> *S v Hlekani* 1964 (4) SA 429 OK.

<sup>294</sup> Oelofse 88.

latere verrigtinge), is nie verwys na die beslissings wat met die *Hlekani* saak strydig is nie."

Gedurende die verhoor in *S v African Bank of South Africa Ltd & Others*<sup>295</sup> het die Staat gesteun op verklarings ingevolge regulasie 19 wat onder andere deur die 3de, 4de en 5de beskuldigdes teenoor amptenare van die Suid-Afrikaanse Reserwebank gemaak is. Die toelaatbaarheid van die verklarings is in dispuut geplaas wat aanleiding gegee het tot 'n verhoor binne die verhoor met betrekking tot die toelaatbaarheid daarvan. Regter Gordon het onder meer die volgende stellings met betrekking tot die toelaatbaarheid van die verklarings gemaak, naamlik:<sup>296</sup>

*"Admissability of the statements made by Young and Ferreira to Van Staden was challenged by the defence on the grounds that they were not freely and voluntarily made. This resulted in a trial within a trial. The basis of the challenge related mainly to the provisions of sections 19 and 22 to which I have referred.*

*It was contended that the accused considered that they had no choice in the matter; that they had acted under a statutory compulsion with criminal penalties provided on non-compliance...*

*After consideration of the trial within a trial I rejected the submission that either of the accused had acted otherwise than freely and voluntarily. In my view each had stated what*

---

<sup>295</sup> *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W.

<sup>296</sup> Op 611 I tot J, 612 A tot B, 612 C en 612 H tot I van die gerapporteerde uitspraak.

*he wanted to say. Each statement was exculpatory. Each wrote out his own statement. The accused are adult, intelligent, competent, senior men. By no stretch of the imagination would either of the accused be cowed into submission or be compelled to write down what he did not intend to, and what he did not wish to write down, even if a word here or a sentence there, during discussions emanated from Van Staden...*

*I was then, and still am, firmly of the view that the statements were made freely and voluntarily and that they are admissible. They were accordingly admitted...*

*On the question as to whether the statements should be held to have been made under compulsion because of the provisions of Regs 19 and 22, which were carefully, and no doubt forcibly, brought to the attention of the accused, there is ample authority for the proposition that the mere fact that a statement is made under statutory regulations of this kind, is no bar to admissibility. (See, for example R v Carson 1926 AD 419; R v Moiloa 1956 (4) SA 824 A; and in particular S v Hlekani 1964 (4) SA 429 E, where most of the authorities under our and English law are assembled and discussed.)"*

Oelofse<sup>297</sup> skyn tot die gevolgtrekking te kom dat Regter Gordon se uitspraak inhou dat erkennings en bekennisse gemaak uit hoofde van die toepassing van regulasie 19, in beginsel toelaatbaar is. Dit word aan die hand gedoen dat sodanige stelling onjuis is aangesien dit duidelik is dat die regter op die feite bevind het dat die verklarings vrywillig gemaak is. Die feit dat die regulasie 'n persoon verplig om sodanige verklaring te

---

<sup>297</sup> Oelofse 88.

maak impliseer nie noodwendig dat so 'n verklaring onvrywillig gemaak word nie en berus Regter Gordon se uitspraak met eerbied, klaarblyklik op die feite en is die verwysing na die gerapporteerde uitsprake nie die *ratio* vir sy bevinding nie.

Waarnemende Hoofregter Beadle het in die uitspraak in *S v Robinson*<sup>298</sup> in die destydse Rhodesië met verwysing na die analoë bepaling van regulasie 19 synde artikel 32 van die *Exchange Control Act*,<sup>299</sup> bevind dat:<sup>300</sup>

*"The issue is whether or not these sections, properly construed, enable a direction to be given to a person which will compel him to provide information which may incriminate him. Put crisply, the issue is, do the Act and the regulations overrule the common law principle expressed in the maxim nemo tenetur se ipsum accusare.*

*It is true enough that, under the common law, no person can be asked to provide information which may incriminate him. Innes, C.J. in R v Camane and Others 1925 AD 570 at p 575, put the matter thus:*

*"Now, it is an established principle of our law that no one can be compelled to give evidence incriminating himself. He cannot be forced to do that either before the trial, or during the trial."*

*It is equally true, however, that, though this may be a rule of the common law, it is a rule which may be altered by statute,*

---

<sup>298</sup> *S v Robinson* 1975 (4) SA 438 RAD.

<sup>299</sup> *Exchange Control Act* 62 of 1964.

<sup>300</sup> Op 440 H tot 441 C van die gerapporteerde uitspraak.

*and statutes frequently alter it. A statute may provide that any person may be compelled to answer any question or provide any information notwithstanding the fact that the answering of those questions or the provision of that information may tend to incriminate him. See for example such provisions as sec. 70(4) of the Insolvency Act, 1973 and sec 222 of the Companies Act, Chap. 22."*

Na 'n analise van die feite en gesag, veral met verwysing na die beginsels toegepas in die Engelse gemene en statutêre reg<sup>301</sup> bevind die Hof dat die Landdros se bevinding onjuis was en dat die beskuldigde inderdaad artikel 6(1)(a)(ii) van die *Exchange Control Act*<sup>302</sup> oortree het deur te versuim om die besonderhede te verskaf, nieteenstaande die feit dat sodanige inligting hom sou inkrimineer.

In *Poli v Minister of Finance and Economic Development and Another*<sup>303</sup> het die analoë bepaling tot regulasie 19 in Zimbabwe weer eens onder die soeklig geval. Die relevante bepaling, regulasie 33(1) van die *Exchange Control Regulations, Statutory Instrument 399 of 1977 (Z)*,<sup>304</sup> het soos volg daarna uitgesien, naamlik:

*"33(1) The Minister may give any person directions requiring him, in such manner and within such time as may be specified in the direction -*

---

<sup>301</sup> Vgl veral 444 B van die gerapporteerde uitspraak waar verwysings voorkom na die *English Exchange Control Act* en die uitspraak in *Director of Public Prosecutions v Ellis* [1973] 2 All ER 540.

<sup>302</sup> *Exchange Control Act* 62 of 1964.

<sup>303</sup> *Poli v Minister of Finance and Economic Development & Another* 1990 (1) SA 598 ZSC.

<sup>304</sup> Uitgevaardig uit hoofde van die *Exchange Control Act Chapter 170 (Z)*.



- (a) *to furnish to a Minister or to a designated person any information in his possession or control to which he has access;*
- (b) *to produce to the Minister or to a designated person any books, accounts, documents or other records which are in his possession or under his control or to which he has access;*
- which, in the opinion of the Minister, is required for the purpose of securing compliance with or detecting any contravention of these regulations or the repealed regulations."*

Die beskuldigde het erken dat hy in stryd met die betrokke regulasies oor 'n buitelandse bankrekening in Luxembour, beskik het. Hy het egter geweier om enige state met betrekking tot die rekening beskikbaar te stel nieteenstaande 'n skriftelike versoek daartoe ingevolge die bepaling van die voormelde regulasie 33. Die beskuldigde het aangevoer dat die relevante bepaling onkonstitusioneel was synde in stryd met sub-artikel 8 van artikel 18 van die Grondwet van Zimbabwe welke soos volg daarna uitsien:

*"No person who is tried for a criminal offence shall be compelled to give evidence at the trial."*

Hoofregter Dumbutshena<sup>305</sup> het bevind dat artikel 18(8) van die Grondwet van Zimbabwe 'n persoon se reg teen selfinkriminasie beperk tot die verhoorstadium. Hy het dit soos volg gestel:<sup>306</sup>

---

<sup>305</sup> Met wie Appèlregters Gubbay, McNally, Manyarara en Korsah saamgestem het.

<sup>306</sup> Op 603 G, J en 604 A tot B van die gerapporteerde uitspraak.

*"In my judgment, the protection afforded to a person against self-incrimination by ss (8) of s 18 of the Constitution is effective only when that person is being tried at the trial, that is when judicial investigations by the court or tribunal are being conducted. The section does not protect someone against self-incrimination outside the time covered by the trial. Within the trial one can refuse to testify because of the fear of self-incrimination..."*

*There is no doubt in my mind that the information requested by the Minister in terms of s 33 of the regulations falls into the same category as the information required by police officer in terms of ss 67 and 68 of Act 48 of 1976.<sup>307</sup> But this is not the issue for determination. The self-incrimination prohibited by ss (8) of s 18 of the Constitution is self-incrimination which extends only to testimonial evidence at the trial. That is the sort of self-incrimination which falls within the ambit of ss (8) of s 18 of the Constitution.*

*Support for this conclusion can be found in R v Altsheimer 2 CRR 199, a Canadian case. In that case one of the points raised by the defence was the unconstitutionality of the prosecution. The accused was stopped at a motorvehicle checkpoint and given a road side breath test. He was subsequently taken to a police station for breathalyser tests. He was acquitted at his trial. On appeal it was held, among other things, that the Canadian Charter of Rights and Freedoms did not confer a broad privilege against self-incrimination but, as prescribed prior to the enactment of the*

---

<sup>307</sup>

Die verwysing na artikel 67 en 68 van Wet 48 van 1976 is verwysings na die *Road Traffic Act*, ingevolge waarvan 'n polisie-offisier bo 'n bepaalde rang 'n persoon wat 'n motorvoertuig bestuur kan verplig om 'n asemhalingstoets te ondergaan, en om bloed te laat trek vir die toets van 'n bestuur van 'n motorvoertuig onder die invloed van alkohol.

*Charter, a specific protection in ss 11(c) and 13 against the testimonial compulsion and nothing else.*"<sup>308</sup>

Sover vasgestel kon word, bestaan daar nie gerapporteerde uitsprake wat spesifiek handel met 'n skuldigbevinding aan 'n oortreding van regulasie 19(1), saamgelees met regulasie 22 waar 'n beskuldigde geweier het om inligting, waartoe hy versoek is, te verskaf. In 'n ongerapporteerde uitspraak in *S v I S Kruger*<sup>309</sup> is die beskuldigde inderdaad skuldig bevind aan 'n oortreding van regulasie 19(1). Die beskuldigde is genader deur 'n gevolmagtigde van die Tesourie met 'n versoek om inligting aan hom te voorsien synde die bron van fondse wat die beskuldigde vanaf die buiteland sou toeval. Die Tesourie se gevolmagtigde het aangevoer dat die inligting inderdaad benodig is vir die toepassing van die regulasies en dat die beskuldigde wel daarvoor beskik het. Die beskuldigde het onskuldig gepleit en hom daarop beroep dat:

- (1) Die regulasies *ultra vires* die magtigende wet is;
- (2) En verder dat die bevoegdheid om ingevolge regulasie 19(1) 'n ondervraging te doen, 'n bevoegdheid is wat tot die Tesourie beperk is en dat die gevolmagtigde, wat by die Suid-Afrikaanse Reserwebank werksaam was, nie as sulks deel van die Tesourie is nie;

---

<sup>308</sup> Vgl ook 604 G van die gerapporteerde uitspraak waar die Regter ook verwys na die Kanadese uitspraak in *R v Rolbin* 1 CRR 186 waar die beskuldigde aangekla is weens sy versuim om inligting te verstrek met betrekking tot die relevante Inkomstebelastingwet van Kanada. Die uitspraak van Hoofregter Dumbutshena kan tereg beskou word as 'n *veritable thesaurus of international authority*. (Vgl waarnemende Regter Kentridge se kommentaar in *S v Zuma* 1995 (4) BCLR 41 CC, op die uitspraak van Regter Friedman in *Nyamakazi v President of Bophuthatswana* 1994 (1) BCLR 92 B.)

<sup>309</sup> *S v I S Kruger* ongerapporteerde uitspraak onder saaknommer 4/3724/92 op 2 Desember 1993 in die Streekhof, Noord-Transvaal, gehou te Pretoria voor Landdros B J Johnson.

- (3) En verder dat die beskuldigde 'n reg teen self-inkriminasie het en dat hy geregtig was om te weier om enige inligting te verstrek;
- (4) En verder dat die beskuldigde ontken het dat hy versuim het om aan die bepalings van die betrokke regulasie te voldoen.

In 'n goed beredeneerde uitspraak het die Streekhoflanddros al vier verwere van die beskuldigde verwerp en is 'n vonnis van R15 000.00 of een jaar gevangenisstraf, tesame met een jaar gevangenisstraf, opgelê, waarvan laasgemelde opgeskort is vir drie jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van regulasie 19(1) nie.

'n Verdere aspek wat onder regulasie 19 geopper kan word, is die vraag of die regsprofessionele privilegie op enige wyse deur die werking van regulasie 19(1) opgeskort kan word. In die geval van *In re Lindsay & Lindsay*<sup>310</sup> is die Suid-Afrikaanse Reserwebank gekonfronteer met die volgende feitestel:

Prokureur Lindsay het die Suid-Afrikaanse Reserwebank genader en het inligting voorsien wat dit laat blyk het dat sy kliënt sekere bepalings van die regulasies oortree het. Die doel vir die samesprekinge was om 'n "*ruling*" van die Suid-Afrikaanse Reserwebank te verkry wat hul houding omtrent die oortredings sou wees en of daar enige stappe geneem kon word om te verhoed dat kriminele vervolging sou volg. Uiteraard is prokureur Lindsay meegedeel dat die bevoegdheid om sodanige vervolgings in te stel uitsluitlik by die Prokureur-General berus en dat hul geen invloed daaroor kon uitoefen nie. In die lig van die negatiewe resultaat van die samesprekinge het prokureur Lindsay bevestig dat hy nie voornemens was om sy kliënt se identiteit te openbaar nie, uit hoofde van die

---

<sup>310</sup> Regsopinie bekom deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank, gelewer deur adv P Ginsburg SC gedateer 21 November 1991.

regsprofessionele privilegie, nieteenstaande die feit dat sodanige besonderhede ingevolge regulasie 19 van hom vereis is. Dit word aan die hand gedoen dat die beroep op regsprofessionele privilegie inderdaad tereg gehandhaaf is. Dit word algemeen aanvaar dat die privilegie egter onderworpe is aan sekere beperkings deurdat slegs vertroulike mededelings tussen 'n regsvertegenwoordiger en sy kliënt beskerming van die privilegie geniet.<sup>311</sup> Op die feite van die geval is dit duidelik dat dit prokureur Linday se kliënt se bedoeling was dat sy identiteit nie geopenbaar moet word tensy hy verseker was dat geen vervolging teen hom sou plaasvind nie.<sup>312</sup>

Daar dien laastens gelet te word op die kommentaar van Oelofse ten aansien van die vraag of opset, of nalatigheid vereis word ten einde regulasie 19 te oortree.<sup>313</sup> Oelofse skyn tot die korrekte gevolgtrekking te kom waar hy dit stel dat:

"Op die oog af lyk dit of reg. 19(2) nie hiermee versoenbaar is nie. Daarvolgens kan 'n persoon skuldig bevind word weens die maak van 'n vals verklaring ingevolge reg. 19(1) indien die Staat bewys dat 'n betrokke persoon se verklaring strydig is met 'n verklaring wat hy van tevore "in verband met die onderwerp van die bevel" gemaak het. Die Staat hoef dus nie te bewys watter verklaring onjuis was nie. Die oënskynlike botsing met reg. 22 blyk uit die slotgedeelte van reg. 19(2): Indien die persoon kan bewys dat hy in die

---

<sup>311</sup> Vgl Van Niekerk & van der Merwe 60 ev.

<sup>312</sup> Vgl ook die uitsprake in *Nathan v Anderson NO & The Attorney-General of the Transvaal* 1939 WLD 13, *S v Safatsa & Andere* 1988 (1) SA 868 A, *S v Nkata & Ander* 1990 (4) SA 250 A en *Sasol III (Edms) Bpk v Minister van Wet en Orde en 'n Ander* 1991 (3) SA 766 T.

<sup>313</sup> Vgl Oelofse 88 en 89.

juistheid van elke verklaring geglo het op die betrokke tydstippe toe hy hulle gemaak het, kan hy nie aldus skuldig bevind word nie. Op die oog af kom dit dus voor of nalatigheid ingevolge reg. 22 'n voldoende skuldvorm vir 'n skuldigbevinding weens 'n onjuiste verklaring is, terwyl reg. 19(2) opset vereis. Die antwoord is dat gebrek aan opset slegs 'n skuldigbevinding uitsluit waar die Staat slegs twee botsende verklarings kan bewys, maar nie kan bewys watter een onjuis was nie. Indien die Staat wel kan bewys watter een onjuis was, is dit nie nodig om op reg. 19(2) te steun nie, en is nalatigheid 'n voldoende skuldvorm."

378

## **5.22 REGULASIE 20**

### **VRYSTELLING VAN SEËLREG**

20. Geen seëlreg mag gehef word nie op enige dokument wat enkel en alleen met die doel om aan die vereistes van hierdie regulasies te voldoen, opgestel is.

### **BESPREKING:**

Die inhoud van die regulasie is vanselfsprekend.

## 5.23 REGULASIE 21

### VORMS

21. Die Tesourie kan vir die toepassing van hierdie regulasie sodanige vorms voorskryf as wat hy gerade mag ag.

### BESPREKING:

Die vorms wat deur die Tesourie voorgeskryf word vir die toepassing van die regulasies word in die Bevele en Reëls aangetref. Verskeie vorms word egter ook in die deviesebeheervoorskrifte voorgeskryf, wat spesifiek op gemagtigde handelaars van toepassing is en word nie as sulks in die Bevele en Reëls gepubliseer nie. Die belangrikste vorms wat vir die toepassing van die regulasies voorgeskryf word, is soos volg:

- (1) Vorm A - Wanneer vreemde valuta deur 'n gemagtigde handelaar verkoop word;
- (2) Vorm E - Wanneer vreemde valuta deur 'n gemagtigde handelaar gekoop word;
- (3) Vorm F178 - Uitvoer van goedere;
- (4) Vorm NEP - Uitvoer van goedere (vir ander as handelsdoeleindes);
- (5) Vorm MP 79 - regulasies 3(1)(e) en 3(1)(f);
- (6) Vorm MP 335 - Immigrante;
- (7) Vorm MP 336 - Emigrante.
- (8) Verklaring van vreemde bates en laste ingevolge regulasies 6 en 7, soos saamgelees met paragraaf 6 van die Bevele en Reëls;

Voorbeelde van die voormelde vorms kom in die bylae voor.



## 5.24 REGULASIE 22

### STRAFBEPALINGS

22. Elkeen wat die een of ander bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen of die voorskrifte van 'n kennisgewing, bevel, vergunning vrystelling of voorwaardes daarkragtens uitgevaardig, verleen of gestel, of van 'n vergunning of vrystelling wat kragtens hierdie regulasies verleen is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, of wat iemand belemmer in die uitoefening van 'n bevoegdheid of 'n funksie wat by of kragtens hierdie regulasies aan hom verleen of toegewys is, of wat in 'n verklaring wat gemaak of 'n opgawe wat verstrek word vir die toepassing van hierdie regulasies, 'n onjuiste verklaring maak (tensy hy bewys dat hy nie geweet het en deur redelik versigtig te wees kon uitgevind het dat die verklaring onjuis was nie) of wat weier of nalaat om inligting te verstrek wat hy ingevolge hierdie regulasies moet verstrek, begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd-en-vyftig duisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf; met dien verstande dat waar iemand skuldig bevind word aan 'n oortreding van hierdie regulasies met betrekking tot 'n geldwaardige papier, vreemde valuta, goud, 'n banknoot, tjek, posorder, wissel, bewys, skuld, betaling of goedere, die boete wat hom opgelê kan word, 'n boete van hoogstens tweehonderd-en-vyftig duisend rand is, of 'n bedrag wat gelyk staan aan die waarde van die geldwaardige papier, vreemde valuta, goud, banknoot, posorder, wissel, bewys, skuld, betaling of goedere, naamlik die grootste bedrag.

### BESPREKING:

Die strafbepaling is reeds volledig bespreek in paragraaf 4.7 hierbo.<sup>314</sup>

---

<sup>314</sup> Vgl verder Oelofse 90 ev.

## 5.25 REGULASIE 22A

### BESLAGLEGGING OP SEKERE GELD EN GOED, EN BLOKKERING VAN SEKERE REKENINGS

22A (1) Behoudens die bepalings van die voorbehoudsbepaling by sub-paragraaf (i) van paragraaf (b) van artikel 9(2) van die Wet kan die Tesourie op die wyse wat hy goeddink -

(a) beslag lê op -

(i) enige geld of goed, ongeag die persoon in wie se besit dit is, ten opsigte waarvan 'n oortreding van die een of ander bepaling van hierdie regulasies gepleeg is of ten opsigte waarvan 'n handeling of versuim begaan is wat die Tesourie op redelike gronde vermoed so 'n oortreding uitmaak, of, in die geval van sodanige geld of enige gedeelte daarvan wat in die een of ander rekening gestort is, 'n gelyke bedrag geld wat in daardie rekening in krediet gehou word, en moet, in die geval van geld waarop beslag gelê is, sodanige geld in 'n rekening wat deur die Tesourie vir die doel by 'n gemagtigde handelaar geopen is, stort, en kan, in die geval van goed waarop beslag gelê is, sodanige goed, behoudens 'n bevel uitgereik of gegee kragtens paragraaf (c), in die besit laat van die persoon in wie se besit die goed gevind is of moet dit andersins in bewaring hou of laat hou op die wyse en die plek wat hy goeddink;

(ii) enige geld of goed, ongeag die persoon in wie se besit dit is -

(aa) wat die Tesourie op redelike gronde vermoed betrokke is by 'n oortreding van die een of ander bepaling van hierdie regulasies of by 'n versuim om aan so 'n bepaling te voldoen, of wat die Tesourie op redelike gronde vermoed betrokke

is by 'n handeling of versuim wat die Tesourie aldus vermoed 'n oortreding van so 'n bepaling of 'n versuim om aan so 'n bepaling te voldoen, uitmaak;

(bb) wat deur enige persoon verkry is of hom toekom, hetsy uit hoofde van die een of ander vorderingsreg of andersins, en wat nie deur hom verkry sou gewees het nie of hom nie sou toegekom het nie indien so 'n oortreding of versuim of so 'n handeling of versuim nie begaan was nie;

(cc) waarmee enige persoon as gevolg van so 'n oortreding of versuim of so 'n handeling of versuim bevoordeel of verryk is,

of, in die geval van sodanige geld of enige gedeelte daarvan wat in die een of ander rekening gestort is, 'n gelyke bedrag geld wat in daardie rekening in krediet gehou word, en moet, in die geval van geld waarop beslag gelê is, sodanige geld in 'n rekening in sub-paragraaf (i) bedoel, stort, en kan, in die geval van goed waarop beslag gelê is, sodanige goed, behoudens 'n bevel uitgereik of gegee kragtens paragraaf (c), in die besit laat van die persoon in wie se besit die goed gevind is of moet dit andersins in bewaring hou of laat hou op die wyse en die plek wat hy goeddink;

(iii) enige geld of goed, ongeag die persoon in wie se besit dit is, waarin enige geld of goed in sub-paragraaf (i) of (ii) bedoel, omgesit is, met inbegrip van die een of ander vorderingsreg wat verkry is met geld of goed in genoemde sub-paragraaf (i) of (ii) bedoel, of, in die geval van sodanige geld of enige gedeelte daarvan wat in die een of ander rekening gestort is, 'n gelyke bedrag wat in krediet in daardie rekening gehou word, en moet, in

die geval van geld waarop beslag gelê is, sodanige geld in 'n rekening in sub-paragraaf (i) bedoel, stort, en kan, in die geval van goed waarop beslag gelê is, sodanige goed, behoudens 'n bevel uitgereik of gegee kragtens paragraaf (c), in die besit laat van die betrokke persoon in wie se besit die goed gevind is of moet dit andersins in bewaring hou of laat hou op die wyse en die plek wat hy goeddink;

(iv) enige geld wat in 'n geblokkeerde rekening in regulasie 4 bedoel, gehou word en wat die Tesourie op redelike gronde vermoed geld is -

(aa) ten opsigte waarvan 'n oortreding of handeling of versuim in sub-paragraaf (i) bedoel, begaan is;

(bb) wat by 'n oortreding of versuim of handeling of versuim in sub-paragraaf (ii)(aa) bedoel, betrokke is;

(cc) wat deur enige persoon verkry is of hom toekom soos in sub-paragraaf (ii)(bb) bedoel;

(dd) waarmee enige persoon bevoordeel of verryk is soos in sub-paragraaf (ii)(cc) bedoel;

(b) indien die Tesourie op redelike gronde vermoed dat geld in paragraaf (a) bedoel in die een of ander rekening gestort is en indien kragtens genoemde paragraaf (a) nie daarop beslag gelê is nie, 'n bevel op die wyse wat hy goeddink, uitreik of gee waarin of waarby hy enige persoon belet om, sonder die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes (indien daar is) deur die Tesourie gestel, enige geld in daardie rekening of nie meer nie as 'n bedrag deur die Tesourie bepaal, te onttrek of te laat onttrek uit sodanige rekening, of enige krediet of balans in daardie rekening op enige wyse aan te wend of te

laat aanwend nie, ongeag wie die houer daarvan is;

(c) in die geval van goed in paragraaf (a) bedoel wat in die besit van die betrokke persoon gelaat is, 'n bevel op die wyse wat hy goeddink, uitreik of gee waarin of waarby hy enige persoon belet om, sonder die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes (indien daar is) wat die Tesourie mag stel, met die goed waarop beslag gelê is of enige deel daarvan op die wyse deur die Tesourie bepaal, te handel.

(2) Wanneer op onroerende goed kragtens paragraaf (a) van sub-regulasie (1) beslag gelê is of wanneer 'n bevel ten opsigte van onroerende goed kragtens paragraaf (c) van daardie sub-regulasie uitgereik of gegee word -

(a) moet die Tesourie die registrateur van die akteskantoor waar daardie goed geregistreer is skriftelik van die beslaglegging of bevel in kennis stel en van alle besonderhede voorsien in verband met daardie onroerende goed wat daardie registrateur verlang;

(b) moet daardie registrateur besonderhede van die beslaglegging of bevel teen die titelakte van daardie onroerende goed kosteloos aanteken.

(3) Die Tesourie moet -

(a) enige geld of goed waarop kragtens paragraaf (a) van sub-regulasie (1) beslag gelê is, met inbegrip van geld of goed wat daaruit aangewas het, op 'n datum nie later nie as die tydperk bedoel in paragraaf (g) van artikel 9(2) van die Wet vanaf die datum waarop die geld of goed beslag gelê is aan die persoon in wie se besit dit gevind is of die persoon wat daarop geregtig is, terugbesorg;

(b) enige bevel wat kragtens paragraaf (b) of (c) van sub-regulasie (1) uitgereik of gegee is op so 'n datum intrek,

tensy daardie geld of goed of die geld of goed waarop die bevel betrekking het voor daardie datum kragtens regulasie 22B verbeurd verklaar word.

### **BESPREKING.**<sup>315</sup>

Die Wysigingswet op Betaalmiddels en Wisselkoers<sup>316</sup> is op 11 Maart 1987 in die *Staatskoerant* gepubliseer,<sup>317</sup> ingevolge waarvan artikel 9 van die Wet gewysig is deur die toevoeging van sub-artikels 2(b) tot (f). 'n Verdere wysiging het voorgekom deur die Wysigingswet op Betaalmiddels en Wisselkoerse<sup>318</sup> waardeur 'n verdere sub-artikel synde sub-artikel (2)(g) tot artikel 9 toegevoeg is. Die twee wysigingwette vorm die basis van regulasies 22A tot 22E wat in 1987<sup>319</sup> en 1988 tot die regulasies bygevoeg is. Wat die doel van die toevoeging van die voormelde artikels en regulasies betref, stel Oelofse dit treffend soos volg:<sup>320</sup>

---

<sup>315</sup> Regulasies 22A tot 22D handel met die bevoegdhede en prosedure by die beslaglegging op geld en goed, blokkering van rekeninge en die verbeurdverklaring van geld en goed deur die Tesourie. Alhoewel sodanige bevoegdhede en funksies altyd sal voortspruit uit die een of ander oortreding van die regulasies (of dan minstens bedrog wat met die regulasies in verband staan), is die funksies en bevoegdhede streng gesproke administratiewe en sivielregtelike optrede. In die opsig val 'n volledige bespreking van die betrokke regulasies streng gesproke buite die bestek van hierdie werk, maar sal dit nietemin kortliks bespreek word vanweë die feit dat sodanige optrede gewoonlik direk in verband staan met oortredings van die regulasies. Vgl vir 'n volledige bespreking Oelofse 96 tot 111.

<sup>316</sup> Wet 23 van 1987.

<sup>317</sup> SK 10654 van 11 Maart 1987. Die Wet is in werking gestel op 1 Mei 1987. Vgl proklamasie R 76 van 30 April 1987.

<sup>318</sup> Wet 48 van 1988 in *Staatskoerant* 11286 van 29 April 1988.

<sup>319</sup> GK R 957 van 4 Mei 1987.

<sup>320</sup> Oelofse 6.

"Artikel 9(2)(b)-(g) is in 1987 en in 1988 ingevoeg ten einde snelle administratiewe stappe moontlik te maak waar 'n oortreding vermoed word. Die nuut-ingevoegde bepaling is skynbaar die resultaat van twyfel oor die vraag of art. 9(1) wyd genoeg is om beslagleggings en ver-beurdverklarnings langs administratiewe weë te magtig (vgl. Itzikowitz "*Exchange Control*" (1988) 18 *BML* 48 50). Dit is ten minste argumenteerbaar dat art. 9(2) in sy oorspronklike vorm wel sodanige regulasies sou dek. Hoe dit ookal sy, die nuwe bepaling stel die saak bo twyfel. Volgens art. 9(2)(e) kan enige regulasie ingevolge art. 9(2)(a) nou ook met terugwerkende krag uitgevaardig word, wat dan ook gedoen is (vgl. par. 8 van Regerings-kennisgewing R 957 van 4 Mei 1987, waardeur onder andere reg. 22A-22E in die Valutabeheerregulasies ingevoeg is)."

Regulasie 22A magtig twee soorte stappe, te wete:

- (1) Die beslaglegging op sekere geld en goed;<sup>321</sup>
- (2) Die blokkering van geld in 'n rekening.<sup>322</sup>

Ingevolge regulasie 22A(1)(a) is die Tesourie by magte om, op die wyse wat hy goeddunk, beslag te lê op:

- (1) Enige geld of goed wat betrokke is by 'n oortreding van die regulasies;
- (2) Enige geld of goed wat die Tesourie op redelike gronde vermoed, betrokke is by 'n oortreding van die regulasies;
- (3) Enige geld of goed wat 'n persoon verkry het, of toekom, op welke

---

<sup>321</sup> Regulasie 22A(1)(a)(i), (ii), (iii) en (iv).

<sup>322</sup> Regulasie 22A(1)(b).

- wyse ookal, en wat hom nie sou toegekom het nie indien 'n oortreding van die regulasies nie plaasgevind het nie;
- (4) Enige geld of goed waarmee 'n persoon as gevolg van 'n oortreding van die regulasies bevoordeel of verryk is;
  - (5) Indien enige geld in paragrafe (1) tot (4) hierbo na verwys in 'n rekening gestort is, 'n gelyke bedrag geld wat in sodanige rekening in krediet gehou word;
  - (6) Enige geld of goed waarin geld of goed soos in paragrafe (1) tot (4) hierbo na verwys, omgesit is;
  - (7) Enige geld wat in 'n geblokkeerde rekening in terme van regulasie 4 gehou word en welke geld deur die Tesourie op redelike gronde vermoed word, geld is soos in paragrafe (1) tot (4) hierbo na verwys, bedoel is.

Die beslaglegging deur die Tesourie op voormelde geld en/of goed kan geskied, ongeag die persoon in wie se besit dit is en die Tesourie kan ingevolge sub-paragraaf (c) van regulasie 22A(1) 'n bevel uitreik ingevolge waarvan die goed waarop beslag gelê is in die besit van die betrokke persoon gelaat word.

Benewens die beslagleggingsbevoegdheid van die Tesourie soos hierbo uiteengesit, kan die Tesourie ook ingevolge regulasie 22A(1)(b):

- (1) indien die Tesourie op redelike gronde vermoed dat geld in 'n rekening gestort is;
- (2) welke geld is soos bedoel in regulasie 22A(1)(a); en
- (3) die Tesourie nie daarop beslag gelê het nie,

'n bevel gee ingevolge waarvan die geld, in sodanige rekening, geblokkeer word en waardeur enige persoon belet word om sonder die Tesourie se toestemming, sodanige geld te onttrek of dit op enige wyse aan te wend.



Regulasie 22A(1) word spesifiek onderworpe aan die bepalings van die voorbehoudsbepaling van artikel 9(2)(b)(i) van die Wet gestel. Die voorbehoudsbepaling lees soos volg:

"Met dien verstande dat, in die geval van enige iemand behalwe die oortreder of vermeende oortreder, geen sodanige geld of goed geblokkeer, in beslag geneem, geïnterdikeer, verbeurdverklaar en oor beskik word nie indien sodanige geld of goed deur sodanige persoon *bona fide* teen redelike teenprestasie verkry is as gevolg van 'n transaksie in die gewone loop van besigheid en nie in stryd met die regulasies nie."<sup>323</sup>

Indien die Tesourie ingevolge regulasie 22A(1) op enige onroerende goed beslag sou lê, moet die Registrateur van die Aktekantoor waar die onroerende goed geregistreer is, skriftelik van sodanige beslaglegging in kennis gestel word, wat besonderhede daaromtrent teen die Titelakte moet aanteken. In die praktyk word 'n interdik deur die Registrateur van Aktes teen die Titel aangebring en kan transport van die onroerende goed nie plaasvind alvorens sodanige interdik gekanselleer word nie, welke slegs met die skriftelike toestemming van die Tesourie sal geskied.

Ingevolge regulasie 22A(3) moet die Tesourie enige geld of goed waarop beslag gelê is, asook enige aanwas daartoe, op 'n bepaalde datum soos na verwys in artikel 9(2)(g) van die Wet, aan die betrokke persoon terugbesorg, tensy sodanige geld of goed kragtens regulasie 22B ten gunste van die Staat verbeurd verklaar word. Die tydperk waarna verwys word in paragraaf (g) van artikel 9(2) van die Wet lui soos volg:

"9(2)(g) Die tydperk bedoel in paragraaf (b)(i) is 'n

---

<sup>323</sup> Artikel 9(2)(b)(i) van die Wet.

tydperk van hoogstens 36 maande of die langer tydperk -

- (i) wat eindig 12 maande na die finale uitspraak (insluitend op appèl as daar is) in elke vervolging weens enige oortreding van die regulasies of enige ander wet met betrekking tot die betrokke geld of goed of waarin sodanige geld of goed ter sake is by enige aspek van sodanige vervolging; of
- (ii) deur 'n bevoegde hof met betrekking tot die betrokke geld of goed bepaal by aanvoering van goeie redes deur die Tesourie."

Sover vasgestel kon word, is die enigste gerapporteerde uitspraak wat op artikel 9(2)(g) van die Wet betrekking het, die uitspraak van Regter Zulman in *Torwood Properties (Pty) Limited v South African Reserve Bank*.<sup>324</sup> Die uitspraak handel in besonder met die interpretasie van artikel 9(2)(g) van die Wet, met spesifieke verwysing na wat die betekenis van 'n *vervolging* is, asook die omstandighede en faktore wat in ag geneem kan word wanneer 'n verlenging van tyd ingevolge artikel 9(2)(g)(ii) deur 'n hof oorweeg sal word. Wat die interpretasie en betekenis van die woord *vervolging* betref, is namens die Suid-Afrikaanse Reserwebank geargumenteer dat 'n kriminele vervolging ingestel word wanneer die regsproses in werking gestel word, met verwysing na die uitspraak in *Smith v Desai*.<sup>325</sup> Die betoog is verwerp. Regter Zulman het, met

---

<sup>324</sup> *Torwood Properties (Pty) Ltd v South African Reserve Bank* 1996 (1) SA 215 WLD.

<sup>325</sup> *Smith v Desai* 1903 NLR 329.

verwysing na die uitspraak in *Minister of Law and Order v Kader*<sup>326</sup>  
bevind dat:<sup>327</sup>

*"It is apparant from an analysis of the judgment of the Court delivered by Grosskopf JA that in coming to the conclusion that the institution of a prosecution in the context of s 64 of the Internal Security Act did not bear a wide meaning so as to include any step in the criminal proceedings against the accused turned upon an analysis of the context in which the phrase was used in that particular statute. The learned judge put the matter in these succinct terms at 51 E-G:*

*"What is meant by the institution of a prosecution depends on the context in which the expression is used (cf R v Priest 1931 AD 492 and R v Freedman 1948 (2) SA 1034 (C)). The purpose of s 64 is to ensure that the decision to prosecute a person for a contravention of s 54 is a responsible one, taken by the person who, in terms of s 3 of the Criminal Procedure Act, has the authority to prosecute in the name of the Republic in criminal proceedings. This purpose cannot be achieved if the Attorney-General is required to arrive at a decision on incomplete or preliminary information. Institution of a prosecution in this context cannot, therefore, be a wide meaning which would include any step in the criminal proceedings against an accused. I do not propose attempting to define it with any precision in the present case. What is required at the very least, in my view, is a decision on the part of the prosecutor, conveyed to the accused in a formal manner, that he is to be prosecuted on a charge defined with some particularity (cf R v Priest (supra at*

---

<sup>326</sup> *Minister of Law and Order v Kader* 1991 (1) SA 41 A.

<sup>327</sup> Op 223 I tot 224 F van die gerapporteerde uitspraak.

495)). " ...

*Applying the remarks of Grosskopf JA to the Currency and Exchanges Act, it seems to me to be plain that the intention of imposing a time bar at the end of a period of 12 months after a final judgment (including an appeal, if any), in every prosecution, is to place a limitation upon the time during which a person's property, in the present case, is to remain under attachment. The attachment of a person's property obviously represents a serious invasion of his rights. A statute which seeks to impose such a limitation must be restrictively interpreted (cf Transvaal Investment Co Limited v Springs Municipality 1922 AD 337 at 342).*"

Aangesien daar op die feite bevind is dat 'n vervolging weens die oortreding van die regulasies nie teen die betrokke ingestel en voortgesit is nie, die tydperk van 36 maande die relevante tydperk was, welke reeds verstryk het.

Die tweede aspek van belang, is die faktore wat die hof oorweeg het om te bepaal of 'n tydsverlenging soos bedoel in artikel 9(2)(g)(ii) van die Wet, toegestaan behoort te word. Regter Zulman het bevind dat :

- (1) daar 'n onus op die Tesourie rus om "goeie redes" aan te voer waarom 'n tydsverlenging toegestaan behoort te word; en
- (2) in die oorweging van wat "goeie redes", sal wees, 'n belangrike faktor die nadeel wat die Respondent sal ly indien so 'n tydsverlenging toegelaat word, sal wees.<sup>328</sup>

Die eerste uitspraak wat met die bepalings van regulasie 22A tot 22D

---

<sup>328</sup> Vgl veral 227 E, 228 A, 230 A tot B en 231 B tot E van die gerapporteerde uitspraak.

handel, het reeds kort na die inwerkingtreding daarvan voorgekom in die saak tussen *A E Ferreira & Andere v Die Staatspresident & Andere*.<sup>329</sup> Die saak het voortgespruit uit optrede deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank geneem ingevolge waarvan op sekere bates van die Applikante beslag gelê is, en verbeurdverklaar is, uit hoofde van hul betrokkenheid by die *African Bank* saak.<sup>330</sup> Die Applikante het op 'n dringende basis aansoek gedoen vir die hersiening en tersydestelling van die beslagleggings en verbeurdverklaringsbevele van die Derde Respondent, die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die aanval op die beslagleggingsbevele was op die volgende gronde gebasseer, naamlik:

- (1) Dat regulasie 22A *ultra vires* was;
- (2) Dat die regulasie nietig is weens die vaagheid daarvan;
- (3) Dat die kennisgewings van die Suid-Afrikaanse Reserwebank nietig was weens die vaagheid en onduidelikheid daarvan.

Die hof het al drie gronde op sterkte waarvan die beslagleggingsbevele aangeveg is, tereg verwerp. Die hof het egter bevind dat die verbeurdverklaring 'n besondere verrykende gevolg is, wat duidelik onderskei moes word van die minder drastiese gevolge van 'n beslaglegging en dat die *audi alteram partem*-reël toegepas moes word in die geval van 'n verbeurdverklaring, alhoewel nie by 'n beslaglegging nie. In die verband is die Applikante se betoog met betrekking tot die twee fundamentele vereistes van die *audi alteram partem*-reël, synde:

---

<sup>329</sup> Ongerapporteerde uitspraak van Adjunk Regter-President Eloff onder saaknommer 9457/87 van 1 Julie 1987 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling.

<sup>330</sup> Vgl *S v African Bank of South Africa Ltd & Others* 1990 (2) SASV 585 W. Sien ook die bylae waar voorbeelde van die betrokke beslagleggings- en verbeurdverklaringsbevele en kennisgewings voorkom.

- (1) Kennis van die voorgename optrede;<sup>331</sup>
- (2) 'n Behoorlike geleentheid om aangehoor te word,<sup>332</sup>

gehandhaaf in soverre dit die verbeurdverklaring betref. Oelofse<sup>333</sup> toon aan dat die bepalings van artikel 9(2)(d) van die Wet 'n beroep op die *audi alteram partem*-reël uitdruklik uitsluit, ook in die geval van 'n verbeurdverklaring.

Die bepalings van regulasie 22A tot D het weer onder die soeklig gekom in die uitspraak van Regter Squires in *Craman Investments (Pty) Ltd v The South African Reserve Bank and Another*.<sup>334</sup> Die beslaglegging is op twee gronde aangeveg synde:

- (1) dat die Tesourie nie oor redelike gronde beskik het op sterkte waarvan dit gestel kon word dat die geld by 'n oortreding van die regulasies betrokke was nie; en
- (2) dat die beslagleggingskennisgewings vaag en onduidelik was aangesien dit versuim het om aan te toon op sterkte van welke

---

<sup>331</sup> *Momoniati v Minister of Law & Order & Others* 1986 (2) SA 264 W op 274 D tot E, *Pretoria City Council v Osmon Omar (Pty) Ltd* 1959 (4) SA 439 T en *Moleko v Bantu Affairs Administration Board* 1975 (4) SA 918 T.

<sup>332</sup> Applikante het in die verband sterk gesteun op die uitspraak van Regter Colman in *Heatherdale Farms (Pty) Ltd & Others v Deputy Minister of Agriculture & Another* 1980 (3) SA 476 T waarin dit op 486 gestel is dat:  
"The person concerned must be given a reasonable time in which to assemble the relevant information and to prepare and put forward his representations; secondly, he must be put in possession of such information as will render his right to make representations a real, and not an illusionary one."

<sup>333</sup> Oelofse 102 en 110.

<sup>334</sup> *Craman Investments (Pty) Ltd v The South African Reserve Bank and Another*, ongerapporteerde uitspraak van Regter Squires onder saaknommer 61/1989 in die Durban en Kus Plaaslike Afdeling.

paragraaf van regulasie 22A gesteun is in die uitvaardiging van die beslagleggingsbevel.

Wat die eersvermelde verweer betref, het die hof op die feite bevind dat daar inderdaad 'n redelike vermoede bestaan het op sterkte waarvan die besluit geneem is en is die punt gevolglik verwerp. Wat die tweede aspek betref, het Regter Squires dit soos volg treffend gestel:

*"Turning next to the question of vagueness, it is true that regulation 22A consists like Caesar's gaul, of three main parts, viz sub-regulations (1), (2) and (3). But sub-regulations (2) and (3) manifestly do not apply - the situation I did not understand to be disputed by the Applicant. So it could only be sub-regulation (1) of 22A, and the question is whether the notice was invalid because it did not say which sub-paragraph was the basis of the order. I do not think this can be so. I am of that conclusion because, as I understand the law on this aspect, a notice of administrative action need not state the authority for such action at all - although that may usually be done in practice; or can even state it incorrectly, as long as authority for the action does in fact exist, and any requirement for its exercise has been observed. This seems to be the principle that underlies the decisions in cases such as MacRobert v Pretoria Municipal Council 1910 TPD 931, R v Foley 1953 (3) SA 496 (E) and Latib v The Administrator, Transvaal 1969 (3) SA 186 (T). In these circumstances, and for those reasons, I do not think that van Staden's mere omission to identify the relevant regulation as 22A(1)(b) ... invalidates the decision he*

took.<sup>335</sup>

In *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank & Others*<sup>336</sup> is beslagleggingsbevele van die Suid-Afrikaanse Reserwebank weer eens aangeval, op wesenlik dieselfde gronde as in die vorige twee gemelde uitsprake. Van besondere belang in die uitspraak is egter Regter McCreath se interpretasie van die woord "*suspicion*", en die vereistes van "op redelike gronde vermoed". Hy het dit, tereg, soos volg gestel:<sup>337</sup>

*"As far as the requisites of a suspicion are concerned, I am in respectful agreement with that which was said by Lord Devlin in Shaaban Bin Hussien and Others v Chong Fook Kam and Another [1969] 3 All ER 1626 (PC) at 1630 and approved in Duncan v Minister of Law and Order 1986 (2) SA 805 (A) at 819 I:*

*"Suspicion in its ordinary meaning is a state of conjecture or surmise where proof is lacking: "I suspect, but I cannot prove". Suspicion arises at or near the starting point of an investigation of which the obtaining of prima facie proof is the end."*

*The question as to whether the grounds for a suspicion are reasonable or not must be **objectively assessed** (Minister of Law and Order and Others v Hurley and Another 1986 (3) SA 568 (A) at 580C)."*<sup>338</sup>

---

<sup>335</sup> Vgl in besonder Oelofse 103 vir verdere gesag op die betrokke punt.

<sup>336</sup> *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank & Others* 1990 (3) SA 704 T.

<sup>337</sup> Op 711 F tot H van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>338</sup> My beklemtoning.



Die hof het bevind dat daar inderdaad redelike gronde bestaan het wat daartoe aanleiding gegee het dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank redelikerwys vermoed het dat van die fondse wat op beslag gelê is, betrokke was by oortredings van die regulasies. Die uitspraak van Regter McCreath is op appèl geneem en gerapporteer in *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank and Others*<sup>339</sup>. Die uitspraak van Regter McCreath is bevestig, maar op 'n heel ander basis. Die hof, by monde van Appèlregter Hoexter<sup>340</sup> het bevind dat appèllant, die Applikant in die hoofaansoek, nie oor die nodige *locus standi* beskik het om die aansoek te bring nie aangesien hy nie 'n "*person aggrieved*" binne die bestek van regulasie 22D was nie.<sup>341</sup>

---

<sup>339</sup> *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank and Others* 1992 (3) SA 91 AD.

<sup>340</sup> Met wie waarnemende Appèlregters Nicholas en Harms saamgestem het.

<sup>341</sup> In die minderheidsuitspraak van Appèlregters Hefer en Kumleben is bevind dat Appèllant wel by wyse van afgeleide aksie as aandeelhouer oor die nodige *locus standi* sou beskik om die beslagleggingsbevele aan te veg.

## 5.26 REGULASIE 22B

### VERBEURDVERKLARING VAN, EN BESKIKKING OOR, GELD OF GOED WAAROP BESLAG GELê IS OF TEN OPSIGTE WAARVAN BEVELE UITGEREIK OF GEGEE IS

- 22B (1) Behoudens die bepalings van sub-regulasie (3) kan die Tesourie 'n skriftelike bevel uitreik waarin hy enige geld of goed in paragraaf (a), (b) of (c) van regulasie 22A(1) bedoel, met inbegrip van geld of goed wat daaruit aangewas het, aan die Staat verbeurd verklaar, en moet -
- (a) in die geval van geld, sodanige geld in die Gekonsolideerde Inkomstefonds stort; en
  - (b) in die geval van goed, daardie goed tegelde maak op die wyse wat hy goeddink asof hy die eienaar of houer daarvan is, en kan daardie goed aan die koper oordra en aan hom 'n regsgeldige titel daarop gee en, in die geval van onroerende goed, sonder om die titelbewys daarvan aan die registrateur van aktes voor te lê, mits deur die Tesourie gesertifiseer word dat die Tesourie daardie titelbewys nie kan vind nie.
- (2) Die Tesourie kan, indien hy op redelike gronde oortuig is dat geld of goed waarop kragtens paragraaf (a) van regulasie 22A(1) op beslag gelê is of ten opsigte waarvan 'n bevel kragtens paragraaf (b) of (c) van daardie regulasie uitgereik of gegee is, nie geld of goed is soos in daardie paragrawe bedoel nie, bedoelde geld of goed, met inbegrip van geld of goed wat daaruit aangewas het, aan die persoon in wie se besit die geld of goed gevind is, of aan 'n persoon wat andersins daarop geregtig is, terugbesorg, of die betrokke bevel intrek.
- (3) Die Tesourie verklaar nie geld of goed in paragraaf (a), (b) of (c) van regulasie 22A(1) bedoel aan die Staat verbeurd nie, tensy hy -
- (a) 'n kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer het waarin -
    - (i) kennis gegee word van 'n besluit om geld of goed in die kennisgewing vermeld aan die Staat verbeurd te verklaar;

- (ii) besonderhede gegee word van die wyse waarop oor daardie verbeurdverklaarde geld of goed beskik sal word; en
  - (iii) die datum (wat die datum van die kennisgewing kan wees) aangedui word waarop die geld of goed verbeurd verklaar word; en
- (b) gelyktydig met die publikasie van voorgaande kennisgewing 'n dergelike kennisgewing per geregistreerde pos gestuur het aan die persoon wat na die oordeel van die Tesourie deur daardie besluit geraak word of, indien sy adres nie bekend is nie, aan sy laaste bekende adres,

en die Tesourie beskik nie oor goed wat kragtens sub-regulasie (1) aan die Staat verbeurd verklaar is nie, tensy 'n tydperk van 90 dae vanaf datum van publikasie van bedoelde kennisgewing in die Staatskoerant verstryk het of, indien 'n geding in 'n geregshof in verband met so 'n besluit aanhangig gemaak is, daar in daardie geding finaal uitspraak gegee is.

- (4) Ondanks die bepalings van sub-regulasie (1)(a) kan uitgawes deur die Tesourie aangegaan in verband met -
- (a) die beslaglegging op geld of goed ingevolge regulasie 22A(1)(a) of 22C(1);
  - (b) die inbewinghouding van goed ingevolge regulasie 22A(1)(a);
  - (c) die uitreiking of gee deur die Tesourie, of die nakoming deur enigiemand, van 'n bevel bedoel in regulasie 22A(1)(b) of (c) in regulasie 22C(2);
  - (d) die verbeurdverklaring of tegeldemaking van geld of goed ingevolge sub-regulasie (1) en (3) van hierdie regulasie of ingevolge genoemde sub-regulasies saamgelees met regulasie 22C(3); of

- (e) die onderhoud of instandhouding van, of die betaling van enige belasting of ander gelde ten opsigte van, goed waarop ingevolge regulasie 22A(1)(a) of 22C(1) beslag gelê is of wat ingevolge sub-regulasie (1) en (3) van hierdie regulasie of ingevolge genoemde sub-regulasies saamgelees met regulasie 22C(3) verbeurd verklaar is,

bestry word uit die betrokke geld, of uit die opbrengs van die tegeldemaking van die betrokke goed, vir sover daardie geld of goed ingevolge sub-regulasies (1) en (3) van hierdie regulasie of ingevolge genoemde sub-regulasies saamgelees met regulasie 22C(3) verbeurd verklaar is.

### **BESPREKING:**

Ingevolge regulasie 22B is die Tesourie by magte om oor die geld en goed waarop beslag gelê is, hetsy ingevolge regulasie 22A of regulasie 22C te beskik, deur dit ten gunste van die Staat verbeurd te verklaar. Wanneer sodanige verbeurdverklaring plaasvind, word die opbrengs daarvan in die Staatsinkomstefonds gestort.

Oelofse<sup>342</sup> toon tereg aan dat regulasie 22B(2) onnodig is deurdat dit bepaal dat, indien die Tesourie op redelike gronde oortuig is dat die geld of goed waarop beslag gelê is, nie geld of goed is soos na verwys in regulasie 22A(1)(a), (b) of (c) nie, dit aan die betrokke persoon terugbesorg kan word. Oelofse skyn korrek te wees in sy afleiding dat:<sup>343</sup>

"Dit plaas die klem op die verkeerde plek. Die feit is dat die Tesourie die geld of goed terug behoort te gee sodra daar nie meer redelike gronde vir die oorspronklike vermoede is

---

<sup>342</sup> Oelofse 106.

<sup>343</sup> *Ibid.*

nie, want dan word nie meer aan die vereistes van regulasie 22A(1) in sake die vereiste vermoede voldoen nie. Die Tesourie behoort nie eers op redelike gronde oortuig te wees dat die geld of goed inderdaad "onbesmet" is voordat dit teruggegee word nie."

Regulasie 22B(3) bepaal die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n verbeurdverklaring kragtens regulasie 22B plaasvind en welke soos volg opgesom kan word:

- (1) Die Tesourie moet 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer waarin:
  - (a) kennis gegee word van die verbeurdverklaring;
  - (b) besonderhede gegee word van die wyse waarop oor die betrokke geld of goed beskik sal word, soos byvoorbeeld dat die opbrengs in die Staatsinkomstefonds gestort sal word;
  - (c) die datum waarop die geld of goed verbeurd verklaar word;
- (2) 'n Derglike kennisgewing moet per geregistreerde pos aan die betrokke persone gestuur word;
- (3) Die Tesourie mag slegs oor die verbeurdverklaarde goed beskik na die verloop van 'n tydperk van negentig dae vanaf die datum van publikasie van die betrokke kennisgewing in die *Staatskoerant*, of indien 'n geding in verband met die verbeurdverklaring ingestel is, nadat daar finale uitspraak daarin gegee is.

Sub-paragraaf 4 van regulasie 22B is op 19 Februarie 1988 tot die regulasies toegevoeg<sup>344</sup> en magtig die Tesourie om sekere uitgawes wat aangegaan is in die uitoefening van die bevoegdhede kragtens regulasies 22A tot 22D te verhaal alvorens daar finaal oor die opbrengs beskik word. Die rede waarom die bepaling noodsaaklik is, is veral vanweë die feit dat

---

<sup>344</sup> GK R 224 van 19 Februarie 1988.

die Suid-Afrikaanse Reserwebank in die praktyk, ooreenkomstig die delegasie, uitgawes aangaan in verband met die beslaglegging op geld en goed en die instandhouding van byvoorbeeld onroerende eiendomme, hangende die verbeurdverklaring daarvan. Alvorens die finale opbrengs aan die Tesourie, wat die Staatsinkomstefonds hanteer, oorbetaal word, kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank dan uit hoofde van die bepalings van sub-regulasie 4 hul uitgawes verhaal. Skrywer dra kennis daarvan dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank reeds etlike verhoë gerig het dat sub-regulasie 4 verder gewysig moet word om voorsiening te maak dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank ook by magte sal wees om, uit fondse waarop beslag gelê is, betalings te maak ter bestryding van:

- (1) Onderhoudskoste ten opsigte van die gesinne van oortreders wat gevangenisstraf uitdien; en
- (2) Regskostes deur sodanige oortreders aangegaan.

Geen wysiging wat laasgemelde moontlik maak, is egter al deurgevoer nie.

## 5.27 REGULASIE 22C

### VERHAAL VAN SEKERE BEDRAE DEUR TESOURIE

22C (1) Wanneer die Tesourie geld of goed in paragraaf (a), (b) of (c) van regulasie 22A(1) bedoel kragtens regulasie 22B aan die Staat verbeurd verklaar het en daardie geld en die opbrengs van die tegeldemaking van die goed, indien daar is, minder is as 'n bedrag gelyk aan 'n bedrag -

- (a) ten opsigte waarvan 'n oortreding of versuim of handeling of versuim in sub-paragraaf (i) van regulasie 22A(1)(a) bedoel, begaan is;
- (b) wat by 'n oortreding of versuim of handelig of versuim in sub-paragraaf (ii)(aa) van daardie regulasie bedoel, betrokke was;
- (c) wat deur enige persoon verkry is of hom toekom soos in sub-paragraaf (ii)(bb) van daardie regulasie bedoel;
- (d) waarmee enige persoon bevoordeel of verryk is soos in sub-paragraaf (ii)(cc) van daardie regulasie bedoel,

of wanneer geen geld of goed kragtens genoemde regulasie 22B verbeurd verklaar is nie, kan die Tesourie 'n bedrag gelyk aan die verskil tussen laasgenoemde bedrag en eersgenoemde bedrag geld en opbrengs of 'n bedrag gelyk aan laasgenoemde bedrag, na gelang van die geval -

- (i) van die persoon wat die betrokke oortreding of versuim of handeling of versuim begaan het;
- (ii) van die persoon wat die Tesourie op redelike gronde vermoed die betrokke oortreding of versuim of handeling of versuim begaan het;
- (iii) van die persoon wat as gevolg van die betrokke oortreding of versuim of handeling of versuim bevoordeel of verryk is;

- (iv) indien meerdere persone die betrokke oortreding of versuim of handelig of versuim begaan het of indien die Tesourie op redelike gronde vermoed dat meerdere persone so 'n oortreding of versuim of handeling of versuim begaan het of indien meerdere persone as gevolg van die betrokke oortreding of versuim of handeling of versuim bevoordeel of verryk is, gesamentlik en afsonderlik van daardie persone,

verhaal deur op enige ander geld, met inbegrip van geld in 'n geblokkeerde rekening in regulasie 4 bedoel, of ander goed van die betrokke persoon of persone beslag te lê op die wyse wat hy goeddink.

- (2) Die Tesourie kan, indien hy op redelike gronde vermoed dat dit nodig sal word om te gelegener tyd die een of ander bedrag van die betrokke persoon of persone kragtens sub-regulasie (1) te verhaal, te eniger tyd op of na die datum waarop op geld of goed in paragraaf (a) van regulasie 22A(1) bedoel beslag gelê is of op beslag gelê kon word, 'n bevel op die wyse wat hy goeddink, uitreik of gee waarin of waarby hy enige persoon belet om sonder die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes (indien daar is) wat die Tesourie mag stel -
- (a) enige geld wat in die een of ander rekening gehou word of nie meer daarvan nie as 'n bedrag wat deur die Tesourie na goeddunke bepaal word, met inagneming van die bedrag wat na die oordeel van die Tesourie te gelegener tyd verhaal sal word, te onttrek of te laat onttrek, of enige krediet of balans in daardie rekening op enige wyse aan te wend of te laat aanwend;
- (b) met enige goed van die betrokke persoon of persone deur die Tesourie bepaal op die wyse wat die Tesourie bepaal, te handel.
- (3) Die bepaling van -



- (a) sub-regulasies (1) en (3) van regulasie 22B is mutatis mutandis van toepassing op enige geld of goed in sub-regulasie (1) en (2) van hierdie regulasie bedoel asof daardie geld of goed geld of goed is soos in regulasie 22A bedoel;
- (b) sub-regulasie (3) van regulasie 22A is mutatis mutandis van toepassing op 'n bevel wat kragtens sub-regulasie (2) van hierdie regulasie uitgereik of gegee is.

### **BESPREKING:**

Regulasie 22C(1) kan soos volg opgesom word:

- (1) Indien die Tesourie geld kragtens regulasie 22B ten gunste van die Staat verbeurd verklaar het, en dit minder is as 'n bedrag gelykstaande aan:
  - (a) 'n bedrag ten opsigte waarvan 'n oortreding begaan is;
  - (b) 'n bedrag wat by 'n oortreding betrokke was;
  - (c) 'n bedrag wat enige persoon verkry het, of hom toeval (uit hoofde van so 'n oortreding);
  - (d) 'n bedrag waarmee enige persoon bevoordeel of verryk is (uit hoofde van so 'n oortreding),
- (2) of as die Tesourie geen geld verbeurd verklaar het nie, kan die Tesourie die verskil tussen die onderskeie bedrae verhaal van:
  - (a) die betrokke persoon wat die oortreding begaan het;
  - (b) 'n persoon wat op redelike gronde vermoed word die betrokke oortreding begaan het;
  - (c) 'n persoon wat as gevolg van die oortreding bevoordeel of verryk is;
  - (d) waar meerdere persone betrokke is, dit gesamentlik en afsonderlik van sodanige persone,
- (3) deur op enige ander geld of goed van sodanige persoon of persone

beslag te lê.

Oelofse<sup>345</sup> stel die doel van regulasie 22C treffend soos volg:

"Regulasie 22C kom neer op 'n uitbreiding van die beslagleggingsbevoegdheid wat deur reg. 22A verleen word. By die toepassing van reg. 22A word 'n verbintenis of vermoedelike verbintenis tussen die betrokke geld of goed en die oortreding of vermoedelike oortreding van die regulasies vereis. Die geld of goed self moet dus "besmet" of vermoedelik "besmet" wees (vgl. *Francis George Hill Family Trust v South African Reserve Bank and Others* 1990 (3) SA 704 (T) 710 H - I). Daarteenoor magtig reg. 22C beslaglegging op "skoon" bates van die persoon of persone wat werklik of vermoedelik by 'n oortreding van die regulasies betrokke was, of wat deur so 'n werklike of vermoedelike oortreding bevoordeel of verryk is. Die doel is klaarblyklik om te vergoed vir enige tekort wat nie deur 'n beslaglegging ingevolge reg. 22A gedek kon word nie."

In *Key v Van Staden NO & Others*<sup>346</sup> is die vereistes vir 'n beslaglegging kragtens regulasie 22C(2) volledig bespreek. Die feite van die saak kan soos volg opgesom word:

Die Applikant, 'n insolvent wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vermoed is betrokke te gewees het by oortredings van die regulasies, het oor 'n pensioenbelang beskik by Tolgate Holdings Groep Pensioenfonds (in likwidasie). Die Tweede Respondent was die likwidateur van die pensioenfonds wat te alle relevante tye opgetree het in sodanige

---

<sup>345</sup> Oelofse 108.

<sup>346</sup> *Key v Van Staden NO & Others* 1995 (4) SA 328 TPD.

hoedanigheid terwyl hy na die likwidasië van die pensioenfonds omgesien het. Toe Eerste Respondent, 'n assistent-hoofbestuurder in die departement deviesebeheer van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, verneem het dat Applikant oor 'n pensioenbelang in die betrokke pensioenfonds beskik het, het hy kragtens regulasie 22C(2) skriftelik opdrag aan die likwidateur gegee om nie enige betalings aan Applikant te maak nie en om sodanige fondse te blokkeer. Applikant het op 'n dringende basis aansoek gedoen vir die tersydestelling van sodanige bevel uit hoofde van artikel 9(2)(d)(i) van die Wet, saamgelees met regulasie 22D. Applikant se gronde vir die tersydestelling van die beslagleggingskennisgewing kan soos volg saamgevat word:

- (1) Dat die Respondent nie in ooreenstemming met die relevante bepalings van regulasie 22C(2) gehandel het nie;
- (2) Dat, indien regulasie 22C(2) sodanige optrede magtig, dit *ultra vires* artikel 9 van die Wet is, en dat dit onkonstitusioneel is uit hoofde van die bepalings van artikel 28(2) van die Grondwet, Wet 200 van 1993;
- (3) Dat artikel 37A van die Wet op Pensioenfondse, Wet 24 van 1956 betalings kragtens 'n pensioenfonds van beslaglegging kragtens regulasie 22C(2) vrystel;
- (4) Dat regulasie 22C nietig en ongeldig is, op gronde wat spesifiek deur Applikant gestel is;
- (5) Dat regulasie 22C(2) onkonstitusioneel is uit hoofde van die bepalings van, *inter alia* artikels 13, 24 en 28 van die Grondwet, Wet 200 van 1993, soos voormeld.

Regter Southwood het die eerste grond vir tersydestelling van Applikant soos volg saamgevat.<sup>347</sup>

---

<sup>347</sup> Op 337 A tot D van die gerapporteerde uitspraak.

*"The broad contention put forward by the Applicant's counsel was that, properly construed, reg 22C(2) does not authorise the action taken by the First Respondent on 23 May 1994. This was of course disputed by counsel for the First Respondent.*

*The Applicant's counsel motivated this broad contention by reference to two components of the regulation. First, he argued that the regulation authorised the Treasury, in the circumstances postulated by the sub-regulation, to prohibit any person from withdrawing or causing to be withdrawn any money held in any account. What the First Respondent did, was to attempt to attach a debt or to prohibit a debtor from paying his creditor. Second, he argued that the money in respect of which the prohibition is made must be the money of the person who as a matter of fact or as a matter of reasonable suspicion committed a contravention of the regulations or was benefitted or enriched thereby. The person who qualifies as such a person is the Applicant and not the Second Respondent or the fund. The Applicant does not have any money in an account. He only has a claim against the Second Respondent or the fund for the dividend to be paid on the final winding up of the fund. Any money in an account is that of the fund."*

Regter Southwood het tereg bevind dat die geld wat in die rekening van die pensioenfonds gehou is, uit hoofde van die bepalings van die Wet op Pensioenfondse, steeds die pensioenfonds se fondse was en dat Applikant slegs 'n skuldeiser van die pensioenfonds was. Uit hoofde hiervan was dit nie "enige geld wat in die een of ander rekening gehou word" vir die Applikant (vermoedelike oortreder) nie. Die hof het gevolglik Applikant gelyk gegee dat Eerste Respondent nie in ooreenstemming met die

408

bepalings van regulasie 22C(2) gehandel het nie en die beslaglegging tersyde gestel. 'n Aspek wat verdere vermelding verdien, is die hof se bevinding dat die woorde "*any money held in any account*" nie onbeperk is nie en dat dit gekwalifiseer word deur die bepaling van regulasie 22C(1) wat aantoon dat:<sup>348</sup>

*"...here must be a link between the money in the account and the person from whom it is to be recovered. That link is clear and the various categories of person affected are those referred to in (i) - (iv) of reg 22C(1)."*

---

<sup>348</sup>

Op 339 D van die gerapporteerde uitspraak.

## 5.28 REGULASIE 22D

### HERSIENING VAN, OF INSTELLING VAN AKSIES IN VERBAND MET, BESLAGLEGGING OP, EN VERBEURDVERKLARING VAN, SEKERE GELD OF GOED, OF VAN SEKERE BEVELE

22D 'n Persoon wat hom veronreg voel deur die beslaglegging op enige geld of goed kragtens paragraaf (a) van regulasie 22A (1) of regulasie 22C(1) of die uitreiking of gee van 'n bevel kragtens die bepalings van paragraaf (b) of (c) van regulasie 22A(1) of sub-regulasie (2) van regulasie 22C of 'n voorwaarde daarkragtens gestel, kan -

- (a) in die geval van 'n beslaglegging kragtens paragraaf (a) van regulasie 22A(1) of van regulasie 22C(1) of die uitreiking of gee van 'n bevel kragtens paragraaf (b) of (c) van genoemde regulasie 22A (1) of regulasie 22C(2) 'n aansoek in 'n bevoegde hof bring vir die hersiening van so 'n beslaglegging of skriftelike bevel of waarin ander gepaste regshulp gevra word;
- (b) in die geval van 'n besluit kragtens regulasie 22B(1) of 22B(1), saamgelees met regulasie 22C(3), om sodanige geld of goed aan die Staat verbeurd te verklaar te eniger tyd maar nie later nie as 90 dae na die datum van publikasie van bedoelde kennisgewing by 'n bevoegde hof 'n aksie vir die tersydestelling van so 'n besluit instel,

en so 'n hof kan so 'n beslaglegging of bevel of besluit, na gelang van die geval op die gronde uiteengesit in die bepalings van paragraaf (d)(i) of (iii) van artikel 9(2) van die Wet tersyde stel.

### BESPREKING:

Artikel 9(d)(i) en (iii), saamgelees met regulasie 22D vorm die basis vir enige aansoek of aksie vir die tersydestelling van enige handeling van die Tesourie met betrekking tot beslaglegging op geld en goed, blokkering van geld en verbeurdverklaring van geld en goed. Dit word aan die hand gedoen dat dit wil voorkom asof die gronde waarop sodanige handeling

tersyde gestel kan word beperk word deur die bepalings van artikel 9(2)(d), saamgelees met regulasie 22D waarvan die relevante gedeeltes soos volg daarna uitsien:

- "9(2)(d)(i) ...en die Hof stel nie sodanige besluit of handeling tersyde of verleen nie sodanige ander regshulp nie tensy hy oortuig is -
- (aa) dat die persoon wat die besluit geneem het of handeling verrig het nie ooreenkomstig die betrokke bepalings van die regulasie gehandel het nie; of
  - (bb) dat sodanige persoon nie redelike gronde gehad het om die besluit te neem of handeling te verrig nie; of
  - (cc) dat die bedoelde gronde vir die neem van die besluit of die verrigting van die handeling nie meer bestaan nie;"<sup>349</sup>

en

- "22(d) ...en so 'n hof kan so 'n beslaglegging of bevel of besluit, na gelang van die geval op die *gronde uiteengesit in die bepalings van paragraaf (d)(i) of (iii) van artikel 9(2) van die Wet tersyde stel.*"<sup>350</sup>

Oelofse voer aan dat die tersydestellingsgronde beperk is tot dit wat in artikel 9(2)(d) van die Wet gespesifiseer word en dat die nie-nakoming van

---

<sup>349</sup> Vgl ook artikel 9(2)(d)(ii) wat wesenlik ooreenstem met artikel 9(2)(d)(i) maar wat handel met verbeurdverklaringsbevele.

<sup>350</sup> My beklemtoning.

die *audi alteram partem*-reël nie 'n grond vir tersydestelling van 'n besluit is nie aangesien dit buite die spesifieke gemelde aanvegtingsgronde val. Daar kan nie met Oelofse saamgestem word nie en word dit aan die hand gedoen dat die normale hersieningsgronde, wat insluit die nie-nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid, steeds geld aangesien die gemeenregtelike hersieningsgronde nie uitdruklik uitgesluit word nie.<sup>351</sup> Dit word aan die hand gedoen dat die beperking wat in artikel 9(2) van die Wet aangetref word, bloot bedoel om die hersieningsgronde uit hoofde van die Wet self te beperk, maar dat die bewoording nie voldoende is om die gemeenregtelike hersieningsgronde spesifiek uit te sluit nie. Hoe dit ookal sy sal dit, met inagneming van die bepalings van die Grondwet, Wet 200 van 1993, ongetwyfeld vasstaan dat die gemeenregtelike hersieningsgronde nie uitgesluit kan word nie.<sup>352</sup>

'n Statutêre verjaringstermyn van 90 dae na publikasie van 'n verbeurd-verklaringsbevel in die *Staatskoerant* word aangetref in regulasie 22D.

Uit 'n praktyksoogpunt is dit belangrik om te let tussen die onderskeid wat getref word in regulasie 22D(a) ingevolge waarvan 'n aansoek in 'n bevoegde hof gebring kan word vir die hersiening van 'n beslaglegging, teenoor die bepalings van regulasie 22D(b) ingevolge waarvan 'n aksie, derhalwe die uitreiking van 'n dagvaarding, gebruik moet word vir die tersydestelling van 'n besluit om geld of goed ten gunste van die Staat verbeurd te verklaar.

---

<sup>351</sup> Vgl in die verband *Dimitri v Liquor Licensing Board* 1963 (3) SA 1 W.

<sup>352</sup> Sien ook hieroor *Bernstein & Others v Bester NO & Others* 1996 (2) SA 751 CC en 1996 (4) BCLR 449 CC met betrekking tot die toepassing van art 24 van die Grondwet *contra* die uitspraak van regter Jones in *Jeeva v Receiver of Revenue, Port Elizabeth* 1995 (2) SA 433 SE.



## 5.29 REGULASIE 22E

### DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE

- 22E (1) Die Minister van Finansies kan enige bevoegdheid of funksie wat by die een of ander bepaling van hierdie regulasie aan die Tesourie verleen word aan enige persoon delegeer of 'n plig daarkragtens aan die Tesourie opgelê aan so 'n persoon opdra.
- (2) Die Tesourie word nie ontdoen van enige bevoegdheid of funksie of plig wat kragtens sub-regulasie (1) aan 'n persoon gedelegeer of opgedra is nie en kan te eniger tyd enige besluit deur so 'n persoon by die uitoefening of verrigting van die betrokke bevoegdheid of funksie of plig intrek of wysig.

### BESPREKING:

Die magtiging vir regulasie 22E is geleë in artikel 9(2)(c) van die Wet wat spesifiek voorsiening maak dat 'n delegasie van bevoegdhede kragtens die regulasies kan plaasvind.<sup>353</sup> Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is voorts ingevolge paragraaf 2 van die Bevele en Reëls spesifiek aangewys om uitvoering te gee aan alle bevoegdhede en funksies wat deur die regulasies aan die Tesourie toegewys is, met die uitsondering van die bevoegdhede en funksies wat in regulasies 3(5) en (8), 16, 20 en 22 voorkom.<sup>354 355</sup>

---

<sup>353</sup> Vgl Wet 23 van 1987 waardeur artikel 9(2)(c) tot die Wet toegevoeg is, asook die byvoeging van regulasie 22E tot die regulasies.

<sup>354</sup> Vgl ook die sogenaamde delegasiebrief wat in die bylae aangeheg is.

<sup>355</sup> Vgl in die algemeen die bespreking van die kwessie van die delegasie van bevoegdhede in Hfst 3 en 4 *supra*.

## 5.30 REGULASIE 23

### INTREKKING VAN REGULASIES

23. (1) Die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings Nos. 2800 van 2 November 1951, 797 van 6 Junie 1958, 194 van 6 Februarie 1959 en Buitengewone Staatskoerant-kennisgewing No. 84 van 16 Junie 1961, word hierby ingetrek.
- (2) 'n Sertifikaat uitgereik, vrystelling of toestemming verleen, bevel gegee, tydperk vasgestel, opgawe, verklaring, verslag of aanstelling ingedien of gedoen, sekerheid gestel, inligting verstrekk of handeling gedoen kragtens die bepalings van 'n regulasie wat by hierdie regulasie ingetrek is, word geag verstrekk te wees kragtens die ooreenstemmende bepalings van hierdie regulasies; met dien verstande dat die bepalings van hierdie sub-regulasie nie van toepassing is op 'n bevoegdheid of funksie wat die Tesourie kragtens 'n aldus ingetrokke regulasie besit het en wat die Tesourie by wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant uitgeoefen of vervul het nie.

### BESPREKING:

Regulasie 23 herroep sekere vorige regulasies wat gepubliseer is. In sub-regulasie 2 word 'n oorgangsbepaling aangetref waardeur bepaal word dat handeling wat begaan is kragtens 'n regulasie wat vanweë regulasie 23 ingetrek is, geag word begaan te wees kragtens die ooreenstemmende regulasies wat na die regulasies wat ingetrek is, in werking gestel is.<sup>356</sup>

---

<sup>356</sup> Vgl Oelofse 112.

### 5.31 DIE INVLOED VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, WET 200 VAN 1993, SOOS GEWYSIG.<sup>357</sup>

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, hierna na bloot verwys as die Grondwet, is op 25 Januarie 1995 goedgekeur en het op 27 April 1994 in werking getree. Uit 'n deviesebeheer oogpunt is die bepalings van Hoofstuk 3 waarin die Fundamentele Regte voorkom van besondere belang. Ingevolge Hoofstuk 3 van die Grondwet word die volgende Fundamentele Regte aangetref, te wete:

- \* Artikel 8 - Gelykheid
- \* Artikel 9 - Lewe
- \* Artikel 10 - Menswaardigheid

---

<sup>357</sup> Die grootste gedeelte van die navorsing vir die doeleindes van hierdie tesis is gedoen voor die inwerkingtrede van die Grondwet. Uiteraard val 'n bespreking van algemene grondwetlike beginsels buite die bestek van hierdie werk en is die doel van hierdie afdeling bloot om te verwys na aspekte wat voorkom in die toepassing van deviesebeheer wat waarskynlik beïnvloed sal word deur die bepalings van die Grondwet. Dit is duidelik uit die vloed van gerapporteerde uitsprake sedert die inwerkingtrede van die Grondwet, met betrekking tot grondwetlike aspekte, dat dit 'n vakgebied is wat op sigself besondere studie verdien. Uit 'n deviesebeheer oogpunt is dit belangrik om kennis te neem van verskeie uitsprake wat met konstitusionele aspekte handel, onder andere aangesien besondere beginsels wat ook op die deviesebeheerstelsel toepassing vind, daardeur geraak word, te wete onder meer:

(1) Die reg op privaatheid en die skending daarvan deur die ondersoek-bevoegdhede soos na verwys in regulasie 19; (2) Die reg tot toegang tot inligting soos beperk deur Artikel 33 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Wet 90 van 1989; (3) Die reg op administratiewe geregtigheid, in teenstelling met die bevoegdhede kragtens onder meer regulasie 22A tot 22C waaruit dit blyk dat die *audi alteram partem*-reël nie streng nagevolg hoef te word nie; (4) Die reg teen selfinkriminasie, waarop inbreuk gemaak word uit hoofde van die bepalings van regulasie 19; (5) Die reg op eiendom, waarop inbreuk gemaak word uit hoofde van die bepalings van regulasies 3, 4, 10, 19, 22A tot 22C.

- \* Artikel 11 - Vryheid en sekuriteit van die persoon
- \* Artikel 12 - Slawerny en dwangarbeid
- \* Artikel 13 - Privaatheid
- \* Artikel 14 - Godsdienst, geloof en opinie
- \* Artikel 15 - Vryheid van uitdrukking
- \* Artikel 16 - Vergadering, betoging en petisie
- \* Artikel 17 - Vryheid van assosiasie
- \* Artikel 18 - Bewegingsvryheid
- \* Artikel 19 - Verblyf
- \* Artikel 20 - Burgerskapsregte
- \* Artikel 21 - Politieke regte
- \* Artikel 22 - Toegang tot hof
- \* Artikel 23 - Toegang tot inligting
- \* Artikel 24 - Administratiewe geregtigheid
- \* Artikel 25 - Aangehoudenes, gearresteerdes en beskuldigdes
- \* Artikel 26 - Ekonomiese verkeer
- \* Artikel 27 - Arbeidsverhoudinge
- \* Artikel 28 - Eiendom
- \* Artikel 29 - Omgewing
- \* Artikel 30 - Kinders
- \* Artikel 31 - Taal en kultuur
- \* Artikel 32 - Onderwys
- \* Artikel 33 - Beperking

Sonder om dit tot 'n *numerus clausus* te beperk, word dit aan die hand gedoen dat die volgende artikels in die Grondwet 'n wesenlike invloed sal hê op dispute en litigasie wat uit hoofde van die Deviesebeheer-wetgewing voortspruit, synde:

- \* Artikel 11 - Vryheid en sekuriteit van die persoon
- \* Artikel 13 - Privaatheid

416

- \* Artikel 23 - Toegang tot inligting
- \* Artikel 24 - Administratiewe geregtigheid
- \* Artikel 25 - Aangehoudenes, gearresterdes en beskuldigdes
- \* Artikel 26 - Ekonomiese verkeer
- \* Artikel 28 - Eiendom

In die praktyk sal waarskynlik gevind word dat 'n aanval, gebaseer op Hoofstuk 3 van die Grondwet, teen vervolgings of ander optrede wat uit hoofde van die Wet en die regulasies voortspruit, soos volg sal voorkom, te wete:

- (1) Die regsgeldigheid van die toepassing van deviesebeheer (in die geheel - as synde in stryd met bepalings soos onder meer artikels 8, 11, 13, 24, 26 en 28);
- (2) Die regsgeldigheid van optrede deur gevolmagtigdes kragtens die Wet en regulasies (hoofsaaklik administratiewe optrede wat verband kan hou met artikels 11, 13, 22, 23, 24, 25, 26 en 28);
- (3) Die regsgeldigheid van bepaalde artikels en Sub-artikels in die Wet;
- (4) Die regsgeldigheid van bepaalde regulasies;
- (5) Die regsgeldigheid van bepaalde Bevele en Reëls.

In *Key v Van Staden NO & Others*<sup>358</sup> <sup>359</sup> het die Applikant hom onder meer daarop beroep dat regulasie 22C onkonstitusioneel is uit hoofde van:

- (1) artikel 28(2) van die Grondwet;
- (2) artikels 13, 24 en 28 van die Grondwet.

---

<sup>358</sup> *Key v Van Staden NO & Others* 1995 (4) SA 328 TPD.

<sup>359</sup> Vgl 5.27 *supra* vir 'n volledige bespreking van die gerapporteerde uitspraak.

Die hof het bevind dat die applikant se eerste grond van hersiening, synde dat Respondent nie in ooreenstemming met die bepalings van regulasie 22C(2) gehandel het nie, geregverdig was en het die aansoek op daardie basis toegestaan en het dit gevolglik onnodig gevind om met die beweerde ongrondwetlikheid van regulasie 22C te handel. In soverre dit die beweerde ongrondwetlikheid van regulasie 22C betref, uit hoofde daarvan dat dit in stryd met artikel 28 van die Grondwet is, wil dit voorkom asof daar moontlik meriete in die argument mag wees. Alhoewel beslagleggings en verbeurdverklaringsbevoegdhede redelik algemeen in Westerse lande voorkom, kan tereg gevra word of die verbeurdverklaringsbevoegdheid uit hoofde van regulasie 22B binne die bestek van die beperking ingevolge artikel 33 van die Grondwet sal val. Uit hoofde van artikel 33 van die Grondwet kan die reg ingevolge artikel 28 van die Grondwet beperk word:

- (1) slegs in die mate waarin dit -
  - (a) redelik is; en
  - (b) regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid; en
- (2) die beperking nie die wesentliche inhoud van die betrokke reg ontken nie.<sup>360</sup>

---

<sup>360</sup> Vgl in besonder die uitspraak in *S v Makwanyane* 1995 (6) BCLR 665 CC, ook gerapporteer in 1995 (3) SA 391 CC vir 'n bespreking van die interpretasie van artikel 33 van die Grondwet. Carpenter *The South African Constitutional Court: Taking Stock of the Early Decisions*. The Human Rights Constitutional Law Journal of Southern Africa (1) Maart 1996 26 stel dit dat:  
*"Once the Court had found that the death penalty was prima facie in conflict with any provision of the Constitution, it had to determine whether the statutory rule in question could be saved in terms of the limitation clause. The court followed the same "two-stage" approach which had been adopted by Kentridge AJ in the Zuma case (S v Zuma 1995 (4) BCLR 41 CC), and which is substantially the same as that used in the interpretation of the Canadian limitation clause. The first stage involves the determination whether or not a fundamental right has indeed been infringed. The onus of proving*

Die uitspraak van Regter Cloete in *S v Friedman*<sup>361</sup> is van besondere belang uit 'n grondwetlike oogpunt. Die beskuldigde het aansoek gedoen vir 'n bevel ingevolge waarvan die klagtes teen hom nietig verklaar word. Daar is gesteun op 3 gronde te wete:

- (1) Dat die klag nie voldoen aan die bepalings van artikel 84 van die Strafproseswet<sup>362</sup> deurdat al die essensiële elemente van die klagte nie in die klagstaat vervat is nie;
- (2) Dat die klagte nie voldoende besonderhede met betrekking tot sekere feite van die klag vervat nie, en dus in stryd met artikel 85(1)(d) van die Strafproseswet<sup>363</sup> en artikel 25(3)(b) van die Grondwet is;
- (3) Dat die gemeenregtelike definisie van bedrog, soos wat dit deur die howe aanvaar is, onkonstitusioneel is vir sover die howe reeds bevind het dat:
  - (a) nadeel nie noodwendig finansiële of vermoënsregtelik hoef te wees nie;
  - (b) nadeel potensiele nadeel insluit;
  - (c) die nadeel nie noodwendig deur die geadresseerde van die valse voorstelling gelei word nie.

Die voormelde aanval, uit 'n konstitusionele oogpunt, was daarop gegrond

---

*an infringement rests on the aggrieved party. Once that has been established, the onus is on the other party to justify the imposition of the limitation complained of. Chaskalson P stressed that the evaluation of the constitutionality... in terms of section 33(1) involved a process of balancing and weighing up of competing interests and values and ultimately an assessment based on proportionality (an accepted criterium for reasonableness)."*

<sup>361</sup> *S v Friedman* (1) 1996 (1) SASV 181 W.

<sup>362</sup> Strafproseswet 51 van 1977, soos gewysig.

<sup>363</sup> *Ibid.*

dat die beskuldigde ingevolge die bepalings van artikel 25(3) van die Grondwet 'n reg het op 'n billike verhoor, welke op inbreuk gemaak sal word indien die gemeenregtelike definisie van bedrog gehandhaaf sou word.<sup>364</sup> Die Staat het beweer dat die beskuldigde, tesame met vyf ander beskuldigdes betrokke was by 'n bedrieglike en onwettige skema waardeur gesteelde onbewerkte goud, platinum en ander goud bedrieglik na die Verenigde Koninkryk en Switserland gesmokkel is as "scrap silver". Die totale waarde van die verkoopop-brengs van sodanige goedere wat onwettig uitgevoer is, het 'n bedrag van ongeveer R120 000 000.00 beloop waarvan die beskuldigde ongeveer R6 114 522.03 in 'n bankrekening in Genève ontvang het. Dit is in die klagstaat gestel dat die beskuldigde skuldig is aan bedrog deurdat die beskuldigde gedurende 'n gespesifiseerde tyd, en op gespesifiseerde plekke in die Republiek van Suid-Afrika, onwettig en met die bedoeling om te bedrieg (deur sy eie handeling of versuim en/of deur die handeling en versuim van die mede-beskuldigdes) valslik voorgegee het aan gespesifiseerde persone, en tot die nadeel, hetsy werklik of potensieel van gespesifiseerde persone dat:

- (1) Die "scrap silver" uitgevoer is;
- (2) Die fakture en vorms F178 en ander relevante dokumentasie wat met die uitvoer betrekking gehou het, die waarde van die goedere korrek weergegee het;
- (3) Terwyl goud, silwer en platinum, met 'n getoonde waarde in elke geval, na die Verenigde Koninkryk en Switserland uitgevoer is.

---

<sup>364</sup> Sien 183 F tot G van die uitspraak waarin Regter Cloete dit stel dat: *"As I understand the argument, it is that the charge should be quashed because, if the wide parameters of the common-law definition of fraud hitherto accepted by the Courts are cut down - as counsel contends they should be, in view of the provisions of s 23(3) of the Constitution relating to a fair trial - the indictment would not disclose an offence, or would contain irrelevant detail prejudicial to the accused."*



Benewens voorgaande is dit ook gestel dat die beskuldigde versuim het om aan die betrokke instansies en persone uit te wys, terwyl daar 'n "*duty to disclose*" was, wat die werklike aard, hoeveelheid en waarde van die goedere wat uitgevoer is, was.

Die grondslag van die betoog namens die beskuldigde met betrekking tot die ongrondwetlikheid van die definisie van bedrog, is soos volg deur die Hof aangehaal.<sup>365</sup>

*"The common-law definition of "fraud"and, in particular, the wide and vague concepts of prejudice and potential prejudice, are not a just definition of the offence. That is so because the crime would punish the dishonesty of the misrepresentation without having sufficient regard to the effects of such misrepresentation. In so doing, and in particular in relation to State interests such as those that form part of the offence in the present matter, the interests of the State are set above those of the liberty and other fundamental rights of the individual. The crime punishes an individual without weighing the actual consequences of an individual's actions. In the absence of actual prejudice which has a tangible form, be it proprietary or some other species of definite harm, the crime amounts to an invasion of individual liberty and an infringement of a substantive concept of a fair trial as required by s 25(3) of the Constitution.*

*It was further argued that the common-law offence of fraud, as presently framed, infringes upon the accused's right to equal protection of the law as set out in s 8(1) of the Constitution and also infringes s 11 of the Constitution which*

---

<sup>365</sup> Op 190 E tot H van die gerapporteerde uitspraak.

*secures the accused's right to freedom and security of the person."*

Namens die beskuldigde is sterk gesteun op die kommentaar van Professor J C de Wet, naamlik dat waar nadeel nie vermoënsregtelik of slegs potensieel is, bedrog nie gepleeg word nie. Daar is ook gesteun op die siening van Professor C R Snyman, soos gereflekteer in sy professorale intreerede<sup>366</sup> waarin sterk kritiek uitgespreek is teen die begrip "potensiële nadeel". Die hof het die volgende treffende opsomming van die betoog namens die beskuldigde gemaak:<sup>367</sup>

*"The submission therefore was that I should engage in wholesale landscape gardening of the common-law offence of fraud by requiring:*

- (1) that actual prejudice and not merely potential prejudice would have to be proved; and*
- (2) that the prejudice would have to be patrimonial; and*
- (3) that the prejudice would have to be suffered by the representee and not third parties."*

Regter Cloete het tereg, met verwysing na die siening van Professor Snyman, bevind dat daar nie fout gevind kan word met die insluiting van nie-vermoënsregtelike nadeel by die nadeelvereiste by bedrog in die positiewe reg. Hy stel dit voorts dat:<sup>368</sup>

*"I would add that there may be positive advantages in charging an accused with fraud rather than a statutory*

---

<sup>366</sup> SATSK 1977 (1) 11 en 21. Sien 191 H en I van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>367</sup> Op 190 I tot 191 A van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>368</sup> Op 193 J tot 194 C van die gerapporteerde uitspraak.

*offence. An example that comes to mind is that a foreign country may be prepared to extradite an accused or respond to letters rogatoire where the offence to be charged, or evidence to be taken, relates to a common-law crime, such as fraud or murder, but not where the offence to be charged relates to a statutory crime such as terrorism or a contravention of municipal exchange control regulations. The present definition of fraud is wide, but that does not make it difficult, much less impossible, to ascertain the type of conduct which falls within it."*

Regter Cloete het bevind dat die beskuldigde se aansoek ongegrond was en dat die trefwydte van die definisie van bedrog nie teenstrydig is met die bepalings van die Grondwet, soos wat namens die beskuldigde geargumenteer is.<sup>369</sup>

---

<sup>369</sup> Daar dien voorts gelet te word op die uitspraak van Regter Cloete in *S v Friedman* (2) 1996 (1) SASV 196 W. In hierdie uitspraak handel die hof met die prosedurele stappe wat gevolg behoort te word wanneer 'n beswaar teen die klagstaat geopper word op sterkte van die grondwetlike bestaanbaarheid van die klagtes. Die beskuldigde het beswaar aangeteken teen die klagtes op sterkte daarvan dat bepaalde gedeeltes van die Wet en regulasies, asook bepaalde artikels van die Doeanewetgewing, Wet 91 van 1964 en die Wet op Mynregte, Wet 20 van 1967, in stryd met die Grondwet is. Daar is ook aangevoer dat artikel 245 van die Strafproseswet nietig is, welke artikel direk met die bedrogklagtes in verband staan en welke artikel bepaal dat:  
"Getuienis op Aanklag waarvan Valse voorstelling bestanddeel is."  
"Indien by strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdryf waarvan 'n valse voorstelling 'n bestanddeel is, bewys word dat die valse voorstelling deur die beskuldigde gemaak is, word geag, tensy die teendeel bewys word, dat hy so 'n voorstelling gemaak het wetende dat dit vals is."  
Die hof het bevind dat die stadium waarop die geldigheid van die voormelde Artikel 245 ter sprake sou kom, eers op 'n later stadium in die verhoor sou wees en dat dit trouens onwaarskynlik is dat dit enigsins relevant sou wees uit hoofde van die bewerings in die klagstaat. Die Hof het voorts bevind, met verwysing na die uitspraak in *Zantsi v The Council of State & Others* 1995 (10)

Daar is reeds by die bespreking van regulasie 19 hierbo daarop gewys dat regulasie 19, saamgelees met regulasie 22, 'n vorm van statutêre dwang daarstel deurdat regulasie 19 bepaal dat die Tesourie, of sy gevolmagtigde, enige persoon kan beveel om inligting waaroor die persoon beskik en wat vir die toepassing van die regulasies benodig word, te verstrek. Ingevolge regulasie 22 begaan 'n persoon 'n oortreding indien hy sou weier of nalaat om inligting te verstrek wat hy ingevolge die regulasies moet voorsien. Dit is duidelik dat die bepaling in sekere opsigte in stryd is met artikel 25(3) van die Grondwet ingevolge waarvan bepaal word dat :

"25(3) Elke *beskuldigde*<sup>370</sup> het die reg op 'n billike verhoor, waarby inbegrepe is die reg-

- (a) ...
- (b) ...
- (c) Om onskuldig geag te word en om te swyg tydens pleitverrigtinge of verhoor en om nie tydens verhoor te getuig nie;..."

In *S v Shangase*<sup>371</sup> het Regter Levinson bevind dat die vermoede dat 'n bekentenis vrywillig en ongedwonge gemaak is sonder enige onbehoorlike beïnvloeding daartoe, soos wat dit voorkom in artikel 217(1)(b) van die Strafproseswet,<sup>372</sup> in stryd is met artikel 25(2) en (3) van die Grondwet deurdat dit 'n onredelike inperking van die reg om

---

BCLR 1424 CC, dat dit gepas is om, sover moontlik nie 'n konstitusionele vraag vooraf te beslis nie. Uit hoofde hiervan het die hof geweier om die aansoek van die beskuldigde te oorweeg alvorens hy gepleit het. Vgl verder *S v Melani & Others* 1996 (1) SASV 335 E op 339 H tot J en 340 A tot C.

<sup>370</sup> My beklemtoning.

<sup>371</sup> *S v Shangase* 1994 (2) SASV 659, 1994 (2) BCLR 42 en 1995 (1) SA 425 D.

<sup>372</sup> Wet 51 van 1977, soos gewysig.

onskuldig geag te word en die swygreg teweeg bring. Die hof het dit gestel dat:<sup>373</sup>

*"These rights are the very pillars of a criminal justice system in an open and democratic society. ... The rule that the State, in a criminal case, must prove the guilt of an accused beyond reasonable doubt is fundamental to upholding the right to be presumed innocent and a necessary corollary to the right to remain silent is the entrenched right that no one shall be compelled to make a confession or admission"*

en

*"...That it necessarily flows from the very existence of these rights that where it is alleged that a person who made a statement thus purporting to give up his right to remain silent, the onus shall be on the State. The State should prove beyond a reasonable doubt that a person has, in fact, not been compelled to waive the fundamental rights that the Constitution affords him."*

Die regsgeldigheid van die betrokke artikel van die Strafproseswet het daarna weer ter sprake gekom in die uitspraak van die Konstitusionele Hof in *S v Zuma & Others*<sup>374</sup> en *S v Mhlungu*.<sup>375</sup> Waarnemende Regter Kentridge wat die eenparige uitspraak van die hof gegee het in die *Zuma*-saak, het bevind dat die uitspraak van Regter Levinson in *S v Shangase supra* inderdaad korrek was en dat artikel 217(1)(b) onkonstitusioneel is.

---

<sup>373</sup> Op 664 I, 665 E en 665 H van die uitspraak.

<sup>374</sup> *S v Zuma & Others* 1995 (1) SASV 568 CC en 1995 (4) BCLR 41 CC.

<sup>375</sup> *S v Mhlungu* 1995 (2) SASV 277 CC en 1995 (7) BCLR 793 CC.

Daar dien gelet te word op die volgende stelling van die geleerde Regter ten aansien van die beginsels rondom die reg teen selfinkriminasie, naamlik:

*"In Ibrahim v R [1914] AC 599 (PC) at 610 ([1914-15] ALL ER 874 Lord Sumner said that this was a rule of policy. It would appear that the rule derived from a determination to eradicate the oppressive and often barbaric methods of interrogation employed by the Star Chamber in 17th century England to extract confessions from accused persons. From the abhorrence of those methods there developed the privilege against self-incrimination, and the right of silence, one aspect of which is the exclusion of compelled confessions, with the onus placed on the prosecution to prove beyond reasonable doubt that any confession relied on was voluntary. In Smith v Director of Serious Fraud Office [1993] AC 1 (HL) ([1992] 3 All ER 456) Lord Mustill distinguished the 'disparate group of immunities' denoted by the expression 'the right to silence'."*<sup>376</sup>

Van wesenlike belang vir die interpretasie van die statutêre dwang wat uit hoofde van regulasies 19 en 22 voortspruit, is die uitspraak van die Konstitusionele Hof in *Ferreira v Levin NO & Others* en *Fryenhoek v Powell NO & Others*.<sup>377</sup> Die kern van die uitspraak het gehandel met die bepalings van artikel 417(2)(b) van die Maatskappywet<sup>378</sup> ingevolge waarvan 'n persoon wat gedagvaar word om by 'n ondersoek met

---

<sup>376</sup> Vgl ook Carpenter *The Human Rights Constitutional Law Journal of Southern Africa* (March 1996) 24 en 25 asook *SATS* 1995 (1) 97.

<sup>377</sup> *Ferreira v Levin NO & Others* en *Fryenhoek v Powell NO & Others* 1996 (1) BCLR 1 CC en 1996 (1) SA 984 CC.

<sup>378</sup> Wet 61 van 1973, soos gewysig.

betrekking tot die sake van die maatskappy te verskyn, deur middel van statutêre dwang verplig is om enige vraag wat aan hom gestel word tydens die ondervraging, te beantwoord, nieteenstaande die feit dat sodanige antwoord hom mag inkrimineer. Die relevante artikel bepaal voorts dat enige antwoord wat tydens sodanige ondervraging gegee word "*may thereafter be used in evidence against him*". Die probleem waarmee die hof gekonfronteer was, is die feit dat 'n getuie wat gedagvaar word om ingevolge artikel 417(2)(b) van die Maatskappywet getuienis te gee, nie noodwendig 'n beskuldigde is nie. Die vraag het dus voorgekom of sodanige persoon steeds aanspraak kan maak op die regte soos na verwys in artikel 25(3) van die Grondwet. In wese is drie uiteenlopende sienings in die uitspraak onderskeibaar, te wete:

- (1) Die meerderheidsuitspraak ingevolge waarvan beslis is dat 'n beroep op artikel 25(3) wel geregverdig is;<sup>379</sup>
- (2) Die minderheidsuitspraak van Regters Ackermann en Sachs wat steun op artikel 11 van die Grondwet;
- (3) Die uitspraak van Regter Kriegler wat van mening is dat nòg artikel 25, nòg artikel 11 van die Grondwet gebruik kan word om die trefwydte van artikel 417(2) van die Maatskappywet te beperk.

Regter Sachs het na analogie van die Wet op Ernstige Ekonomiese Misdrywe<sup>380</sup> en die Insolvensiewet<sup>381</sup> bevind dat artikel 417 van die Maatskappywet gewysig behoort te word om voorsiening te maak vir die uitsluiting van inkriminerende inligting wat tydens sodanige ondersoek bekom word, vir die gebruik in latere strafregtelike verrigtinge. Hy het dit

---

<sup>379</sup> Dit is die uitspraak van die President van die Hof, president Chaskalson, Adjunk-President Mohamed, Regters Didcott, Langa, Madala en Waarnemende Regter Trengove.

<sup>380</sup> Wet 117 van 1991, soos gewysig.

<sup>381</sup> Wet 24 van 1936, soos gewysig.

soos volg gestel:<sup>382</sup>

*"The Serious Economic Offences Act, (Act 117 of 1991) which, with the sole objective of investigating economic crimes, establishes inquisitorial procedures not dissimilar to those contained in s 417, expressly immunises answers from subsequent use at a criminal trial. [See s 5(b): "No evidence regarding any questions and answers contemplated in paragraph (a) shall be admissible in any criminal proceedings, except in criminal proceedings where the person concerned stands trial on a charge contemplated in sub s (10)(b) or in (c) or in section 319(3) of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act 56 of 1955)". These latter exceptions refer essentially to perjury and making contradictory statements on oath.] There is nothing before us to show why the legislator can balance the securing of effective investigatory capacity, and the maintenance of sensitivity to basic rights, when it comes to fraud investigated as such in terms of the Serious Economic Offences Act, and not manage to do so in respect of fraud discovered as a result of a broader enquiry in terms of s 417 of the Companies Act. Similarly the Insolvency Act provides that no evidence regarding questions and answers at an insolvency enquiry shall be admissible in subsequent criminal proceedings. [Act 24 of 1936, Section 65(2)A(b); the only exceptions relate to the giving of false evidence or the failure to answer lawful questions fully and satisfactorily.] Far from being*

---

<sup>382</sup>

Op 135 D tot F van die gerapporteerde uitspraak.



*manifestly necessary, therefore, the provisions of s 417(2)(b) appear to be out of step with what is considered appropriate in sibling statutory material."*

Die bevel wat die hof verleen het, het bloot ingehou dat die gedeelte van artikel 417(2)(b) van die Maatskappywet ingevolge waarvan enige inligting wat tydens sodanige ondervraging bekom is in getuienis teen 'n persoon gebruik mag word, nietig verklaar is.<sup>383</sup>

Ter afsluiting van die kwessie rondom die privilegie teen selfinkriminasie kan daar verwys word na die posisie in die Verenigde Koninkryk.<sup>384</sup> Verskeie statute soos onder meer die *Insolvency Act 1986* (artikels 236 and 366), *Companies Act 1985* (artikel 432) en *Criminal Justice Act 1987* (*The Serious Fraud Office* - artikel 2) maak voorsiening vir statutêre dwang ingevolge waarvan die privilegie teen selfinkriminasie opgeskort word. In *R v Director of Serious Fraud Office, Ex parte Smith* [1993] AC 1 (HL) is bevind dat die versuim om met 'n kennisgewing ingevolge artikel 2 van die betrokke Wet te handel, uit hoofde van 'n beroep op die reg teen selfinkriminasie nie 'n "reasonable excuse" is nie. Polensky stel dit dat:

*"However s 2(8) of the 1987 Act provides a valuable safe guard in relation to the s 2 power. A statement by a person in response to a requirement embossed by virtue of s 2 may only be used in evidence against him on a prosecution for having knowingly or recklessly made a false or misleading statement, or on a prosecution for some other offence where in giving evidence he makes a statement inconsistent with his earlier s 2 statement."*

---

<sup>383</sup> Vgl ook vn 352 *Bernstein & Others v Bester NO & Others* 1996 (2) SA 751 CC en 1996 (4) BCLR 449 CC.

<sup>384</sup> Sien Polensky *Self Incrimination in Insolvency Investigations - The English Experience* 1995 De Rebus 111.

Dit blyk dus duidelik dat die benadering van die Konstitusionele Hof in die Republiek van Suid-Afrika ooreenstem met die posisie soos wat dit in die Verenigde Koninkryk van Britanje toegepas word.

Die verdere aspek wat op hierdie stadium vermelding verdien, is die betredings en die beslagleggingsbevoegdheid ingevolge regulasies 3, 4, 10, 19, 22 en 22A tot 22D. In *Park-Ross v Director : Office for Serious Economic Offences*<sup>385</sup> is bevind dat artikel 6 van die Wet op die Onderzoek van Ernstige Ekonomiese Misdrywe, Wet 117 van 1991, in stryd is met artikel 13 van die Grondwet waardeur onder meer die reg op privaatheid gewaarborg word. Dit blyk dat dit gemeensaak tussen die partye was dat artikel 6 van die Wet op die Onderzoek van Ernstige Ekonomiese Misdrywe die reg op privaatheid soos vervat in artikel 13 van die Grondwet skend.<sup>386</sup> Die volgende stap was gevolglik om vas te stel of die beperking van artikel 13 van die Grondwet deur middel van artikel 6 van die Wet op die Onderzoek van Ernstige Ekonomiese Misdrywe, geregverdig kon word uit hoofde van die bepaling van artikel 33 van die Grondwet.

Regter Tebbutt bevind dat die gesag, soos onder meer blyk uit *Rudolph & Another v Commissioner for Inland Revenue & Others NNO*<sup>387</sup> aantoon dat artikel 33 van die Grondwet 'n inperking van 'n reg soos artikel 13 deur algemeen geldende reg toelaat, mits die beperking:

- (1) Redelik is; en
- (2) Regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer

---

<sup>385</sup> *Park-Ross v Director : Office for Serious Economic Offences* 1995 (2) SA 148 CPD.

<sup>386</sup> Sien 166 G tot H van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>387</sup> *Rudolph & Another v Commissioner for Inland Revenue & Others NNO* 1994 (3) SA 771 (W) op 774 D.

op vryheid en gelykheid; en

(3) Dit nie die wesenlike inhoud van die betrokke reg ontken nie.

Hy bevind voorts dat die onus om aan te toon dat die beperking van die reg wat in die Grondwet gewaarborg word, redelik en regverdigbaar in 'n vrye en demokratiese samelewing is, op die party rus wat die beperking wil handhaaf. In die verband toon Regter Tebbutt tereg aan dat die toets soos deur Regter Dickson in *R v Oaks*<sup>388</sup> synde 'n beslissing met betrekking tot 'n analoë beperkingsklousule in die Kanadese Grondwet, soos volg is:<sup>389</sup>

*"To establish that a limit is a reasonable and demonstrably justified in a free and democratic society, two central criteria must be satisfied. First, the objective which, the measures responsible for a limit on a Charter right or freedom are designed to serve, must be "of sufficient importance to warrant overriding a constitutionally protected right or freedom": R v Big M Drug Mart Limited (1985) 18 DLR (4th) 321 SCC. The standard must be high in order to ensure that the objectives which are trivial or discordant with the principles integral to a free and democratic society do not gain s 1 protection. It is necessary, at a minimum, that an objective relate to concerns which are pressing and substantial in a free and democratic society before it can be characterised as sufficiently important.*

*Secondly, once a sufficiently significant objective is recognised, then the party invoking s 1 must show that the means chosen are reasonable and demonstrably justified. This involves "a form of proportionality test": R v Big M Drug*

---

<sup>388</sup> *R v Oaks* (1986) 26 DLR (4th) 200.

<sup>389</sup> Op 167 D tot H van die uitspraak.

*Mart Limited (supra). Although the nature of the proportionality test will vary depending on the circumstances, in each case courts will be required to balance the interests of society with those of individuals and groups.*

*There are, in my view, three important components of a proportionality test. First, the measures adopted must be carefully designed to achieve the objective in question. They must not be arbitrary, unfair or based on irrational considerations. In short, they must be rationally connected to the objective. Secondly, the means, even if rationally connected to the objective in the first sense, should impair "as little as possible" the right or freedom in question: R v Big M Drug Mart Limited (supra). Thirdly there must be a proportionality between the effects of the measures which are responsible for limiting the Charter right or freedom, and the objective which has been identified as of "sufficient importance".*<sup>390</sup>

Die hof het 'n verskeidenheid van gerapporteerde uitsprake, beide binne die Republiek asook buitelandse uitsprake oorweeg ten einde vas te stel of die beperking van artikel 13 van die Grondwet deur artikel 6 van die Wet op die Ondersoek van Ernstige Ekonomiese Misdrywe, geregverdig is, al dan nie. Regter Tebbutt het bevind dat die uitspraak van Regter Dixon in *Hunter et al v Southam Inc* (1985) 11 DLR (4th) 641 (SCC) besondere toepassing vind. In dié uitspraak moes die hof 'n beslissing maak met betrekking tot die beperking van die grondwetlike reg soos in die Kanadese Grondwet uiteengesit dat:

---

<sup>390</sup> Die uitspraak van Regter Dixon in *R v Oaks (supra)* is in bykans alle gerapporteerde uitsprake waar die beperking ingevolge artikel 33 van die Grondwet bespreek is, aangehaal en word dit reeds as gesaghebbend in die Republiek beskou. Sien ook Carpenter *The Human Rights Constitutional Law Journal of Southern Africa*, (1) Maart 1996 op 24 vn 10.

*"Everyone has the right to be secure against unreasonable search or seizure."*<sup>391</sup>

In die *Hunter* uitspraak is sekere minimum vereistes neergelê ten einde te verseker dat 'n betreding, ondersoek en beslaglegging uit hoofde van die ondersoek van kriminele oortredings geldig sal wees, te wete:<sup>392</sup>

- "(a) The power to authorise a search and seizure is given to an impartial and independent person (at common-law a justice) who is bound to act judicially in discharging that function;*
- (b) That evidence must satisfy the justice that the person seeking the authority has reasonable grounds to suspect that an offence has been committed;*
- (c) That evidence must satisfy the justice that the person seeking the authority has reasonable grounds to believe, at common-law, that stolen property may be on the premises or, under s 443(1)(b), that something that will afford evidence of an offence may be recovered; and*
- (d) There must be evidence on oath before him."*

Regter Tebbutt het tereg bevind dat artikel 6 van die Wet op die Ondersoek van Ernstige Ekonomiese Misdrywe nie aan die voormelde vereistes voldoen nie aangesien die diskresie om sodanige ondersoek en beslaglegging toe te laat by die direkteur van die Kantoor vir Ernstige Ekonomiese Misdrywe berus, wat uit hoofde van sy amp nie as 'n objektiewe en onafhanklike persoon beskou kan word nie. Regter Tebbutt

---

<sup>391</sup> Sien 169 I van die gerapporteerde uitspraak in *Park-Ross v Director: Office for Serious Economic Offences (supra)*.

<sup>392</sup> Op 102-3 van die *Hunter* uitspraak.

stel dit duidelik dat:<sup>393</sup>

*"He cannot, in my opinion, "be the impartial arbiter necessary to ground an effective authorisation", nor can he do so in an "entirely neutral and impartial manner", particularly when he is obliged in terms of s 5(1)(b) to hold an enquiry, in consequence of which a search and seizure takes place. As the Act presently stands and as s 6 presently provides, I do not think that the last two criteria, which would qualify that section as a reasonable and justifiable limitation in terms of s 33(1) of the right to privacy embodied in s 13 of the Constitution, have been met."*

Die betredingsbevoegdheid soos in regulasie 19, saamgelees met regulasie 22, uiteengesit bevat trouens heelwat minder voorskrifte as dié in artikels 5, 6 en 7 van die Wet op die Ondersoek van Ernstige Ekonomiese misdrywe.<sup>394</sup>

In *S v Motloutsi*<sup>395</sup> het Regter Farlam ook die bepalings van artikel 13 van die Grondwet oorweeg. *In casu* het die hof bevind dat die ondersoek en beslaglegging in stryd met artikel 13 van die Grondwet plaasgevind het deurdat daar nie voldoen is aan die bepalings van artikel 22 van die Strafproseswet<sup>396</sup> nie. Die vraag wat uit hoofde hiervan beslis moes word, was of getuienis wat uit hoofde van so 'n onregmatige ondersoek en beslaglegging bekom is, toelaatbaar was tydens die verhoor. Regter

---

<sup>393</sup> Op 172 F tot G van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>394</sup> Dit dien in ag geneem te word dat Regter Tebbutt bevind het dat slegs artikel 6 teenstrydig met die Grondwet is en dat artikels 5 en 7 nie *ultra vires* is nie.

<sup>395</sup> *S v Motloutsi* 1996 (2) BCLR 220 C.

<sup>396</sup> Wet 51 van 1977, soos gewysig.

Farlam het in die uitspraak aangetoon dat die gesaghebbende uitspraak van Regter Walsh in die Ierse saak *The People (Attorney-General) v O'Brien* (1965) IR 142 op 170 in die onderhawige feite besondere toepassing vind. In die laasgemelde uitspraak is beslis dat sodanige getuienis slegs toelaatbaar sou wees indien "*extraordinary excusing circumstances*" bestaan het vir die skending van die grondwetlike reg. Dit is gevolglik duidelik dat 'n verhoorhof in sodanige omstandighede oor 'n diskresie beskik om sulke getuienis toe te laat. Regter Farlam het dit gestel dat:<sup>397</sup>

*"In my view the rulings given by the majority in the O'Brien case, and the reasons therefore, are intellectually compelling and should be followed in this country. I think that the test applied in Canada (whether the admission of evidence obtained in violation of an accused's constitutional rights "would bring the administration of justice into disrepute") which is set forth in s 24(2) of the Charter of Rights and Freedoms, being schedule B to the Canada Act of 1982, of the United Kingdom, is too narrow: The bringing of the administration of justice into disrepute is but one factor, although clearly a very important one, to be taken into account.*

*Applying the O'Brien approach to the facts of the present case, as both counsel contended should be done, it was clear that a finding that there was a conscious and deliberate violation of the accused's constitutional rights had to lead to a ruling to the effect that the evidence tendered was inadmissible."*

---

<sup>397</sup> Op 228 F tot G van die gerapporteerde uitspraak.

Dit word aan die hand gedoen dat die twee laasgemelde uitsprake besondere toepassing sal vind in die toepassing van deviesebeheer. Daar dien dringend aandag gegee te word aan die toepassing van veral regulasie 19 en 22 en behoort die praktyk, soos neergelê in die uitspraak van Regter Dixon in *Hunter v Southam (supra)* nagevolg te word. Sodanige vereistes behoort nie in die praktyk veel probleme te skep nie aangesien die Tesourie se gedelegeerde, synde amptenare van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, gewoonlik teen die tyd wanneer 'n betreding en ondersoek plaasvind, reeds oor voldoende besonderhede beskik om minstens oor 'n redelike vermoede te beskik dat die Wet en regulasies oortree word. In die verband dien daar gelet te word op die betekenis van 'n redelike vermoede. In *Duncan v Minister of Law and Order*<sup>398</sup> is Lord Devlin se uitspraak in *Shaaban Bin Hussien & Others v Chong Fook Kam and Another*<sup>399</sup> met goedkeuring aangehaal waarin dit gestel is dat:<sup>400</sup>

401

*"Suspicion in its ordinary meaning is a state of conjecture or surmise where proof is lacking; "I suspect but I cannot prove". Suspicion arises at or near the starting point of an investigation of which the obtaining of prima facie proof is the end."*

Dit word voorts aan die hand gedoen dat, uit hoofde van die bepalings van artikels 23 en 24 van die Grondwet, die Suid-Afrikaanse Reserwebank hom nie meer daarop sal kan beroep dat die Deviesebeheervoorskrifte nie vir algemene publiek ter insae is nie en dat dit slegs vir gebruik van

---

<sup>398</sup> *Duncan v Minister of Law and Order* 1986 (2) SA 805 AD.

<sup>399</sup> *Shaaban Bin Hussien & Others v Chong Fook Kam and Another* [1969] 3 All ER 1627 (PC) op 1630.

<sup>400</sup> Op 819 I van die gerapporteerde uitspraak.

<sup>401</sup> Sien ook par 5.25 *supra*.



gemagtigde handelaars is. Dit is duidelik dat, veral wat artikel 23 van die Grondwet betref, onderdane van die Staat geregtig is op die inligting wat in die Deviesebeheervoorskrifte voorkom.

Dit word aan die hand gedoen dat daar ongetwyfeld verskeie beroepe op die Grondwet sal wees in litigasie, hetsy van 'n siviele, hetsy van 'n kriminele aard, wat in die toekoms mag volg, ten einde aanspreeklikheid te ontkom. Veral in die lig van die relatief konserwatiewe uitspraak van die Konstitusionele Hof in *Ferreira v Levin NO supra* is dit te betwyfel of veel sukses behaal sal word, veral ten aansien van beweerde stellings dat die hele sisteem van deviesebeheer in stryd is met bepalings soos artikel 26 van die Grondwet. Dit word egter aan die hand gedoen dat die Grondwet 'n besondere belang het by die toepassing van deviesebeheer, in besonder ten opsigte van bepalings soos regulasies 3, 4, 10, 19, 22 en 22A tot 22D. In die verband kan dit ongetwyfeld gestel word dat die betrokke wetgewing drakonies van aard is en dat daar bepaalde regulasies is wat nie aan die vereistes van artikel 33 van die Grondwet sal voldoen nie en wat as sulks *ultra vires* is.

## HOOFSTUK 6

# BEVELE EN REËLS KRAGTENS DIE DEVIESEBEHEERREGULASIES<sup>1</sup>

### 6.1 PARAGRAAF 1: OMSKRYWING VAN STERLINGGEBIED

1. Hierby word verklaar dat, benewens die gebiede, naamlik die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika waarvan in regulasie 1 melding gemaak word, onderstaande gebiede by die sterlinggebied inbegrepe is:

Die Verenigde Koninkryk, die Kanaaleilande en die eiland Man, die Australiese Gemenebes, die Staat Bahrain, Bangladesh, Barbados, Botswana, die Britse Solomon-eilande en Brunei, Ceylon, die Republiek Ciprus, Fidji, die Gambië, Ghana, Guiana, Ysland, Indië (insluitende Sikkim), die Republiek Ierland, Jamaika, die Hasjimitiese Koninkryk van Jordanië, Kenia, die Staat Koeweit, Lesotho, Malawi, Maleisië, Malta, Mauritius, Nieu-Seeland, Nigerië, Pakistan, die Staat Katar, Sierra Leone, Singapoer, die Demokratiese Volksrepubliek van Jemen, Swaziland, die Verenigde Republiek van Tanzanië, Tonga, Trinidad en Tobago, Uganda, die Verenigde Arabiese Emirate, Wes-Samoa, Zambië, enige protektoraat, beskermde staat of trustgebied binne die raamwerk van die "British Nationality"-wette, 1948 en 1958, en enige Britse dominium nie voorheen genoem nie, met uitsondering van Kanada en Rhodesië.

### BESPREKING:

Daar is reeds hierbo by die bespreking van regulasie 13 aangetoon dat die betekenis van die sterlinggebied vir die Deviesebeheerregulasies irrelevant

---

<sup>1</sup> Soos gepubliseer deur Goewermentskennisgewing R1112 van 1 Desember 1961, en gewysig van tyd tot tyd.

geraak het en dat dit reeds in onbruik verval het.<sup>2</sup>

**6.2 PARAGRAAF 2: AANSTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK OM SEKERE FUNKSIES, WAT AAN DIE TESOURIE TOEGEWYS IS, UIT TE VOER**

2. Die Minister van Finansies het die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangestel om uitvoering te gee aan al die bevoegdhede of funksies wat by die regulasies aan die Tesourie toegewys is, met die uitsondering van die bevoegdhede of funksies wat by regulasies 3(5) en (8), 16, 20 en 22 aan die Tesourie toegewys is.

**BESPREKING:**

Die wyse waarop die Suid-Afrikaanse Reserwebank die funksies wat aan die Tesourie toegewys is, in die praktyk uitvoer, is reeds hierbo in hoofstuk 3 volledig bespreek. Vergelyk ook die kommentaar wat by elk van die regulasies wat spesifiek uitgesluit word, gegee word.<sup>3</sup>

**6.3 PARAGRAAF 3: AANSTELLING AS GEMAGTIGDE HANDELAARS**

- 3(a) Onderstaande banke is vir die toepassing van die regulasies as gemagtigde handelaars aangestel:

Absa Bank Beperk  
Bank of Lisbon International Limited  
Bank of Taiwan (South Africa) Limited  
Barclays Bank of South Africa Limited

---

<sup>2</sup> Vgl par 3.3 en 5.14 *supra* vir kommentaar.

<sup>3</sup> Daar skyn 'n drukfout te wees in Oelofse, 114 waar die verwysing na regulasie 3(5) en (8) slegs na die sub-regulasies verwys. Die weglating van die 3 voor die 5 en die 8 is klaarblyklik 'n drukfout. Vgl ook in besonder die bespreking van regulasie 22E.

Boland Bank Beperk  
City Bank, na. South Africa  
Commerz Bank Aktiengesellschaft  
Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika Beperk  
Firstcorp Merchant Bank Limited  
French Bank of Southern Africa Limited  
International Bank of Southern Africa - SFOM Limited  
Investec Bank Beperk  
Nedcor Bank Beperk  
Rand Aksepbank Beperk  
Société Generale South Africa Limited  
Standard Bank van Bophuthatswana Beperk  
The South African Bank of Athens Limited  
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk  
UAL Aksepbank Beperk

- 3(b) Kragtens regulasie 19 het die Minister ook die banke genoem in sub-paragraaf (a) gemagtig om enigeen te beveel om inligting wat hulle vir doeleindes van, en in verband met, hul funksies kragtens die regulasies nodig het, te verstrek.

### **BESPREKING:**

Daar is reeds hierbo in hoofstuk 3 gewys op die belang dat die gemagtigde handelaars deur die Tesourie self aangewys word en nie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie. Die aanstelling van gemagtigde handelaars word gepubliseer in die *Staatskoerant* en vind telkens plaas wanneer daar byvoorbeeld 'n naamsverandering of rasionalisasie binne 'n bepaalde bankgroep plaasvind.

Oelofse stel dit dat paragraaf 3(b) eintlik vanselfsprekend is en dat dit nie verdere kommentaar verdien nie. Een aspek wat egter hier uit die oog verloor word, is die feit dat die aanstelling kragtens regulasie 19 deur die Minister van die gemagtigde handelaars beperk is deurdat gemagtigde handelaars slegs inligting vir doeleindes van, en in verband met hul funksies, kragtens die regulasies, kan vereis. Die be-tredingsbevoegdhede

440

soos na verwys in regulasie 19(1) is uiteraard nie op banke van toepassing nie, maar slegs ten aansien van persone wat spesifiek deur die Tesourie daartoe gemagtig is.

#### **6.4 PARAGRAAF 4: VRYSTELLING VAN SUIDWES-AFRIKA, LESOTHO EN SWAZILAND VAN DIE BEPALINGS VAN REGULASIE 3**

4. Kragtens regulasie 3 word vrystelling hierby verleen van die verpligting om die Tesourie se vergunning te verkry -

(a) om banknote uit die Republiek na die Gebied Suidwes-Afrika, Lesotho en Swaziland te neem of te stuur;

(b) om enige wissel of promesse te trek of te verhandel, of om (slegs in die geval van die Gebied Suidwes-Afrika) geldwaardige papier oor te dra, of om enige skuld te erken wat tot gevolg sal hê dat daar 'n reg (hetsy werklik of voorwaardelik) aan die kant van so iemand of enige ander persoon geskep of oorgedra word om 'n betaling in die Republiek te ontvang as teenprestasie-

(i) vir die ontvangs deur so iemand of enige ander persoon van 'n betaling of die verkryging deur so iemand of enige ander persoon van eiendom in die Gebied Suidwes-Afrika, Lesotho en Swaziland; of

(ii) vir die reg (hetsy werklik of voorwaardelik) aan die kant van so iemand of enige ander persoon om 'n betaling te ontvang of eiendom te verkry in die Gebied Suidwes-Afrika, Lesotho en Swaziland;

of enige betaling as sodanige teenprestasie te doen of te ontvang.

#### **BESPREKING:**

Ingevolge paragraaf 4(a) word 'n algemene vrystelling ten aansien van die bepalings van regulasie 3(1)(a) gegee ten aansien van Namibië, Lesotho en Swaziland. Ingevolge paragraaf 4(b) word 'n verdere vrystelling van

regulasie 3, te wete regulasie 3(1)(d) aangetref ten aansien van die drie gemelde lande. Oelofse<sup>4</sup> wys tereg daarop dat daar egter geen vrystelling van die verbod in regulasie 3(1)(b) *bis* verleen word nie wat eintlik 'n eienaardige resultaat meebring.

**6.5 PARAGRAAF 5: VERKLARING INSAKE DIE VREEMDE VALUTA-OPBRENGS VAN UITVOER**

5. Ingevolge sub-regulasie 10(a) van regulasie 6, skryf die Tesourie hierby voor dat die verklaring wat ingevul moet word ten aansien van goedere wat uitgevoer word in onderstaande vorm moet wees:

Vorm F178 - word op die volgende bladsy aangetref.

---

<sup>4</sup> Oelofse 115.

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA  
DEVIESEBEHEERVERKLARING**

F178

Naam en adres van uitvoerder (Nie posbusnommer nie)		Uitvoerder se doeanekodenummer	
		Faktumnummer en datum	Uitvoerder se verwysing
		Koper se verwysing	Vragversender se verwysing
Geadresseerde		Vragversender	
<b>SLEGS VIR GEBRUIK DEUR GEMAGTIGDE HANDELAAR GEATTESTEER DEUR</b>		Verwagte datum van verskeping	
Naam van gemagtigde handelaar	Tak M.I.C.R. Nommer <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>	Doeaneklaringsplek in R.S.A.	Land van eindbestemming
Handtekening van bankrekenaar	Datum van attestasie J J J M M D D 1 9 <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>	Stempel van attesterende bank	
Merke, nommers en houernommer, getal en aard van pakkies; beskrywing van goedere			
<p style="text-align: center;"><b>Deviesebeheerverklaring</b></p> Ek/Ons _____ verklaar hiermee dat a) Die vreemde valuta opbrings van die verkoop of verreëniging van die goedere in die GEMEENSKAPLIKE MONETÊRE GEBIED van 'n persoon buite die GEMEENSKAPLIKE MONETÊRE GEBIED ontvang eersal word binne: <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> DAE vanaf datum van verskeping EN SAL VERKOOP WORD AAN: Ontvangende bank _____ Tak M.I.C.R. Nommer <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>		Doeanse Uitvoerwaarde (V.A.B.)	Transaksiewaarde (Vole Opbrings Ontvangbaar) R
OF Magtiging ingevolge die Deviesebeheerregulasies is vir 'n alternatiewe reëling vir betaling verkry.  Naam van gemagtigde handelaar _____  Aansoeknommer <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>		Ondertekenaar se maatskappy/firma en telefoonnummer _____ Naam van ondertekenaar (HOOFLETTERS) _____	
Datum van Deviesebeheeremagtiging J J J M M D D 1 9 <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>		Inklingsreëlnommer	Peik en datum van uitreiking _____ Handtekening van uitvoerder/gemagtigde werknemer _____
b) Die Transaksiewaarde is die ekwivalent van die volle vreemde valuta opbrings werklik deur die koper betaal of betaalbaar.			

**BESPREKING:**

Vergelyk die bespreking van regulasie 6(10) in Hoofstuk 5 hierbo met betrekking tot die vereistes wat voorgeskryf word vir die voltooiing van die vorm F178.

**6.6 PARAGRAAF 6: VERKLARING VAN VREEMDE BATES EN LASTE**

6. Ingevolge sub-regulasie (1) van regulasie 6 en sub-regulasie (1) van regulasie 7, skryf die Tesourie hierby voor dat die verklaring wat ingevul moet word ten aansien van vreemde bates en laste, in onderstaande vorm moet wees:

VERKLARING VAN VREEMDE BATES EN LASTE SOOS OP .....  
INGEVOLGE DEWIESEBEHEERREGULASIES 6 EN 7.

Naam en adres van inwoner-indiwidu/- tak/- maatskappy/- nie-geïnkorporeerde onderneming (skrap ontoepaslike terme - sien Voorskrifte 5 en 6 hieronder): -

Ek verklaar dat die inligting wat in hierdie opgawe verstrek word, volgens my beste wete volledig en juis is.

..... (Handtekening)

..... (Amp)

My/Ons bankiers is (verstrek adres van tak): - .....  
.....

**VOORSKRIFTE**

1. Opgawes moet by 'n handelsbank of die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie later nie as ..... ingedien word.
2. Buitelandse bates en laste moet in rand soos op ..... opgegee word, en die koers waarteen buitelandse geldeenhede



omgerekend word asook die grondslag waarop effekte, vaste eiendom en voorrade gewaardeer word, moet aan die einde van hierdie vorm aangedui word.

3. Suidwes-Afrika, Lesotho en Swaziland moet as deel van die tuisgebied, en nie as buitelandse nie, behandel word.
4. Suid-Afrikaanse takke en filiale van buitelandse maatskappye is "inwoners" van Suid-Afrika vir deviesebeheerdoeleindes en moet hulle verhouding met hulle hoofkantore of moedermaatskappye dienooreenkomstig opgee.
5. Indien daar twyfel bestaan of buitelandse bedrywighede as dié van 'n buitelandse tak beskou moet word, hoef Afdeling C nie ingevul te word nie, mits al die betrokke buitelandse bates en laste in Afdelings A en B opgegees word.
6. 'n Aandeel of voordelige belang in 'n buitelandse nie-geïnkorporeerde onderneming(s) (d.w.s. vennootskappe, eenmansake, ens.) moet in Pos 9 hieronder opgegees word en 'n afskrif van die jongste balansstaat(ate) van dié onderneming(s) moet aangeheg word.
7. Die jongste balansstaat van elke buitelandse filiaal moet aangeheg word.

		Verenigde Koninkryk	Federasie van Rhodesië en Nayassa- land	Alle ander vreemde lande
A.	BUITELANDSE SAKE	R	R	R
1.	Kontant in buitelandse banke, met inbegrip van buitelandse geldnote wat in of buite Suid-Afrika gehou word .....	.....	.....	.....
2.	Viottende en ander korttermynbates, met inbegrip van daggeld- en termyn-deposito's, wissels en lopende rekeninge tussen maatskappye .....	.....	.....	.....
3.	Voorrade en handelsware in die buiteland (uitgesonderd voorrade in transito na Suid-Afrika) .....	.....	.....	.....
4.	Beleggings in gewone en beperkte stemdraende aandele van buitelandse maatskappye (uitgesonderd aandele op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer) .....	.....	.....	.....
5.	Beleggings in buitelandse voorkeur-aandele, obligasies, skuldbriewe en soortgelyke effekte (uitgesonderd effekte op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer) .....	.....	.....	.....
6.	Verbande en langtermynlenings verskaf aan buitelanders .....	.....	.....	.....
7.	Kapitaalsaldo verskuldig aan hoofkantoor in Suid-Afrika deur 'n buitelandse tak(ke) (moet ooreenstem met Pos 17 in die balansstaat van die buitelandse tak in Afdeling C hieronder) .....	.....	.....	.....
8.	Vaste eiendom .....	.....	.....	.....
9.	Ander buitelandse bates (spesifiseer) .....	.....	.....	.....

	Verenigde Koninkryk	Federasie van Rhodesië en Nayassa- land	Alle ander vreemde lande
B. BUITELANDSE LASTE.	R	R	R
10. Vlottende en ander korttermyn laste teenoor buitelanders, met inbegrip van lopende rekeninge tussen maatskappye en oortrokke bankrekenings in die buiteland . . . . .	.....	.....	.....
11. Obligasies, skuldbriewe en soortgelyke effekte besit of voordelig besit deur buitelanders . . . . .	.....	.....	.....
12. Voorkeuraandele besit of voordelig besit deur buitelanders . . . . .	.....	.....	.....
13. Gewone en beperkte stemdraende aandele besit of voordelig besit deur buitelanders . . . . .	.....	.....	.....
14. Verbande en langtermynlenings (nie effekte nie) verkry van buitelanders . . . . .	.....	.....	.....
15. Kapitaallas van 'n Suid-Afrikaanse tak (nie filiaal nie) teenoor sy buitelandse hoofkantoor (d.w.s. die bedrag van die bates bo die laste van die tak) . . . . .	.....	.....	.....
16. Ander buitelandse laste (spesifiseer) . . . . .	.....	.....	.....

## C. VOLLEDIGE BALANSSTAAT VAN ALLE BUITELANDSE TAKKE

(Opmerking - Alle bates en laste van buitelandse takke, maar nie van filiale of nie-geïnkorporeerde ondernemings nie, moet hier opgegeew word. Die jongste balansstate van buitelandse filiale en nie-geïnkorporeerde ondernemings moet egter aangeheg word)	Buitelandse takke in -		
	Verenigde Koninkryk	Federasie van Rhodesië en Nyassaland	Alle ander vreemde lande
	R	R	R
17. Kapitaalsaldo verskuldig aan hoofkantoor in Suid-Afrika (d.w.s. die bedrag van die bates bo die laste hieronder opgegeew) .....	.....	.....	.....
18. Vlottende en ander korttermynlaste .....	.....	.....	.....
19. Alle ander laste van die tak(ke) (spesifiseer) .....	.....	.....	.....
20. Totaal van Poste 17 tot 19 .....	.....	.....	.....
21. Vaste bates van die tak(ke) ...	.....	.....	.....
22. Beleggings in aandele, obligasies en soortgelyk effekte .....	.....	.....	.....
23. Voorrade .....	.....	.....	.....
24. Vlottende en ander korttermynbates, met inbegrip van wissels en kontant .....	.....	.....	.....
25. Alle ander bates van die tak(ke) (spesifiseer) .....	.....	.....	.....
26. Totaal van Poste 21 tot 25 .....	.....	.....	.....

## D. TOEKOMSTIGE VERPLIGTINGS

Gee 'n uiteensetting hieronder van die datums en bedrae van belangrike verpligtings (bo R10.000 elk) wat tot die einde van ..... nagekom moet word in die geval van die laste wat in Afdelings B en C hierbo genoem is, asook van buitelandse filiale en nie-geïnkorporeerde ondernemings.

Pos No.	Beskrywing van pos	Verval-datum van ver-pligting	Bedrag t.o.v. -		
			Verenigde Koninkryk	Federasie van Rhodesië en Nyassa-land	Alle ander vreemde lande
			R	R	R
.....	.....	.....	.....	.....	.....
.....	.....	.....	.....	.....	.....
TOTAAL					

Omrekeningskoerse; grondslag van waardering van effekte, vaste eiendom en voorrade; en ander opmerkings

.....

.....

### BESPREKING:

Oelofse<sup>5</sup> doen aan die hand dat die verwysing na vreemde laste in hierdie paragraaf *ultra vires* is aangesien regulasie 7(1) slegs met vreemde bates handel. Hy stel dit voorts dat regulasie 6(1) nie magtiging aan die Tesourie verleen om 'n bepaalde vorm voor te skryf waarin die opgawe moet wees. In die opsig word dit aan die hand gedoen dat hy natuurlik die bepalinge van regulasie 21 uit die oog verloor wat spesifiek bepaal dat die Tesourie sodanige vorms kan voorskryf as wat gerade geag mag word vir die toepassing van die regulasies.

Daar kan nie met Oelofse saamgestem word dat die verwysing na vreemde laste *ultra vires* is nie. Verskeie regulasies verbied handeling wat enige las tot gevolg sal hê, onder andere regulasie 3 en regulasie 10. Dit is klaarblyklik dat vreemde laste betrekking het op deviesebeheer en dat die Tesourie by magte is om bepaalde vorms met betrekking daartoe voor te

---

<sup>5</sup> Oelofse 119

skryf.

Die verwysing na die "Federasie van Rhodesië en Nyassaland", sedertdien natuurlik Zimbabwe, is aanduidend hoe lank die vorm reeds sonder verandering gebruik word.

**6.7 PARAGRAAF 7: VREEMDE VALUTA-OPBRENGS VAN UITVOERE NA LESOTHO EN SWAZILAND**

7. Goedere wat na Lesotho en Swaziland uitgevoer word, word hierby vrygestel van die bepalings van sub-regulasie 10(a) van regulasie 6.

**BESPREKING:**

Ingevolge paragraaf 7 word persone vrygestel van die plig om 'n vorm F178 te voltooi by die uitvoer van goedere na Lesotho of Swaziland.

**6.8 PARAGRAAF 8: BEPERKING OP ONTVANGS VAN BETALING IN REPUBLIEKGELD VIR UITVOERE**

8. Kragtens die bevoegdheid hom verleen by regulasie 8 skryf die Tesourie hierby voor dat, behalwe met die vergunning van 'n bank wat ingevolge die Deviesebeheerregulasies gemagtig is om in deviese handel te drywe, niemand betaling in Republiekgeld mag ontvang vir goedere wat hy van die Republiek uitgevoer het nie.

**BESPREKING:**

Daar is reeds by die bespreking van regulasie 8 hierbo daarop gewys dat daar slegs twee wyses is waarop betaling vir uitvoere kan geskied, naamlik:

450

- (1) Deur vreemde valuta:
- (2) Deur Rand uit 'n nie-inwonerrekening.

Die doel van die bepaling is duidelik om te verseker dat uitvoere van goedere aangewend word om vreemde valuta vir die land te genereer.

#### **6.9 PARAGRAAF 9: BEHEER OOR KAPITAALUITGIFTES - VRYSTELLING EN UITGIFTES DEUR PLAASLIKE BESTURE**

9. Kragtens die bevoegdheid hom verleen by regulasie 16(2), het die Minister van Finansies -
  - (a) alle maatskappye en persone, behalwe munisipaliteite of ander plaaslike besture, vrygestel van die bepalings van regulasie 16(1) tot nadere kennisgewing;
  - (b) in die geval van lenings wat deur enige plaaslike bestuur gesluit word, die totale vrystellingsperke wat in regulasie 16(1) voorgeskryf word tot eenmiljoen rand verhoog.

#### **BESPREKING:**

Die vrystellings wat in hierdie paragraaf van regulasie 16 verleen word, is reeds ten volle bespreek by die kommentaar wat hierbo op regulasie 16 gegee is. Die vrystelling verg gevolglik geen verdere bespreking nie.

#### **6.10 PARAGRAAF 10: ADVIES, INLIGTING, PERMITTE OF VORMS BETREFFENDE DEVIESEBEHEER- OF GELDAANGELEENTHEDE Kragtens die REGULASIES**

- 10(a) Persone wat inligting of advies verlang in verband met valuta- of geldaangeleentede wat deur die regulasies gereël word of wat goedkeuring of toestemming verlang ten opsigte van aldus gereëelde valuta-, geld- of goudtransaksies moet by die Deviesebeheer deur bemiddeling van hul bankiers

in die Republiek aansoek doen of, indien hulle nie sulke bankiers het nie, deur bemiddeling van die in paragraaf 3 genoemde banke.

- 10(b) Die vorms van opgawes, aansoeke, verklarings en permitte wat deur die Tesourie voorgeskryf is vir gebruik in verband met transaksies wat gereël word deur sodanige van die regulasies as wat op die beheer, uitvoer of invoer van valuta, geld of goud van toepassing is, word nie deur die Tesourie of die Staatsdrukker gehou nie, maar wel deur die in paragraaf 3 genoemde banke, by wie applikante hulle kan verkry.

### **BESPREKING:**

Oelofse stel dit dat dit uit paragraaf 10 blyk dat 'n aansoek vir die toestemming van die Reserwebank tot die verrigtinge van 'n handeling waarvoor toestemming kragtens die regulasies benodig word, deur 'n bank gedoen moet word, maar dat sodanige bank nie noodwendig 'n gemagtigde handelaar hoef te wees nie. Alhoewel die stelling korrek is, aangesien paragraaf 10 verwys na 'n bank, welke nie beperk is tot die gemagtigde handelaars aangewys in paragraaf 2 van die Bevele en Reëls nie, sal dit in die praktyk gewoonlik deur 'n gemagtigde handelaar hanteer word aangesien 'n bank wat nie as gemagtigde handelaar aangestel is nie, immers nie oor voldoende kennis sal beskik om sodanige aansoeke te hanteer nie. Die bepaling lewer in die praktyk egter nie veel probleme op nie.

#### **6.11 PARAGRAAF 11: INTREKKING VAN BEVELE EN REËLS**

11. Die Bevele en Reëls uitgevaardig kragtens die regulasies soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2800 van 2 November 1951, soos gewysig, en gepubliseer by Goewermentskennisgewings Nos. 2801 van 2 November 1951, 3105 van 7 Desember 1951, 850 van 18 April 1952, 5 van 6 Januarie 1956, 798 van 6 Junie 1958, 1612 van 31 Oktober 1958, 1866 van 12 Desember 1958, 195 van 6 Februarie 1959, 215 van 13 Februarie 1959, 1115 van 24 Julie 1959, 1313 van 21 Augustus 1959, 1348 van 28 Augustus 1959, 1532 van 2 Oktober 1959, R1902 van 25 November 1960 en 228 van 14 Julie 1961, word hierby ingetrek.



**VERDUIDELIKENDE OPMERKING:**

Die intrekking van die Goewermentskennisgewings waarna in paragraaf 11 verwys word en hul vervanging deur paragrawe 1 tot 10 van hierdie Goewermentskennisgewing het tot gevolg die konsolidering en wysiging van alle bestaande Bevele en Reëls uitgereik kragtens die Deviesebeheerregulasies.

**BESPREKING:**

Die verduidelikende opmerking wat onder aan paragraaf 11 gegee word, is vanselfsprekend en verg geen verdere kommentaar nie.

**6.12 PARAGRAAF 12: BEVEL EN ALGEMENE VRYSTELLING KRAGTENS REGULASIE 3(1)(c)**

- 12(a) Kragtens regulasie 4(2) van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R1111 van 1 Desember 1961, soos gewysig, gee die Tesourie hierby opdrag dat alle betalings wat iemand in die Republiek wetlik verplig is om aan iemand buite die Republiek te doen kragtens of as gevolg van enige uitspraak gelewer deur 'n hof in die Republiek, in 'n geblokkeerde rekening betaal moet word, soos bedoel in regulasie 4(1) van bogenoemde Deviesebeheerregulasies, tot krediet van sodanige persoon buite die Republiek, tensy vergunning kragtens bogenoemde Deviesebeheerregulasies verleen is om andersins so 'n betaling op 'n verskillende wyse te doen.
- 12(b) Kragtens regulasie 3 van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R1111 van 1 Desember 1961, soos gewysig, stel die Tesourie hierby, in alle gevalle waar die toestemming van die Tesourie andersins nodig sou wees, enige iemand vry van die verpligting om, as voorvereiste vir die instelling van enige hofgeding in verband met 'n transaksie genoem in regulasie 3(1)(c) van bogenoemde Deviesebeheerregulasies, of as 'n voorvereiste vir die verkryging van 'n uitspraak in sodanige hofgeding, of vir die uitvoer van enige sodanige uitspraak, toestemming van die Tesourie te verkry.

**BESPREKING:**

Die bepalinge van paragraaf 12 is reeds hierbo by die bespreking van regulasie 3(1)(c) weergegee. Wat sub-paragraaf (b) betref, is dit by uitstek 'n siviele aangeleentheid en val as sulks buite die bestek van hierdie werk. Vergelyk egter Oelofse 30 en verder vir 'n volledige bespreking van die probleme wat aanleiding gegee het tot die uitvaardiging van sub-paragraaf (b).



## HOOFSTUK 7

### SLOT

#### 7.1 ALGEMEEN

Daar is reeds hierbo<sup>1</sup> daarop gewys dat deviesebeheer reeds sedert 9 September 1939 in die Republiek toegepas is. Uit die bespreking van Hoofstukke 3, 5 en 6 is dit duidelik dat die betrokke wetgewing oor die jare heen by meerdere geleenthede gewysig is ten einde dit by die ekonomiese en politieke omstandighede van die Republiek aan te pas.<sup>2</sup> Dit is in Hoofstuk 1 uitgespel dat die volgende probleme geïdentifiseer is, te wete:

